MAURICE BOUCHER

# SPES IN ARDUIS

*'n geskiedenis van*
*die Universiteit van Suid-Afrika*

*Foto's, begeleidende*
*biografiese verduidelikende tekste*
*J. J. BRITS*

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA
PRETORIA 1973

Kopiereg 1973 Universiteit van Suid-Afrika
Alle regte voorbehou
Uitgegee 1973

ISBN 0 86981 001 4

Ontwerp, gedruk en gebind in Suid-Afrika deur
Wallachs Drukkery Edms Bpk,
Pretoria

# *Inhoud*


Voorwoord .. .. .. .. .. .. .. .. .. vi
1. Die voorspel .. .. .. .. .. .. .. .. .. 1
2. Die eksaminerende universiteit .. .. .. .. .. 26
3. 'n Botsing van ideale .. .. .. .. .. .. .. 81
4. Nuwe benaderings .... .. .. .. .. .. .. 95
5. Die omvorming van die Kaapse Universiteit .. .. 113
6. Die federale universiteit .. .. .. .. .. .. 147
7. Die toenemende probleme van eksterne studie .. .. 195
8. Eerste treë op 'n nuwe pad .. .. .. .. .. .. 223
9. Vroeë uitbreiding .. .. .. .. .. .. .. .. 243
10. 'n Onseker toekoms .. .. .. .. .. .. .. 265
11. 'n Nuwe universiteit ontstaan .. .. .. .. .. 286
12. Die pas versnel .. .. .. .. .. .. .. .. 310
13. 'n Onverwagte probleem .. .. .. .. .. .. 332
14. Die oop pad vorentoe .. .. .. .. .. .. .. 349
Bladwyser .. .. .. .. .. .. .. .. .. 384

# *Voorwoord*

As deel van sy eeufeesviering het die Universiteit van Suid-Afrika sy geskiedenis te boek gestel.

In werklikheid is dit meer as net sy eie geskiedenis. Die Universiteit van Suid-Afrika, voorheen die Universiteit die Kaap die Goeie Hoop, is die oudste instelling in die Republiek wat grade toeken. Tot 1918 was dit inderdaad ons enigste universiteit. Die vroeë geskiedenis daarvan is dus grotendeels tegelyk die geskiedenis van die hoër onderwys as geheel in Suid-Afrika. Dit moet die leser dus nie verbaas dat die eerste hoofstukke van hierdie relaas die ontwikkelings op onderwysgebied in 'n wyer perspektief stel as die latere hoofstukke nie. Aan die ander kant moet 'n mens besef dat die Universiteit van Suid-Afrika maar betreklik onlangs die rol van 'n moderne universiteit met 'n unieke doseermetode begin vervul het. Om dié rede is besondere klem gelê op die vinnige uitbreiding van die dienslewering in die laaste paar dekades.

Die Universiteit was gelukkig om in die persoon van professor M. Boucher iemand te hê wat vir sy proefskrif vir die D.Litt et Phil.-graad [*The University of the Cape of Good Hope and the University of South Africa (1873–1946). A Study in national and imperial perspective*] die geskiedenis tot 1946 indringend hier te lande en in die buiteland nagevors het. Hieruit is ruim vir die eerste hoofstukke van hierdie werk geput. Vir die aanvullende gedeelte is 'n groot verskeidenheid amptelike en nie-amptelike bronne gebruik, maar verlewendig deur die persoonlike herinneringe van vorige en huidige dosente en amptenare. Gewag moet ook gemaak word van die gulle samewerking van ander persone en instansies. 'n Besondere woord van dank is verskuldig aan die Departement van Nasionale Opvoeding vir vergunning tot insae in die lêers van die staatsargief.

Aangesien hierdie werk nie in die eerste plek vir die vakman bedoel is nie, is afgesien van voetnote en 'n bibliografie. 'n Omvattende bronnelys vir die tydperk tot 1946 verskyn in voormelde proefskrif, wat vir publikasie in die *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* aanvaar is. Vir die keurige versorging van die Afrikaanse teks was professor M.J. Posthumus verantwoordelik.

Professor Boucher was op sy beurt gelukkig om as medewerker te hê mnr. J.J. Brits wat uit hoofde van sy jarelange verbintenis met die Universiteit en sy verdieping in die geskiedenis daarvan, veral in die dag-tot-dag gebeure en die menslike aspekte, biografiese en ander besonderhede, foto's en gegewens kon bydra wat andersins moeilik opgespoor sou kon word. Sy kennis en navorsing het verskeie universiteitspublikasies verryk.

Vir albei was hierdie studie liefdeswerk. „Liefdeswerk soos dié," skryf professor Boucher, „word soms ietwat neerhalend beskryf as blote piëteitsbetoning, dit wil sê as 'n onkritiese lofuiting oor persone in 'n klein gemeenskappie. Dit is inderdaad moeilik om koud objektief te staan teenoor gebeurtenisse van onlangs as jy hulle van binne bekyk sonder die perspektief wat alleen die tyd daaraan kan gee. Nietemin, as waardering van die Universiteit die grondtema van die verhaal sedert 1946 is, kan ten minste gesê word dat daar oral 'n gunstige siening van die Universiteit bestaan, veral by die groot getalle studente wat hulle vir sy kursusse ingeskryf het vandat dit 'n doserende universiteit geword het. Wat ook al die tekortkomings van die federale universiteit en van die Kaapse universiteit voor die tyd was, het die moderne inrigting net soos hulle nooit sy verantwoordelikheid teenoor die volkere van Suid-Afrika uit die oog verloor nie. Die langdurige strewe na volle erkenning het net een doel voor oë gehad : om die belange te behartig van almal vir wie die Universiteit in die lewe geroep is."

Dit is met trots maar ook met deemoed dat die geskiedenis van *'n Universiteit* aangebied word.

Theo van Wijk
*Rektor en Vise-kanselier*

# 1 *Die voorspel*

Universiteitsopleiding is maar 'n eeu oud in Suid-Afrika. In al die jare van die Nederlandse Verenigde Oos-Indiese Kompanjie se bewind aan die Kaap tot by die eerste Britse besetting in 1795 het die hoër onderwys niks meer behels as dié wat in 'n paar private middelbare skole aangebied is nie. Die bevolking het stadig aangewas, en die moederland kon self maklik in die behoefte aan opgeleide leiers voorsien. Daar was ook 'n gestadige uitswerming van mans en vroue na die binneland toe. Teen die einde van die eeu het hierdie mense al ver van Kaapstad, die haard van die kolonie, gewoon. Voordat 'n mens in die Kaap die Goeie Hoop aan die stigting van 'n universiteit kon dink, moes daar eers die fondament van goeie laer en middelbare skoolopleiding gelê word.

Eers gedurende die kort bewind van die Bataafse Republiek van 1803 tot 1806 was daar tekens van vordering in dié rigting, maar werklike vordering het eers na die hervatting van Britse bestuur gevolg. Die verbetering was stadig, maar teen 1839 is 'n goewermentsdepartement van onderwys gestig, met die Skotse onderwyser, James Rose Innes, aan die hoof.

Die nuwe superintendent-generaal van onderwys het 'n stelsel van staats- en staatsondersteunde skole deur die hele kolonie ingestel. Teen hierdie tyd was die beweging wat naderhand die hele Suider-Afrika vir blanke bewoning sou ontsluit, in volle gang. Dit sou egter lank duur voordat die kinders in die kusgebied Natal of in die binneland oorkant Oranje en Vaal toereikende onderwysgeriewe kon geniet.

Selfs voordat die koloniale regering 'n mate van verantwoordelikheid vir die onderwys aanvaar het, was daar al mense met drome van 'n hoër peil van onderwys as wat toe aan die Kaap gegeld het. In 1817 het 'n toekomstige predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Abraham Faure, wat toe in Nederland student was, voorstelle gedoen vir die ontwikkeling van hoër onderwys in sy vaderland. Tien jaar later sou hy saam met ander vooraanstaande Kaaplanders, onder wie James Adamson van die Skotse Kerk, die voortou neem in die stigting van 'n „Atheneum" in Kaapstad – die Suid-Afrikaanse Kollege. Die kursusse wat hierdie nuwe inrigting sou aanbied, het 'n hoë standaard in die vooruitsig gestel. Aan die dosente is professorale status verleen. Die opening van die kollege in 1829 het nuwe luister gebring aan die koloniale hoofstadjie, want al was Kaapstad verwyder van die kultuursentrums van Europa, kon hy spog met 'n openbare biblioteek, 'n sterrewag en een of twee belowende skole, onder andere die akademie van die vereniging Tot Nut van 't Algemeen.

Die voorbeeld van die stigters van die Suid-Afrikaanse Kollege het die Anglikaanse Kerk tot soortgelyke pogings besiel. Dit het twintig jaar later gelei tot die oprigting van 'n konkurrent, die Diocesan Collegiate School. Sir John Herschel, een van die bouers aan die goewerment se onderwysstelsel van 1839, het die opneem van verder gevorderde studievakke in die Kaapse skoolleerplan gesien as die begin van toekomstige universitêre ontwikkeling in Suid-Afrika.

Die Suid-Afrikaanse Kollege was in sy beginjare op sy beste 'n middelbare skool en in sekere opsigte selfs niks meer as 'n laerskool nie. Die eerwaarde professore wat die eerste klasse gelei het – Adamson, Faure en die Anglikaan, Edward C. Judge – het uitgevind dat hulle hulle leerlinge nie in die geheime van die metafisika, die driehoeksmeting en die sterrekunde soos in die prospektus belowe, kon inlei sonder om 'n hele paar eers te leer lees nie! Die prikkel tot hoër prestasie het ook ontbreek. Die openbare mondelinge eksamen aan die einde van die studiekursus was ongetwyfeld 'n waardige plegtigheid, maar dit het nie juis diep ingegaan op die studente se bekwaamheid nie.

In die verre Brittanje het die rituele mondelinge disputasie aan die eeueoue universiteite van Engeland reeds begin wyk voor die skriftelike eksamen. Gou het die gedagte veld gewen dat die gemeenskap onpartydige middele sal moet vind waardeur die beste man vir elke pos in 'n toenemend wedywerende wêreld gekies kan word. Daar is bevind dat die skriftelike toets uitstekend geskik is vir dié doel, soos duidelik bewys deur die suiwer eksaminerende Universiteit van Londen, wat in 1836 opgerig is teen die godsdienstige eksklusiwiteit van Oxford en Cambridge en om die aanhoudende vyandigheid tussen verskillende wedywerende kolleges in die hoofstad te beëindig. Later is skriftelike eksamens ook vir die staatsdiens ingestel, waar vroeër die stelsel van aanbeveling deur invloedryke persone by werwing gegeld het. Die nuwe toetse is spoedig uitgebrei tot ander terreine. Na die middel van die eeu het hulle al hoe meer die skoolleerplan op alle vlakke oorheers. Charles Kingsley skryf in 1863 gevoelvol van die ongelukkige burgers van die „Isle of Tomtoddies" wat die pure kop sonder lyf is. Hulle aanbid die Eksamengod met soveel heilige ywer dat hulle kinders eers water op die harsings moet kry voordat hulle verlos kan word van die ewige geblok!

Die publiek aan die Kaap was wel bewus van hierdie ontwikkelings. Die invoer van skriftelike eksamens in die koloniale staatsdiens het inderdaad saamgeval met Britse eksperimente in dié rigting. Die Kaap was Brittanje selfs voor met die uitbreiding van die nuwe werwingsmetode oor die hele diens. Die doeltreffendheid van die stelsel het ook gelei tot die toepassing daarvan op ander onderwysterreine soos in Engeland.

Die beheer oor die staatdienseksamens is in 1850 toevertrou aan 'n raad van eksaminatore wat kandidate vir goewermentsdiens moes eksamineer. Die skole van die kolonie het ál beter geword en die tyd het gekom, soos die goewermentsekretaris, John Montagu, dit gestel het, dat hoër kwalifikasies, selfs vir klerke, gestel moet word as wat bloot vir die uitvoering van hulle pligte nodig is. Bo en behalwe 'n eenvoudige toets vir die onderste klas rekrute, is dus 'n gevorderde toets ingestel wat kennis van klassieke tale, wiskunde en die beginsels van die natuurwetenskap


vereis. Op die wyse het jong Suid-Afrika in die diep waters van skriftelike eksamens beland, waarin meer as een wat 'n sertifikaat wou behaal, later verswelg is.

Die raad het bestaan uit drie lede en 'n deeltydse klerk, F. R. Jervis. Die superintendent-generaal van onderwys, Rose Innes, 'n onvermoeide komiteeman, was 'n vanselfsprekende keuse. Sy kollegas was die ouditeur-generaal, William Hope, en die weesheer, John Steuart. Die bedaarde en vriendelike Hope het blykbaar op die eerste vergaderings die voortou geneem, maar 'n tydjie voor sy dood in die laaste jaar van die raad se kortstondige bestaan het hy op die agtergrond geraak. Die Kaapse regter, A. W. Cole, het vir ons 'n beskrywing van Steuart nagelaat. Cole vertel dat hy 'n verfynde, hoflike man uit 'n ou Skotse familie was, soms 'n bietjie terughoudend, behalwe onder vriende. Hy is dikwels oorweldig deur die komiese, maar het dan na binne gelag, sodat sy gesig bloedrooi geword het en hy, in Cole se woorde, dan soos „a dissipated old Punch" gelyk het.

Dat hierdie manne met ongekende probleme geworstel het, blyk uit die notule van hulle vergaderings en uit hulle briefwisseling. Die opdragte wat hulle gekry het oor die uitoefening van hulle pligte, sou vandag as totaal oorbodig beskou gewees het. Hulle het dit ook nodig geag om die regering in te lig oor die metode van puntetoekenning aan skrifte.

Die raad was bedoel om invloed by die werwing van amptenare uit te skakel, maar die publiek kon nie so gou oortuig word dat 'n nuwe tydperk ingelui is nie. Verontwaardigde ouers, onder wie ds. William Robertson van Swellendam, moes gepaai word, en teleurgestelde kandidate wou weet hoekom hulle nie aangestel word nie.

Robertson was self vroeër onderwyser en moes van beter geweet het, maar die mense het blykbaar gemeen dat die nuwe metode onnodig straf toegepas word. Die lede van die raad wou geen toegewings maak nie en het met klem verklaar dat hulle hulle onder geen omstandighede deur die geboorte of afkoms van die kandidate kon laat beïnvloed nie, maar dat slegs die uitslag van die eksamens hulle sou lei. Aanstelling deur invloed het begin



verdwyn aan die Kaap, hoewel nie alle pas aangestelde lede van die staatsdiens in die vyftigerjare van die vorige eeu aan die raad se eksamens deelgeneem het nie.

Die oprigting van die Raad van Eksaminatore was nietemin 'n stap in die rigting van die doeltreffende administrasie van 'n kolonie, wat in 1854 met verteenwoordigende regering begunstig is. Die raad het sy taak ernstig opgevat, was bereid om op plekke ver van die hoofstad af eksamen af te neem en het die deur oopgemaak vir baie wat later onderskeiding verwerf het in die staatsdiens of in wyer kringe daarbuite.

Een man, Charles Bletterman Elliott, wie se naam op die raad se eindlys van geslaagde kandidate verskyn, sou sy bydrae tot die verdere ontwikkeling van die hoër onderwys aan die Kaap lewer voordat hy sy lang verbintenis met die staatsspoorweë aangegaan het. Ook in 'n ander verband verdien die raad se werk vermelding. Hoewel die lede geen ingrypende verandering in 'n suiwer Engelse eksamenstelsel voorgestaan het nie, het hulle die noodsaaklikheid van 'n toets in Hollands vir aanstaande amptenare vir die platteland beklemtoon. Die aanbeveling het op dowe ore geval. Dit sou nog baie jare duur voordat die taal van die blanke meerderheid billike behandeling aan die Kaap sou ontvang.

Die eksamens van die Raad van Eksaminatore het duidelik die waarde van sulke toetse om akademiese bekwaamheid te bepaal, bewys, maar hulle was nie ingestel op die behoeftes van skole en kolleges in die Kolonie nie. Ook het die raad geen sertifikate aan geslaagde kandidate uitgereik nie, terwyl sy hoogste bekwaamheidstoets maar min aftrek gekry het. Daar was destyds baie min plaaslik opgeleide manne wat dit kon aandruf. Die behoefte is gevoel aan 'n reeks eksamens wat spesiaal daarop gerig is om die belangstelling van die opleiers van jonger mense te wek. 'n Nuwe beherende liggaam, waarin die bestaande raad sou opgaan en wat die funksies daarvan sou uitbrei, was ook nodig. Die Kaap die Goeie Hoop was gelukkig dat hy tussen 1854 en 1861 'n man soos sir George Grey as goewerneur gehad het. Hy was 'n kragdadige ondersteuner van vooruitgang op onderwysgebied. Sy belangstelling het ander aangemoedig om aan te dring op 'n ander

LANGHAM DALE is op 22 Mei 1826 te Kingsclere in Hampshire, Engeland, gebore. Sy skoolonderwys ontvang hy te Christ's Hospital, Londen, en hy behaal sy B.A. in Wiskunde te Queen's College, Oxford, en kry 'n aanstelling as professor in Engels en Klassieke Tale aan die S.A. Athenaeum (later bekend as die *South African College*), Kaapstad.

As gevolg van sy groot belangstelling in die opvoeding word hy in 1859 superintendent-generaal van onderwys van die Kaapkolonie en in 1867 president van die *Board of Public Examiners*. Hy kry ook 'n ere-LL.D. van Glasgow in 1859.

Dale het baie sterk gevoel vir 'n universiteit, en deels op sy aandrang by die Kaapse regering word 'n kommissie met hom as voorsitter aangestel om ondersoek in te stel. Uit hierdie verslag kom die Universiteit van De Kaap De Goede Hoop tot stand.

Dale het hom sterk beywer vir 'n doserende universiteit, maar daar was te veel probleme soos finansies, geboue, personeel, getal potensiële studente en teenkanting van skole, later kolleges genoem.

Hy spits hom toe op die verbetering van die onderwysstelsel, gradering en opleiding van onderwysers. Hy het dikwels gebots met die voorstanders van Hollands as voertaal in die skole.

Hy bly superintendent-generaal van onderwys tot 1892, is vise-kanselier 1873–1877, 1879–1882, 1884–1889, en is kanselier van 1890–1898. In 1889 is hy tot ridder geslaan.

Na sy aftrede as superintendent-generaal bring hy tot aan sy dood op 12 Januarie 1898 sy jare deur aan sy ou woning, Montagu Cottage, Mowbray, Kaapstad.

*Sir Langham Dale, M.A., LL.D. (h.c.), K.C.M.G.*
*Raadslid 1873–1892*
*Mede-vise-kanselier 1890–1892*
*Vise-kanselier 1873–1877; 1879–1882; 1884–1889*
*Kanselier 1890–1898*

benadering van die hoër onderwys. In 1857 is 'n regeringskommissie aangestel om die moontlike instelling van 'n eksaminerende raad met groter bevoegdheid te ondersoek. Rose Innes was – vanselfsprekend – lid. Saam met hom was Langham Dale, gebore in Engeland, professor aan die Suid-Afrikaanse Kollege en 'n man wat vinnig aan die opkom was tot een van die kolonie se voorste opvoeders. Die ander lid was Egidius Benedictus Watermeyer, wat hom onderskei het as skrywer en kenner van die vroeë Kaapse geskiedenis en wat toe pas tot regter bevorder is. Watermeyer is in Kaapstad uit Hollandssprekende ouers gebore, maar hy was volkome tuis in 'n Engelse omgewing. Hy het besonder belang gestel in verbeterde geriewe vir die hoër onderwys.

In 1858 bring die kommissie verslag uit. 'n Vergrote raad, met eksaminatore vir lettere, die natuurwetenskappe en die regte, word voorgestel. Sertifikate in twee klasse volgens die uitslag van eksamens op die model van dié vir grade aan Britse universiteite, moes uitgereik word. Besondere aandag moes ook gegee word aan eksamens in die siviele ingenieurswese en aan ander beroepsrigtings. Die wortel voor die donkie se neus is ook nie vergeet nie, want beurse en pryse is aan kandidate voorgehou, aangesien die kommissie gemeen het dat die blote sertifikate nie voldoende aansporing tot verdere studie sou bied nie. Die lede van die kommissie was blykbaar bewus van ontwikkelinge in die Britse akademiese wêreld, want hulle het die uiteindelike stigting van 'n universiteit in die kolonie met bevoegdheid en funksies soos dié van die Londense Universiteit en die Queen's University in Ierland in die gedagte gehad.

'n Eksaminerende inrigting van dié soort het 'n uitvoerproduk geword. Teen die middel van die eeu het dit wortel geskiet in Dublin. Daarna het dit in 1854 opgeduik in Toronto, Bo-Kanada, en drie jaar later in Bombaai, Kalkutta en Madras in Brits-Indië. Die goedkoopheid van so 'n kursus het baie getel. Buitendien, al hierdie inrigtings is op nie-sektariese grondslag ingerig om die dikwels bitter getwis onder kolleges wat deur wedywerende godsdienstige liggame onderhou is, te voorkom. Daar was toe reeds

'n Anglikaanse inrigting aan die Kaap teenoor die Suid-Afrikaanse Kollege. Ander kerkgenootskappe kon die voorbeeld volg. 'n Godsdienstig neutrale, of soos party dit bestempel het, 'n „godlose" eksaminerende raad, kon die kolonie weglei van kerkistiese twis op onderwysgebied.

Een voorstel van die kommissie kon die totstandkoming van 'n volwaardige universiteit nader bring. Daar is naamlik aan die hand gegee dat 'n soort konvokasie saamgestel kon word sodra die getal sertifikaathouers vyftig is. Die konvokasie sou saam met die goewerneur die reg hê om 'n driejaarlikse onderwysraad te kies, wat bevoeg sou wees om eksaminatore te kies.

Die aanbevelings van die kommissie is in 'n wetsontwerp beliggaam wat met die steun van goewerneur Grey in 1858 voor die wetgewende liggaam van die kolonie gedien het. Soos te verwagte was daar teenstand van die kant van mense wat gemeen het dat daar vir L S R (lees, skryf, reken) aan die Kaap meer plek ingeruim moet word as vir klassieke studies. Party het gemeen dat sertifikate in tegniese vakke heeltemal onnodig is, want Brittanje sou dan sy nywerheidsoorwig te danke hê aan die man wat sy eie leermeester is. Die maatreël is nietemin met min verandering aangeneem. Die Kaap se eerste verteenwoordigende vergadering het egter geweier om die Koninginbeurse vir studie in die buiteland in te stel. Hierdie beurse sou 'n permanente toekenning meegebring het, en die wetgewende vergadering was sterk daarop gesteld om beheer oor die raad te behou deur middel van 'n jaarlike bewilliging.

Die lede van die Raad van Openbare Eksaminatore in Lettere en Wetenskap is vir vyfjaartermyne gekies. Watermeyer, Dale en Rose Innes kon nie oor die hoof gesien word in die eerste raad nie. Watermeyer was die regseksaminator en president tot aan sy ontydige dood in 1867. As hy langer geleef het, kon hy seker hoog gestaan het in die toekomstige universiteit met die leuse *Spes in Arduis,* wat aan hom toegeskryf word. Rose Innes het as wetenskapeksaminator voortgegaan na sy aftrede as superintendent-generaal van onderwys in 1859. Sy opvolger, Langham Dale, was die lettere-eksaminator en het na Watermeyer se dood

WILLIAM PORTER is op 15 September 1805 te Artikelly, County Londonderry, in die noorde van Ierland gebore as seun van 'n Presbiteriaanse predikant. Hy ontvang sy skoolopleiding in Limavady en aan die Artillery Lane School in Londonderry. 'n Poging van sy ouers om hom as sakeman te laat oplei, misluk omdat hy reeds op vroeë leeftyd belangstelling in ander rigtings toon. Uiteindelik is hy in Gray's Inn, Londen en King's Inn, Dublin, en word in 1831 tot die balie in Ierland toegelaat. Agt jaar later word hy aangestel as prokureur-generaal van die Kaapkolonie.

Terselfdertyd kry hy toestemming om as advokaat te praktiseer mits dit in sake is waarby die Kroon nie direk betrokke is nie, en hy bou 'n groot privaat praktyk op.

Hy is in 'n groot mate gemoeid met die konstitusionele veranderings wat in die Kolonie tussen 1848 en 1872 ter sprake kom. In 1866 bedank hy as prokureur-generaal, maar word drie jaar later weer lid van die wetgewende vergadering. Hy was ook lid van die *Board of Public Examiners* tussen 1867 en 1871.


'n Skenking van hom van £2 500 (R5 000) by wyse van 'n jaargeld van £500 (R1 000) aan die *Board* word later aan die universiteit oorgedra en vorm een van die grootste fondse vir beurstoekennings. In 1874 het dit reeds meer as £4 000 (R8 000) bedra.

Hy doen belangrike werk op regeringskommissies, word beskou as 'n vanselfsprekende keuse as eerste minister, weier dit egter, asook die hoofregterskap en die ridderskap, maar kry die C.M.G. in 1872.

Behalwe die beursfonds is 'n verbeteringsgestig en die dorp Porterville na hom vernoem.

Hy gaan woon na sy aftrede in sy geboorteland, en hy sterf op 13 Julie 1880 in Belfast.

*S.Ed. William Porter, C.M.G.*
*Raadslid 1873–1874*
*Eerste kanselier 1876–1880*



CHARLES ABERCROMBIE SMITH is op 12 Mei 1834 te St. Cyrus, Kincardineshire, Skotland, gebore. Hy voltooi sy studies aan Glasgow, waar hy die M.A. verwerf en toe aan Cambridge, waar hy in 1858 die B.A. kry. Hy het 'n briljante studieloopbaan. Hy stel besonder belang in fisika, veral hitte, lig en elektrisiteit.

Om gesondheidsredes kom hy in 1860 na die Kaap, waar hy na 'n tydjie as landmeter begin praktiseer. Hy laat hom oorreed om as parlementslid te staan en word in 1866 lid van die wetgewende vergadering vir King William's Town en bly dit tot 1875. In die Molteno-kabinet is hy 'n tyd lank minister belas met kroongrond en publieke werke. In 1875 aanvaar hy egter die pos van ouditeur-generaal en bly dit vir 28 jaar. By sy aftrede word hy tot ridder geslaan vir sy uitstekende dienste.

Hy is lid van die *Board of Public Examiners* van 1868 tot 1873 en is deurlopend van 1873 tot 1916 raadslid. Sy bydrae lê veral in die bevordering van dissiplines in die natuurwetenskaplike rigting. Hy is dan ook vir baie jare een van die moderators en eksaminatore in natuurwetenskaplike en wiskundige vakke.

Tussen 1877 en 1879 en weer van 1905 tot 1911 is hy vise-kanselier. In 1917 ken die universiteit 'n ere-LL.D. aan hom toe, en in sy 85ste jaar is hy aan sy woning St. Cyrus, Wynberg, Kaapstad op 1 Mei 1919 oorlede.

*Sir Charles Abercrombie Smith, Kt, M.A., LL.D. (h.c.)*
*Raadslid 1873–1916*
*Mede-vise-kanselier 1892–1897*
*Vise-kanselier 1877–1879, 1905–1911*



president geword. Twee ander voormalige professore van die Suid-Afrikaanse Kollege was lid van die raad, naamlik eerwaarde Edward Judge, destyds kapelaan en privaatdosent in Simonstad, en A. N. E. Changuion, 'n vroeë voorstander van hoër onderwys vir die kolonie en destyds die eienaar van 'n uitstekende private skool in Kaapstad.

Onder die regseksaminatore was daar nog 'n aanhanger van die universitêre ideaal. Dit was William Porter, wat grootmoedig die ekstra pensioen wat aan hom toegeken is by sy uittrede as prokureur-generaal, aan die raad geskenk het, waardeur daar 'n belangrike Suid-Afrikaanse beurs tot stand gekom het. Twee manne wat onderskeiding verwerf het in die raad se eksamens, C. B. Elliott en Charles Abercrombie Smith, het later wetenskap-eksaminatore geword. Elliott het ook die sekretariaat van Rose Innes in 1863 oorgeneem.

Van Smith, 'n geslaagde in die eerste klas in die matesistripos van Cambridge, is gesê dat sy antwoorde in die landmeters-eksamen bewys het dat hy die meerdere van sy eksaminatore was. Al twee is later in die raad van die toekomstige universiteit aangestel. Smith was etlike jare vise-kanselier. Eerw. professor G. F. Childe van die Suid-Afrikaanse Kollege, 'n skitterende matematikus, was lid van al drie rade tussen 1858 en 1873, terwyl die Diocesan College twee eksaminatore opgelewer het. Een was eerw. F. G. White, 'n nakomeling van die beroemde natuurkundige, Gilbert White; die ander was eerw. George Ogilvie, 'n wêreldreisiger en 'n goeie eksemplaar van die stoere Britse Christenonderwysmanne wat so 'n kragtige rol in die negentiende eeu gespeel het. Ogilvie het net soos Smith later vise-kanselier van die Kaap se eerste universiteit geword.

Die Raad van Openbare Eksaminatore in Lettere en Wetenskap het die beheer oor die staatsdienseksamens wat sy voorganger gehou het, oorgeneem en sertifikate in die eerste en die tweede klas bygevoeg. Hierdie sertifikate het baie na ooreengekom met die grade M.A. en B.A. van die Universiteit van Londen. Eksamens in die regte, siviele ingenieurswese, landmeting en skeepvaart is ingerig volgens dié van die Universiteit van Glas-

gow, maar in die tyd voor die groot nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika kon die toets slegs twee kandidate lok. Skeepvaartsertifikate is nooit uitgereik nie. Aanvanklik is die eksamens net in Kaapstad afgeneem, maar later ook op ander plekke. Dis miskien onnodig om te sê dat Engels in dié dae van nagenoeg onbetwiste Britse heerskappy die enigste taal was wat in die eksamens toegelaat is.

Skole en kolleges het gou ingesien dat die raad se toetse 'n gerieflike middel is om hulle leerlinge se bekwaamheid te toets. Vroeg al was daar dus 'n vraag na eksamens op die peil van die middelbare skool, op die lees geskoei van dié wat toe in Engeland in swang begin raak het. Die raad het besluit om 'n skoolkompetisie in 1864 in te stel en voeg toe 'n eksamen vir 'n sertifikaat in die derde klas by. Dié eksamen was baie soos dié van die matrikulasie-eksamen van die Universiteit van Londen, waarin die skoolkompetisie uiteindelik opgegaan het. Die nuwe eksamen het die plek geneem van die hoofstaatsdienseksamen, en 'n paar jaar later is die vooreksamen vir die staatsdiens, wat bedoel was om die onbekwames te weerhou van verdere toetse, afgeskaf.

Hoewel daar kritiek gekom het oor die klem op wiskunde en die klassieke in die raad se toetse vir skole – baie het verpligte Grieks 'n moeilike hinderpaal gevind – het die onderwysers spoedig begin om hulle knapste leerlinge vir die nuwe eksamens voor te berei. Na die aanname van die onderwyswet van 1865 is hulle hierin aangespoor deur 'n stelsel van inspeksie gepaard met geldelike bystand, wat sterk ooreenkoms getoon het met die Engelse stelsel van betaling volgens resultate. Goeie instrukteurs was sterk in aanvraag, en Skotland het maar weer baie van hulle gelewer. Hierdie toegewyde manne het hoër standaarde nagestrewe en probeer om die grondslae stewig genoeg te lê sodat die studente meer gevorderde werk kon aandurf. Hulle wou nie, soos 'n raadsverslag dit gestel het, „'n Korinthiese kapiteel op 'n suil van stof en as" oprig nie.

Daar was geen beperking op vroue of nie-blankes om aan die eksamens van die Raad van Openbare Eksaminatore deel te neem nie. Teen dié tyd het daar meisieskole ontstaan, maar ons Vikto-

GEORGE OGILVIE is op 30 Junie 1826 te Calne, Wiltshire, Engeland, gebore. Sy opleiding is te Winchester en Wadham College, Oxford, waar hy die M.A. behaal. Hy studeer ook af as predikant.

Tussen 1855 en 1858 is hy eers vise-prinsipaal van Bradfield College in Berkshire, en toe is hy na Buenos Aires as hulpprediker en vise-prinsipaal van die Grammar School. In 1858 kom hy na Suid-Afrika as voorsinger in die St. George's katedraal, Kaapstad, en prinsipaal van St. George's Grammar School tot in 1861, waarna hy na die Collegiate School, wat later Diocesan College („Bishops") geword het, gegaan het.


In Augustus 1885, nadat aartsdeken Badnall as leraar van St. Paul's, Rondebosch, afgetree het, is Ogilvie as sy opvolger aangestel. Hy bly predikant tot hy in sy ses-en-sewentigste jaar sy emeritaat aanvaar.

Sy ervaring as onderwysman was baie wyd. Hy word in 1873 in die raad benoem en is lid tot 1903. Hy is vir twee termyne, naamlik 1893–1897 vise-kanselier. In 1906 is die ere-D.Litt. deur die universiteit aan hom toegeken as erkenning vir sy lang en waardevolle bydrae tot die opvoeding en die universiteit in die besonder.

Ogilvie se naam sal altyd voortleef omdat hy die stigter is van rugby in ons land. Hy het die sogenaamde Winchester-tipe rugby ingevoer en was ook stigter, en baie jare ondersteuner van die twee rugbyklubs Westelike Provinsie en Hamiltons.

Op 1 Mei 1915 is hy in Kaapstad oorlede.

*Kanunnik George Ogilvie, M.A., D.Litt. (h.c.)*
*Raadslid 1873–1903*
*Voorsitter van die konvokasie 1890–1894*
*Vise-kanselier 1893–1897*



riaanse voorouers was glad nie seker dat jong dames sterk genoeg is teen die spanning van voortgesette verstandswerk nie. Meisies het hulle nie vir die raad se toetse aangemeld nie, en dit was eers in die vroeë jare sewentig, toe ds. Andrew Murray se geesdrif tot die stigting van die Hugenote-kollege op Wellington gelei het, dat daar aan hoër onderwys vir vroue gedink is. Die nie-blankes van Suid-Afrika moes nog 'n langer pad aflê. Daar was darem 'n paar belowende tekens. Die sendinginstituut van Lovedale het uitbreiding beoog, terwyl die Raad van Openbare Eksaminatore in 1867 navraag ontvang het van die Anglikaanse skool, die Zonnebloem-kollege, omtrent die moontlike toelating van 'n paar „Kafir lads" tot die vooreksamen.

Die derdeklassertifikaat is deur baie beskou as die hoogste akademiese prestasie. 'n Paar studente het hulle visier egter hoër gestel. Die graadeksamens het bevolglik 'n invloed begin uitoefen op die onderrig in die hoër klasse aan kolleges in Kaapstad. Aan die Suid-Afrikaanse Kollege, waar geskrewe eksamens uiteindelik die mondelinge toetse wat nog bestaan het, vervang het, het die akademiese werk 'n hoogbloeiperiode beleef onder invloed van sulke bekwame leermeesters soos die veelsydige Roderick Noble, professor vir Engels, James Cameron, en die wiskundige, Childe. In 1859 het J. H. Brand, die latere president van die Oranje Vrystaat, in die regte begin studeer met die oog op die Raad van Openbare Eksaminatore se sertifikaat. Die Diocesan College, wat sedert 1867 nie langer as 'n skool bestempel is nie, se leerplanne is so grondig deur Ogilvie hersien dat dié Anglikaanse inrigting 'n beduidende mededinger vir sy ouer Kaapstadse buurman geword het.

Die invloed van die Raad van Openbare Eksaminatore was nie beperk tot die kolleges van die hoofstad nie. Ander inrigtings het in aansyn gekom, party daarvan as gevolg van Grey se besielende belangstelling in die hoër onderwys. Hulle het begin om studente vir die nuwe gevorderde eksamens voor te berei. Hoewel nie almal beantwoord het aan die grootse verwagtings wat by hulle stigting gekoester is nie, bestaan daar geen twyfel dat, soos Cameron later gesê het, die instelling van die raad grotendeels daar-

toe gelei het dat die verstrooide ligstrale van kennis van oral in die kolonie gebundel en saamgetrek is nie.

Grey se invloed is erken deur sy naam te heg aan die skole in Port Elizabeth en Bloemfontein. Die Grey-instituut van Port Elizabeth kon nie sukses maak van sy gevorderde werk nie, maar die Vrystaatse kollege het naderhand die kern geword van die huidige universiteit in Bloemfontein. Die Anglikane was baie bedrywig op die gebied van hoër onderwys in Oos-Kaapland. Die St. Andrew's kollege in Grahamstad sou sy boonste klasse bly behou tot in die beginjare van ons eeu.

In die Kaapse Middelland het die plaaslike mense in 1860 die Graaff-Reinetse Kollege opgerig. Hierdie inrigting het in sy vroeë jare vinnig vooruit gegaan onder die leiding van James Gill, 'n besonder begaafde onderwyser in die klassieke, en Francis Guthrie, regsgeleerde en wetenskaplike, bevorderaar van spoorwegontwikkeling en uitvinder van 'n vliegmasjien. Die kollege kon hom egter nie handhaaf nie. Nog 'n inrigting, die Gill-kollege, opgerig in 1869 in Somerset-Oos, moes na 'n harde stryd die toneel van die hoër onderwys verlaat. Ook in dié geval was die aanvanklike sukses grotendeels te danke aan sy uitmuntende professore, onder wie die Skotsman, John Brebner, voorheen onderwyser op Burgersdorp en bestem om later hoof van die Vrystaatse onderwysdiens te word. Nog 'n professor was die uitmuntende botanis, Peter MacOwan, uit Yorkshire.

In Wes-Kaapland het die Nederduitse Gereformeerde Kerk 'n lank gekoesterde ideaal verwesenlik met die oprigting van 'n teologiese seminarie in 1859 op Stellenbosch. Die eerste professore was Andrew Murray se broer, John, en N. J. Hofmeyr. Die Raad van Openbare Eksaminatore het verwag dat party van die seminarie se studente hulle hoër kwalifikasies van die raad sou verlang, maar universitêre onderwys in dié streek het nie uit die seminarie ontwikkel nie, wel uit die stigting van 'n nie-kerklike openbare skool in 1866 op Stellenbosch. Op hierdie beskeie fondament sou later die Victoria-kollege, vandag die Universiteit van Stellenbosch, verrys.

Ten slotte het die Gereformeerde Kerk in 1869 'n teologiese

JAMES CAMERON is op 19 Julie 1831 te Antananarivo op Madagaskar gebore as kind van 'n sendeling en kom as jong kind na Suid-Afrika, waar hy byna die res van sy lewe slyt.

Sy skoolopleiding kry hy aan 'n privaatskool, naamlik die A.N.E. Changuion Akademie; toe na die South African College. Daarna is hy eers na die Lancashire Independent College, Manchester, waar hy die B.A. van die Universiteit van Londen in 1852 behaal en as predikant afstudeer. Toe na Owens College in dieselfde stad, waar hy in die klassieke presteer.

Na sy terugkeer na die Kaap gee hy 'n tyd lank onderwys aan Changuionse Akademie en word assistent van prof. Dale, vir wie hy in 1859 as professor opvolg toe Dale superintendent-generaal van onderwys word.

In 1873 word hy raadslid van die universiteit en by die raad se eerste vergadering word hy as registrateur benoem. Hy beklee die pos twee-en-twintig jaar lank.

Gedurende 1878 neem hy met verlof van die raad waar as superintendent-generaal van onderwys, maar hy bly verantwoordelik as registrateur, alhoewel die werk deur 'n assistent-registrateur gedoen is.

Hy bedank as registrateur in 1895 en word in 1896 deur die konvokasie as raadslid gekies. In 1870 ontvang hy van die universiteit van Glasgow die LL.D. *(honoris causa)* en in 1901 gee die universiteit hom 'n ere-D.Litt.

Veertig jaar lank het hy van elke geleentheid gebruik gemaak om te preek, maar veral gereeld Sondagaande. Na sy aftrede as registrateur in 1895 word hy predikant van die Congregational Church, Seepunt, en bly dit tot 1902.

Op 2 Oktober 1906 is hy op 75-jarige leeftyd in Bournemouth, Engeland, oorlede.

*Dr. James Cameron, B.A., LL.D. (h.c.), D.Litt. (h.c.)*
*Registrateur 1873–1895*
*Raadslid 1873; 1896–1897; 1897–1902*
*Sekretaris van die konvokasie 1873–1876*
*Mede-vise-kanselier 1897*



seminarie op Burgersdorp geopen. Aanvanklik het dit min invloed op onderwysgebied uitgeoefen, maar daaruit het 'n letteredepartement voortgekom, die voorloper van die huidige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Langham Dale het die Suid-Afrikaanse Kollege beskou as die aanstaande sluitsteen van die stelsel van openbare onderwys in die kolonie. Hoewel hy hom daartoe gebring het om te erken dat die kollege op Graaff-Reinet, so ver van die hoofstad, in 'n behoefte voorsien, was hy nie gelukkig oor die vermenigvuldiging van klein inrigtings nie. Hierdie kleintjies was weer jaloers op die twee „reuse" in Kaapstad, veral omdat dié na 1867 albei verteenwoordig was in die raad. Destyds en ook later was daar algemene weerstand daarteen dat 'n dosent sy eie studente eksamineer. Childe se aanstelling as eksaminator is op grond hiervan deur party afgekeur ten spyte van sy erkende meerdere bekwaamheid op dié gebied. 'n Ligte krisis het ontstaan toe Ogilvie deur goewerneur Wodehouse aangestel is. Daar is beweer dat die hoof van die Diocesan College homself met voorbedagte rade as lid van die raad aangedien het omdat sy mededinger, die Kaapstadse inrigting, iemand as lid daarin gehad het. Buitendien, is gesê, en met 'n mate van reg ook, dat hy dit ten koste van 'n ander aanspraakmaker op die eer, die hoof van die Stellenbosse Gimnasium of openbare skool, W. E. W. Braid, gedoen het. Die twis het die einde van die Raad van Openbare Eksaminatore verhaas. Die universiteit wat in die plek daarvan opgerig is, was verplig om sover moontlik eksterne eksaminatore aan te stel, maar ook dit sou later probleme oplewer.

Die uitgang van die jare sestig het die einde van 'n tydperk van ekonomiese stilstand gesien. Die kolonie het in die rigting van verantwoordelike regering en 'n nuwe voorspoed beweeg. Al meer is die koers wat die hoër onderwys sou inslaan, ernstig bespreek. Watter tekortkomings die Raad van Openbare Eksaminatore ook al mag gehad het, hy het ongetwyfeld tot 'n hoër onderwyspeil in die kolonie bygedra. Sy werk het ook in Natal aandag getrek. Die superintendent van onderwys aldaar, T. Warwick Brooks, het gemeen dat die jonger kolonie hom innig moet

# 2 *Die eksaminerende universiteit*

Die veldtog om 'n universiteit het in Maart 1873 begin. Aan die begin van die maand het die redakteur van die *Argus* in Kaapstad, Thomas Ekins Fuller, die saak met twee vooraanstaande persone, die prokureur-generaal, J. H. de Villiers, en die man wat daardie pos voorheen beklee het, William Porter, bespreek. Op hierdie bespreking in die koerantkantoor het 'n hoofartikel gevolg waarin spoedige optrede bepleit is om 'n Kaapse universiteit te stig met bevoegdheid om kragtens oktrooi van die Kroon grade toe te ken.

Die *South African Teachers' Association* het dadelik gereageer. Die president, Langham Dale, die superintendent-generaal van onderwys, was teen dié tyd ten gunste van iets beters vir die kolonie as 'n hervormde Raad van Openbare Eksaminatore en 'n onderwysraad. Die bestuursliggame en die professore van die Kaapstadse kolleges het die gedagte ook sterk gesteun. Binne twee weke stel die Molteno-regering 'n kommissie aan om die vorm van die nuwe universiteit te ondersoek, want met niks minder as 'n universiteit aan die spits van sy onderwyspiramide sou Kaapland tevrede wees nie. Dale is as president verkies, bygestaan deur Fuller en Porter, twee van die oorspronklike voorstanders van die projek, en deur drie vooraanstaande onderwysmanne, Cameron en Ogilvie van die Kaapstadse kolleges en John Murray van Stellenbosch. Die ander aangesteldes was die president van die koloniale mediese komitee, Henry A. Ebden, en die hoofastronoom, E. J. Stone.

Die Dale-kommissie het die mening van vooraanstaande onder-

plaaslik opgeleide gegradueerdes beskou word. Hulle name verdien vermelding naas dié van lateres wat grade verwerf het nadat die Raad van Openbare Eksaminatore in Lettere en Wetenskap sy bevoegdhede oorgedra het aan 'n groter eksaminerende orgaan.

wel sy mededingers, net soos hy, maar middelbare skole was met 'n handvol rypere studente, was daar taamlik baie sulke inrigtings en daarby goed ondersteun.

Daar was egter ander redes vir die afwysende houding teenoor 'n doserende universiteit. Die Raad van Openbare Eksaminatore het goeie werk gedoen en was nooit 'n las vir die staatskas nie. As dit omgeskep kon word in 'n inrigting wat grade toeken en met volkome skeiding van die eksaminerende en administratiewe funksies, sou dit met geringe koste die aansien van 'n kolonie, wat eindelik in 1872 verantwoordelike regering ontvang het, baie verhoog. Die Londense model was 'n sukses in ander lande en sou binnekort in Nieu-Seeland ingevoer en verder in Kanada uitgebrei word. As die Kaap die Goeie Hoop nie sy eie universiteit van dié tipe kragtens oktrooi van die Koningin stig nie, sou die Universiteit van Londen waarskynlik self vaster voet in Suider-Afrika kry. Dit sou te betreur wees as 'n selfregerende kolonie in sake van die hoër onderwys aan die leiband van die moederland moet bly loop.

Die ou raad was 'n waardevolle bate. Sy eksamens het 'n hoë standaard gestel, en sy beurse en toekennings het baie studente tot verdere studie aangemoedig. Die publiek het die waarde daarvan begin insien. In sy laaste bestaansjaar het hy die kurator geword van 'n spesiale fonds wat 'n ryk weduwee, Sophia Jamison, nagelaat het. Die geld is geskenk om studente van die Suid-Afrikaanse Kollege wat die eksamen vir die tweedeklassertifikaat met onderskeiding afgelê het, in staat te stel om hulle studie in Europa voort te sit. Baie bekwame manne het die raad se hoëre eksamens afgelê; nog baie meer het die sertifikaat in die derde klas behaal. Behalwe Elliott en Smith was daar ander wat hulle eksaminatore op verskeie vlakke tevrede gestel het en hulle dienste kon gee aan die administrasie van die toekomstige universiteit. Onder hulle was daar E. J. Buchanan, J. H. de Villiers, J. I. Marais en J. X. Merriman. Die houers van die hoëre sertifikate moes meer as twintig jaar wag voordat hulle sertifikate graadstatus gekry het ingevolge die wet van 1896 (*University Incorporation Amendment Act*). Hulle kan dus as Suid-Afrika se eerste

aansluit by die raad, aangesien 'n staatkundige federasie met Kaapland waarskynlik die bestemming van Natal was.

Aan die ander kant het die raad nie die aansien van 'n volwaardige universiteit geniet nie en het hy nie buitelandse erkenning van sy eksamens kon verwerf nie. Die Universiteit van Londen wou byvoorbeeld nie eers daaraan dink dat ander liggame die hoë eksamenpeil kon handhaaf waarop hy hom beroem het nie. Dié Engelse inrigting word 'n imperiale universiteit in die volste sin van die woord toe hy in 1864 op versoek van Mauritius instem om kandidate uit dié land te eksamineer. Daarna het hy eksameninskrywings van individuele kandidate uit baie verafgeleë gebiede aangeneem. Teen 1871 het sy invloed uitgedein tot aan die Kaap. In dié jaar het Josiah Slater, opvoedkundige van naam en latere joernalis, die een eksamen na die ander afgelê en die Londense graad B.A. verwerf. In 1872 het F. C. Kolbe, later 'n vooraanstaande figuur in Suid-Afrika op opvoedkundige sowel as op geestelike gebied, die gesogte Gilchrist-beurs vir verdere studie in Brittanje verower op grond van die uitslag van die Universiteit van Londen se matrikulasie-eksamen. Dinge het al klaar begin deurmekaarloop tussen die Engelse universiteit en die Kaapse raad. Dit het gelyk of die raad se manne teen wil en dank agente sou word van die groter Londense liggaam.

Toe die stigting van die Raad van Openbare Eksaminatore die eerste keer ter sprake was, het party gemeen dat die beste weg vir die kolonie sou wees om die Suid-Afrikaanse Kollege om te skep in 'n volwaardige doserende universiteit met 'n geneeskundige fakulteit daarby. Die kollege was toe sonder twyfel die voorste akademiese inrigting aan die Kaap, en as die plan uitgevoer sou gewees het, sou die instelling van 'n eksaminerende universiteit op die Londense lees vermy kon gewees het. Nieu-Suid-Wallis het met die stigting van die Universiteit van Sydney 'n paar jaar vroeër die Londense patroon van die hand gewys. Teen die tyd dat die sertifikaathouers die vereiste vyftigtal bereik het om die raad te kan omskep, was die kollege se posisie egter nie meer so stewig nie. Hy was nie meer die enigste nie en hoe-



wysers in die kolonie ingewin. Die antwoorde het gedui op 'n algemene voorkeur vir 'n eksaminerende universiteit volgens die Londense model. 'n Konsepwet is opgestel en met die goedkeuring van die goewerneur, sir Henry Barkly, aan die parlement voorgelê. Die voorgestelde maatreël het min teenkanting gehad. Party het oor die onkoste gebrom, maar daar is aangetoon dat die onderhoud van 'n vergrote eksaminerende raad nie veel sou kos nie. Die lede van die wetgewende vergadering uit Oos-Kaapland was verbasend inskiklik en heeltemal tevrede om Kaapstad as setel van die universiteit te aanvaar. Wel was daar 'n mate van teleurstelling dat die regering teen 'n doserende inrigting besluit het, maar J. H. de Villiers, wat die wetsontwerp ingedien het, en Porter, wat die tweede lesing voorgestel het, het alle teenstand doeltreffende vermurwe. Al twee het dit beklemtoon dat die nuwe onderneming bloot die begin is. „Gee ons eers die halm, dan die aar en dan eers die graan in die volle aar", het Porter gesê. Die kolonie moet nie „die dag van klein dinge versmaai as die dag van groot dinge aan die kom is nie".

Die Kaapse parlement het die wetsontwerp met min verdere bespreking aangeneem. Die langste debat het juis gewys hoe algemeen die goedkeuring van die maatreël was, want dit het om 'n taalsakie gehandel, nie om die wetsontwerp self nie. Na bespreking is naamlik besluit dat die onbepaalde lidwoord voor die woord „university" in die wet ingevoeg word!

Wet 16 van 1873, waarby die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop tot stand gekom het, ontvang op 26 Junie die koninklike goedkeuring en kort daarna ook dié van die Britse parlement. Die universiteit sou bestuur word deur 'n raad van twintig, aanvanklik by proklamasie van die goewerneur vir ses jaar aangestel. Die konvokasie, bestaande uit bevoegde sertifikaathouers van die vorige raad, gegradueerdes van eksamens en toegelate gegradueerdes van ander universiteite sou egter al om die ander vakature volgens hulle keuse vul en ook die helfte van die lede in opvolgende sesjaarlikse rade kies. Die raad moes uit eie geledere 'n vise-kanselier vir 'n ampstermyn van twee jaar kies, 'n besoldigde registrateur aanstel en die eksaminatore kies. In

CHARLES THOMAS SMITH is op 20 November 1823 in Fulham, Engeland, gebore. Hy ontvang onderrig aan die Western Grammar School in Brompton, en op ongeveer 16-jarige ouderdom is hy vir twee jaar na 'n skool te Wiesbaden in Duitsland. Terug in Engeland in 1842 word hy student aan die Inner Temple en word in 1857 tot die balie toegelaat. Intussen het hy in 1847 as student van Caius College sy B.A. verwerf in Mathematical Honours. Tussen 1842 en 1859 doseer hy ook regsvakke aan Cambridge. In 1850 kry hy die M.A.-graad en in 1875 word 'n LL.D. (h.c.) aan hom toegeken.

Hy blink uit in sport, is in 1854 die stuurman van die Cambridgeroeispan in die bekende „University Boat Race", en ook veral as skut. Sy belangstelling in skiet maak dat hy ook later 'n skietvereniging in Suid-Afrika stig en 'n leidende aandeel neem. Hy word die vader van skietverenigings in Suid-Afrika genoem.

In Engeland praktiseer hy as advokaat, maar neem in 1868 'n aanstelling aan as regter van die Oos-Kaaplandse distrikshof met setel in Grahamstad, waar hy tot 1880 bly toe hy na Kaapstad verplaas is na die hooggeregshof. Hy tree in 1892 af. By drie geleenthede is hy ook waarnemende hoofregter.

Hy het groot belangstelling in maatskaplike aangeleenthede, in besonder die opvoeding. Hy is dan ook pas na sy aankoms in Kaapstad benoem as raadslid en bly dit tot 1897. Hy dien ook twee termyne as vise-kanselier, naamlik 1889 tot 1893, en van 1898 tot aan sy dood is hy kanselier in opvolging van sir Langham Dale.

Hy was besonder geduldig en noukeurig in sy optrede as regter en as mens en was dan ook baie geliefd in die gemeenskap.

Hy is op 10 Februarie 1901 in sy woning op Rosebank, Kaapstad, oorlede.

*S.Ed. Regter Charles Thomas Smith, M.A., LL.D. (h.c.)*
*Raadslid 1880–1897*
*Voorsitter van die konvokasie 1883–1890*
*Vise-kanselier 1889–1893*
*Kanselier 1898–1901*

verband met hierdie laaste plig moes die raad dit sover moontlik vermy om iemand as eksaminator aan te stel van 'n kandidaat wat in die twee jaar voor die eksamen op die een of ander tyd 'n leerling van die eksaminator was.

Die raad is gemagtig om gegradueerdes van ander universiteite tot grade toe te laat en om soortgelyke toekennings na aflegging van 'n eksamen aan alle kandidate in lettere, regte en geneeskunde te doen. Die raad kon ook sertifikate in siviele ingenieurswese, landmeting, seevaartkunde en regte uitreik, hoewel hy nooit van dié bevoegdheid gebruik gemaak het vir sover dit siviele ingenieurswese en seevaartkunde betref nie. Reeds in die begin is pogings aangewend om 'n volledige mediese kursus aan die Kaap in te stel, maar hoewel baie lede van die mediese beroep toegelate gegradueerdes geword het, het die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop nooit 'n graad in die geneeskunde op grond van die uitslag van sy eie eksamen toegeken nie. 'n Skakel met die raad van 1850 is behou deur die invoeging van 'n klousule waarby die universiteit die bevoegdheid verkry om toetse vir toelating tot die staatsdiens te hou, maar die invoering van 'n matrikulasie-eksamen, wat tegelyk as skooleindeksamen en as noodsaaklike voorvereiste vir universitêre studie beskou is, het spesiale eksamens vir opname in die staatsdiens onnodig gemaak.

Die konvokasie was bedoel om 'n invloedryke liggaam te wees, maar omdat dit slegs adviserend kon optree, het dit nooit sterk ingewerk op die universiteitslewe nie, behalwe in verkiesingstye. Die presidente was almal toegelate gegradueerdes, behalwe J. H. de Villiers van 1874 tot 1880. Drie van die ses sekretarisse het egter hulle kwalifikasies aan die Kaap verwerf. Twee van hulle sou groot naam maak in die regsberoep, nl. Sydney Twentyman Jones, sekretaris van 1876 tot 1879, en sy opvolger, Victor Sampson, wat tot 1881 in amp gebly het. Charles Murray, van die departement van onderwys, 'n Kaapse M.A., is in Maart 1901 tot sekretaris verkies. Hy het aangebly tot aan die einde van die eksaminerende universiteit.

Die liggaam van gegradueerdes het nie alleen die voorreg gehad om raadslede te kies nie, maar kon ook die titulêre hoof van

die universiteit aanwys. Die kanselier het sy amp lewenslank behou tensy hy sou besluit om te bedank. Die eerste verkiesing het in 1876 plaasgevind, toe die lede van die konvokasie die vereiste honderdtal bereik het. Verskeie name is voorgedra, maar uiteindelik is William Porter, wat toe in afsondering in die Ierse stad Belfast gewoon het, eenparig en met akklamasie gekies.

Die universiteit het 'n beskeie toesegging uit die staatskas ontvang. Dit het gewissel van R3000 in 1873 tot iets meer as dubbel dié bedrag in die laaste jaar van die koloniale bewind aan die Kaap. Die bewilliging was nouliks voldoende om die administratiewe koste te dek, en reeds vroeg is pogings aangewend om 'n vaste begiftiging te verkry, wat egter misluk het. Die opgelope fondse van die Raad van Openbare Eksaminatore is aan die universiteitsraad oorgemaak, met opdrag om in sy jaarverslag aan die parlement rekenskap te gee van sy besteding daarvan. Ten slotte is bepaal dat die nuwe universiteit volkome niesektaries sou wees en geen godsdienstige toetse sou toepas op sy amptenare en op kandidate vir eksamens nie.

Onderwyl die Raad van Openbare Eksaminatore besig was om sy sake af te wikkel, het die goewerneur die aanstelling van die eerste bestuursraad van die nuwe universiteit oorweeg. Die persone wat uiteindelik gekies is, was behoorlik verteenwoordigend van die beroepe, en hoewel die kolleges nie outomaties verteenwoordig is nie, is hulle belange voldoende beskerm. Die aantal kerkmanne wat gekies is, bevestig die innige verbondenheid van die verskillende kerke met die onderwys destyds. Al die lede van die Dale-kommissie is aangestel behalwe Fuller, wat die Kaap se emigrasieverteenwoordiger in Londen geword het. By sy terugkeer in 1878 as hoofbestuurder van die Union-redery, het die konvokasie hom in 'n vakature verkies. Brebner en Guthrie is verkies om die kolleges op Somerset-Oos en Graaff-Reinet te verteenwoordig. Brebner moes egter kort daarna bedank by aanvaarding van 'n pos in die Vrystaatse onderwysdepartement. Eers met die verkiesing van Peter MacOwan in 1876 het Gill-kollege weer 'n verteenwoordiger gehad. Guthrie het ook nie lank op Graaff-Reinet gebly nie.

# GENERAL FUND OF THE UNIVERSITY.

| RECEIPTS. | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| The Colonial Government: | | | |
| Allowance to the University for Sixteen Months from 1st Sept., 1873, to 31st Dec., 1874, at the rate of £1,500 per annum ... ... £2,000 0 0 | | | |
| Interest on Debentures ... ... 15 15 0 | | | |
| | 2,015 | 15 | 0 |
| Fees received from Candidates for examination ... ... | 359 | 0 | 0 |
| " " for Registration ... ... ... ... | 14 | 0 | 0 |
| Cash lodged in Cape of Good Hope Bank by Executors in the estate of the late J. B. Ebden, Esq. ... ... | 200 | 0 | 0 |
| Debentures purchased ... ... ... ... ... | 500 | 0 | 0 |
| " " (for J. B. Ebden Fund) ... ... | 200 | 0 | 0 |
| | 3,288 | 15 | 0 |

| PAYMENTS. | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Fees to Examiners ... ... ... ... ... ... | 575 | 0 | 0 |
| Salaries ... ... ... ... ... ... ... | 588 | 13 | 4 |
| Extra Attendance and Petty Expenses ... ... ... | 9 | 14 | 9 |
| Fees to Commissioners and Petty Expenses at centres of Examination ... ... ... ... ... ... | 28 | 13 | 4 |
| Travelling Allowances to Examiners and Members of Council | 43 | 14 | 0 |
| Bursaries on account of the late Board of Examiners ... | 150 | 0 | 0 |
| Exhibitions ... ... ... ... ... ... ... | 15 | 0 | 0 |
| Paid Messrs. S. Solomon & Co. (Printing and Stationery) | 146 | 11 | 8 |
| " " Bruce & Co. (Academical Robes) ... ... | 15 | 0 | 0 |
| " " Lawton & Co. (Strong Box)... ... ... | 3 | 3 | 0 |
| " Mrs. Bowler (desk) ... ... ... ... ... | 10 | 0 | 0 |
| " Proprietors of *Cape Argus* (Advertisements) ... | 1 | 7 | 0 |
| " " *Graham's Town Journal* do. ... | 5 | 13 | 6 |
| " Mr. W. Torbet (Debentures)... ... ... ... | 510 | 0 | 0 |
| " Mr. J. Wiley " for Ebden Fund .. | 202 | 0 | 0 |
| " Mr. P. J. Stigant (Furniture, &c.) ... ... ... | 31 | 14 | 0 |
| " Mr. N. H. Marais (Binding) ... ... ... ... | 0 | 6 | 0 |
| " Mr. A. Espie (Furniture and Fittings) ... ... | 40 | 0 | 0 |
| " Consistory of Dutch Reformed Church (Rent) ... | 66 | 13 | 4 |
| Cheque Book, 8s. 4d.; Fee returned, £12... ... ... | 12 | 8 | 4 |
| Debentures lodged in the Treasury ... ... ... ... | 700 | 0 | 0 |
| Balance in Cape of Good Hope Bank on 31st Dec., 1874 | 133 | 2 | 9 |
| | 3,288 | 15 | 0 |

University Chambers, 15th January, 1875. JAMES CAMERON, Registrar.

Examined and found correct,

C. B. ELLIOTT,
L. MARQUARD, } Auditors.

18th January, 1875.

DIE EERSTE STAAT VAN FINANSIES het 'n periode van 16 maande gedek en was aan die eerste jaarverslag aangeheg.

Die totale bates van die Board of Public Examiners wat aan die universiteit oorgedra is, was £8 742,62 (nagenoeg R17 484), maar behalwe die £1 500 (R3 000) per jaar wat die regering as toelae gegee het en 'n paar pond rente wat die universiteit kon gebruik vir algemene uitgawes – in hierdie verslag net £15.15.0 (R31,50) – moes daar staat gemaak word op inkomste van studente-inskrywings. Alhoewel daar 'n bedrag van £200 (R400) kontant ten opsigte van J.B. Ebden en £200 (R400) ten opsigte van skuldbriewe in die ontvangstekolom aangeteken word, was dit trustgeld wat net vir beurse aangewend kon word.

Die ontvangste uit eie bronne en die regeringstoelaag vir die eerste 16 maande was dus nagenoeg £2 400 (R4 800), tewyl die belangrikste poste aan die uitgawekant salarisse was, eintlik net die van die registrateur en 'n bode teen £1.0.0 (R2,00) per maand, eksaminatorsgelde en kleiner bedraggies vir opsieners en reistoelaes. Die totale aantal kandidate was 49 matrikulante, 1 M.A., nege B.A.'s, regsertifikaat ook nege, en twee landmeters.

Nou byna 100 jaar later (1971) is die toelae of subsidie van die staat en inkomste uit eie bronne (matrikulante uitgesluit), R7 265 663, en uitgawes R7 220 726.

As die matrikulasie- en musiekkandidate bygereken word, as die totale aantal ingeskrewe kandidate in 1971 nagenoeg 40 000.

*Eerste finansiële staat van die algemene fonds*

DIE EERSTE RAADSVERGADERING van die universiteit op Maandag, 1 September 1973, was 'n betekenisvolle gebeurtenis in die geskiedenis van hoër onderwys in Suid-Afrika.

By die aanvang van die vergadering in die Kaapstadse kantoor van die superintendent-generaal van onderwys was daar 14 van die lede aanwesig wat deur die goewerneur aangestel is. Vier van hulle – James Cameron, Langham Dale, George Ogilvie en Charles Abercrombie Smith – sou later 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling van die eksaminerende universiteit; 'n vyfde persoon, die latere hoofregter J.H. de Villiers, het ook baie jare diens gelewer aan die beherende liggaam van die universiteit en was die eerste voorsitter van die konvokasie.

Die teenwoordigheid van drie mediese praktisyns – Henry A. Ebden, J.Z. Herman en P.G. Stewart – dui op 'n begeerte van die stigters om grade in die medisyne in te voer, waarvoor daar voorsiening gemaak is in die wet op universiteitsinkorporasie. Grade in die medisyne is egter nooit toegeken nie.

Die noue verband tussen die verskillende godsdienstige liggame en die opvoedkundige wêreld blyk uit die aanstelling van sulke manne soos die moderator van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, P.E. Faure, die Anglikaanse geestelike en opvoedkundige, Edward C. Judge, die Stellenboschse professor aan die kweekskool, John Murray, en die Skotse onderwyser en predikant, David Smith.

Die ander wat by die vergadering teenwoordig was, is die voormalige sekretaris van die Raad van Openbare Eksaminatore, C.B. Elliott, en die koninklike sterrekundige, E.J. Stone.

Die afwesiges was sir Sydney Smith Bell, eerwaarde John Brebner, aartsdeken P.P. Fogg, professor F. Guthrie, eerwaarde W. Impey en William Porter.

*Eerste bladsy van eerste notule van eerste vergadering van eerste raad van eerste universiteit in Suid-Afrika*

# 1873.

Monday, 1st September, 1873.

At a Meeting of the Council of the University of the Cape of Good Hope, held at the Office of the Superintendent General of Education, in Cape Town, on Monday, the 1st day of September, 1873, at 11 o'clock, a.m. in conformity with His Excellency the Governor's Proclamation No 77, of the 30th July, 1873, were present:

Rev. James Cameron, B.A., L.L.D.
Langham Dale Esq., B.A., L.L.D.
Honble John Henry deVilliers Esq.
Henry Anderson Ebden Esq., M.D.
Charles Blettermen Elliott Esq.
Rev. Philip Eduard Faure, D.D.
Johannes Zacharias Herman Esq., M.D.
Rev. Edward Judge, M.A.
Rev. John Murray.
Rev. George Ogilvie, M.A.
Honble Charles Abercrombie Smith Esq., M.A.
Rev. David Smith, M.A.
Peter Gordon Stewart Esq., M.D.
Edward James Stone Esq., M.A., F.R.S.

On the motion of the Honble Mr deVilliers, seconded by the Honble Mr Smith, Dr Dale was unanimously elected as Chairman.

Dr Dale proposed that Mr Elliott should fill the Office of Acting Registrar. Carried unanimously.

The Chairman read the Governor's Proclamation No 77, of the 30th July, 1873, appointing the University Council and convening this Meeting.

Honble Mr deVilliers proposed that Dr Dale be Vice-Chancellor of the University. Rev. Dr Faure seconded the proposal, which was carried by acclamation.

Dr Dale signified his acceptance of the Office.

The Vice-Chancellor proposed that the functions and Salary of the future Registrar should be defined.

This proposal was agreed to.

Honble Mr deVilliers proposed that the Salary of the Registrar should be subject to the approval of Government.

Honble

Hoofregter Sydney Smith Bell en sy opvolger, die prokureur-generaal J. H. de Villiers, was al twee lid van die eerste raad, so ook die voormalige sekretaris van die Raad van Openbare Eksaminatore, C. B. Elliott. Onder die ander verkose lede was Abraham Faure se broer, Philip Eduard, predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk op Wynberg en moderator van die sinode, die voormalige raadseksaminator, E. C. Judge, en sy kollega, C. Abercrombie Smith, wat in 1873 Molteno se kommissaris van kroongrond en openbare werke was. Nie al die lede van hierdie raad of van latere rade was juis getroue bywoners van die vergaderings nie. Party was ook maar vir 'n kort tyd verbonde aan die universiteit. Vyf van die eerste lede het egter langdurige, toegewyde diens aan die universiteit gegee: Cameron, Dale, De Villiers, Ogilvie en Abercrombie Smith.

Die konvokasie was vroeg reeds geneig om dienende professore as raadslede te kies. In 1874 is aan Roderick Noble 'n setel gegee, en twee jaar later is nie alleen MacOwan nie maar ook Paul Daniel Hahn van die Suid-Afrikaanse Kollege verkies. Hahn was lid tot aan sy dood in 1918. Hy was 'n pionier op die gebied van die moderne, wetenskaplike benadering tot die hoër onderwys. Die klem op die aanstelling van professore het van 1879 af gelei tot die opstel van „tickets" op verkiesingslyste deur die mededingende groepe. Dit was 'n kenmerk van raadsverkiesings solank die Kaapse universiteit bestaan het en ook nog baie jare daarna by sy opvolger.

Een van die belangrikste take van die raad van 1873, toe dit vir die eerste keer op 1 September in die kantoor van die superintendent-generaal van onderwys byeengekom het, was om 'n vise-kanselier te kies. Langham Dale is algemeen beskou as die geskikste man. So is die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop uit die staanspoor innig verbind met die hele onderwysstelsel van die kolonie. Daar is selfs gesê dat die raad dit in die vroeë dae moeilik gevind het om iemand anders te oorreed om die pos te vul. Tot 1889 het Dale inderdaad die toneel oorheers. Net twee keer is 'n ander vise-kanselier gekies: Abercrombie Smith in 1877 en die Anglikaanse kerkman Hopkins Badnall in

1882. Toe Langham Dale in 1892 as superintendent-generaal van onderwys afgetree het, was hy kanselier van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop. Dié amp het hy van 1890 af beklee tot aan sy dood agt jaar later.

Die ander pos wat die raad moes vul, was dié van registrateur. Die verteenwoordiger van die Suid-Afrikaanse Kollege in die raad, James Cameron, is hierin aangestel, waardeur die eerste vakature in die raad ontstaan het. Dit het die goewerneur die kans gegee om Cameron se kollega, die voormalige raadseksaminator, G. F. Childe, aan te stel. Cameron was 'n gewilde registrateur. Hy was 'n goeie kenner van die klassieke en in dié opsig 'n nuttige aanvulling van die eksamineerliggaam. Daarby het hy sy nuwe pos versier met die waardevolle eienskappe van vriendelikheid en geduld. Hy het registrateur gebly tot 1895 en was sekretaris van die konvokasie tussen 1873 en 1876. Na sy aftrede was hy weer raadslid, en hy het sy belangstelling in die universiteit behou selfs na sy vertrek na Engeland, waar hy in 1906 oorlede is.

In Augustus 1877 word die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop volle lid van die eerbiedwaardige gemeenskap van Britse en imperiale universiteite. Die koninklike oktrooi wat koningin Victoria aan die Kaapse universiteit verleen het, het getrou die model gevolg van die oktrooi wat toe kort gelede aan die eksaminerende Universiteit van Nieu-Seeland gegee is. Aangesien dit die plig en die wens van die koningin was om die onderwys onder alle klasse en gesindtes van haar onderdane te bevorder, het die grade van die Kaapse universiteite volle erkenning in alle dele van die Britse wêreld ontvang. In geen opsig sou sy grade as minderwaardig teenoor dié van die universiteite in die Verenigde Koninkryk beskou word nie.

Engels was die taal van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop, en die meeste raadslede was uit die Engelssprekende gemeenskap. 'n Aantal verteenwoordigers van die Afrikanergemeenskap aan die Kaap is egter ook gekies. Verskeie van hulle was innig verbonde aan die onderwys op Stellenbosch, bv. die drie seminarieprofessore J. I. Marais, Adriaan Moorrees en C. F.

HOPKINS BADNALL is te Leek in Staffordshire, Engeland, op 21 September 1821 gebore, as seun van 'n syfabrikant.

Hy studeer aan die Universiteit van Durham waar hy die M.A. verwerf. Hy studeer ook af as predikant van die Anglikaanse Kerk en vergesel biskop Gray in 1848 na die Kaap. Hy is te Claremont gestasioneer tussen 1849 en 1853 en is ook vise-prinsipaal van die skool, later bekend as die Diocesan College. Hierna is hy 'n tyd lank terug in Brittanje, maar kry 'n aanstelling as aartsdeken van George in 1862 en bly daar tot 1869, toe hy predikant van St. Paul's, Rondebosch en aartsdeken van Kaapstad word. Hy speel 'n belangrike rol in die vestiging van die Church of the Province of South Africa. In sy tyd en deur sy ywer is ook die parogiekerk te Rondebosch voltooi.


Hy staan bekend as 'n groot geleerde met belangstelling in die opvoeding. In 1885 gaan hy terug na Engeland en werk in 'n gemeente in Doncaster, Yorkshire.

Hy het ook 'n D.D. van sy ou universiteit in 1862 verwerf.

Hy dien in die raad gedurende 1875/6 en weer van 1879 tot 1885, en as vise-kanselier van 1882 tot 1884.

Hy is in Londen op 27 September 1892 in die ouderdom van 71 jaar oorlede en is op sy geboorteplek begrawe.

*Aartsdeken Hopkins Badnall, M.A., D.D.*
*Raadslid 1875–1876; 1879–1885*
*Voorsitter van die konvokasie 1881–1882*
*Vise-kanselier 1882–1884*



### KONINKLIKE OKTROOI

Dit was gebruiklik aan Britse universiteite om onder koninklike oktrooi te funksioneer, en koloniale universiteite het so gou as moontlik ook aansoek om die toekenning van so 'n oktrooi gedoen. Dit het status beteken.

Die bestuur van die universiteit het sodra die universiteit gevestig was, dan ook 'n aanvang gemaak om die status van die universiteit in die akademiese wêreld te verhoog, en daar is vertoë deur die goewerneur, sir Henry Barkly, aan die koningin gerig om 'n oktrooi, wat toe in 1877 toegeken is deur koningin Victoria. 'n Belangrike bepaling is: „We declare that the Degrees of Bachelor and Master of Arts and Bachelor and Doctor of Laws, and of Medicine, hereafter to be granted or conferred by the said University of the Cape of Good Hope, shall be recognized as Academic Distinctions and rewards of merit, and be entitled to rank, precedence and consideration in Our United Kingdom, and in Our Colonies and possessions throughout the world, as fully as if the said Degrees had been granted by any university of Our said United Kingdom."

Erkenning, selfs van die matrikulasie-eksamen van die universiteit, het egter lank uitgebly en eers baie jare later is geleidelike erkenning, dikwels nog met voorbehoude, aan die universiteitseksamens deur universiteite van die Verenigde Koninkryk verleen.

*Koninklike oktrooi 1877*


Victoria by the Grace of God

By Warrant under the Queen's Sign Manual

C Romilly

J. Muller. Marais en Moorrees het die eksaminerende universiteit baie jare gedien en is nie vergeet deur die inrigting wat naderhand sy plek geneem het nie. In die donker dae van die Anglo-Boereoorlog is Muller spesiaal gekies om sy begrip van die Afrikaner se gevoelens en strewe.

Al die kanseliers en vise-kanseliers was egter Engelssprekend en geeneen is in Suid-Afrika gebore nie. Die kandidate is verplig om in die eksamen net Engels te gebruik totdat hierdie strenge reël in die laaste jare van die universiteit enigsins toeskietliker toegepas is. Toe die eerste raad 'n eksamenreglement opgestel het, is Hollands in die matrikulasie- en B.A.-eksamens as vreemde taal beskou en as keusevak behandel saam met Frans en Duits. Enige jare later is „Kafir" (Xhosa) en Sotho bygevoeg tot die lys van alternatiewe moderne tale op matrikulasiepeil.

Op die eerste raadsvergadering is baie tyd bestee aan die opstel van reglemente. Daar is besondere aandag gegee aan slaagpunte vir die verskillende eksamens. Abercrombie Smith was nie ten gunste van hierdie metode om skrifte te beoordeel nie, aangesien ware kennis volgens hom nie noukeurig met punte gemeet kan word nie. Sy besware is egter met 'n klein meerderheid afgewys, waarop die gewone metode van beoordeling aangeneem is. Aanvanklik is die punte wat 'n kandidaat moes behaal om te kan slaag, nie in die jaarboek bekend gemaak nie. Hulle was verbasend laag en het baie jare so gebly. Een vyfde van die voltal was voldoende vir die meeste vraestelle, met 'n gemiddelde van een derde vir die eksamen as geheel.

Die graad M.A. is aanvanklik in drie departemente verdeel: taal en lettere, wiskunde en natuurleer en natuurkunde. Ander groepe is later bygevoeg. In die vroeë jare was die B.A. 'n saamgestelde graad in lettere en natuurwetenskap, maar na die invoering van 'n intermediêre B.A.-eksamen in 1883 gedurende Hopkins Badnall se ampstermyn as vise-kanselier kon die eindeksamen in lettere en wysbegeerte of in wiskunde en natuurwetenskap afgelê word. 'n Kandidaat kon hom aanmeld vir 'n gewone graad of vir 'n graad met onderskeiding.

In die laaste jare van die Kaapse universiteit het 'n aanmerk-

like toename in die getal aangebode groepe en vakke plaasgevind. 'n Gemengde graad het weer eens 'n aanneemlike alternatief geword. Die klasgelde wat in 1873 vasgestel is, het gewissel van R4 vir die matrikulasie-eksamen tot R60 vir 'n volledige LL.B. Die gelde het altyd maar matig gebly solank die universiteit bestaan het. Geen kandidaat is tot die eksamen toegelaat sonder 'n getuigskrif van goeie gedrag nie.

Met die jare het die universiteit se werksaamhede sterk toegeneem. Die raad se werk het al ingewikkelder geword, sodat daar al in Januarie 1883 'n staande komitee opgerig is. Daar was groot toename in die aantal regseksamens, en die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop het uiteindelik verantwoordelik geword vir die toets van regskandidate vir die staatsdiens van al die gebiede van Suider-Afrika. In 1896 is 'n mynskool in Kimberley geopen onder die algemene toesig van Gardner F. Williams van De Beers en met professor J. G. Lawn aan die hoof. Hier is studente opgeneem wat met kursusse in die myningenieurswese aan die een of ander Kaapse kollege begin het. Hulle kon nou gevorderde opleiding ontvang, asook praktiese werk aan die Witwatersrand doen. Die eksamen op dié gebied is deur die Kaapse universiteit afgeneem.

Musiekgrade is toegevoeg ingevolge die wysigingswet van 1896, maar hulle is nooit ingestel nie. Tog was musiekeksamens van algemene aard 'n belangrike onderdeel van die universiteit se werk. In 1892 dra die raad dit aan die bekende geneeskundige en komponis, ook reeds lank raadslid, J. H. Meiring Beck, op om die pas gestigte Associated Board of the Royal School of Music in Londen te nader om te kyk of hulle nie bereid sou wees om ook die kolonie se musiekkandidate te eksamineer nie. Die voorstel is gunstig ontvang. Die besoek van die eerste musiekeksaminator, Franklin Taylor, in 1895 was die begin van die uitbreiding van sy raad se werksaamhede oor die wêreld. Daar volg 'n lang verbintenis van die universiteit en sy opvolger met die Londense liggaam. Dit het nie sonder allerhande wederwaardighede verloop nie, maar daardeur is baie Suid-Afrikaanse musici en sangers tot verdere studie in staat gestel.

HENRY HOWARD MOLYNEUX HERBERT is op 24 Junie 1831 in Londen gebore en kry sy opleiding aan Eton en Christ Church, Oxford. Hy erf sy titel op 18-jarige leeftyd, en as lid van die hoërhuis wy hy hom van nou af aan die politiek en wel as lid van die konserwatiewe party. In 1858 word hy ondersekretaris in Derby se regering, maar tussen 1859 en 1866 is Derby in opposisie en kom eers weer in 1866 aan bewind, en word Carnarvon koloniale sekretaris. Na hy die federasie van Kanada bewerkstellig het, bedank hy uit sy pos. Hy aanvaar dit weer in 1874 onder Disraeli en behou dit tot 1878 toe hy weer eens bedank, hierdie keer oor die Oosterse vraagstuk in die Europese politiek.

In die termyn onder Disreali probeer hy ook 'n politieke federasie in Suid-Afrika bewerkstellig, en met hierdie doel voor oë stuur hy Wolseley na Natal; die diamantveldkwessie word met die Oranje-Vrystaat geskik; Bartle Frere word aangestel as goewerneur aan die Kaap; hy laat Shepstone Transvaal annekseer – maar van sy planne vir 'n verenigde Suid-Afrika het niks gekom nie.

Hy is enigermate 'n weifelagtige politikus, maar hy was 'n denker en geneig tot konsiliasie. Hy stel belang in die letterkunde en het etlike vertalings uit die Griekse klassieke die lig laat sien. Die dorp Carnarvon is na hom vernoem.

Carnarvon het in 1884 kanselier geword en toe hy drie jaar later onderweg na Australië die Kaap aandoen, is hy die eerste kanselier wat 'n gradedag aan die universiteit bywoon. Dit was op 29 September 1887.

Hy is in Londen op 28 Junie 1890 oorlede en is op sy landgoed Highclere Castle, Hampshire, begrawe.

*Henry Howard Molyneux Herbert, M.A., D.C.L. (h.c.),*
*LL.D. (h.c.), F.S.A.*
*4e Graaf van Carnarvon*
*Kanselier 1884–1890*



| | M.A. | | B.A. | | LL.B. | | Matriek | | Intern. B.A. | | Wets-Eksamen | | Land-meter | | Staats-diens | | Element. Skool | | Skool-hoër | | Tot. | Tot. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Eks | Sl | Eks | Sl | Eks | Sl | Eks | Sl | Eks | Sl | Eks | Sl | Eks | Sl | Eks | Sl | Eks | Sl | Eks | Sl | Eks | Sl |
| 1874 .. | 1 | 1 | 9 | 6 | 0 | 0 | 49 | 31 | 0 | 0 | 9 | 8 | 2 | 1 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 70 | 47 |
| 1875 .. | 1 | 0 | 16 | 12 | 1 | 1 | 58 | 34 | 0 | 0 | 7 | 7 | 3 | 0 | 0 | 0 | 158 | 97 | 0 | 0 | 244 | 151 |
| 1876 .. | 4 | 2 | 9 | 8 | 1 | 1 | 80 | 60 | 0 | 0 | 3 | 3 | 5 | 3 | 0 | 0 | 154 | 117 | 0 | 0 | 256 | 194 |
| 1877 .. | 3 | 1 | 11 | 6 | 1 | 1 | 74 | 49 | 0 | 0 | 3 | 2 | 7 | 3 | 0 | 0 | 182 | 130 | 0 | 0 | 281 | 192 |
| 1878 .. | 2 | 2 | 15 | 8 | 1 | 1 | 100 | 73 | 0 | 0 | 3 | 3 | 13 | 7 | 0 | 0 | 213 | 141 | 0 | 0 | 347 | 235 |
| 1879 .. | 0 | 0 | 15 | 8 | 1 | 0 | 109 | 46 | 0 | 0 | 5 | 5 | 12 | 8 | 0 | 0 | 240 | 150 | 0 | 0 | 382 | 217 |
| 1880 .. | 1 | 1 | 14 | 7 | 1 | 1 | 118 | 62 | 0 | 0 | 8 | 7 | 17 | 8 | 0 | 0 | 281 | 204 | 24 | 17 | 464 | 307 |
| 1881 .. | 0 | 0 | 14 | 10 | 2 | 2 | 109 | 61 | 0 | 0 | 3 | 1 | 22 | 10 | 0 | 0 | 333 | 242 | 40 | 32 | 523 | 358 |
| 1882 .. | 0 | 0 | 10 | 7 | 0 | 0 | 116 | 84 | 0 | 0 | 10 | 10 | 24 | 14 | 0 | 0 | 414 | 256 | 45 | 21 | 619 | 392 |
| 1883 .. | 0 | 0 | 16 | 13 | 1 | 1 | 144 | 88 | 38 | 32 | 4 | 4 | 20 | 14 | 0 | 0 | 419 | 293 | 42 | 33 | 684 | 478 |
| 1884 .. | 2 | 2 | 13 | 10 | 0 | 0 | 185 | 118 | 38 | 20 | 15 | 14 | 21 | 10 | 0 | 0 | 475 | 379 | 37 | 18 | 786 | 571 |
| 1885 .. | 0 | 0 | 16 | 10 | 4 | 2 | 228 | 118 | 52 | 23 | 14 | 9 | 13 | 5 | 0 | 0 | 755 | 526 | 88 | 42 | 1170 | 735 |
| 1886 .. | 2 | 1 | 21 | 15 | 3 | 3 | 215 | 121 | 56 | 53 | 18 | 16 | 15 | 10 | 7 | 5 | 986 | 603 | 112 | 85 | 1435 | 912 |
| 1887 .. | 0 | 0 | 24 | 16 | 4 | 2 | 216 | 122 | 45 | 25 | 29 | 13 | 4 | 2 | 31 | 13 | 892 | 530 | 203 | 145 | 1448 | 868 |
| 1888 .. | 3 | 2 | 33 | 29 | 2 | 1 | 202 | 133 | 66 | 43 | 28 | 24 | 6 | 3 | 36 | 21 | 892 | 523 | 232 | 197 | 1500 | 976 |
| 1889 .. | 1 | 0 | 22 | 13 | 3 | 3 | 188 | 109 | 40 | 31 | 21 | 16 | 6 | 5 | 17 | 11 | 915 | 610 | 193 | 162 | 1406 | 960 |
| 1890 .. | 1 | 1 | 27 | 18 | 5 | 4 | 193 | 101 | 38 | 22 | 16 | 11 | 13 | 6 | 23 | 12 | 1295 | 930 | 284 | 233 | 1895 | 1338 |
| 1891 .. | 2 | 1 | 21 | 14 | 8 | 5 | 228 | 142 | 43 | 35 | 21 | 11 | 12 | 8 | 35 | 12 | 1614 | 972 | 370 | 279 | 2354 | 1479 |
| 1892 .. | 1 | 1 | 20 | 14 | 10 | 7 | 282 | 207 | 56 | 39 | 24 | 21 | 14 | 9 | 50 | 33 | 1813 | 1276 | 423 | 333 | 2693 | 1940 |
| 1893 .. | 0 | 0 | 25 | 21 | 6 | 6 | 304 | 214 | 76 | 40 | 19 | 15 | 25 | 11 | 54 | 41 | 1897 | 1287 | 525 | 439 | 2931 | 2074 |
| 1894 .. | 1 | 1 | 41 | 25 | 2 | 2 | 336 | 214 | 76 | 37 | 21 | 16 | 28 | 18 | 56 | 37 | 2148 | 1592 | 564 | 430 | 3272 | 2371 |
| 1874 tot 1894 | 25 | 16 | 392 | 270 | 56 | 43 | 3534 | 2187 | 624 | 400 | 281 | 216 | 282 | 155 | 309 | 185 | 16076 | 10858 | 3182 | 2466 | 24760 | 16795 |

DIE AFNEEM VAN EKSAMENS, sodat daar geen onreëlmatigheid kan plaasvind nie, het altyd nog by alle instansies wat eksamens beheer kopseer veroorsaak, want die feit dat daar gedurig maar kandidate betrap word, wys dat daar altyd pogings aangewend word, maar dat almal nie noodwendig betrap word nie.

In die begin van die universiteit se eksamens was daar lank net 'n sentrum in Kaapstad en toe een in „Graham's Town". Die registrateur moes self toesig hou, en hy haal dan 'n skip na Port Elizabeth en gaan daarvandaan per poskoets na Grahamstad met die vraestelle by hom.

Die getalle wat eksamen afgelê het, het bewys hoe groot die behoefte was aan opleiding; na die eerste 21 jaar is byna 25 000 geëksamineer, van wie sowat 17 000 in die verskillende eksamens geslaag het.

Byna honderd jaar na die totstandkoming van die universiteit is die aantal sentrums, insluitende dié vir musiekeksamens en matrikulasie, wat ook deur die universiteitspersoneel gereël word, sowat 1 400, en die kandidategetal beloop nagenoeg 40 000.

*Vergelykende staat van eksamens oor die eerste 21 jaar*
*(Eks. – Geëksamineer; Sl. – slaag; Tot. – Totaal)*

HENRY BARTLE FRERE is op 29 Maart 1815 gebore te Clydach, Brecknockshire, Wallis, as sesde seun van vlootkaptein Edward Frere van Llanelli. Van Haileybury-kollege sluit hy by die Indiese siviele diens aan, waar hy tot goewerneur van Bombaai vorder in 1862. In 1867 word hy ook lid van die Council of State vir Indië. Hy speel 'n belangrike rol in die vroeë geskiedenis van die Universiteit van Bombaai, waarvan hy ook kanselier was tussen 1862 en 1867.

In Maart 1877 word hy goewerneur van die Kaapkolonie en bly dit tot 1880. In Mei 1876 word hy verhef tot baronet.

As goewerneur aan die Kaap en hoëkommissaris in Suider-Afrika was hy 'n omstrede figuur, veral omrede sy inboorlingpolitiek en sy houding oor die inval in Transvaal deur sir Theophilus Shepstone. Onder die koloniste was hy nogal taamlik gewild, maar dit het nie verhoed dat hy in 1880 teruggeroep is nie.

Hy ontvang ere-grade van die universiteite van Oxford, Cambridge en Edinburgh.

Benewens 'n publikasie waarin hy sy beleid en optrede verdedig het, het daar ook ander geskrifte van hom verskyn.

Hy was kanselier van 1880 tot 1884.

Hy is by Wressil Lodge, Wimbledon, Engeland, op 29 Mei 1884 oorlede en is in St. Paul's katedraal, Londen, begrawe.

*Sir Henry Bartle Edward Frere, Bt., D.C.L. (h.c.), LL.D (h.c.) (Cantab.), LL.D. (h.c.) (Edin.), G.C.B., G.C.S.I., P.C., F.R.S.*
*Kanselier 1880–1884*



Die planne van die Anglikaanse Kerk om aan die einde van die negentiende eeu 'n fakulteit van godgeleerdheid aan die Kaap in te stel, het die behoefte aan teologiese eksamens onder die beskerming van die universiteit onder die aandag gebring. Die studente aan die Stellenbosse seminarie kon vroeër al eksterne grade in die teologie van die Universiteit van St. Andrews verkry, maar hierdie Skotse inrigting is later verplig om daarmee op te hou. In 1902 maak die Universiteit van Londen bekend dat kandidate sy nuwe eksamens in godgeleerdheid ekstern kan aflê. Dit het die Stellenbosse studente weer eens die geleentheid gegee om in hulle eie land te gradueer. As 'n nie-sektariese universiteit soos dié in Londen teologiese eksamens kon aflê, was daar blykbaar geen rede waarom die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop dit nie kon doen nie. Die saak is lank en breed bespreek en in 1907 aan die parlement voorgelê. Daar het dit woeste teenstand ondervind. Merriman, destyds lid van die universiteitsraad, was sterk gekant teen grade in die godgeleerdheid. Sy beskouings het ook aanmerklike steun geniet, maar tog is teologiese grade ingevolge die verdere wysigingswet van 1908 toegelaat. Die eerste B.D. op grond van die universiteit se eksamens was Nicolaas J. van der Merwe, later volksraadslid van die Unie. Hy het sy graad in 1911 behaal.

Kort na die stigting van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop is hy versoek om elementêre eksamens vir skoolkinders in te stel. Die eerste daarvan, die eksamen vir die sertifikaat van bekwaamheid in elementêre vakke, is in 1875 ingestel, gevolg deur 'n eksamen wat vir meisies sowel as seuns bedoel was. Dit was die skooleksamen vir onderskeiding, 'n skooleindsertifikaat. Hierdie eksamens sou later die School Elementary en die School Higher word en nog later op hoër vlak die Junior- en die Seniorsertifikaateksamens. Die universiteit het dus vroeg 'n geweldige eksamineerliggaam geword om die produkte van die Kaapse onderwys op elke vlak te toets. Toe James Reid Whitton, in 1878 hoof van die Kaapstadse normaalkollege, teen die middel van die jare tagtig raadslid geword het, is nog 'n skakel met die onderwysberoep gesmee. Hy het die universiteit lank gedien en

het daarvoor erkenning gekry van die universiteit se opvolger.

Behalwe die Porter- en die Jamison-toekennings waarmee die universiteit begin het, kon daar ook baie ander beurse en pryse uitgeloof word om verdere studie aan te moedig. Party is deur die universiteit self gegee en ander deur die staat. Die publiek en private donateurs het ook bygedra. Die Kaapse regering het beurse ter ere van sir George Grey en koningin Victoria ingestel. Ander beurse het die name gedra van die skeepseienaar, sir Donald Currie en die Kaapse landmeter, J. M. Maynard. Uit die erflatings van regter J. W. Ebden, Alexander Croll van Port Elizabeth en die ryk Kaapstadse regsman, Willem Hiddingh, is ook beurse ingestel. Daar is 'n uitstalling ingerig ter ere van Porter se opvolger as kanselier van die universiteit, die vorige goewerneur, sir Bartle Frere. Die pryse roep in herinnering die name van die Kaapse handelaar, J. B. Ebden, die Presbiteriaanse sendeling, J. A. Chalmers, en nog 'n kanselier en sy vrou, die hertog en hertogin van Cornwall en York, later koning George V en koningin Mary. Alfred, lord Milner, die Britse goewerneur en hoëkommissaris in 'n stormagtige tyd in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, word gedenk in die Milner-kunsbeurs vir vrouestudente van die universiteit. Die Kaapse kunstenares, Dorothy Barclay, was die eerste bekroonde in 1913.

'n Volledige lys van die beurs- en pryswenners sal die name van baie vooraanstaande Suid-Afrikaners bevat. Onder hulle is prominente politieke figure soos W. P. Schreiner, Jan C. Smuts en sy kollega Jan H. Hofmeyr, regters Reinhold Gregorowski, William Pittman en J. W. Wessels en die natuurwetenskaplike P. J. du Toit en Basil Schonland. Onder die kerkmanne wat toekennings verower het, was monsignor Kolbe van die Rooms-Katolieke Kerk en die predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en voorvegter vir Afrikaans, T. B. (Tobie) Muller, seun van professor Muller van die Stellenbosse seminarie en vader van die huidige hoof van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika.

Die innige verband tussen die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop en die kolonie se onderwysstelsel het die universiteit

THOMAS MUIR is op 25 Augustus 1844 te Nemphlar in Lanarkshire, Skotland, gebore. Reeds op skool te Wishaw toon hy sy aanleg vir die Klassieke en Wiskunde. Sy universiteitsopleiding ontvang hy aan Glasgow-universiteit, waar hy die M.A. met lof behaal en ook sy onderwyserseksamens aflê. Hy blink so uit in Wiskunde dat hy 'n Fellow van die Royal Society van Edinburgh word. Hy studeer ook 'n tyd lank aan die universiteite van Göttingen en Berlyn.

Hy is lektor aan die Universiteit van St. Andrews en word in 1874 professor in Wiskunde aan Glasgow en later departementshoof in Wiskunde aan die Glasgow High School. Op aandrang van Cecil Rhodes aanvaar hy in 1892 die aanstelling as superintendent-generaal van onderwys van die Kaapkolonie in opvolging van Langham Dale.

Die opvoedkundige peil en onderwysstelsel het geweldig vooruit gegaan onder Dale, maar na 'n dienstermyn van 43 jaar was hervormings nodig, en Muir het die onderwys op die platteland aan 'n omvattende ondersoek onderwerp. Die gevolg was dat meer onderwysers ingevoer is en dat 'n vergrote inspektoraat, skoolrade, uitgebreide leerplanne en 'n mate van verpligte onderwys ingestel is, asook die stigting van 'n paar onderwysersopleidingskolleges. Ook die hoër onderwys geniet sy aandag.

Hy tree in 1915 af as superintendent-generaal van onderwys, maar hou hom steeds besig met sy vakgebied en lewer etlike honderde publikasies. Hy word ook in hierdie jaar tot ridder geslaan. Hy ontvang 'n ere-LL.D. van Glasgow in 1882 en in 1921 'n ere-D.Sc. van die Universiteit van Kaapstad.

Hy is raadslid van 1892 af tot 1913, vise-kanselier van 1897 tot 1901 en is op Rondebosch, Kaapstad, op 21 Maart 1934 oorlede.

*Sir Thomas Muir, Kt, M.A., LL.D. (h.c.),*
*D.Sc. (h.c.), F.R.S., F.R.G.S., F.R.S.E., C.M.G.*
*Raadslid 1892–1913*
*Mede-vise-kanselier 1901–1905*
*Vise-kanselier 1897–1901*



gedurig onder die oë van die publiek gehou, veral wanneer die eksamenuitslae gepubliseer is. Die pers het die universiteit dikwels onder skoot gehad, wat miskien vermy kon gewees het as die universiteit gehoor gegee het aan voorstelle dat verslaggewers op die raadsvergaderings toegelaat word. Opsommings van die beraadslagings is egter aan die koerante beskikbaar gestel en later in die universiteit se eie koerant, wat in 1903 opgerig is, gepubliseer. Een lid, die Hollanderjoernalis J. W. G. van Oordt, is glo die eerste persverteenwoordiger wat as sodanig deur die goewerneur aangestel is.

Die perskommentaar was soms heftig. Die feit dat kollegeprofessore nie toegelaat is om gevorderde werk te eksamineer nie, het aanleiding gegee tot klagtes omtrent die bevoegdheid van die „meerjarige bossies" („recurring decimals") wat maar jaar vir jaar ontluik het om matrikulasie- en graadvraestelle op te stel en die skrifte te beoordeel. Die universiteit se aansien het 'n lelike knou gekry toe hy vroeg in die jare negentig in die verleëntheid gestel is a.g.v. vervalste kwalifikasies van 'n eksaminator in Frans, R. A. van Angelbeek. Weens die wurggreep wat die universiteit deur middel van sy eksamens op die skoolleerplan uitgeoefen het, het baie hierdie uitbreiding van sy funksies betreur. Dale se opvolger as superintendent-generaal van onderwys, die Skotse wiskundige, Thomas Muir, was ten spyte van sy lidmaatskap van die universiteitsraad en sy vise-kanselierskap van 1897 tot 1901 sterk gekant teen die invloed wat die universiteit op die skole gehad het. 'n Mens kan die universiteit darem nie blameer vir al die tekortkomings in die eksamenstelsel nie. Dit was jammer maar onvermydelik dat die matrikulasie-eksamen in 1877 vertraag is deurdat die vraestelle, wat in Engeland gedruk is, op die posboot *Taymouth Castle* onder kwarantyn gehou is. Twintig jaar later was dit weer die poskantoor wat verbrou het deur vraestelle na Nieu-Seeland se Wellington te stuur in plaas van na die dorp hier onder hulle neus.

Die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop het onteenseglike vordering op onderwysgebied gebring. Sy invloed kan gesien word in die onderwys aan meisies en nie-blankes. Al in die jare

sewentig het meisies hulle vir die laer eksamens aangemeld, en tien jaar later het dr. Jane Waterston, die universiteit se eerste toegelate vrouegegradueerde, 'n verandering in die houding teenoor onderwys aan vroue gemerk. Teen dié tyd het prof. Hahn en ander onderwysmanne meisies aangemoedig om gevorderde klasse te loop. Sedert die laaste dekade van die negentiende eeu hoef jong dames nie meer eers privaat te studeer voordat 'n graad op grond van 'n eksamen toegeken kan word nie. Die Kaap se eerste vrouegegradueerde, Agnes Ellen Lewis, moes dit nog doen vir haar B.A., wat sy in 1886 verwerf het. In die jaar van die universiteit se silwerjubileum het die eerste gegradueerdes van die Hugenote-kollege hulle sertifikate ontvang. Die kollege, onder sy Amerikaanse hoofde A. P. Ferguson en Anna E. Bliss, sou spoedig die status van 'n universiteitskollege spesiaal vir vroue behaal.

Die onderwys aan nie-blankes het langer uitgebly. Die geleentheid daartoe in die veelrassige sendingkolleges het ontbreek. Eers in 1880 het die toekomstige predikant van die Congregational Church, Simon Peter Sihlali, „matriek gemaak". Ongelukkig verskyn sy naam toe op die lys van geslaagdes van die Graaff-Reinetse Kollege. In 'n brief aan die *Argus* skryf Sihlali dat die kollege die universiteit nie juis daarvoor sou bedank dat die getal van hulle geslaagde kandidate tot drie aangegroei het deurdat die naam van 'n kaffer („nigger") bygevoeg is nie. Die tweede Bantoematrikulant, John Tengu Jabavu, koerantredakteur en onderwysman, het drie jaar later as leerling van Lovedale gematrikuleer. Teen die einde van die eeu het Bantoemeisies in die jaarlikse eksamens begin matrikuleer.

In die vroeë jare van die twintigste eeu het nie-blanke studente na universiteite in die buiteland begin stroom. Dit het die behoefte aan beter geleentheid in Suid-Afrika beklemtoon. Daar was toe 'n dors na kennis onder die nie-blankes, wat nie deur die toelating van 'n student hier en daar aan 'n blanke kollege geles kon word nie. Eers in 1915 met die koms van Alexander Kerr as hoof van die Suid-Afrikaanse Naturellekollege op Fort Hare het die deure enigermate oopgegaan.

Op graadvlak was die vernaamste probleem van die universi-


teit die verhouding van die doserende kolleges tot die eksaminerende liggaam. Private of eksterne studente kon hulle vir die eksamens van die universiteit aanmeld, maar destyds was dit die ontkiemende universiteitskolleges wat die meeste doseerwerk gedoen en die grootste getal kandidate opgestuur het. By die stigting van die Kaapse universiteit het net die Suid-Afrikaanse Kollege en die Graaff-Reinetse Kollege statuserkenning van ampsweë geniet, soos geblyk het uit toekennings vir professorate. Daar was egter ander aktiewe kolleges in die veld, en hoewel baie gemeen het dat die twee ver uit mekaar liggende kolleges voldoende was vir die kolonie, het gou geblyk dat die staat aan almal steun sou moes gee. Gevolglik is 'n hoëronderwyswet in 1874 aangeneem waardeur alle kolleges wat na die mening van die superintendent-generaal van onderwys 'n nuttige diens verrig, toekennings ontvang het. Dale het gemeen dat hierdie bepaling hom inspeksiebevoegdheid verleen het, maar hierin is hy teleurgestel. Wel het hy in 1884, insig in die hoër onderwys verkry deur 'n inspeksie wat J. H. Brady uitgevoer het. Dit het egter soveel teensin verwek dat dit nooit herhaal is nie.

Deurdat die staat gevorderde onderwys gesteun het, is onderskeid gemaak tussen voorgraadse en skoolklasse in die kolleges, hoewel die skeiding eers teen die einde van die eeu gaandeweg heeltemal voltrek is. Party van die ondersteunde kollegedepartemente het spoedig begin sukkel in die jare sewentig. Almal, behalwe die Suid-Afrikaanse Kollege en die skool op Stellenbosch, wat Dale teen sy sin besluit het om te ondersteun, het tou opgegooi. Teen 1885 het die Grey-instituut erken dat hy nie daarin kon slaag om die gebrek aan belangstelling in die hoër onderwys in Port Elizabeth te oorkom nie. Dieselfde tyd het Dale besluit dat die Graaff-Reinetse Kollege hom ook nie meer as 'n universitêre inrigting kon beskou nie. Die kollege-owerheid het hom gelyk gegee. Brady het gruwelik gespot met hulle „professore" en „senaat". Dit is belaglik dat uitstekende manne hulle kragte moet wy aan die onderrig van vyf seuntjies, aldus Brady. Gill-kollege het vinnig weggespring, maar teen 1877 het die *Argus* geskryf dat hy hom op die grootpad na nêrens bevind met drie

professore en agt studente. Kort daarna is sy toekennings gestaak, maar in die jare negentig was daar 'n kortstondige opflikkering toe Dale dit aan die einde van sy termyn nog 'n kans gegee het. 'n Tyd lank het dit goed gegaan. 'n Hele paar gegradueerdes is opgelewer, onder wie Minnie E. Drummond, die eerste meisie wat die Porter-prys gewen het. Teen 1903 was daar egter weer net twee gematrikuleerde studente, terwyl die nuwe regulasies vir universiteitskolleges ten minste vyf en sewentig vereis het. Dale se opvolger, Muir, het die speletjie teen taamlike protes in beëindig. Daarna het die Gill-kollege sy werk tot skoolkursusse beperk.

Die Anglikaanse inrigting in Grahamstad het beter gevaar. 'n Paar jaar lank na die stigting van die eksaminerende universiteit was daar geen namatrikulasie-onderwys nie. Dale en Charles Thomas Smith, 'n energieke Oos-Kaaplandse regter, later visekanselier en nog later kanselier van die Kaapse universiteit, het hard probeer om mededingende skole te laat saamsmelt in 'n „Union College" vir gevorderde studie. Dit het misluk, en in die jare tagtig was St. Andrew's die enigste inrigting vir hoër onderwys in die dorp. Onder kanunnik J. Espin, ook enkele jare raadslid van die universiteit, het die kollege baie goeie vordering gemaak. Hy het sy kollegeafdeling tot aan die stigting van die Rhodes-universiteitskollege in 1904 behou. Die vier volle professore was die bekende landmeter Arthur Matthews, die natuurwetenskaplike en historikus George E. Cory, die Hollander G. F. Dingemans, wat die stoel vir moderne tale beklee het, en A. Stanley Kidd, wat bereid was om alles op hom te neem wat nie deur die ander professore behartig is nie! Hierdie manne het die kern uitgemaak van die universiteitskollege. Spoedig het ander bygekom, onder wie Selmar Schönland van die Albany-museum as professor vir plantkunde.

Die ouer Diocesan College het gefloreer tot met die aftrede van Ogilvie in 1885. Daarna het dit begin veld verloor ten spyte van die goeie werk van uitnemende onderwysers soos A. A. Bodkin, G. W. Vipan en J. Martin. In die eerste dekade van die huidige eeu is pogings aangewend om hierdie Anglikaanse inrigting sy ou




THOMAS WALKER is op 21 September 1847 te Leith, Midlothian, Skotland, gebore. Hy gaan skool aan die Royal High School, Edinburgh, en gaan toe na die Universiteit van Edinburgh, waar hy in 1870 die M.A. in die klassieke met onderskeiding behaal. Sy skool- sowel as sy universiteitsloopbaan is gekenmerk deur sy briljante prestasies. Hy studeer ook Hollands. Na Edinburgh studeer hy verder in die klassieke aan Owens College, Manchester, en ook aan universiteite in Holland en Duitsland, terwyl hy ook afstudeer as predikant van die Verenigde Presbiteriaanse Kerk.

In 1876 is hy in Suid-Afrika as prinsipaal van die Paarl Boys' High School, en in 1878 aanvaar hy 'n professoraat aan die Stellenbosch Gimnasium, die latere Victoriakollege. Vir 'n kwarteeu doseer hy Engels en Wysbegeerte totdat dié dissiplines in 1903 geskei is en hy net Wysbegeerte doseer. Sy persoonlikheid en onderrig het 'n groot en blywende invloed gehad op sy studente, en hy lewer 'n onberekenbare bydrae aan die opvoeding in Suid-Afrika.

As lid van die raad het hy hom met groot ywer en toegewydheid aan die belange van die universiteit gewy. Hy het baie aktief meegehelp om die nuwe bedeling van die universiteit te bevorder, maar dis hom nie gegun om dit in werking te sien nie, want hy is op 8 Junie 1916 te Stellenbosch oorlede.

Hy word raadslid in 1881 en bly dit tot aan die einde van sy lewe. Hy was ook vise-kanselier tussen 1911 en 1913. In 1892 ontvang hy 'n ere-Litt.D. van Edinburgh en in 1909 die ere-LL.D. van Harvard.

*Prof. Thomas Walker, M.A., LL.D. (h.c.), Litt.D. (h.c.)*
*Raadslid 1881–1916*
*Voorsitter van die konvokasie 1894–1904*
*Mede-vise-kanselier 1909–1911*
*Vise-kanselier 1911–1913*
*(Foto: Universiteit van Stellenbosch)*



WILLIAM THOMSON is op Oujaarsdag 1856 te Kirkton of Mailler in Perthshire, Skotland, gebore. Hy gaan skool aan die Perth Academy, matrikuleer op 16-jarige leeftyd en studeer aan die Universiteit van Edinburgh, waar hy in 1878 die M.A.- en die B.Sc.-graad verwerf. Hy wil medikus word, maar toe hy 'n aanstelling as assistent vir die professor in Wiskunde aan die Universiteit van Edinburgh kry, laat vaar hy die gedagte.

In 1883 kry hy 'n aanstelling as professor in Wiskunde aan die Victoria-kollege, 'n pos wat hy beklee tot 1895 toe hy registrateur word. Onder sy studente tel hy manne soos genls. J.B.M. Hertzog en J.C. Smuts en senator F.S. Malan.

Die feit dat hy in 1887/8 as eksaminator in Wiskunde vir Edinburgh optree, sê nie min vir sy bekwaamheid nie. Ook volgens die raadsnotule is sy belangstelling in die groei en ontwikkeling van sy vakgebied baie duidelik.

In die onderhandelings om 'n „General University of South Africa" tot stand te bring, speel Thomson 'n baie belangrike rol, 'n ideaal wat eers in 1918 verwesenlik is. In 1904 kry hy 'n ere-LL.D. van Edinburgh, in 1922 ook een van Kaapstad en in dieselfde tyd word hy tot ridder geslaan. In hierdie jaar tree hy ook af as registrateur, maar word prinsipaal van die Universiteit van die Witwatersrand in 1924, 'n pos wat hy tot 1928 beklee.

Thomson is raadslid van 1883 af en bly dit tot 1895 en dan weer van 1924 tot 1947. Hy is registrateur vir 27 jaar en het hom veral beroem op sy geheue. Noem die naam van enige bekende openbare figuur en hy kon jou onmiddellik sê in watter jare, by watter sentrum hy die skoolhoër-, matrikulasie-, intermediêre en B.A.-eksamens afgelê het, en indien in die eerste klas, ook sy plek in die slaaglys.

Hy is op 6 Augustus 1947 oorlede te Glencairn, Kaapstad.

*Sir William Thomson, Kt., M.A., B.Sc., LL.D. (h.c.) (Edin.),*
*LL.D. (h.c.) (Kaapstad)*
*Registrateur 1895–1922*
*Raadslid 1883–1895; 1924–1947*

luister te laat herwin. Geld is ingesamel en damestudente teensinnig opgeneem, maar die kollege was nie opgewasse teen sy Kaapse buurinrigting nie. In 1910 het „Bishops" sy universiteitsklasse afgegee aan die Suid-Afrikaanse Kollege en die voorbeeld van sy susterinrigting in Grahamstad gevolg deur hom net op skoolwerk toe te lê.

Dale het die Suid-Afrikaanse Kollege bly beskou as die leier in die kolonie. In 1875 stel hy voor dat dit die doserende orgaan van die universiteit word. Dit was toe egter al te laat om een kollege met dié eer te beklee. Die enigste verandering in die verhouding van die kollege tot die eksaminerende inrigting het drie jaar later gekom toe die universiteitsraad gemagtig is om drie lede vir die bestuursliggaam van die kollege te benoem.

Die Suid-Afrikaanse Kollege het bly groei en bloei. Voor die einde van die jare sewentig is Francis Guthrie van Graaff-Reinet as dosent opgeneem, en die Wallieser Charles E. Lewis, 'n vername oud-leerling, is uit die skooldepartement bevorder. Lewis was die halfbroer van die universiteit se eerste vrouegegradueerde, en hy het haar met haar studie gehelp. Die teruggang van die verder afgeleë kolleges het MacOwan in 1880 van Somerset-Oos af en William Ritchie van Port Elizabeth af aan die begin van 1882 laat oorkom. Ritchie word professor in die klassieke en dien die universiteit as vise-kanselier van 1913 tot 1916 en as president van die konvokasie tussen 1904 en 1914. Henry Eardley Stephen Fremantle, die politikus en joernalis en lank lid van die universiteitsraad, word in 1899 professor vir Engels en wysbegeerte. Twee vroeëre aankomelinge wat baie gedoen het om die universiteit in 'n doserende inrigting om te skep, was die fisikus, John Carruthers Beattie, en die wiskundige, Lawrence Crawford. Die omskepping was toe nog maar 'n toekomsdroom. Teen 1900 het die Suid-Afrikaanse Kollege darem eindelik 'n nuwe universiteit geword deur sy matrikulasieklasse oor te plaas na die aparte skooldepartement.

Hierin is die Kaapse universiteit egter voorgegaan deur die bloeiende inrigting op Stellenbosch. Baie min mense sou in 1873 kon voorsien dat die Stellenbosse Gimnasium roem sou verwerf as

universiteit. Weliswaar was daar toe al 'n letteredepartement, wat tot stand gekom het by die stigting van die eksaminerende universiteit in Kaapstad. Die prinsipaal, Charles Anderson, het vroeg al vier professore van naam in sy eerste akademiese senaat gehad. George Gordon is uit die skooldepartement bevorder om wiskunde en natuurwetenskap te doseer. Net so is Nicolaas Mansvelt bevorder tot professor van moderne tale. Twee ander kom uit Skotland: Archibald Macdonald vir klassieke en Thomas Walker vir Engels en wysbegeerte. Mansvelt is beter bekend om sy rol op onderwysgebied in die Suid-Afrikaanse Republiek. Gordon was ook lid van die universiteitsraad. Hy is in 1882 oorlede. Macdonald en Walker het Stellenbosch baie jare toegewyd gedien. Walker was lank raadslid van die Universiteit die Kaap die Goeie Hoop en vise-kanselier van 1911 tot 1913. Hy is in 1894 verkies as president van die konvokasie en beklee die amp tien jaar lank.

Die letteredepartement word 'n kollegestigting, wat in 1887 – die jubileumjaar van die koningin – die naam Victoria-kollege aanneem. Die inrigting het gebloei. In 1884 maak inspekteur Brady met lof melding van die feit dat aanstaande studente eers 'n toelatingsseksamen moet skrywe. In 1899 word die kollege die eerste inrigting wat alle werk vir die matrikulasie-eksamen prysgee. Wetenskaplike studies is ingevoer, uitbreidingsplanne is beraam en, soos by die groter Kaapstadse kollege, het 'n aantal dosente deelgeneem aan die werk van die eksaminerende universiteit. William Thomson, wat in 1883 uit Skotland kom as professor vir wiskunde, volg Cameron in 1895 op as registrateur van die universiteit en dien die universiteit en sy opvolger baie jare daarna. Twee ander wiskundiges van Stellenbosch, J. T. Morrison en A. H. Mackenzie, dien in die universiteitsraad, asook H. C. Notcutt van die departement Engels en W. J. Viljoen, wat aanvanklik professor van geskiedenis en van moderne tale was. Viljoen het 'n leidende rol in die vroeë ontwikkeling van die Universiteit van Suid-Afrika gespeel.

Al kon studente graadkursusse aan die Kaap loop, het baie ouers nog hulle kinders na die buiteland, veral Brittanje, gestuur



WILLEM HIDDINGH is op 29 Mei 1808 in Kaapstad gebore, seun van 'n Hollandse regsgeleerde wat in 1802 saam met goewerneur Janssens na dit Kaap gekom het.

Willem word op 11-jarige leeftyd na Holland gestuur waar hy in 1830 'n doktorsgraad in die regte verwerf. Intussen, egter, het Britse regsopleiding 'n vereiste vir 'n regsgeleerde geword om aan die Kaap te praktiseer en was Hiddingh verplig om in Skotland, aan die Universiteit van Edinburgh, te gaan kwalifiseer.

In 1833 keer hy na die Kaap terug waar hy gou vir hom naam maak as eerste advokaat en gereeld in die rondgaande hof optree tot 1850. Ook in die Kaapse kultuurlewe het hy aktief gestaan deurdat hy in die komitee van die Suid-Afrikaanse openbare biblioteek en as trustee van die Grey-versameling dien.

Ten tye van sy afsterwe in sy woning in Koningin Victoriastraat, Kaapstad, op 10 Desember 1899 was hy 'n welgestelde man. In sy testament laat hy £25 000 (R50 000) na vir die bou van 'n saal en geskikte kantoorakkommodasie vir die universiteit en 'n verdere £5 000 (R10 000) vir 'n beursfonds. Ook laat hy twee groot persele in Koningin Victoriastraat na aan die eksaminerende inrigting en bedrae geld aan die Suid-Afrikaanse openbare biblioteek en die *South African College*.

Deur middel van dr. Hiddingh se vrygewigheid en die bystand van die regering, kon die universiteit die eerste stadium van 'n bouprogram teen Junie 1907 afhandel. Ander skenkings, veral dié van die dogters van sir Donald Currie, het dit moontlik gemaak dat die bouery in 1913 voltooi kon word.

*Dr. Willem Hiddingh, LL.D.*



DONALD CURRIE is gebore op 17 September 1825 in Greenock, Renfrewshire, Skotland, as die seun van 'n barbier en een van 10 kinders. Hy bring egter sy kinderjare deur in Belfast, Ierland.

Hy is op jeugdige leeftyd in die handelswêreld geplaas. Na 'n paar jaar in die suikerbedryf word hy klerk by die Cunard-redery en maak vinnig opgang, want binne agtien jaar stig hy sy eie maatskappy.

Hy is versiende en skakel baie gou oor na die stoomskepe en brei sy onderneming uit tot die Kaapse roete. Sy snelle en doeltreffende redery, asook die feit dat hy hom sowat 20 jaar op die politieke toneel besig hou, maak hom 'n bekende openbare figuur. Hy kom dus ook met Suid-Afrikaanse staatsmanne, onder wie presidente Brand, Burgers en Kruger, in aanraking.

In 1900 het hy geamalgameer met sy vernaamste opposisie en kom die Union Castle-redery tot stand.

Currie het ook belanggestel in diamante en besoek Suid-Afrika verskeie kere. Dis tydens een van hierdie besoeke dat hy die Currie-bekers vir rugby, krieket en ander sportsoorte geskenk het.

Hy is 'n paar jaar lid van die Britse parlement, kry die K.C.M.G. in 1881, die G.C.M.G. in 1897 en 'n ere-LL.D. van Edinburgh in 1906.

Sy naam kom die eerste maal in die annale van die universiteit voor toe hy op 31 Maart 1888 £100 (R200) geskenk het „to be used as the Vice-Chancellor may consider best in promoting the interests of Education in the University".

In 1910 skenk sy drie dogters £25 000 (R50 000) aan die universiteit as nagedagtenis van hulle vader. Die bedrag is gebruik as deel van die koste vir die universiteitsgebou in Kaapstad en 'n beursfonds. Na die gebou later aan die staat verkoop is, is die rente daarvan saam met die rente op die skenking van Willem Hiddingh gebruik as 'n publikasiefonds.

Hy sterf op 13 April 1909 as 'n skatryk man te Sidmouth, Devonshire, Engeland, en word in sy vaderland te Fortingall, Perthshire, begrawe.

*Sir Donald Currie, LL.D. (h.c.), G.C.M.G.*

om hulle hele universiteitsopleiding te ontvang. Die moederland-gedagte was sterk, en in vakke soos die geneeskunde het die eie-landse universiteit geen grade aangebied nie. Ook dié wat aan die Kaap gegradueer het, het die land dikwels vir gevorderde studie verlaat omdat die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop min aan die bevordering van wetenskaplike navorsing gedoen het. Daarby kon nie gesê word dat die universiteit in die buiteland wye erkenning vir sy studiekursusse verwerf het nie. Die Universiteit van Edinburgh het egter vroeg gedeeltelike erkenning gegee aan 'n Kaapse matrikulasiesertifikaat vir aanstaande mediese studente, en in 1885 is deur bemiddeling van Van Oordt erkenning van die intermediêre eksamen, met Grieks en Latyn, deur Nederlandse universiteite verkry. Met verloop van tyd het ander universiteite en beroepsliggame erkenning toegesê. Ten spyte van die aantreklikheid van grade by ouer en hoër aangeskrewe universiteite was Kaapse grade tog gesog. Gedurende die termyn van die eerste raad is meer as vyftig in lettere en regte na eksamens toegeken. Teen 1918 was daar altesame meer as twee duisend gegradueerdes. Die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop het ook probeer om sy diens deur middel van buitelesings uit te brei, maar die parlement het dit as wanbesteding van geld deur 'n eksaminerende universiteit beskou.

Wat ook al die tekortkomings van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop was, hy het sy stempel op die Kaapse gemeenskap afgedruk. Hy kon nooit volgens die Britse model verteenwoordiging in die parlement by wyse van 'n universiteit-setel verkry nie, maar teen die einde van sy bestaan het hy in die besit gekom van 'n gebou wat 'n universiteit waardig is. Baie jare was hy in 'n gehuurde gebou in Bureaustraat, Kaapstad, gehuisves. Die kantore was beknop en ongerieflik, en daaraan kon niks gedoen word tot na die dood van Willem Hiddingh in 1899 nie. Hiddingh het die universiteit 'n stuk grond aan Koningin-Victoriastraat en R50 000 nagelaat. Die Kaapse goewerment het 'n aansienlike bydrae tot die reeds beskikbare geld gedoen, sodat daar met die bouwerk begin kon word. Die eerste gedeelte is in 1907 voltooi.

Verdere geldelike steun was moeilik te kry. 'n Man wat in dié verband lof verdien, was sir John Buchanan van die universiteitsraad en vise-kanselier van 1901 tot 1905. Die dogters van sir Donald Currie – Margaret, lady Mirrielees, Elizabeth Molteno en Maria Wisely – het R50 000 in 1910 bygedra. Kleiner bedrae is ontvang van die mynmagnate Otto Beit, Solly Joel, Max Michaelis en sir Julius Wernher. Staatsteun is ook verkry, en die voltooide gebou is amptelik geopen in 1913. Maar, soos die *Cape Times* dit uitgedruk het, klipmure, hoe mooi ook al, maak nog nie 'n universiteit nie, net so min as wat hulle 'n tronk maak. Teen dié tyd was die universiteit se dae as eksaminerende inrigting getel. Die nuwe gebou sou binnekort die wit olifant van sy opvolger word.

Promosiedag was die een jaarlikse geleentheid wanneer die eksaminerende universiteit hom voor die algemene publiek as verenigde liggaam kon vertoon. In sy laaste jare het hy sy eie saal vir die plegtigheid gebruik, maar tevore was hy verplig om elders geholpe te raak. By geleentheid is die Hugenotesaal van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gebruik, asook die Good Hope Hall met sy ongepaste teateragterdoeke. Baie jare was die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek egter die toneel van die jaarlikse gradeplegtigheid. Die eerste het hier plaasgevind op 12 Desember 1874 in die teenwoordigheid van die goewerneur, sir Henry Barkly, en die elite van die Kaapse gemeenskap. Dit was 'n plegtiger geleentheid as dié van later jare, toe studenterumoerigheid in ontstellende mate voorgekom het. Hoewel nie al sewe van die universiteit se eksamengegradueerdes aanwesig was nie, het die verrigtinge Barkly baie meer geïmponeer as dié van die Universiteit van Melbourne, wat hy as goewerneur van Victoria bygewoon het. Die *Argus* was oortuig daarvan dat die toekomstige skrywer van die universiteit se geskiedenis die plegtigheid nie sou afmaak as „*dies non*" nie. Die Gill-kollege kon dié dag met reg trots wees, want hy het drie van die B.A.'s opgelewer: James Rose Innes, die toekomstige regter en kleinseun van die kolonie se eerste superintendent-generaal van onderwys en die broers Postma, Petrus en Marthinus, later predikante van die Gerefor-

'n GRADEDAG is gereël om saam te val met die besoek van die Hertog van Cornwall en York. By die geleentheid sou hy dan ook ingestel word as kanselier.

Gradedae in daardie jare was studentedae, wanneer die student dwarsoor die wêreld, volgens die *Cape Times* „claims his inalienable right to make himself heard in various intelligible and unintelligible sounds. The young South Africans were not backward in this respect. Perhaps their yells and caterwauls were not so earsplitting as one generally hears in a European university; nevertheless they were hearty enough. Generally the professors or noteworthy people passing under their notice were told their doom. They were to be hung, each and all, from sour apple trees and after that ignoble ending everybody was to go marching home. Between whiles the hoarse hoot of a foghorn came fitfully into the general noise and now and then the South African College students' particular warcry . . ."

Volgens die verslag van die gradedag in 1908, was dit waarskynlik nog lawaaieriger, want daar staan geskrywe: „ . . . the din created by the use of tin whistles, bagpipes and other musical instruments was such as has not been heard on Degree Days of the last few years."

Die universiteitsowerheid het deur daardie jare tevergeefs probeer om 'n einde te maak aan die lawaai op gradedae.

*Program Gradedag, 1901*

# [U]niversity of the Cape of Good Hope.

## GRADUATION CEREMONY

AND

## [INS]TALLATION OF H.R.H. THE DUKE OF CORNWALL AND YORK

AS

## CHANCELLOR OF THE UNIVERSITY,

**21st August, 1901.**

Gebore te Tahiti op 8 Maart 1844 as seun van 'n sendeling, kom EBENEZER JOHN BUCHANAN met sy vader in 1850 na Suid-Afrika. Hy kry sy skoolopleiding in Pietermaritzburg. Daarna werk hy 'n tyd lank by die *Natal Witness,* en daarna by die *Cape Argus* onderwyl hy ook in die regte studeer. In 1868 lê hy die Second-class Certificate in Law and Jurisprudence van die *Board of Public Examiners* af. Daarna is hy na Engeland waar hy aan die Inner Temple, Londen, toelating kry, en op 27 Januarie 1873 is hy as advokaat toegelaat nadat hy hom 'n tyd lank aan die joernalistiek gewy het.

In Mei 1873 word hy toegelat as advokaat in die Kaapkolonie waar hy gou 'n groot praktyk opgebou het, en omdat daar besluit is om nie meer regters direk uit Brittanje aan te stel nie ,is 'n belowende jong advokaat, soos Buchanan, gou bevorder tot die regsbank. Met die uitbreek van die Gaika-Galeka-oorlog sluit hy as vrywilliger aan.

In 1879 word hy waarnemende prokureur-generaal vir Griekwaland-Wes; in 1880 waarnemende regter, in 1881 permanent met Grahamstad as setel, waar hy tot 1887 bly toe hy na Kaapstad verplaas is as junior regter; in 1892 senior regter. Hy neem ook enkele maande waar as hoofregter.

In 1901 is hy tot ridder geslaan. In 1907 kry hy 'n ere-LL.D. van die Universiteit van Cambridge en in 1925 van die Universiteit van Suid-Afrika. Buchanan is in 1888 as raadslid benoem en dien tot 1918. Hy is visekanselier tussen 1901 en 1905. Hy het ook 'n groot aandeel in die bevordering van die bou van die universiteitsgebou in Kaapstad.

Hy is op 11 Oktober 1930 in Claremont, Kaapstad, oorlede.

*Sir Ebenezer John Buchanan, Kt, LL.D. (h.c.) (Cantab.), LL.D. (h.c.) (S.A.)*
*Raadslid 1888–1918*
*Mede-vise-kanselier 1897–1901; 1905–1909*
*Vise-kanselier 1901–1905*



meerde Kerk. Twee B.A.'s het van die Suid-Afrikaanse Kollege gekom: F. C. Kolbe, later lank verbonde aan die universiteit as eksaminator en raadslid en vereer deur die universiteit se opvolger, en nog 'n student wat eendag in die bres sou tree vir die universiteit, B. P. J. Marchand, die toekomstige Nederduitse Gereformeerde predikant. Uit Stellenbosch het Johannes A. Joubert gekom, later 'n M.A. van die universiteit. Die M.A. by hierdie eerste plegtigheid was 'n student van die Diocesan College, Robert Sheard, later Anglikaanse predikant op Worcester.

Dit was nie net die eksamengraduandi wat by dié geleenthede vereer is nie; ook die toegelate gegradueerdes van ander universiteite is as volle lede van die konvokasie aangeneem. Die raad het die erkenning van gegradueerdes uit ander universiteite baie ernstig opgevat, want volgens die verordening moes die aanstaande lede dié voorreg tot die eer en bevordering van die universiteit uitoefen. Vermoedelik op grond van die oorweging dat 'n broodskrywer op die diamantvelde nie juis die belange van die universiteit sou bevorder nie, is die aansoek van F. Y. St. Leger, die toekomstige redakteur van die *Cape Times,* afgewys. Die geslaagde aansoek van eerw. C. Maurice Davies het die universiteit egter in 'n onverwagte onsmaaklike hofgeding betrek, gepaard met skeuring binne die Anglikaanse Kerk in Suid-Afrika.


Party aansoekers se kwalifikasies was onvoldoende. Sonder aarseling is bv. die ietwat vae aansprake van eerw. M. S. A. Looney van Durban en die grade M.A. en Ph.D. van die Amerikaanse Antropologiese Universiteit, voorgelê deur nog 'n Anglikaan, eerw. P. J. Oliver Minos van Pretoria, verwerp. Die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop het in 1879 geen musiekgrade toegeken nie. Die gesaghebbende op die gebied van Hindoemusiek, Sourindro Mohun Tagore, het egter by dié geleentheid ses pakke boeke en 'n brief ingedien waarin hy om erkenning vra van sy bekwaamheid op sy gebied. Die vraag is net of daar onder die raadslede destyds 'n bevoegde beoordelaar was. Tot 1918 het meer as agt honderd gegradueerdes van universiteite in verskeie lande graadstatus van die universiteit verwerf. Hulle

name, asook dié van die ou raad van eksaminatore se sertifikaathouers en van die universiteit se eksamengegradueerdes, is 'n waardevolle register van die akademiese kwalifikasies van baie Suid-Afrikaners in die dae van ons eerste universiteit.

Die bevoegdheid om eregrade toe te ken, is deur die wysigingswet van 1896 verleen. Drie jaar later is die eerste toekennings gedoen. Die Hererokenner, P. H. Brincker, en die geskiedkundige, George McCall Theal, het by dié geleentheid eredoktorate in die lettere ontvang. Die astronoom, Alexander W. Roberts, het eredoktor in die natuurwetenskap geword. Baie beroemde manne en een vrou, die kenner van Boesmans, Lucy C. Lloyd, het later eredoktorate ontvang. Onder die eredoktore in die regte was koning George V, destyds nog die hertog van Cornwall en York, sy opvolger as kanselier van die universiteit, die hertog van Connaught en Strathearn, die hoëkommissaris voor Unie, lord Selborne, en die goewerneurs-generaal, burggrawe Gladstone en Buxton. Die eerste premier van die Unie, Louis Botha, het ook dié eregraad ontvang.


Onder die eredoktore in die natuurwetenskap was daar sir Arnold Theiler, die veeartsenykundige bakterioloog, en Robert Broom, die vermaarde paleontoloog. Verskeie manne wat innig verbonde was aan die eksaminerende universiteit het eregrade ontvang. Vier voormalige raadslede, sir Henry de Villiers, J. X. Merriman, C. Abercrombie Smith en Jan Smuts, het doktore in die regte geword, so ook 'n toekomstige raadslid, regter J. G. Kotzé. James Cameron, die eerste registrateur, het in 1901 die eredoktoraat in die lettere ontvang, en enkele jare later is die welbekende onderwysmanne en voormalige raadslede, Andrew Murray en George Ogilvie, bekroon. Nog 'n lid van die universiteitsraad, die botanis, Peter MacOwan, het doktor in die wetenskap geword. By geleentheid toe 'n aantal eregrade verleen is aan besoekende lede van die Britse Vereniging ter Bevordering van die Wetenskap in 1905, was een van die bekroondes sir David Gill, die hoofastronoom, wat in 1880 lid van die tweede universiteitsraad geword het.

In sy hele loopbaan moes die Universiteit van die Kaap die


The University of the Cape of Good Hope.
THE UNIVERSITY OF THE CAPE OF GOOD HOPE
1901 ~ 1918
UNIVERSITY OF SOUTH AFRICA,
1918 ~

(a)

(b)


Graduation Ceremony
The Annual Address to Graduates was delivered by
The following Honorary Degrees were conferred.
Doctor of Laws
Doctor of Divinity
Vice Chancellor
Registrar

IN 1899 IS DIE EERSTE EREGRAAD toegeken: D.Litt. aan Peter Heinrich Brincker (Duitser van geboorte) op grond van sy studies en publikasies oor die „Aboriginal Tribes of South West Africa"; 'n D.Litt. aan George McCall Theal (Kanadees van geboorte) op grond van sy studies en publikasies oor die geskiedenis van Suid-Afrika; 'n D.Sc. aan Alexander William Roberts (Skot van geboorte), wat nieteenstaande 'n moeisame taak van onderwys aan 'n naturelle-inrigting, snags ook in moeilike omstandighede 'n studie van die sterre in die suidelike halfrond gemaak het en 'n veertigtal publikasies die lig laat sien het.

'n Groot aantal eregrade is sedertdien toegeken. So is daar tydens die gradedag in 1971, die D.Com. toegeken aan Willem Francois Joubert Steenkamp en Stephanus Petrus du Toit Viljoen, albei ekonome van groot aansien.


*(a) Buiteblad: Eregradeboek*

*(b) 'n LL.D. en eerste ere-D.D. 1909*

Sien keersy:

*(c) 50 jaar later – 1959: Drie eregrade; 50-jarige fees, S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns*

*(d) Ontvangers van bogenoemde drie eregrade: T.H. le Roux, M.W. Woerdeman, T.E.W. Schumann*



Spesiale Gradepleglgheid by die

Engelenburghuis, Pretoria, hoofsetel van die Akademie,

op Saterdag, 11 Julie 1959 om 11.30 vm

Met die oog op die halfeeufeesviering van

en gehou by wyse van waardering vir die werk wat die Akademie in die afgelope 50 jaar gedoen het.

Die graad D.Litt. et Phil. aan

Prof. Dr. Thomas Hugo Le Roux
gewese hoogleraar in Afrikaans Nederlands van die Universiteit van Pretoria.

Die graad Ph.D. aan

Prof. dr. Martinus Willem Woerdeman
rector magnificus van die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam, en Voorsitter van die Koninklike Nederlandse Academie van Wetenschappen.

Die graad Ph.D. aan

dr. Theodor Eberhard Werner Schumann
gewese direkteur van die Brandstofnavorsingsinstituut, gewese direkteur van die Weerburo, Staatsdienskommissaris, en tans ondervoorsitter van die Raad op Atoomkrag.

Prinsipaal en Visiekanselier

Registrateur

(c)

(d)



Goeie Hoop die vyandigheid verduur van mense wat daarop neergesien het omdat dit eintlik hoegenaamd geen universiteit was nie, maar slegs 'n „sertifikaatfabriek", soos W. J. Viljoen van Stellenbosch dit eenmaal beskryf het. Hoewel die universiteit se eksamens 'n standaard gestel het wat die onderwyspeil in Kaapland verhoog het, het hy net die doseerwerk van ander beoordeel en nie self gedoseer nie. Dit was, soos prof. J. W. Hales eenmaal van die ou eksaminerende Universiteit van Londen gesê het, 'n gestrenge katkiseermeester wat uit baie monde praat, 'n skerp ondervraer. Die aandrang op 'n doserende universiteit sou al hoe sterker word.

Nog 'n punt van kritiek teen die universiteit was dat dit geen Suid-Afrikaanse inrigting was nie, bloot 'n vreemde Engelse uitvoerproduk. Nietemin het die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop van die begin af probeer om 'n groter Suid-Afrikanisme binne die Britse raamwerk te kweek. Uit die name wat voorgelê is by die verkiesing waarin Porter as kanselier verkies is, asook uit die keuse van sy opvolgers – sir Bartle Frere en die graaf van Carnarvon – was dit duidelik dat daar 'n sterk gevoel vir staatkundige federalisme in party universitêre kringe bestaan het. Net so betekenisvol was die reaksie op die belangstelling buite Kaapland in die Kaapse universiteit. In Natal het die Barter-kommissie insake onderwys in sy verslag van Augustus 1874 aanbeveel dat Natal skakeling soek met die „Suid-Afrikaanse universiteit", soos dit in die verslag genoem word.

Soortgelyke wense is in die Oranje-Vrystaat uitgespreek. Daar het Johannes Brill, die rektor van die Grey-kollege, sy assistent, Josiah Slater, en die Anglikaanse biskop van Bloemfontein, Alan B. Webb, wat almal later raadslede van die universiteit sou word, reeds van die einde van 1875 af probeer om verband te lê met die universiteit in Kaapstad. So 'n stap sou grootliks tot voordeel van die Grey-kollege sowel as van die Anglikaanse stigting te Bloemfontein, St. Andrews wees.

Die uitvloeisel van die belangstelling van vooraanstaande manne in twee buurlande was die *University Extension Act* van 1875, waardeur die universiteit in staat gestel is om sy werk-

saamhede tot buite die grense van Kaapland uit te brei oor 'n onbepaalde gebied van Suider-Afrika en om regulasies vir die toekenning van beurse aan bevoegde kandidate woonagtig buite Kaapland toe te ken. As die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop daarin kon slaag om eenheid op onderwysgebied in Suid-Afrika te bewerkstellig, kon dit die voorspel word tot groter staatkundige federasie. Die aanspraak van die universiteit dat hy waarlik verteenwoordigend was van die blanke rasse en die afsonderlike state en kolonies in Suid-Afrika, verdien nou nadere ondersoek.

# 3 *'n Botsing van ideale*

Die uitbreidingswet van 1875 het vir baie gelyk na 'n logiese stap in die rigting van die spoedige vereniging van Suid-Afrika onder die Britse vlag. Dan sou die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop 'n groter rol as dié van 'n eksaminerende liggaam vir 'n enkele kolonie speel. Toe die universiteit twee jaar later sy koninklike oktrooi ontvang, is die vraag in die departement van kolonies in Londen geopper of konfederasie dit nie spoedig verkieslik sou maak om die naam en bestek van die universiteit te verbreed en dit die „Universiteit van Suid-Afrika" te maak nie. Baie probleme sou te bowe gekom moes word voordat die beoogde verdoping kon plaasvind.

Samewerking op onderwysgebied was in die jare sewentig net so moeilik bereikbaar as op politieke gebied. Studente van buite Kaapland het in toenemende getalle aan die universiteit se eksamens deelgeneem, maar die regerings van die buurlande was glad nie geneig om R400 per jaar by te dra sodat hulle kandidate op dieselfde voet in aanmerking kon kom vir beurse as dié van Kaapland nie. In Natal was dit 'n kwessie van standaarde. Planne om daar 'n koninklike kollege verbonde aan die universiteit in Kaapstad op te rig, is op die lange baan geskuiwe, en baie jare het Natal hoër onderwys aangemoedig by wyse van geldelike steun aan studente wat buitelandse universiteite wou besoek. Hierdie „Home Scholarships" soos hulle genoem is, is toegeken op grond van die uitslag van die Kaapse universiteit se eksamens. Die onderwys noord van die Vaal was in die jeugjare van die universiteit nog in 'n onontwikkelde staat, soos blyk uit die ver-

slag van die superintendent-generaal van onderwys, J. Vacy Lyle, gedurende die kortstondige Britse besetting sedert 1877. Die invloed van Kaapland was egter te bespeur in die bestaan van 'n raad van eksaminatore in die regte en regsleer. Trouens, die Oranje-Vrystaat het die beste geleentheid aan die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop gebied om sy invloed uit te brei.

Die Kaapse uitbreidingswet het aantreklike moontlikhede vir die Vrystaat gehad, en as die universiteitsowerheid net 'n verdraagsamer houding teenoor die taalkwessie aangeneem het, kon 'n innige verband vroeg al tot stand gekom het. Hollands is in Kaapstad nog steeds as minderwaardig teenoor Engels beskou. Daarom het manne soos Brill van die Grey-kollege in affiliasie met die Kaapse universiteit gevaar gesien vir die onfhanklikheid van die Vrystaat. Brebner, die inspekteur van onderwys in Bloemfontein, het besef dat die Kaapse universiteit nooit waarlik Suid-Afrikaans sou word solank hy die twee tale nie op gelyke voet behandel nie. Ongelukkig is dit nooit gedoen nie, en die Oranje-Vrystaat het toe aan ander moontlikhede begin dink om hoër onderwys te verskaf. Nietemin het die verhouding met die universiteit hartlik gebly. In 1882 het president Brand en die vise-kanselier Badnall vriendelike briewe gewissel oor die toekenning van beurse aan verdienstelike studente.

Dit is nie verbasend dat die Vrystaat en later die Suid-Afrikaanse Republiek die universiteit met soveel agterdog as 'n Engelse instelling bejeën het nie. In Kaapland self was dit gedurig en toenemend onder skoot oor die taalkwessie. Engels was 'n vreemde taal vir baie wat hulle vir die universiteit se eksamens aangemeld het. Die verwaarlosing van Hollands is deur die meeste Afrikaners nie alleen as 'n belediging beskou nie maar ook as 'n belemmernis op die pad van die volksgroei. Van 1890 af het die los skote in die taalstryd van voorheen gaandeweg aangeswel tot 'n ware bombardement, aanvanklik gelei deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Taalbond. Daarby het aangesluit die onderwysers wat uit ontevredenheid met die taalbeleid van die *South African Teachers' Association* daaruit weggebreek het en die Zuid-Afrikaansche Onderwijzers Unie in 1905 gestig het.

In die vroeë jare negentig is nie veel van die universiteit gevra nie. Die meeste ontevredenes sou toe genoeë geneem het met Hollands as verpligte vak op matrikulasiepeil en in die „School Elementary"-eksamen, 'n vraestel in die vak Hollands en die reg om vrae in ander vakke in Hollands te beantwoord. Al wat die universiteitsraad bereid was om toe te staan, was om Hollands 'n keusevak in die elementêre eksamen te maak. Hieroor was selfs Engelssprekendes ontstoke. In Mei 1891 skryf die *Argus* dat dit nie reg is dat Hollands, wat so 'n belangrike rol in die land speel, op gelyke voet gestel word met Duits as 'n blote vreemde taal nie. Met die nadering van die tragiese einde van die eeu en met die verslegting van die verhouding tussen Boer en Brit, het die taalstryd oorgegaan in die groter stryd tussen die twee blanke rasse. Al minder Engelse stemme ten gunste van Hollands word gehoor, die universiteit bly onsimpatiek en die superintendent-generaal van onderwys, Thomas Muir, lê selfs nog meer vyandigheid teenoor die Afrikaner se aspirasies aan die dag as sy voorganger Langham Dale.

Soos te verstane was die Afrikaners van die Oranje-Vrystaat en die Suid-Afrikaanse Republiek teen 1890 baie meer ontevrede as hulle broers in Kaapland en glad nie geneig om hegter bande met die universiteit in Kaapstad te smee nie. In Bloemfontein ontluik die Grey-kollege as die moontlike hoofsetel vir hoër onderwys in die staat. Hier was soveel teleurstelling met die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop dat president Reitz in 1893 gewaarsku het dat die Vrystaat uiteindelik verplig sal wees om 'n eie universiteit te stig tensy die Kaapse universiteit bereid is om hom van ganser harte aan die belange van Suid-Afrika te wy.

In die Suid-Afrikaanse Republiek het die Kaapse universiteit geen amptelike goedkeuring geniet nie. Hy het egter sy ondersteuners gehad, veral onder die Engelse immigrante wat na die goudmyne van die Witwatersrand gestroom het en soveel gedoen het om die verhoudings tussen Brittanje en die Boererepublieke te vertroebel.

In 1892 het Nicolaas Mansvelt gesorg vir wetgewing waardeur 'n gimnasium in Pretoria gestig kon word. Dit kon vir die noor-

delike republiek word wat die Grey-kollege reeds vir die suidelike republiek was. Destyds het die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek egter op Nederland staat gemaak vir universitêre opleiding. Die hulp van die Nederlansch-Zuid-Afrikaansche Vereeniging is ingeroep om verdienstelike studente te help. Beurse vir verdere studie is ook ingestel. Teen September 1896 het Mansvelt daarin geslaag om vroeë kwalifikasies wat in die Republiek verwerf is, in Nederland te laat erken. Hierdeur is die voorsprong van die Kaapse universiteit met die erkenning van sy intermediêre B.A. met Grieks en Latyn aan Nederlandse universiteite tot niet gemaak.

Net in Natal, waar die oorwegend Britse bevolking uit die aard van die saak 'n Engelstalige beleid voorgestaan het, het die begeerte tot inniger skakeling met die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop gegroei. Voorstelle in die rigting het gekom van die Natalse onderwysraad en is verwelkom deur die vise-kanselier, Ogilvie, en deur die universiteitsraad. Natal se eerste premier, sir John Robinson, was allesins ten gunste van enige voorstel tot bereiking van gemeenskaplike universitêre voorregte vir albei kolonies en vir Suid-Afrika as geheel. Gevolglik het die Kaapse parlement die wysigingswet van Junie 1896 aangeneem, waardeur nie alleen die bestek van die aangebode grade verruim is en die universiteitsraad vergroot is nie, maar waardeur ook verteenwoordiging in die universiteitsraad aan die regerings van die buurlande Natal, die Oranje-Vrystaat en die Suid-Afrikaanse Republiek aangebied is by betaling van 'n jaarlikse bydrae tot die universiteit.

Natal het die voorwaardes onmiddellik aangeneem en besluit om R800 per jaar aan die universiteit te gee. So het Robert Russell die superintendent-inspekteur van onderwys, raadslid geword saam met twee ander Kaaplanders wat versoek is om Natal te verteenwoordig. Hulle was J. X. Merriman en professor Roderick Noble se broer, John. Later in die jaar is hy vervang deur die vorige registrateur, James Cameron. In die woorde van die *Witness* van Pietermaritzburg sou Russell die „spesiale gesant" in belangrike besprekings wees, terwyl die ander twee sou sorg

dat Natal se belange in die gereelde vergaderings nie uit die oog verloor word nie.

Die verbintenis was van groot waarde vir Natal. Heelwat belangstelling vir die hoër onderwys is daardeur gewek. Universitêre werk sou vir 'n tyd nog nie in een inrigting saamgetrek word nie, maar verskeie Natalse skole het hulle van die jare negentig af in toenemende mate daarop toegelê. Onder hulle het die Durban High School en Maritzburg College hoë openbare agting geniet. Een van die geslaagde kandidate van die Durban High School in die B.A.-eksamen was die toekomstinge Suid-Afrikaanse goewerneur-generaal, E. G. Jansen. Hy het in 1901 gegradueer. Die ander skool in Pietermaritzburg het kollegestatus verwerf deur die toedoen van R. D. Clark, een van ons land se grootste hoofonderwysers. Baie het gemeen dat Pietermaritzburg die aangewese setel van die toekomstige Natalse Universiteit is.

Die wysigingswet van 1896 is met minder geesdrif in die republieke bejeën. Tog was daar 'n mate van samewerking ten spyte van die hernieude vrees vir Britse imperialistiese uitbreiding na die fiasko van die Jameson-strooptog. Die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop het darem 'n goeie vriend in Bloemfontein in die persoon van John Brebner gehad. Hy het weliswaar nie gehou van die Engelse beleid nie, maar hy het voordele gesien in 'n verbintenis met die universiteit. Hy het sy hoop gevestig op manne in Kaapland soos sir Henry de Villiers, wat 'n meer verteenwoordigende liggaam voorgestaan het.

As die vyfde universiteitsraad wat in 1897 gekies sou word, 'n redeliker houding as sy voorgangers oor die taalkwessie aangeneem het, was die kanse goed dat ten minste die Oranje-Vrystaat bereid sou wees om die universiteit te aanvaar. Miskien kon selfs die Suid-Afrikaanse Republiek oorreed word om deel te hê aan 'n universitêre federasie.

Brebner het dan ook by Mansvelt gepleit vir eenheid op onderwysgebied in Suid-Afrika, aangesien die mense van Suider-Afrika, in die kolonies en in die state, eintlik maar een volk is „van de Kaapstad tot de Zambezi, met gelijke aspiratiën en behoeften". Hy sou kon reken op steun van W. A. Macfadyen van die

Pretoriase Gimnasium en op hoofregter J. G. Kotzé. Sy pogings was vrugteloos omdat die nuwe vergrote raad net so onverbiddelik teenoor die Hollandse taal gestaan het.

Die Suid-Afrikaanse Republiek was in elk geval nie geïnteresseerd in 'n eksaminerende universiteit nie, want so 'n instelling was totaal vreemd vir mense wat hulle oë gerig het op die Nederlandse model van hoër onderwys. Die strewe in die laaste spanningsvolle jare voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog was dus in die rigting van 'n Hollandstalige doserende universiteit sodra die getal bevoegde studente groot genoeg was om die koste te regverdig. Die Pretoriase Gimnasium onder die rektorskap van H. T. Reinink het inderdaad al belowende tekens begin wys. Die hoop op versoening tussen Brittanje en die Boererepublieke het al verder gewyk, en Transvaal en Vrystaat is hegter saamgebind in 'n defensiewe bondgenootskap. Die Kaapse universiteit het halsstarrig Engels gebly. Die ondervinding het geleer, soos die Bloemfonteinse *Express* dit gestel het, dat „mooie praatjes te beginnen met John Bull" oor die onderwerp tydverkwisting is. In Maart 1899 het die raad van afgevaardigdes wat die twee republieke verteenwoordig het, die stigting van 'n gemeenskaplike universiteit, met doserende kolleges in elke land, aanbeveel. 'n Hollandstalige inrigting, naas die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop, was baie na aan 'n werklikheid toe die lang oorlog begin het, wat 'n einde sou maak aan die republieke se staatkundige onafhanklikheid en hulle hoop op outonomie op onderwysgebied.

Probleme van taal en nasionaliteit het nie alleen belet dat die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop kragtig uitbrei tot in die Boererepublieke nie, maar het eweneens die oorgang van die eksaminerende inrigting in Kaapstad tot 'n doserende universiteit belemmer. Aan die Kaap, trouens ook in Brittanje, was die eksaminerende universiteit onder hewige vuur gedurende die laaste jare van die negentiende eeu. Dit was, soos die *Zuid-Afrikaan* in 1887 opgemerk het, baie jammer dat die kolonie 'n Engelse model as die kroon op sy onderwysstelsel gekies het, „en wel van een soort die geheel afwijkt van hetgeen men in bijna

alle landen met den naam van Universiteit bestempelt". Buitendien was die Engelse tradisie iets vreemds vir die Afrikaner, en „een oprecht Afrikaner die zijn zoon of dochter aan inrichtingen van onderwijs toevertrouwt waar een beslist Engelsche of andere niet Afrikaansche zin heerscht, zal dikwijls bedrogen uitkomen".

Miskien sou 'n doserende universiteit die Afrikanergevoelens in ag neem, want die inrigtings wat kursusse vir die eksaminerende universiteit se eksamens aangebied het, was maar alte dikwels vyandig. Die kern van so 'n universiteit, het professor J. I. Marais in Junie 1889 gesê, was die Victoria-kollege op Stellenbosch. Was dit nie moontlik dat daar een dag op Stellenbosch 'n aparte inrigting tot stand sou kom, „onafhankelijk van examens namens den Universiteitsraad, en waar men een waar nationaal gevoel voor taal en vaderland zou zien oprijzen"? Maar wat kortgekom het, was die geld.

Geldelike steun sou darem gou kom, hoewel nie presies vir die doel van prof. Marais nie. Cecil John Rhodes, wat in Julie 1890 eerste minister van Kaapland geword het, het teen die einde van die jaar 'n oudstudentedinee aan die Grey-kollege in Bloemfontein bygewoon en so onder die indruk gekom van die groot werk wat daar vir die jeug van Suid-Afrika gedoen is dat hy kort daarna bekend gemaak het dat hy grootse planne oorweeg vir die hoër onderwys aan die Kaap. In Maart 1891 het Rhodes op die kongres van die Afrikanerbond in Kimberley aangekondig dat dit sy bedoeling is om 'n residensiële doserende inrigting „in die skadu van Tafelberg" op te rig, waar die jeug van Suid-Afrika, Engels- sowel as Hollandssprekend, saam kon werk en speel. Rhodes het beklemtoon dat uit hierdie onderlinge verkeer 'n verenigde land sou voortkom. 'n Terrein vir die voorgestelde inrigting is by Groote Schuur beskikbaar gestel, en die winste van die De Beers-diamantmynmaatskappy sou help om die skema te finansier.

Rhodes het blykbaar 'n nuwe residensiële kollege in gedagte gehad wat net gematrikuleerde studente sou hê, nie ook ongematrikuleerdes nie, soos die toestand destyds was. Die nuwe inrigting sou saam met dié wat reeds studente vir die universiteit

oplei, 'n affiliasie vorm, met die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop as middelpunt. Die nuwe kollege by Groote Schuur sou min of meer geskoei wees op die lees van die Oriel-kollege van Oxford, waar Rhodes gestudeer het. 'n Doserende funksie kon moontlik ook aan die eksaminerende universiteit opgedra word, sodat die skema as geheel sou ooreenkom met Oxford en Cambridge, met hulle verbonde kolleges.

Daar was onmiddellike belangstelling en ook twyfel en argwaan. In sy laaste verslag as superintendent-generaal van onderwys maak Langham Dale melding van die bedoeling om alle instansies wat nodig is om die beste moderne middele vir 'n volledig toegeruste universiteit te verskaf, daartoe aan te moedig.

Merriman het die esprit de corps wat Rhodes gehoop het om by Groote Schuur te kweek, geprys. T. E. Fuller het gehoop dat die nuwe skema ook gevorderde tegniese studie soos dié by die Heriot-Watt College in Edinburgh sou insluit. William Ritchie het gemeen dat die kern van alle toekomstige universitêre ontwikkeling die Suid-Afrikaanse Kollege moet wees.

Aan die ander kant het party getwyfel of daar al genoeg bemiddelde mense aan die Kaap was om 'n residensiële universiteit te regverdig, en so ja, of die huidige kolleges dan nog staande kon bly. Ritchie se opmerking het die Hollandssprekendes se gevoelens buitendien gevoelig getref. Was die Rhodes-plan nie maar 'n set om die status van die Suid-Afrikaanse Kollege te verhoog deur dit na 'n ander terrein te verplaas en dit 'n groter rol in die Kaapse onderwys te gee nie? Heel natuurlik het die gedagte „bestrijding van Stellenbosschen kant" gevind, soos die *Zuid-Afrikaan* dit gestel het.

Dit was van die begin af duidelik dat Rhodes te kampe sou kry met die probleem om teenstrydige opvattings te versoen. Merriman was van mening dat die een of ander mindere gees uiteindelik die kastaiings uit die vuur sal moet haal, maar dat Rhodes die eer daarvoor sal inoes. Die meningsverskille was onoorkomelik. Rhodes het ds. J. H. Neethling van Stellenbosch naderhand as sy aartsvyand in die uitvoering van sy planne be-

skou, maar daar was ander teenstanders ook. Baie Afrikaners het daarteen opgesien om die belange van die Stellenbosse kollege aan die ouer Kaapstadse kollege op te offer en het tewens gevrees dat Rhodes se plan tot 'n verdere verdunning van die Afrikaner se erfenis in die see van die Engelse tradisie sou lei.

Sou die produkte van 'n nuwe universiteitstelsel volgens Rhodes se model iets voel vir die Afrikaner se volksaard teen die tyd dat hulle so oor twintig jaar die magsposisie in die land beklee? Was tweetaligheid uitvoerbaar of sou Engels selfs nog sterker oorheersend word? Bestaan daar nie ernstige sedelike gevare vir jong Afrikaners as hulle blootgestel word aan vreemde invloede nie? Miskien sou die rustige Stellenbosch die ideale plek vir 'n Suid-Afrikaanse universiteit wees, soos Onse Jan Hofmeyr voorgestel het. Daar was inderdaad veel in die keuse van Groote Schuur wat die Afrikaner kon verontrus het.

Die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop was natuurlik innig gemoeid met enige verandering wat hom klaarblyklik sou raak, maar het eienaardig genoeg min oor die Rhodes-plan te sê gehad. Die vise-kanselier, C. T. Smith, het in sy rede by geleentheid van die promosieplegtigheid in 1891 gesê dat die Universiteit van Toronto voorgehou word as moontlike model vir die Kaap, naamlik 'n sekulêre kollege en kerklike inrigtings, saam verbind in 'n doserende universiteit. Smith het darem gewaarsku dat die Kanadese stelsel nie algemene goedkeuring wegdra nie en dat dit dus onverstandig sou wees om die bestaande orde aan die Kaap te versteur voordat 'n plan bedink is wat vir alle kolleges in die land aanneemlik is.

In briefwisseling met H. B. Webb, direkteur van 'n maatskappy met Suid-Afrikaanse belange, het Merriman die posisie uiteengesit wat die Kaapse universiteit volgens Rhodes se plan sou inneem. As die universiteit ook doserend sou word, sal daar uitbreiding kom en sal geld nodig wees ter aanvulling van die regeringsubsidie. Merriman het dus Webb se aanbod van geldelike steun verwelkom. Teen die einde van 1891 het Rhodes sy plan egter op die lange baan geskuiwe. Webb se skenkings het toe in die hande van trustees gebly. Eers baie jare later, nadat

universiteitshervorming bereik is, is beurse ingestel wat die naam van die weldoener dra.

Die ideaal van 'n doserende universiteit, wat die plan van 1891 moontlik kon verwesenlik het, is nie prysgegee nie. Rhodes self het gemeen dat iets nog bereik kon word, hoewel miskien eers na sy dood. Die Jameson-strooptog het toe alle hoop op versoening vernietig. Rhodes het sy plan laat vaar en beurse ingestel wat wyer strek as net die behoeftes van Suid-Afrika. Net die universiteitskollege op Grahamstad, wat sy naam dra en wat bystand van De Beers in die Rhodes-trust ontvang het, getuig in Suid-Afrika van die voormalige Kaapse premier se universiteitsideaal. Die Rhodes-universiteitskollege van 1904 was maar 'n dwergie onder die reuse van Wes-Kaapland en nog ver van onafhanklike status as doserende universiteit.

Cecil Rhodes het skatte aan die Kaapse onderwys aangebied en sy aanbod net so teruggetrek. Sy voorstelle het darem die onderwysmanne getoon wat in materiële sin nodig is om die universiteitswese te hervorm. Kaapstad het sy geesdriftige voorstanders van 'n doserende universiteit gehad, o.a. die superintendent-generaal van onderwys, Muir, en ds. J. J. Kotzé van Seepunt, wat 'n „Victoria Cape of Good Hope University" met doserende sowel as eksaminerende funksie, voorgestel het ter ere van die koningin op haar diamantjubileum. Die blad *Ons Land*, wat in 1894 ingelyf is by die *Zuid-Afrikaan*, was net so gretig om die Kaapse universiteit te verlewendig, want 'n universiteit „zonder professoren, zonder studenten, die nergens bestaat, doch overal examens afneemt", is maar 'n treurige verskynsel. Maar sonder geld was hervorming onmoontlik en het die planne vir 'n doserende universiteit ydele drome gebly.

Die reaksie op Rhodes se plan het bewys dat die vrygewigheid van 'n ryk man met burgersin nie genoeg is om aan Suid-Afrika 'n waardige inrigting vir hoër onderwys te gee nie. Die agterdog wat in 1891 gewek is, het verder bewys hoe moeilik dit was om Boer en Brit te laat saamstem. Die kloof tussen die twee sou algaande nog wyer word. Na die Jameson-strooptog was die Afrikaners selfs nog sterker bewus van die bedreiging wat die Britse

imperialisme vir hulle voortbestaan inhou. Die politieke verskille tussen Brittanje en die Boererepublieke het in Kaapland, met sy twee taalgroepe, nagegalm. Van 1897 af het die Nederduitse Gereformeerde Kerk se waaksaamheidskomitee stip gelet op elke ontwikkeling op die universitêre terrein wat moontlik tot nadeel van sy lidmate kon strek.

Hervorming is maar altyd moeilik, maar nog moeiliker in 'n gemengde gemeenskap soos dié van die Kaap en in die gespanne atmosfeer wat daar tussen Jameson se onbesonne inval en die uitbreek van die oorlog in 1899 geheers het. Gedurende die lange jare vandat die eerste skote geskiet is totdat die vrede in 1902 gesluit is, was alle daadwerklike optrede in die rigting van hervorming van die universiteitswese uitgesluit, hoewel die behoefte daaraan altyd gevoel is.

Die oorlog het die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop nie onaangetas gelaat nie. Sy werksaamhede is vanselfsprekend enigermate ingekort. Voor die uitbreek van vyandelikhede is eksamens op verskeie vlakke in die Vrystaat sowel as in die Suid-Afrikaanse Republiek op tou gesit. Brill se studente aan die Grey-kollege in Bloemfontein was toe al besig om vir die eksamens van die Intermediêre B.A. te studeer. Engelstalige skole, veral in Johannesburg, het leerlinge vir die universiteit se eksamens ingeskryf. Baie ander in die republieke het privaat gewerk vir die toetse van die universiteit in Kaapstad. Die kontak tussen hierdie studente en die universiteit is noodwendig tydelik onderbreek, so ook dié van kandidate uit die streke van Kaapland en Natal waar krygsverrigtings voorgekom het. Teen 1901 het die oorlog 'n wending geneem en kon baie van die ou eksamensentrums heropen word. Ook is weer eksamenopsieners op plekke soos Johannesburg, Potchefstroom en Pretoria aangestel.

Die eksamens wat veral deur die oorlog getref is, was dié in musiek. Gladys E. Watts, die universiteit se eerste musiekbeurswenner, kon 'n tyd lank nie met die universiteit in verbinding tree nie. Sy was, om 'n uitdrukking te gebruik wat meer as een keer in die briewe van die registrateur, William Thomson, voorgekom het, in die Vrystaat „vasgetrap" („shut up"). Die musiek-

eksaminatore het die universiteit ook nie bietjie moeilikheid gegee nie. Hulle is van Engeland af uitgestuur en het natuurlik min geweet van die heersende toestand in ons land en moes gereeld gerus gestel word. Eaton Faning is bv. meegedeel dat die eksamens („so De Wet wil") gehou sal word in Bloemfontein, Johannesburg, Pietermaritzburg, Durban en by al die ou en party nuwe sentrums in Kaapstad. Thomson het ook aan hom verduidelik dat die lewensduurte gevaarliker is as die builepes wat toe gewoed het! In elk geval, dit moes bemoedigend vir die Engelse eksaminatore gewees het om te verneem dat hulle 'n plek sal besoek wat tans in die geskiedenis staan.

Die werk van twee van die kolleges wat studente vir die eksamens van die universiteit voorberei het, is ernstig onderbreek. Die seminarie van die Gereformeerde Kerk in Burgersdorp is 'n tyd lank gesluit en kon sy werksaamhede alleen onder inperkings van die militêre voortsit. Die teologiese professor J. Lion Cachet is op aanklag van verraad gearresteer, maar die saak is later teruggetrek. Op Kimberley moes die mynskool sluit gedurende die beleg van die dorp. Eers in die tweede helfte van 1900 kon hy heropen. Een van die universiteit se eksaminatore in mynwese, George F. Labram, die Amerikaanse ingenieur wat die beleëringskanon, „Long Cecil", ontwerp het, is aan die begin van 1900 dodelik getref deur 'n granaat van die Boereartillerie. Nog 'n Amerikaner, Louis I. Seymour, wat ook as eksaminator in mynwese vir die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop opgetree het, het 'n paar maande later in die Vrystaat in 'n geveg met die Boeremagte gesneuwel.

Die oorlog het moeilikheid in verband met vraestelle opgelewer. In dié dae het die firma Macmillan en Bowes van Cambridge die drukwerk van die universiteit gedoen. Die universiteit was bevrees dat die voorrang wat aan krygsbehoeftes gegee is, sou meebring dat die firma nie in staat sou wees om die universiteit se drukwerk betyds te lewer nie. Onder geen omstandighede, skryf die registrateur in Augustus 1900, moes die kiste anders as per posboot gestuur word nie, want weens die groot vraag na dokruimte, was dit niks buitengewoons dat die ander stoomskepe

twee of drie weke in die rede lê nie. Die beleg van Kimberley het ook die versending van die vraestelle, wat in Engeland gedruk moes word, vertraag, want een van die eksaminatore was in die beleg „vasgetrap".

Die oorlog het ook 'n verandering in die datum van die universiteitseksamen meegebring. Hulle is altyd in die middel van die jaar gehou, maar in 1900 is bykomende eksamens aan die einde van die jaar op versoek van die Wes-Kaaplandse kollege afgeneem ter wille van studente wat as gevolg van die oorlogstoestand studietyd verloor het. Die datum van hierdie tweede reeks eksamens het toe later die datum van die jaarlikse eksamens geword.

Die oorlog het baie bitterheid in Suid-Afrika veroorsaak, maar die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop het deurgaans onpartydig gebly en sy leergange vir studente van alle politieke oortuigings oopgestel. Eksamens is afgeneem in konsentrasiekampe. Thomson vertel later hoe hy eendag deur een van die kampe geloop het en toe 'n Kaapsse matrikulasiesertifikaat aan 'n tentpaal geheg gesien het. Dit was die openbare bevoegdheidsbewys van die jong onderwyser in die tent. In die kamp op Groenpunt het C. Kewley, 'n gegradueerde van Cambridge en lid van die universiteitskonvokasie, studente voorberei vir die skooleksamens van die universiteit.

Die krygsgevangenes op die verre St. Helena het goeie rede gehad om die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop dankbaar te wees. Selfs voor die oorlog het daar navraag omtrent eksamengeriewe uit die eiland gekom. Die navraer is toe verwys na die Universiteit van Londen, maar in 1901 het die raad van die Kaapse universiteit toegestem om eksamens vir krygsgevangenes op St. Helena af te neem, mits dit nie te veel vertraging sou veroorsaak nie. In 1902 was daar ook planne om eksamens vir die krygsgevangenes op Bermuda te hou, maar met die koms van die vrede is daarvan afgesien.

Toe die gevegte verby was en daar met weeropbou begin is, kon die universiteit 'n aanstaande kandidaat verseker dat hy nie van die eksamen uitgesluit sal word nie al word hy ook aan

hoogverraad skuldig bevind, maar die gewone getuigskrif van goeie gedrag moes hy in elk geval indien!

Die Anglo-Boereoorlog was die keerpunt in die geskiedenis van Suid-Afrika en in die groei van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop. Die universiteit sou eindelik verteenwoordigend word van al die kolonies. Nog voor Unie in 1910 is 'n geringe barsie geslaan in die skynbaar ondeurdringbare Engelse muur rondom die universiteit. Die vordering kon egter nie die tekortkomings verberg nie, en teen 1902 het dit al helder geblyk dat die meeste onderwysmanne sterk bedenkings koester. Dit het baie ge-eksamineer, maar niemand geleer nie. Die Engelse voorvader, die Universiteit van Londen, het teen die einde van die eeu daarin geslaag om 'n doserende sowel as eksaminerende universiteit te word. Die verandering het nie sonder slag of stoot plaasgevind nie, en die verdedigers van die ou orde in Londen was nie totaal verslaan nie. Dit was nietemin 'n merkwaardige triomf vir die hervormers. Hulle oorwinning het nie onopgemerk in Suid-Afrika gebly nie.

# 4 *Nuwe benaderings*

In die jare 1902 tot 1910 het die Suid-Afrikaanse kolonies in die rigting van staatkundige eenheid beweeg. Tegelyk het daar 'n groter mate van eenvormigheid op onderwysgebied onder beheer van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop ingetree. Juis egter toe die universiteit sy doel bereik het om die enigste liggaam te word wat in Suid-Afrika grade toeken, is 'n veldtog vir die oprigting van 'n doserende universiteit aan die gang gesit. Dit sou sy monopolie vernietig en sy hele aard verander, maar eers na 'n langdurige, harde stryd.

Die uitbreiding van die universiteit se werksaamhede oor 'n groter gebied en die strewe na 'n doserende universiteit het die behoefte aan tegnologiese opleiding aan die Witwatersrand, wat toe al 'n nywerheidsgebied van wêreldformaat was, sterk na vore gebring. Voor die oorlog het die Kaapse regering al 'n bietjie gedoen deur die oprigting van die mynskool op Kimberley. Na die oorlog het die skool opgegaan in die Transvaalse Tegniese Instituut in Johannesburg, opgerig in Augustus 1903 en die volgende jaar geopen. Reeds in Januarie 1903 het die besoekende stigter van die nuwe Engelse Universiteit van Birmingham, Joseph Chamberlain, voor 'n geesdriftige gehoor in Johannesburg gepraat oor die behoefte aan 'n tegnologiese universiteit aan die Rand. Twee jaar later het die klassikus van Cambridge, sir Richard Jebb, wat saam met ander lede van die Britse Vereniging ter Bevordering van die Wetenskap na Suid-Afrika gekom het, op dieselfde plek gepraat oor die doel van 'n moderne univer-

siteit. So 'n instelling moet volgens hom nie alleen kultuur versprei nie en nie alleen in die behoefte aan tegniese vaardigheid voorsien nie, maar ook wetenskaplike studiegewoontes aankweek. Ongetwyfeld het baie in sy gehoor hoofsaaklik aan die natuurwetenskappe gedink, want daaraan het die oorheersende behoefte in die nywerheidseeu bestaan. Eksaminerende universiteite was nie juis na die sin van die mense wat die nuwe Transvaalse Tegniese Instituut beskou het as die kiem van die toekomstige doserende universiteit waarop die Britse minister van kolonies gesinspeel het nie.

Die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop het darem nie die natuurwetenskappe heeltemal verwaarloos nie. Hy het reeds diplomas uitgereik aan dié wat kursusse aan die Kaapse kolleges en aan die mynskool op Kimberley geloop het. Hierdie sertifikate is gevra deur die Suid-Afrikaanse Kollege, en kort daarna het die mynskool op die diamantvelde aangedring op grade in die myningenieurswese ooreenkomstig die wysigingswet van 1896. Die raad het hierin maar teësinnig toegestem. Navorsing is ook aangemoedig deur beurse toe te ken aan verdienstelike studente. Die natuurwetenskaplike en toekomstige raadslid van die universiteit, Charles F. Juritz, was die eerste beurshouer. Die beurse het nie heeltemal aan die doel beantwoord nie. As gevolg van veranderings wat die raad in 1906 aangebring het, is 'n D.Sc.-graad in die suiwere wetenskap ingestel, voorafgegaan deur 'n M.Sc. in twee departemente. Juritz verwerf die nuwe doktoraat in 1907, gevolg deur 'n vrou Ethel Mary Doidge in 1914. Sy het plantpatoloog in die Departement van Landbou geword. Dr. Doidge het 'n rol in die vroeë geskiedenis van die Universiteit van Suid-Afrika gespeel. Grade in die landbouwetenskap is ook aangebied, maar die voorstel van George Cory van die Rhodes-universiteitskollege dat 'n B.Sc. in die suiwere wetenskap ingestel word om 'n duidelike skeidslyn tussen natuurwetenskaplike en letterevakke te trek, is nie aangeneem nie.

Die behoefte aan geneeskundige opleiding is voortdurend beklemtoon. In die vroeë jare van ons eeu het Edward Barnard Fuller die lang veldtog op tou gesit wat vir hom die naam Vader

van die Mediese Fakulteit van die toekomstige Universiteit van Kaapstad verwerf het.

Die doseer- en navorsingswerk in verband met die natuurwetenskappe en die tegnologie was egter in hoofsaak die terrein van die kolleges. Die universiteit het bloot vir eksamineer gesorg. Die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop was buitendien geografies ver verwyderd van die nywerheidshart van Suid-Afrika. Ook in gees en strewe was daar 'n kloof tussen die universiteit en die owerheid van die Transvaalse Tegniese Instituut, in 1906 verdoop tot die Transvaalse Universiteitskollege.

H. S. Hele-Shaw, eerste bekleër van die stoel vir ingenieurswese aan die Universiteitskollege van Liverpool in Engeland, was een van die eerste kampvegters vir tegniese en universitêre onderwys in Johannesburg.

Net soos wat die Engelse inrigting waaraan hy verbonde was, ontwikkel het in 'n belowende burgerlike universiteit, kon die Rand se vernaamste kollege, waarvan hy die hoof geword het, na sy mening ook ontwikkel. Die universiteit van die Kaap kon, het hy in sy rede voor die kongregasie by die promosieplegtigheid in 1904 gesê, die beherende raad vir die hoër onderwys in Suid-Afrika word. Die dag dat hy verplig sal wees om die aard van sy verbintenis met die doserende kolleges te verander, was egter vinnig aan die kom.

Dit wil nie sê dat die Johannesburgse inrigting toe al 'n ware mededinger was nie. Hy het nie die bevoegdheid gehad om grade toe te ken nie en nòg die Transvaalse regering nòg die Kaapse universiteit wou sy matrikulasie-uitslag erken. Hy het studente opgelei vir party van die universiteit se eksamens maar dié wat in sy eie eksamens geslaag het, moes tevrede wees met diplomas en sertifikate.

In verband met opleiding in die myningenieurswese het hy 'n lang stryd met die universiteit oor kursusse en regulasies gevoer. Eers ná die stigting van die Universiteit van Suid-Afrika kon die studente hulle myndiplomas omsit in grade.

Daar was dié tyd sprake van samewerking tussen die kolonies Transvaal, Oranjerivier en Natal, wat kon gelei het tot 'n fede-

rale noordelike universiteit. Dit was genoeg om die universiteit in Kaapstad skrik te maak, want hy het self al besprekings op tussenkoloniale vlak aan die gang gesit om die hoër onderwys in Suider-Afrika te reël. Lord Milner, hoëkommissaris en goewerneur van Transvaal en die Oranjerivierkolonie, het nogal belang gestel in die universiteit se voorstelle. Teen die einde van 1905 opper sir John Buchanan, die vorige vise-kanselier van die universiteit, die saak by Theodore Reunert, die myningenieur en stigterslid van die onderwysraad, wat tien jaar vroeër vir die Uitlanders in Johannesburg gestig is.

Die universiteit wou nie graag 'n mededinger in die noorde hê nie. Die invloedryke ondersteuning uit Transvaal het sy vrees egter grotendeels verban. Milner se opvolger, lord Selborne en luitenant-goewerneur sir Richard Solomon was geeneen van mening dat die onderwyspeil, oorkant die Vaal ten minste, hoog genoeg was om binne aanmerklike tyd nog 'n universiteit te regverdig nie. Die vise-kanselier, C. Abercrombie Smith, en sy adjunk, Buchanan, was besonder bemoedig deur die geesdrif en toegeneentheid wat verskeie van die gaste op 'n dinee van die Kaapse universiteit in die Grand Hotel in Pretoria in Augustus 1906 teenoor die universiteit betuig het. Die Transvaalse regter, J. B. Wessels, kort daarna lid van die universiteitsraad, het sy Alma Mater kragtig verdedig; so ook het sy regskollega, Rose Innes en luitenant-goewerneur Solomon. Wessels se smalende opmerking oor „opslaguniversiteitjies" („tinpot universities") het hom egter die gramskap van die Johannesburgse kollege op die hals gehaal. Dié kollege was juis toe besig om sy invloed aan die Rand uit te brei deur aandklasse in Germiston, Krugersdorp en ander dorpe te hou.

Die Transvaalse Universiteitskollege het rede gehad om gegrief te voel. Hy het reeds die steun van die onderwysraad geniet en uitbreidings op die Plein beoog waardeur hy 'n waardiger tuiste sou verkry. Nog ander interessante ontwikkelings was in die weer. Die mynmagnaat, Alfred Beit, gee in 1904 die Frankenwaldterrein, naby Johannesburg, aan die regering vir opvoedkundige doeleindes en laat R400 000 na om 'n inrigting op die plek te

stig wat hy in sy testament as die „Universiteit van Johannesburg” beskryf. Die erflating moes binne tien jaar na sy dood in 1906 vir die doel gebruik word. Eindelik was daar ’n ruim skenking, en dit het gelyk of die Transvaalse Universiteitskollege die enigste begunstigde sou wees.

Ondertussen het die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop begin uitgroei tot wat hy volgens C. Abercrombie Smith eintlik behoort te wees, naamlik die Universiteit van Suid-Afrika. Voordat die twee noordelike kolonies verantwoordelike regering ontvang het, is besluite geneem om ingevolge die wysigingswet van 1896 tot die universiteitsfondse by te dra en so verteenwoordiging in die raad te verkry. In die sesde raad het gevolglik twee verteenwoordigers uit die Vrystaat en drie uit Transvaal bygekom. Die lede vir die Oranjerivierkolonie was Brill van die Grey-kollege in Bloemfontein en Hugh Gunn, die direkteur van onderwys. Gunn is in die sewende raad van 1909 opgevolg deur die toekomstige eerste minister van die Unie, J. B. M. Hertzog, toentertyd minister van onderwys in die Vrystaat. Hertzog bedank in 1911 en word opgevolg deur die bekende kultuurleier en kerkman, ds. John Daniel Kestell.

Transvaal stuur in 1906 sy direkteur van onderwys, J. E. Adamson, wat later, net soos Kestell, ’n belangrike rol in die sake van die universiteit se opvolger gespeel het. Die ander Transvaalse lede by dié geleentheid was W. Kidger Tucker van die onderwysraad en nog ’n toekomstige eerste minister van die Unie van Suid-Afrika, Jan C. Smuts. Hy sou maar baie kort verbonde wees aan dié liggaam wat sy ou leermeester, J. I. Marais, eenmaal beskryf het as ’n eienaardige heterogene liggaam waarvan die dele mekaar onderling afstoot. Dié kommentaar het Marais gemaak toe die briljante jong Stellenbosse student, Smuts, gekla het oor die vermindering van sy Ebden-beurs by die sluiting van die Bank van die Kaap die Goeie Hoop. Smuts het as raadslid bedank toe hy minister van onderwys in Transvaal in Louis Botha se regering geword het.

Die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop het eindelik die erkende eksaminerende liggaam vir die hele Suid-Afrika ge-

word, en die voorrang op onderwysgebied sou hy tot aan die einde van sy bestaan handhaaf. Ter viering van sy wyer invloed het hy in November 1906 'n noenmaal aangebied en afgevaardigdes van buite Kaapland genooi. Baie van die universiteit se sterkste ondersteuners was aanwesig, onder wie sir Henry de Villiers, W. P. Schreiner en F. C. Kolbe. Nog 'n gas, J. X. Merriman, het die geleentheid waargeneem om oor 'n geliefde tema van hom uit te wei. Die blankes, het hy gesê, moet die beskawing in Afrika bevorder. Daartoe kon die universiteit 'n waardevolle bydrae lewer. Hy het reeds in groot mate die onderwys in Suid-Afrika bevorder en moet nou sy lig verder oor hierdie donker vasteland versprei.

Teen die einde van 1906 was almal egter nie daarvan oortuig dat die eksaminerende universiteit in Kaapstad werklik die beste middel tot hierdie doel was nie. Ander benaderings tot die hoër onderwys in Suid-Afrika is genoem op die federale konferensie oor onderwys wat die *League of Empire* in 1907 in Londen belê het. Die Kaapse universiteit was nie amptelik verteenwoordig nie, maar verskeie vooraanstaande onderwysmanne uit Suid-Afrika, onder andere drie lede van die universiteitsraad, het die konferensie bygewoon. Hulle was Gunn van Bloemfontein, Thomas Muir, superintendent-generaal van onderwys in Kaapland, en kanunnik W. O. Jenkins van die Diocesan College. Muir het uitdrukking gegee aan die algemene vreugde oor die hervorming van die Universiteit van Londen en het die hoop uitgespreek dat Kaapland ook binnekort 'n doserende universiteit sal kry. Eerw. A. C. Headlam, hoof van King's College in Londen, het hom aangesluit by Muir se opmerkings oor die Universiteit van Londen en verder die mening uitgespreek dat Suid-Afrika twee universiteite behoort te hê – een in Kaapstad en die ander in Johannesburg, elkeen met geaffilieerde kolleges.

Alfred Beit se erflating het die gedagte aan 'n Transvaalse universiteit gesterk. Jan Smuts was egter nie danig ten gunste van Johannesburg as setel van die hoër onderwys toe hy in 1907 verantwoordelik geword het vir die kolonie se onderwys nie. Daar het 'n toenemende vervreemding tussen die Transvaalse Univer-

siteitskollege en die onderwysraad aan die een kant en die regering in Pretoria aan die ander kant ingetree. Die idee aan 'n universiteit by Frankenwald is opgegee. Twee Johannesburgse hoërskole het die reg gekry om met die kollege mee te ding deur klasse vir Intermediêre B.A. in te stel, en uiteindelik het die regering besluit dat dit beter sou wees om lettere en suiwere wetenskap in Pretoria saam te trek, sodat mynwese aan die Johannesburgse inrigting oorgelaat kon word. Die Frankenwald-terrein kon dan as derde punt in die skema vir 'n landboukollege gebruik word.

Die verdeling tussen Johannesburg en Pretoria was nie gewild in Johannesburg nie, maar Smuts was vasberade om sy plan uit te voer. Die Transvaalse Universiteitskollege is gevolglik in twee afdelings verdeel onder 'n gemeenskaplike beheerliggaam.

Die afdeling in Pretoria het begin met vier professore in Kya Rosa, 'n gehuurde huis in Skinnerstraat. H. T. Reinink van die ou Gimnasium en John Purves het van die Johannesburgse kollege oorgekom. Hulle kollegas was D. F. du Toit Malherbe en Alfred Croom Paterson. Reinink se hoofopdrag was om Nederlands en ander moderne tale te doseer; die Skotte Purves en Paterson was onderskeidelik verantwoordelik vir Engels en klassieke tale, en Malherbe, wat op aanbeveling van Hahn van die Suid-Afrikaanse Kollege aangestel is, het 'n wye verskeidenheid van natuurwetenskaplike vakke vir sy rekening geneem, hoewel chemie eintlik sy spesialiteit was. Dit is geen wonder dat 'n professorale stoel in dié tyd speels 'n sitbank genoem is nie. Paterson en Malherbe het 'n groot rol gespeel in die beraadslagings van die raad en die senaat van die Universiteit van Suid-Afrika. Paterson het hoof van die Transvaalse Universiteitskollege in Pretoria geword en het later na Nieu-Seeland geëmigreer, waar hy ook 'n waardevolle bydrae tot die universiteitswese gelewer het.

Aan Smuts is te verstaan gegee dat die driepuntskema nie die goedkeuring van die trustees van Beit se nalatenskap sal wegdra nie. Die Britse minister van kolonies was egter vasberade dat die Transvaalse hoër onderwys op sý manier georganiseer word. Na oorleg met Alfred Beit se broer, Otto, en met sir Julius Wernher,

het hy buitendien teen 1909 begin besef dat Suid-Afrika 'n nasionale doserende universiteit nodig het.

'n Universiteit in Johannesburg was nie deel van sy plan nie. Gevolglik is in 1910, vlak voor Unie, 'n wet aangeneem wat die status van die Johannesburgse kollege nog verder verlaag het. Die ongemaklike federasie word ontbind; Pretoria word die setel van die Transvaalse Universiteitskollege; en die Johannesburgse inrigting word verdoop tot die Suid-Afrikaanse Skool vir Mynwese en Tegnologie. 'n Aparte landboukollege word ook voorgestel. Daarmee was die Johannesburgse kollege, soos G. H. L. le May gesê het, weer waar hy begin het, naamlik plaaslik en ingeperk. Voorlopig was 'n groot burgerlike universiteit van die baan.

Daar het niks gekom van die voorgestelde onafhanklike landboukollege nie. In die laaste koloniale jare van Transvaal het die mense baie gepraat oor die behoefte aan wetenskaplike navorsing vir die boerdery. William Macdonald, redakteur van die *Transvaal Agricultural Journal* het gewens dat daar òf 'n nasionale landboukollege met bevoegdheid om grade toe te ken òf 'n federale universiteit met 'n sterk landboufakulteit tot stand kom waar studente „van Simonstad tot Zumba" en verder kon kom om te studeer. Macdonald was 'n gegradueerde van Cornell en Minnesota en 'n groot bewonderaar van die vordering in die landbouwetenskap in die Verenigde State as gevolg van milde toekennings. Die geld wat vir die oprigting van die Transvaalse kollege opsy gesit was, is uiteindelik aan die universiteitskollege in Pretoria toegeken. Mettertyd sou hier landboustudie en op Onderstepoort kursusse in die veeartsenykunde ingestel word.

Voor Unie het daar dus geen mededinger vir die Kaapse universiteit in Transvaal gekom nie. In ander kolonies was daar min mense wat aan 'n onafhanklike universiteit gedink het behalwe in Kaapstad en Stellenbosch. Toe die hoër onderwys na 1910 onder die Uniale regering geplaas is, het die Vrystaat en Natal – met onbetaamlike haas na die mening van party aan die Kaap – egter elkeen sy eie universiteitskollege gestig. Maritzburg College in Natal het nooit hoër status verwerf nie, hoewel hy die

eerste onderdak gegee het aan die Natalse Universiteitskollege wat by Wet 18 van 1909 tot stand gekom het.

Maritzburg College het ook verskeie onderwysers aan die nuwe universiteitskollege geleen totdat die getal professore later in die jaar vergroot is, want aan die begin was daar net twee: Alexander Petrie, die klassikus van Aberdeen, en R. B. Denison, professor van chemie en fisika uit Yorkshire. Al twee het die kollege baie jare toegewyd gedien en later ook die Universiteit van Suid-Afrika. Ondertussen is in Durban 'n tegniese instituut gestig, hoofsaaklik deur die bemoeiings van dr. S. G. Campbell, vader van die digter Roy Campbell. Die Durbanse Tegniese Instituut was bedoel om uiteindelik 'n universiteitskollege te word, en hoewel dit nooit so ver gekom het nie, was hy vader van die Natalse Tegniese Kollege van vandag en van die Durbanse afdeling van die huidige Universiteit van Natal.

Die Vrystaat het reeds die kern van 'n volle universitêre inrigting in Bloemfontein gehad. Voordat Johannes Brill sy lewenstaak neergelê het, het hy daarin geslaag om die hoër afdeling te skei van die skoolafdeling en om die onderwysvlak te verhoog tot die peil van magister artium.

Wet 5 van 1910 het die kroon op sy werk geplaas deur die Grey-universiteitskollege net 'n maand voor Unie wetlik te konstitueer. Onder die eerste professore was Adriaan Francken, W. S. Johnson, George Potts en J. H. Woolston. Woolston was lid van die universiteitsraad van 1913 en het vyf jaar later aan oorlogswonde beswyk. Soos by al die klein kolleges moes die dosente meer as een departement behartig. Francken het begin met geskiedenis, Nederlands, Engels, Frans en Duits en was na 1910 nog verantwoordelik vir geskiedenis en Nederlands. Johnson het nie alleen Engels gedoseer nie maar ook logika. Potts het in 1910 plantkunde sowel as dierkunde vir sy rekening geneem, en Woolston was tot 1911 professor van suiwere en toegepaste wiskunde.

Die kolleges in die Vrystaat, Natal en Transvaal was by Uniewording regtig klein. Aan die einde van 1910 het die kollege in Pietermaritzburg 57 studente gehad, van wie meer as die helfte

met regstudie besig was. Die Grey-universiteitskollege was 'n bietjie groter, naamlik met 73 studente, twintig meer as die getal aan die Transvaalse Universiteitskollege in Pretoria.

Die mynskool het 113 studente gehad, wat byna almal in die mynwese, die ingenieurswese en die regte gestudeer het. Die meeste Kaapse kolleges het net so min studente gehad. Die grootste was Rhodes-universiteitskollege in Grahamstad, met 125 studente. Die Hugenote-kollege het slegs 53 gehad en die Diocesan College in sy laaste jaar as inrigting op universitêre vlak 'n skamele 24. Die twee groot inrigtings in Kaapstad en Stellenbosch het die kollegetoneel oorheers. Die Suid-Afrikaanse Kollege sowel as die Victoria-kollege het 'n studentetal van naby die drie honderd elk gehad, met 'n eweredige verdeling onder die verskillende studierigtings. Al twee het al hoe meer begin kriewel oor die eksamineerstelsel en was styf oorgehaal om 'n veldtog op tou te sit wat die universiteitswese in Suid-Afrika ingrypend sou verander.

Aan die begin van die eeu het die gedagte aan verandering algemeen begin word. In 1901 het Morrison en ander op Stellenbosch die mening gelug dat die een of ander reorganisasie van die universiteitswese nodig is. Sowat twee jaar later het Merriman en die destydse redakteur van *Ons Land,* F. S. Malan, saamgestem dat die Victoria-kollege gereed is vir onafhanklikheid. Die eerste positiewe stappe is egter deur die Suid-Afrikaanse Kollege in 1904 gedoen toe Thomas Loveday, die opvolger van Fremantle as professor van Wysbegeerte, 'n mosie deur die senaat laat aanneem het om 'n komitee van ondersoek na universitêre reorganisasie te benoem. Vanselfsprekend was Loveday lid van die komitee. Die ses ander lede was die klassici C. E. Lewis en William Ritchie, die sekretaris van die senaat, Lawrence Crawford, die energieke Carruthers Beattie, P. D. Hahn van die departement sielkunde en die dierkundige, Arthur Dendy.

Die komitee het die mening van vooraanstaande onderwysmanne oor die hele wêreld ingewin oor die voordele of nadele van die verbinding van 'n aantal kolleges met een universiteit, met inagneming van die ongelyke ontwikkelingspeil en die geo-

grafiese afsondering van Suid-Afrika se inrigtings vir hoër onderwys. Dit was nouliks te wagte dat die finale verslag die een of ander vorm van federasie of die voortsetting van 'n eksaminerende universiteit sou aanbeveel. Die algemene mening in akademiese kringe was oral teen albei, behalwe in heel besondere omstandighede. Londen was nie meer net 'n eksaminerende raad nie; die eksaminerende Universiteit van Halifax in Nova Scotia het lank reeds spoorloos verdwyn; die Universiteit van Toronto het opgehou om net 'n eksamineermasjien te wees; die Universiteit van Manitoba het op die punt gestaan om oor te gaan tot 'n doserende universiteit. Selfs waar die suiwer eksaminerende universiteit nog bestaan het – in Indië, Ierland en Nieu-Seeland, asook aan die Kaap – is dit as uitgediende eksperiment beskou. Ook wat betref die innige federale verbinding van kolleges het Brittanje toe kort gelede die ineenstorting van een so 'n inrigting beleef – die Victoria University van Manchester – as gevolg van die begeerte onder die deelnemende kolleges veral dié van Liverpool om onafhanklik te wees. Die federale Universiteit van Wallis kon miskien as 'n parallel beskou word, maar dit sou hoogs waarskynlik nie tel by die mense wat van die Suid-Afrikaanse Kollege 'n universiteit in eie reg wou maak nie.

Aangesien die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop self besig was om die mening van kolleges in te win oor die toekomstige patroon van die hoër onderwys in Suid-Afrika, het die Suid-Afrikaanse Kollege besluit om die verslag van sy senaatskomitee te publiseer. Dit moes in die woorde van regter Thomas L. Graham as proefballon dien om die mate van ondersteuning vir 'n eenheidsuniversiteit in Kaapstad te peil. Die menings van buitelandse vakmanne, oor die algemeen hoogs gunstig vir die strewe van die Suid-Afrikaanse Kollege, is in die verslag opgeneem. Lord Kelvin, die gevierde Britse natuurwetenskaplike, het 'n goeie opsomming daarvan gegee in 'n private brief aan Beattie, gedateer Desember 1905. Hy skryf dat hy van gansser harte met Beattie saamstem dat sy kollege ryp is vir die universiteitsoktrooi. Hy meen ook dat dit 'n onafhanklike doserende universiteit moet wees en wens hom alle sukses toe op sy strewe na die goeie doel.

Aldus lord Kelvin. Die Suid-Afrikaanse Kollege het dus nie geaarsel om volle universiteitstatus te vra nie. Crawford was net jammer dat die Transvaalse Tegniese Instituut in Johannesburg nie ook met 'n soortgelyke optrede gekom het nie, wat ongetwyfeld die aansprake van die Suid-Afrikaanse Kollege sou gesterk het.

Die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop het die kolleges gevra om hulle oor die drie vernaamste beleidskeuses uit te spreek: behoud van die bestaande stelsel, affiliasie as kolleges met die universiteit of aparte oktrooie aan elke kollege of groepe van kolleges. Die standpunt van die Suid-Afrikaanse Kollege blyk duidelik genoeg uit die verslag van sy senaatskomitee. Oor die algemeen het die ander kolleges, veral die kleineres, almagamasie met die bestaande universiteit verkies, deels om die standaard te handhaaf, soos die Rhodes-universiteitskollege dit verduidelik het. Die Diocesan College was reeds bevrees dat hy sy universitêre werk sou verloor. Kanunnik R. Brooke beskuldig later die Suid-Afrikaanse Kollege, die Stellenbosse Kollege en die Rhodes-universiteitskollege daarvan dat hulle probeer om die Anglikaanse Diocesan College deur middel van hulle verteenwoordigers in die universiteitsraad uit te skakel.

Die Hugenote-kollege, wat in 1907 'n volle universiteitskollege sou word, met 'n verteenwoordiger van die universiteit in sy bestuursliggaam, was baie bekommerd of hy nog meisies moet aanmoedig om hulle daar in te skryf. Hy was dus ten gunste van nouer bande met die universiteit, al was dit nou net om vry te wees van die gedurige wedywering tussen die kolleges. Die een het altyd probeer om bo die ander te staan, en daar was baie onderlinge jaloesie en afrokkeling. Die Hugenote-kollege het nog 'n moontlike oplossing van sy probleme geopper, naamlik dat hy miskien met Stellenbosch kan saamsmelt. Hy was egter nie gretig om sy outonome status te verloor nie, en daar is toe hiervan afgesien.

Aan die Victoria-kollege het die menings omtrent die beste weg uiteengeloop. Party lede van die raad het onafhanklikheid geëis, maar die senaat het verreweg 'n stelsel van affiliasie verkies waar-

deur die kolleges in 'n inniger en duideliker omskrewe verhouding tot die eksaminerende universiteit gebring sou word. Die verskillende opvattings is uiteindelik versoen, en 'n los federale reëling is voorgestel, met aparte vraestelle vir die kolleges.

Die uiteenlopende standpunte van die kolleges is beklemtoon in 'n langgerekte konvokasiedebat in April 1906. Die mosie wat uiteindelik aangeneem is, was die van Morrison van Stellenbosch en Martin van die Diocesan College; daarin word die raad van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop versoek om 'n reorganisasieskema te ontwerp wat aan die verskillende kolleges alle gesonde vryheid in hulle werk sal verseker en tegelyk die beginsel van 'n enkele sentrale akademiese owerheid sal handhaaf. Vir hierdie besluit, wat op 'n teenslag vir die Suid-Afrikaanse Kollege neergekom het, is daar destyds wyd en syd steun gewerf. Wat belangrik was, soos Martin aangetoon het, was dat die universiteitswese Hollands en Engels, Noord en Suid, moet saambind in 'n land wat eenheid nastrewe. Die hele kwessie het inderdaad in die teken gestaan van oorleg tussen die koloniale regerings oor die vraagstuk van die hoër onderwys. Gedagtig hieraan het W. A. Russell, wat oor eerstehandse kennis van die onderwysbehoeftes in die Oranjerivierkolonie beskik het, 'n byvoeging tot Morrison se mosie laat aanneem, naamlik dat die raad samesprekings met verteenwoordigers van die verskillende Suid-Afrikaanse state reël.

Al die dinge het die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop laat besef dat die voorstel van die Suid-Afrikaanse Kollege nie algemene steun geniet nie en dat baie mense sy aandrang op onafhankilkheid as voorbarig beskou. Die raad was bereid om verandering aan te bring, maar hy het nie geglo dat die universiteit geen nut meer het nie. Toegegee, die kolleges behoort groter seggenskap in die bestuur van die universiteit te hê, en in dié verband het die raad reeds begin deur assessorlede in raadskomitees toe te laat as 'n soort senaat in die kleine. Op die vergaderings in Maart en April 1906 het die verteenwoordigers van die Suid-Afrikaanse Kollege in die raad, veral Beattie en Ritchie, egter weer met klem op die voordele van eenheidsuniversiteite gewys. Op 'n wenk van H. C. Notcutt en T. Walker van die Victoria-

WILLIAM RITCHIE is op 12 Oktober 1854 te Peterhead, Aberdeenshire, Skotland, gebore. Sy skoolopleiding is te Peterhead, en hy gaan dan met 'n beurs na Aberdeen, waar hy in 1873 M.A. met onderskeiding in die klassieke kry. Hy studeer ook aan Oriel College, Oxford, en aan Göttingen.

Hy gee 'n tyd lank privaat onderrig te Oxford, en in 1879 kry hy 'n aanstelling aan die Grey-instituut, Port Elizabeth. In 1882 aanvaar hy 'n professoraat aan die *South African College,* waar hy vir 47 jaar bly.

Van huis uit is Ritchie onderwysman, want benewens sy groot voorliefde vir klassieke tale, wat hy met toewyding doseer, het hy hom daarop toegelê om die South African College as sentrum van geleerdheid te ontwikkel. Sy invloed as onderwysman is wyd, want as lid van die universiteitsraad speel hy 'n groot rol in die bevordering van die opvoeding dwarsdeur Suid-Afrika. Hy is voorstander van een doserende universiteit, en alhoewel dit nooit uit die Universiteit van De Kaap de Goede Hoop bewerkstellig is nie, het hy bygedra tot die totstandkoming van die Universiteit van Kaapstad uit die South African College.


Etlike vertalings van Plautus en Terentius het uit sy pen verskyn en ook die groot werk: *The History of the South African College,* in 2 dele.

Benewens 'n LL.D. van Aberdeen, ontvang hy 'n D.Litt. van die Universiteit in 1925 en 'n D.Litt. van Kaapstad in 1929.

Hy is raadslid van 1888 tot 1918, en vise-kanselier van 1913 tot 1916.

Hy is op 7 September 1931 te Entebbe in Uganda oorlede.

*Prof. William Ritchie, M.A. (Aber. en Oxon.), LL.D. (h.c.),*
*D.Litt. (h.c.) (S.A.), D.Litt. (h.c.) (Kaapstad)*
*Raadslid 1888–1918*
*Voorsitter van die konvokasie 1904–1914*
*Mede-vise-kanselier 1911–1913*
*Vise-kanselier 1913–1916*



kollege besluit die universiteitsraad om 'n komitee aan te stel om weer op hervorming in te gaan.

Die komitee het bestaan uit die vise-kanselier, C. Abercrombie Smith, sy adjunk, sir John Buchanan, F. C. Kolbe, advokaat M. W. Searle, Ritchie en Beattie van die Suid-Afrikaanse Kollege, Morrison en Viljoen van Stellenbosch en eerw. W.O. Jenkins van die Diocesan College. Die opdrag was om twee skemas vir nadere oorweging voor te berei. Die eerste was vir federasie of affiliasie, die tweede vir eenkollege-universiteite. Die skemas is met verloop van tyd aan die kolleges en die kolonies se onderwysdepartemente vir kommentaar voorgelê voordat die raad hulle in Februarie 1907 oorweeg het.

Die reaksies was voorspelbaar. Die Suid-Afrikaanse Kollege was teen federasie, die ander kolleges daarvoor, hoewel die Transvaalse Universiteitskollege in Johannesburg verkies het om die bevindings van die interkoloniale konferensie oor onderwys af te wag. Die universiteitsraad wou federasie hê, so ook die konvokasie, hoewel hy, net soos die Transvaalse Universiteitskollege gemeen het dat die gevoelens van die ander kolonies in aanmerking geneem moet word. Die universiteitsraad was blykbaar baie in sy skik met sy federasievoorstel en nie juis geneë om dit aan die genade van die onderwysmanne in die interkoloniale konferensie oor te laat nie. Tog het hy hom daartoe gebring om in te sien dat dit noodsaaklik is en toe verdere bespreking van die skema vir onbepaalde tyd uitgestel.

Die lank vertraagde interkoloniale konferensie het uiteindelik in Kaapstad onder voorsitterskap van sir William Bisset Berry, destyds lid van die universiteitsraad, plaasgevind. Die benoemdes van die universiteit, C. Abercrombie Smith, Ritchie, Morrison en Macfadyen, het geen bepaalde opdrag ontvang nie, maar is toegelaat om die standpunte van die verskillende onderwysbelange te stel. Al die gekose lede, met die uitsondering van H. J. Hofmeyr van die Witwatersrandse skoolraad en die Rhodesiese prokureur-generaal, C. H. Tredgold, was lid van die universiteitsraad. Die Kaapse regering het Berry, Schreiner en Muir aangestel. Uit die Oranjerivierkolonie het Brill en Gunn gekom. Natal

het C. J. Mudie en dr. James Hyslop gestuur. Behalwe deur Hofmeyr is Transvaal verteenwoordig deur Adamson en Wessels. Ritchie kon geen sekondant kry vir sy voorstel tot eenheidsuniversiteite nie, en die konferensieverslag van 1908 stel 'n federale universiteit voor, met al die kolonies verteenwoordig in die bestuursliggaam en met 'n senaat van professore. Die konferensie het egter een noodlottige fout begaan. Hy het bepaal dat Engels die taal van die voorgestelde universiteit sal wees. Daar was onmiddellik 'n heftig vyandige reaksie hierop van Hollandssprekende kant oor die hele land. *Ons Land* is verontwaardig. Hertzog reageer uit Bloemfontein en noem die Taalbond Suid-Afrika se tweede universiteit. Ook in Transvaal se wetgewende vergadering is daar 'n mate van vyandigheid teenoor voortsetting van die jaarlikse toekenning aan die Kaapse universiteit. *De Volkstem* van Pretoria plaas 'n verklaring van meer as veertig vooraanstaande Transvaalse burgers, onder wie ds. H. S. Bosman, prof. J. Lion Cachet van Potchefstroom, N. M. Hoogenhout, D. F. du Toit Malherbe en G. S. Preller. Daarin word verklaar dat geen nuwe universiteit opgerig behoort te word „welke niet aan de Hollandse en Engelse talen een gelijk status zal toekennen" nie.

Die konferensie het niks positiefs bereik nie, behalwe dat dit die veldtog om erkenning van Hollands verhewig het en die universiteit gedwing het om hierin toegewings te maak. Die algemene ontevredenheid met 'n eksaminerende universiteit het nog sterker op die voorgrond getree.

Dit was geen wonder dat die konvokasieverkiesing met die oog op die aanwys van lede vir die sewende raad die hewigste stryd in die geskiedenis van die universiteit geword het nie. Kandidate is benoem onder die vaandel van die Hollandssprekende Onderwijzers Unie, en nog 'n lys is aangebied deur die kolleges, met die steun van die Engelssprekende *South African Teachers' Association*. Die kollegekandidate het opvallend goed gevaar, met die gevolg dat die nuwe raad nie veel van die oue verskil het nie. Die nuwe raad het die taak gehad om die universiteit te lei en te bestuur in die moeilike jare van die geskiedenis van die land en die hoër onderwys.

Die nuwe raad het darem begin deur toegewings te maak in verband met die gebruik van albei amptelike tale in die nuwe Unie van Suid-Afrika, wat in 1910 tot stand gekom het. Van die volgende jaar kon kandidate die juniorsertifikaateksamen in Hollands en Engels aflê, en van 1912 af het die reël ook vir die seniorsertifikaat- en die matrikulasie-eksamen gegeld. Die vyandigheid teenoor die „Engelse" eksaminerende universiteit kon egter moeilik uit die weg geruim word, want hoewel Suid-Afrika staatkundig verenig was, het die verskille tussen Engels- en Afrikaanssprekendes groot gebly. Hierdie aspek van die Suid-Afrikaanse gemeenskapslewe sou nog 'n groot rol speel in die debat oor hoër onderwys wat net na 1910 aan die gang gesit sou word.

Die vernaamste moeilikheid wat in 1910 soos 'n skaduwee oor die toekoms van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop gehang het, was egter die beperkte funksie van die universiteit as eksaminerende liggaam en die toenemende eise om dit te vervang of aan te vul deur 'n doserende universiteit te stig. Dat die strewe in dié rigting in die jare voor 1910 min vordering gemaak het, is maklik te verstaan. Doserende universiteite moet geldelik ruim bedeel word, en geld was skaars in die koloniale tyd. Die Rhodes-skenking is ingetrek en vir 'n ander doel aangewend. Daarby het die Transvaalse regering getalm met Alfred Beit se „Universiteit van Johannesburg". Nietemin is al kort voor Unie in die stilligheid gewerk, en spoedig is 'n skenking verkry wat die hoër onderwys ingrypend sou verander en 'n „Algemene Universiteit van Suid-Afrika" tot stand sou bring. Die omskepping sou egter ses lange jare duur, met oneindige besprekings, voorstelle en teenvoorstelle. Toe die uiteindelike beslissing val, het die ou Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop 'n ander vorm, 'n nuwe naam en 'n nuwe tuiste gekry.

# 5 *Die omvorming van die Kaapse universiteit*

Van 1910 af ressorteer die hoër onderwys onder die landsregering. Louis Botha het Francois Stephanus Malan as die Unie van Suid-Afrika se eerste minister van onderwys gekies. Hy was vir die taak toegerus deur kennis wat hy opgedoen het in 'n soortgelyke posisie in die Merriman-administrasie aan die Kaap. Malan is in die moeilike jare wat voorgelê het op bekwame wyse bygestaan deur sy ondersekretaris van onderwys, George Morgan Hofmeyr, die vorige registrateur van die Victoria-kollege.

Die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop het in die eerste jare sedert Unie gedoen wat hy kon om in groter mate nasionaal te wees. Nadat hy Hollands tot op matrikulasiepeil toegelaat het, het die raad in 1914 en 1915 as gevolg van vertoë Hollands ook toegelaat in graadeksamens. Die Tweede Afrikaanse Taalbeweging was toe reeds goed op dreef, maar ten spyte van die pogings van leiers soos J. J. Smith en Tobie Muller was die universiteit nie bereid om 'n nuwe voertaal aan te neem nie.

In nog 'n opsig het die universiteit 'n meer Suid-Afrikaanse siening geopenbaar deur party van sy vergaderings op ander plekke as Kaapstad te hou. Die raad en sy komitees het nie alleen in Kaapstad byeengekom nie, maar ook in Pretoria, Pietermaritzburg en Bloemfontein. Nietemin is die universiteit voortdurend van alle kante aangeval omdat dit 'n eksaminerende raad is vir skoolkinders sowel as kollegestudente.

Ten spyte van die universiteit se erkenning van die Hollandse taal, al het dit te laat gekom, het dit 'n oorwegend Engelse inrigting gebly. Amptelike sake is byna uitsluitend in Engels ge-

Die HERTOG VAN CORNWALL EN YORK is met die afsterwe van regter C.T. Smith as sesde kanselier deur die konvokasie gekies.

As tweede seun van die indertydse Prins van Wallis (later Koning Edward VII), is Prins George op 3 Junie 1865 in Marlborough House, Londen, gebore. In 1877 het hy as kadet by die koninklike vloot aangesluit, in die Noord-Atlantiese en Wes-Indiese oseane gedien en is bevorder tot uiteindelik bevelvoerder van die kanonneerboot *H.M.S. Thrush*. In 1892 laat vaar hy sy bevel en word verhef tot Hertog van York.

In 1901 besoek hy en sy vrou Australië, Suid-Afrika en Kanada. Tydens die gradeplegtigheid in Kaapstad op 21 Augustus van daardie jaar word hy ingestel as kanselier, welke posisie hy beklee totdat hy in 1912 bedank. Onder die vele eregrade wat aan hom toegeken is gedurende sy wêreldtoer, was die LL.D. van die Universiteit van de Kaap de Goede Hoop. Hy was ook kanselier van die Universiteit van Wallis tussen 1902 en 1921.

Die hertog word in November 1901 verhef tot prins van Wallis, en met die dood van sy vader op 6 Mei 1910 word hy ingesweer as Koning George V. Hy is op 20 Januarie 1936 in Sandringham House in Norfolk oorlede en is in die St. George-kapel, Windsor, begrawe.

*Die hertog van Cornwall en York*
*(later koning George V)*
*Kanselier 1901–1912*



doen, en eers in 1916, toe hy al naby die einde van sy bestaan was, het hy sertifikate in Hollands aan suksesvolle kandidate uitgereik. Die Hollandse taal is toe wel nie meer op dieselfde voet as vreemde tale of as „Kaffertale" behandel nie, maar dit was nog nie die gelyke van Engels nie. Terloops, die benaming „Kaffertale" vir Xhosa en Zulu is darem in 1913 afgeskaf.

Die Afrikaners het nie genoeë geneem met die agterstelling van hulle taal nie, want hulle het gemeen dat die sukses van staatkundige eenheid in groot mate afhang van die billike toepassing van die taalgelykheid wat in die grondwet gewaarborg is. Die verskille tussen die twee blanke groepe, waarin die taalkwessie 'n beslissende rol gespeel het, sou binnekort by die aanvang van die debat oor die universiteitswese, as 'n groot hindernis op die pad na ware eenheid ervaar word.

Geen wonder dat F. S. Malan verklaar het dat die hoër onderwys 'n saak is wat hart en hoof raak. As minister van onderwys het hy self 'n bres in die universiteit se Engelse skanse geslaan toe hy die kongregasie in 1912 in Hollands toegespreek het. Dit was die eerste keer dat so iets ooit gebeur het. Malan teken in sy dagboek aan: „Ik maakte geen verschoning." Ongelukkig, soos dit toe die gewoonte by promosieplegtighede was, het die studenterumoerigheid die spreker se woorde byna onhoorbaar gemaak.

Ten spyte van geringe toegewings oor taal was die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop 'n Britse imperiale inrigting. As sodanig het hy deelgeneem aan die eerste kongres van die universiteite van die Britse Ryk, gehou in 1912 in Londen. Alexander Mackenzie van die Victoria-kollege het die kongres bygewoon as die universiteit se amptelike verteenwoordiger. Die *Star* van Johannesburg het die algemene ontevredenheid met eksaminerende universiteite uitgedruk deur te sê dat dit jammer is dat 'n paar Suid-Afrikaanse kabinetsministers nie teenwoordig was om te sien wat 'n universiteit regtig is nie. Die universiteit was 'n onbeduidende en uitgeslyte ou ratjie in die onderwysmasjien, en een afgevaardigde het die onderwysbeweging in die blad *United Empire,* weliswaar 'n bietjie hoogdrawend, beskryf

as „the regular and rhythmic pogress of an imperial advance".

Een gevolg van die konferensie was die stigting van die Universiteitsburo, waarby die universiteit hom van die begin af aangesluit het. Twee voormalige professore van die Suid-Afrikaanse Kollege, R. F. A. Hoernlé en Thomas Loveday, het opeenvolgend in die organisasiekomitee gedien.

Die universiteit het ook nog 'n imperiale skakel gesmee met sy keuse van kanselier. In 1901 kies die konvokasie die koningkeiser George V, toe nog hertog van Cornwall en York, as kanselier. As blywende teken van die bande tussen die koningshuis en die koloniale universiteit, is in die wapen wat in 1903 aan die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop verleen is, op versoek van die nuwe kanselier, toe die Prins van Wallis, die stralende roos van York tussen twee ringe van trou opgeneem. Die koning het dit nodig geag om sy kanselierskap in 1912 op te gee, maar die konvokasie het 'n ander lid van die koningshuis in sy plek gekies, die hertog van Connaught en Strathearn.

Die Eerste Wêreldoorlog het die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop nog sterker die botsing van ideale wat nie deur Uniewording beëindig kon word nie, laat voel. Die vyandelikhede self het genoeg probleme veroorsaak. Daar was moeilikheid met die lewering van vraestelle, wat toe nog in Engeland gedruk is. Die musiekeksaminatore is onvermydelik opgehou met onderbrekings in die posbootdiens.

Die Duitse duikbote het die reis na Europa vir beurshouers gevaarlik gemaak. Amptelike geleenthede moes ook uitgestel word. Die laaste raadsverkiesing is vertraag, en die vergaderings van die raad en sy komitees op plekke buite Kaapstad is gestaak.

Soos in die Anglo-Boereoorlog het die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop geprobeer om sy eksamineertaak onpartydig uit te voer. Toegewings is gedoen aan lede van die gewapende magte, en die universiteit het naderhand sulke studente onder sekere vaste voorwaardes sonder eksamen laat gradueer. Daar is af en toe gewys op die noodsaaklikheid om onder die heersende omstandighede versigtig te wees, maar die voorstel dat die Britse afkoms van aanstaande beurshouers eers vasgestel moet

Entered [illegible]




**Edward** the Seventh by the Grace of God of the United Kingdom of Great Britain and Ireland and of the British Dominions beyond the Seas, King, Defender of the Faith, Emperor of India, To Our Right Trusty and Right Entirely beloved Cousin and Councillor, Henry Duke of Norfolk Earl Marshal and Our Hereditary Marshal of England, Knight of Our Most Noble Order of the Garter and Knight Grand Cross of Our Royal Victorian Order, Greeting **Whereas** Our Most Dear Son and Councillor His Royal Highness George Frederick Ernest Albert Prince of Wales, Knight of Our Most Noble Order of the Garter, Knight of Our Most Ancient and Most Noble Order of the Thistle, Knight of Our Most Illustrious Order of Saint Patrick, Knight Grand Cross of Our Most Distinguished Order of Saint Michael and Saint George, Knight Grand Cross of Our Royal Victorian

**Licence** – The University of the Cape of Good Hope, to bear certain Armorial Ensigns.

Na 'n lang inleiding wat die toekenning van die wapen magtig, naamlik die ROYAL LICENCE, volg die beskrywing van die wapen, wat soos volg lui (presies soos dit in die Licence staan):

,,An Anchor with cable fessewise, surmounted by an open Book inscribed with the words 'Spes in arduis' in base a Wall embattled thereon an Annulet, on a Chief a Rose irradiated, being a representation of the Rose of York, used by King Edward the Fourth, between two Annulets; The Motto, 'Spes in arduis' as on the Book in the Arms, the whole as in the drawing hereunto annexed, the same being first duly exemplified and recorded in Our College of Arms, otherwise this Our Royal Licence and Permission to be void and of none effect.

Our will and pleasure therefore is that you Henry, Duke of Norfolk to whom the cognizance of matters of this nature doth properly belong do require and command that this Our Concession and Especial Mark of Our Royal Favour be registered in Our College of Arms, to the end that Our Officers of Arms and all others upon occasion may take full notice and have knowledge thereof; And for so doing this shall be your Warrant.

Given at Our Court at Balmoral this seventh day of October, 1903, in the Third year of Our Reign.

By His Majesty's command.

A. AKERS DOUGLAS.

Recorded in the College of Arms, London, pursuant to a Warrant from the Earl Marshal of England."

Behalwe die koninklike toekenning is daar ook 'n dokument met seëls wat deur die College of Arms uitgereik is met die grootseël van Edward VII en drie wapens.

*Koninklike toekenning van 'n wapen – 1903 (eerste bladsy)*

word of dat die vise-kanselier besondere aandag moet gee aan die Duitse B.A.-vraestelle, lyk darem na onnodige waaksaamheid.

Die universiteit het nietemin krygsgevangenes sowel as geïnterneerdes gehelp, en die seun van 'n vyandsonderdaan het 'n beurs ontvang. Daar is ook besluit dat kandidate wat aan die ongelukkige rebellie van 1914 deelgeneem het, nie uitgesluit sal word van die eksamens nie. Die universiteit was egter nie bereid om 'n graad *ad eundem gradum* toe te ken aan ds. W. P. Steenkamp, wat aan sedisie skuldig bevind is nie.

Die geval van S. P. E. Boshoff, die man wat later 'n lang en eerbare loopbaan in die Suid-Afrikaanse onderwys en in die diens van die Kaapse universiteit se opvolger sou hê, was die onderwerp van 'n noukeurige en langdurige ondersoek deur die universiteitsowerheid. Boshoff was die houer van 'n Koningin-Victoriabeurs in moderne tale en was student aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam toe die oorlog uitgebreek het.

In November 1914 keer hy terug na Suid-Afrika en gaan na sy huis in Senekal, waar hy, soos hyself gesê het, op onverwagte wyse deurmekaar geraak het met die rebellie. Boshoff is aan die Vaalrivier gevange geneem toe generaal Christiaan Beyers verdrink het. Boshoff is in Kimberley en Bloemfontein geïnterneer en naderhand vrygelaat saam met ander manskappe wat aan die opstand deelgeneem het. Die universiteit was bereid om sy afwesigheid van sy studies oor te sien na 'n gesprek wat hy in Kaapstad met die registrateur, William Thomson, gevoer het, maar toe die hele storie bekend geword het, is die beurs ingetrek. M. W. Searle het voorgestel dat hy net dié gedeelte verbeur wat hy gedurende sy deelname aan die rebellie sou gekry het, maar dit is afgewys.


Teen die agtergrond van Britse imperialisme, Afrikanernasionalisme en 'n wêreldoorlog vir sover dit Suid-Afrika geraak het, het 'n mens 'n beeld gekry van die lang pad wat die nuwe nasie nog moes loop voordat hy werklik verenig genoem kon word. Teen hierdie agtergrond het ook die stryd om hervorming van die universiteit plaasgevind. Teen 1910 was daar geen twyfel meer dat die ou universiteit uitgedien was nie, en hoewel univer-

siteitshervorming in die eerste jare van geesdrif vir die nuwe staatkundige bestel geen vername plek ingeneem het nie, was dit glad nie vergete nie. John Edgar, die eerste bekleër van die Prins-van-Wallis-stoel vir geskiedenis aan die Suid-Afrikaanse Kollege, het 'n doserende universiteit bepleit. Thomas Muir, die superintendent-generaal van onderwys aan die Kaap, was nog steeds 'n sterk ondersteuner hiervan. Die vraag is ook in die kolleges en in die universiteitsraad bespreek. Baie mense aan die Kaap het gemeen dat iets nuuts moet kom en hulle het min daarvoor gevoel om die ou masjien net op te knap. Die finansier, sir Lewis Michell, het in Oktober 1910 bekend gemaak dat die terrein vir 'n nuwe doserende universiteit nog beskikbaar is by Groote Schuur. Al wat dus nodig was om die hervorming aan die gang te sit, was geld.


Dat die geld spoedig sou kom, het die goewerneur-generaal, burggraaf Gladstone, by die byeenkoms van die parlement op 4 November laat deurskemer. Jan Smuts het daarvoor gesorg deur voortgesette besprekings met Otto Beit en sir Julius Wernher in 1909. Hy skryf die volgende Julie aan hulle om hulle te vra of hulle bereid sal wees om die Frankenwald-erflating aan te vul sodat 'n nasionale doserende universiteit gevestig kan word. Albei was geesdriftig. Wernher bied nog R400 000 aan, en hy en Beit onderneem om die bedrag op een miljoen rand te bring. Gou daarna voeg De Beers R50 000 by.

Die skenkers beoog „gelyke geleentheid vir almal", waarby hulle glad nie dink aan gelykheid van die volksgroepe nie. F. S. Malan se gedagtes het ook in die rigting van gelykheid geloop onderwyl hy vir die opening van die parlement suidwaarts gereis het, maar 'n ander soort gelykheid as dié wat Otto Beit en Wernher op die oog gehad het. Vir hom het „gelyke geleentheid" beteken „gelyke taalregte".

Geen teken van ernstige konflik was egter te bespeur toe Malan op 5 November 1910 die Wernher-Beit-skenking bekend gemaak het op 'n noenmaal by Kampsbaai na die legging van die gedenksteen van die universiteit se nuwe saal deur die hertog van Connaught nie. Malan het die hoop uitgespreek dat 'n nuwe





*Wapen voor 1903*




*Wapen soos op die koninklike dokument*

DIE WAPEN (kyk bls. 119) is saamgestel uit die Roos van York, wat met sy stralekrans ter ere van die kanselier bygebring is, want dit kom uit die wapen van Edward IV en die Prins van Wallis, die kanselier, was ook Hertog van Cornwall en York en daarom die vermelding in 'n toespraak van die visekanselier dat spesiale vergunning van Koning Edward VII gekry moes word om die Roos in 'n saamgestelde vorm in te bring. Die drie ringe is van Van Riebeeck, die gekanteelde muur, die kasteel van die Kaap die Goeie Hoop wat die universiteit se naam was. Die boek met *Spes in Arduis* het reeds in die ou wapen verskyn; die anker en gevlegte kabeltou is bygebring. Die lint en krulle is versiering.

Die woorde *spes in arduis* sou kon vertaal word as „hoop in swaar opdraandes" of „hoop teen die steiltes".




*Wapen soos op die dokument*
*van die College of Arms*


THE
UNIVERSITY
OF THE
CAPE OF GOOD HOPE

Die hoeksteenlegging van die eerste deel van die UNIVERSITEITSGEBOU deur sir Walter Hely-Hutchinson op 24 Februarie 1906 was 'n groot gebeurtenis. Die program van verrigtinge beskryf die gebou soos volg:

"The central feature of the University Building will be the Grand Aula or Ceremonial Hall, and round this wil be grouped on three faces the suites of Administration rooms. The general treatment of the elevation is in the style of the Italian Renaissance. The Hall is in plan an adaptation of that of the ancient Greek Theatre, a form eminently suitable for an auditorium . . ."

„Ample provision has been made for the embellishment of the Hall by means of paintings etc., in the panels of the walls and ceilings . . ."

"The Building Committee and Architects decided upon South African stone as the most suitable . . . the base in Paarl Granite and the superstructure in Flatpan Stone from the Orange River Colony."

Toe die gebou in 1913 amptelik geopen is, was die toekoms van die Universiteit van de Kaap de Goede Hoop reeds in die weegskaal. Sy opvolger in Pretoria moes uiteindelik die eiendom in 1932 verkoop teen 'n bedrag wat heelwat minder as die munisipale waardasie van ongeveer £55 000 (R110 000) was. Die gebou huisves vandag die Kaapse Argief.

*Die universiteitsgebou, Kaapstad – 1907*

Na Koning George V in 1912 bedank het as kanselier, is veldmaarskalk S.K.H. die HERTOG VAN CONNAUGHT EN STRATHEARN in sy plek deur die konvokasie gekies. Hy het die amp beklee tot aan sy dood.

Prins Arthur William Patrick Albert is in Buckingham-paleis, Londen op 1 Mei 1850 gebore as die derde seun en sewende kind van Koningin Victoria.

Na sy opleiding aan die Woolwich Military Academy, sluit hy by die leër aan in 1868 en vorder tot die rang van veldmaarskalk in 1902. Hy neem deel aan die geveg van Tel-el-Kebir in 1882, is in Indië van 1886 tot 1890, en is later opperbevelhebber in Ierland en die Middelandse See. Hy was goewerneur-generaal van Kanada tussen 1911 en 1916.

In 1874 is hy verhef tot Hertog van Connaught en Strathearn.

In 1910 kom hy na Suid-Afrika om die eerste Unieparlement te open, en met dieselfde geleentheid het hy die hoeksteen van die universiteit se nuwe saal gelê en 'n ere-LL.D. ontvang.

Sy enigste seun, Prins Arthur van Connaught, was goewerneur-generaal van Suid-Afrika in 1920-1923.

Die hertog is te Bagshot Park, Surrey op 16 Januarie 1942 oorlede en te Frogmore in Berkshire, begrawe.

*Veldmaarskalk S.K.H. die hertog van Connaught*
*en Strathearn, K.G., K.T., K.P., P.C.*
*Kanselier 1912–1942*



inrigting by Groote Schuur sal verrys wat al die kolleges sal inlyf. So 'n universiteit, het hy met woorde gesê wat Cecil Rhodes ewe goed kon gebruik het, sou die rasse van die land tot 'n eenheid smee.

Die Afrikanergemeenskap het byna onmiddellik skerp gereageer. Wat sal nou die posisie van die Victoria-kollege wees? In watter vorm sal dit by die voorgestelde universiteit op Groote Schuur ingelyf word? Die Victoria-kollege sal sy posisie baie sorgvuldig moet oorweeg. *Festina lente* was die wekroep. 'n Deputasie met J. I. Marais, Adriaan Moorrees, J. G. van der Horst en 'n toekomstige minister van onderwys, D. F. Malan, is na F. S. Malan gestuur. 'n Waaksaamheidskomitee is gestig om wag te hou oor die belange van Stellenbosch.

Die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop het ook lang besprekings aan die toekoms gewy en daarby die mening van die verskillende kolleges ingewin voordat hy tot 'n bepaalde besluit gekom het. In sy finale verslag beveel hy die oprigting van 'n nasionale doserende universiteit aan, maar nie 'n suiwer nagraadse universiteit soos party voorgestel het nie. Die verslag wys verder daarop dat 'n doserende universiteit met 'n volledige reeks voor- en nagraadse kursusse nie te rym is met die voortgesette bestaan van die kolleges in die buurt nie. Die raad het gemeen dat, aangesien net die Suid-Afrikaanse Kollege en die Victoria-kollege waarskynlik sou saamsmelt met die universiteit op Groote Schuur, die ander kolleges vrygelaat moet word om daarmee te affilieer. Daar moes inderdaad niks tot afbreuk van die verder afgeleë kolleges gedoen word nie. Ten slotte, aangesien die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop hom nie wou laat vernietig deur die nuwe skema nie, is Schreiner se voorstel ook aangeneem dat die doserende universiteit uit die bestaande eksaminerende universiteit moet ontwikkel.

Die kolleges het saamgestem dat die tyd vir 'n nasionale doserende universiteit aangebreek het, maar dit was sover as wat die eensgesindheid gestrek het. Die Mynskool het gehoop dat hy die tegnologiese fakulteit van die nuwe universiteit sou word. Wessels, toe sir John, voorsitter van die raad van die Trans-

vaalse Universeiteitskollege, het 'n kragtige pleidooi vir 'n nagraadse universiteit gelewer. Na sy mening sou Afrikaners dit verkies, want so 'n universiteit sou die ryper student wat beter bestand is teen die gevare van 'n kosmopolitiese atmosfeer ver van die huis af. Die nagraadse universiteit of navorsingsinstituut het die kleiner kolleges aanvanklik aangestaan, aangesien hulle dan hulle identiteit kon behou. Later het hulle almal, behalwe Pretoria, bedenkings begin koester oor so 'n universiteit. As die voorgestelde universiteit van Groote Schuur sou bestaan uit die Suid-Afrikaanse Kollege en die Victoria-kollege saamsmelt, sou 'n federale inskakeling van die ander kolleges moontlik die beste oplossing wees.

Die Suid-Afrikaanse Kollege wou niks te doen hê met federasie nie. Die nuwe universiteit moes 'n enkele, nasionale doseerinrigting wees, met alle studente inwonend behalwe die handjievol private studente wat moontlik van sy eksamens gebruik wil maak. Die Victoria-kollege was bevrees dat hy sy besondere karakter as die sentrum vir hoër onderwys aan die Afrikaner sou inboet en was slegs bereid om hom in die voorgestelde skema met die Suid-Afrikaanse Kollege te vereenselwig as elkeen sy aparte identiteit binne die raamwerk van die nuwe universiteit behou.

F. S. Malan moes dus baie verskillende standpunte probeer versoen. Uit die aard van die omstandighede was hy nie haastig met die opstel van die wetsontwerp nie. Burggraaf Gladstone het diegene wat 'n federale oplossing van die universiteitsprobleem voorstaan, 'n mate van bemoediging gegee in sy rede by die promosieplegtigheid in Februarie 1911. Malan self het Europa later dié jaar besoek in verband met die imperiale onderwyskonferensie in Londen. Hy het van die geleentheid gebruik gemaak om te sien hoe twee federale stelsels in die Britse Eilande werk en in watter mate hulle die probleme van afstand en kultuurtweeheid te bowe kom. Die Universiteit van Wallis, opgerig in 1893, het enigermate sukses behaal, maar selfs al in 1911 het hy spannings te verduur gehad. Die dag van die unitêre burgerlike universiteit het begin aanbreek in die buurland Engeland, en party van die lede van die Cardiff-kollege het met jaloerse oë gekyk na die

bloeiende onafhanklike universiteite in Manchester, Liverpool en Leeds wat uit die vorige federale Victoria University uitgegroei het. Nietemin het E. H. Griffiths, toe vise-kanselier van die Universiteit van Wallis, met Malan gepraat oor die waarde van 'n federale stelsel as saambindende krag in die koninkryk.

In Ierland het Malan B. C. A. Windle, president van die Universiteitskollege van Cork, ontmoet. Dié kollege was tot 1908 verbonde aan die eksaminerende Koninklike Universiteit. Die nuwe Nasionale Universiteit van Ierland wat toe tot stand gekom het, was 'n federale inrigting met drie wyd verspreide lede, waarvan een – dié by Galway – later 'n vermaarde sentrum vir graadstudie op 'n hele aantal terreine met Iers as voertaal geword het. Die federale universiteit het reeds Iers as verpligte vak vir matrikulasie aanvaar. Hier was daar miskien 'n model wat die tweekultuurland, die Unie van Suid-Afrika, met vrug kon toepas. Dit moes die minister van onderwys ook opgeval het dat 'n vierde kollege, dié van Belfast, onafhanklikheid verwerf het. Hy het in baie opsigte van al die ander verskil en was verreweg die beste ontwikkel. Hoe ver het die Suid-Afrikaanse toestand, bv. in Kaapstad, Stellenbosch of miskien in Johannesburg hiermee ooreengekom?

Daar is van burggraaf Gladstone se beroemde vader gesê dat hy altyd na universiteitshervorming in die Britse Eilande gegryp het sodra daar gevaar bestaan dat sy regering anders uit die saal gelig word. Die hoër onderwys het wel nie heeltemal so 'n belangrike plek in die Suid-Afrikaanse politiek beklee nie, maar Malan moes uitvind dat sy eerste wetsontwerp niemand bevredig het nie. In die eerste plek het dit die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop ontstel omdat dit die ontbinding daarvan bepaal het. Daarby het dit aangedring op 'n nagraadse universiteit, terwyl die meeste so 'n inrigting bloot as 'n duur luukse gesien het wat hoofsaaklik bedoel was om die voortbestaan van die kolleges te verseker. Verder is in die wetsontwerp geen voorsiening gemaak vir die samesmelting van die Victoria-kollege en die Suid-Afrikaanse Kollege nie. Daar is naamlik 'n federale verhouding tussen die kolleges en die voorgestelde universiteit voor-

gestel. Ten slotte het Malan aangehou om die noodsaaklikheid van taalgelykheid te beklemtoon, terwyl hy moes geweet het dat dit genoeg was om die donateurs teen hom in die harnas te jaag.

Die wetsontwerp is teruggetrek en daarmee saam het nog een verdwyn wat bedoel was om meer geld vir hoër onderwys beskikbaar te stel volgens die bevindings van 'n kommissie onder voorsitterskap van die universiteitsregistrateur, Thomson. Dié kommissie van 1911 het baie nuttige gegewens ingewin op sy besoek aan die kolleges. Een van die verrassende bevindings was dat die koste vir die staat om een student aan die Victoria-kollege op te lei maar ongeveer R66 was en nêrens in Kaapland hoër as R114 nie, naamlik by die Rhodes-universiteitskollege, terwyl dit by die vier kolleges in die ander provinsies gewissel het van R198 in Pretoria tot R284 by die Mynskool in Johannesburg.

Die nadele van 'n suiwer nagraadse universiteit is beklemtoon deur J. E. Duerden, die dierkundige aan die Grahamstadse kollege. Sy kennis van Johns Hopkins-universiteit in Baltimore het hom 'n bevoegde beoordelaar gemaak van die vroeë pogings van dié universiteit om hom op die opleiding van navorsingstudente toe te lê. Die nadele van enige soort universiteit behalwe die unitêre is op bekwame wyse onder die aandag van die publiek gebring deur 'n reeks lewendige artikels in die *Cape Times* tussen Maart en Junie 1912.

Daar is aangetoon dat Suid-Afrika die voorbeeld van die burgerlike universiteite in Engeland moet volg, in die besonder dié van Liverpool, want daar was die bewys dat navorsing en hoër onderwys hand aan hand kan gaan in 'n inrigting ten dienste van 'n volkryke handelsentrum.

Die donateurs was nie alleen oor die taalkwessie ontevrede nie. In Januarie 1912 noem hulle regsadviseur, Bourchier F. Hawksley, nog ander besware. Hy beweer dat 'n nagraadse universiteit ongewens is, dat staatsbeheer waarskynlik te streng sal wees en dat Malan te versoenend teenoor die kolleges staan. Malan het teleurgestel en gedwarsboom gevoel en het begin dink aan wetgewing „met of zonder overeenkomst met Beit en Wernher". Die aangebode geldelike steun was egter baie aanloklik, hoewel die pro-

bleem om die trustees se goedkeuring te verkry bemoeilik is deur die dood van Wernher in Mei 1912, want hy het bepaal dat sy bydrae slegs gemaak kan word as twee invloedryke Suid-Afrikaanse persoonlikhede, Lionel Phillips en Leander Starr Jameson, die statute van die toekomstige universiteit goedkeur.

Onderhandeling met die trustees is voortgesit, en in Januarie 1913 publiseer Malan 'n tweede wetsontwerp wat die besonder geesdriftige ondersteuning van Otto Beit, Phillips en Jameson geniet. Daarin word voorgestel die Intermediêre B.A.-eksamen as toelatingskwalifikasie, die voortsetting van die Kaapse universiteit in die voorgestelde nuwe inrigting, die skepping van plaaslike fakulteite aan die kolleges wat apart bly en die vrywillige samesmelting van die ander kolleges met die nuwe universiteit. Oor die taalkwessie het Malan 'n vergelyk getref deur niks meer te belowe as die bevordering van tweetaligheid waar moontlik.

Teen dié tyd het Stellenbosch se verset teen inlywing in die nuwe universiteit sterker geword. Buitendien het die krisis wat gelei het tot die skeuring tussen Botha en Hertzog en die stigting van die Nasionale Party die toekoms van die Victoria-kollege nog duideliker as 'n politieke saak na vore gebring. Adriaan Moorrees, D. F. Malan en J. G. van der Horst het namens die waaksaamheidskomitee tot die stryd ter verdediging van Stellenbosch toegetree na publikasie van die wetsontwerp. Hulle wys daarop dat die Groote Schuur-skema nie in die Suid-Afrikaanse geskiedenis wortel nie en dat die Victoria-kollege die simbool is van 'n kosbare ideaal in die oë van baie Afrikaners. Die Afrikaner sal nooit, soos die voormalige president van die Vrystaat, M. T. Steyn, gesê het, sy kinders vir 'n halfmiljoen pond verkoop nie. Party predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, onder wie di. B. P. J. Marchand, H. P. van der Merwe en D. J. Pienaar, was nie teen Groote Schuur nie, maar die oorgrote meerderheid het hulle aan die kant van ds. Paul Nel van Ermelo en ds. Muller van die seminarie geskaar en die hele skema met agterdog bejeën. Die moeilikheid was, soos Muller dit in 'n brief aan *Ons Land* in Februarie 1913 gestel het, dat die skenking, wat alle dinge moontlik gemaak het, Malan se hande gebind het

sodat hy nie by magte was om 'n universiteit wat vir albei blanke volksdele aanneemlik is, op te rig nie.

Vir dit alles het Engelssprekende Suid-Afrika geen simpatie gehad nie. Party was ontnugter en het gewens dat die erflating gebruik word om studie in die buiteland te bevorder. Die wetsontwerp het inderdaad soveel protes uitgelok dat dit na 'n gekose komitee van die Volksraad verwys is. Dié komitee het 'n omvattende ondersoek deur 'n onpartydige kommissie aanbeveel. So 'n kommissie is toe aangestel, met sir Perceval Maitland Laurence as voorsitter. Die lede was Melius de Villiers, die voormalige hoofregter van die Oranje-Vrystaat, ds. H. S. Bosman van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Pretoria, en John Perry, professor in die werktuigkunde aan die Royal College of Science in Londen, Wilfred G. R. Murray, die assistent-registrateur van die Kaapse universiteit, het as sekretaris opgetree. Laurence het sy span 'n bietjie bont gevind, maar in 1914 het die kommissie eindelik verslag uitgebring, met 'n paar voorbehoude van Perry.

Die Laurence-kommissie het twee federasies aanbeveel, 'n noordelike en 'n suidelike, laasgenoemde op Groote Schuur. Die Mynskool sou die tegnologiese fakulteit van albei groepe wees. Dis aan die kollege op Grahamstad oorgelaat om te besluit watter federasie hom die beste pas. Die erflating sou verdeel word. Die leeue-aandeel, R700 000, is aan Groote Schuur toegewys, met R50 000 elk aan Stellenbosch en Grahamstad. As erkenning van Alfred Beit se oorspronklike skenking aan Transvaal is R100 000 elk aan die voorgestelde noordelike universiteit en die Mynskool toegeken en R50 000 aan die Johannesburgse Onderwysraad. Daar was dié wat gemeen het dat 'n noordelike universiteit Suid-Rhodesië nader aan die Unie sou bring. Suid-Rhodesië het ten minste reeds in 1915 begin om ingevolge die uitbreidingswet van 1875 'n bydrae aan die Kaapse universiteit te gee.

Die verslag het min mense bevredig. Party, onder wie John Perry, het gemeen dat die stigting van die tipe universiteit wat die trustees in gedagte gehad het, verydel word deur nie die hele bedrag van die erflating aan een inrigting te skenk nie. Die voor-

standers van 'n unitêre universiteit was natuurlik gekant teen federasie. Selfs die kommissielede het federasie slegs as oorgangsmaatreël beskou, want 'n federale regering is in wese 'n swak regering, soos hulle self erken het. Nietemin, hoewel daar nooit aan die verslag as geheel uitvoering gegee sou word nie, het die federale gedagte gebly. Hierdie vorm van assosiasie het in elk geval meer en meer in die smaak van die kleiner kolleges geval, want party van hulle het die mag van die Wes-Kaaplandse inrigtings gevrees, asook die bedreiging van hulle posisie deur Groote Schuur. Ook H. E. S. Fremantle het tydelike federasie as oplossing gesien tot tyd en wyl die kleiner kolleges tot onafhanklikheid ontwikkel. Net soos die minister van onderwys in 1911 gedoen het, het Fremantle, wat toe al in Hertzog se politieke kamp was, in 1913 'n besoek aan Brittanje gebring en samesprekings gevoer met Griffiths, die prinsipaal van Cardiff, en ander universiteitsmanne. Hy het ook met Jameson, Otto Beit en die Suid-Afrikaanse hoëkommissaris in Londen, sir Richard Solomon, gepraat. Beit was toe blykbaar baie besorg daaroor dat die Afrikaners sou aandring op verpligte tweetaligheid. Vir die Engelstalige inrigtings van toe en later was tweetaligheid 'n ware bron van kommer, want as dit afgedwing sou word, sou goeie manne uit die buiteland nie aansoek doen om poste nie.

Ondertussen het die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop min van hom laat hoor in hierdie tyd van voorstelle en teenvoorstelle in verband met universiteitshervorming. Die kollegelede van sy raad sou natuurlik maar alte bly gewees het om die einde van die eksaminerende inrigting te beleef. In alle geval, die universiteit het glad nie meer soveel getel in die besprekings oor die toekoms van hoër onderwys in Suid-Afrika nie.

W. G. R. Murray het later opgemerk dat die registrateur van die universiteit, Thomson, en die toekomstige hoof van die Kaapstadse kollege, Carruthers Beattie, die vernaamste teenstanders in die hervormingstryd is. Thomson het aanmerklike aansien geniet, hoewel Murray gemeen het dat Beattie die oorhand het omdat hy 'n gesellige sosiale mens is en bevriend met sulke invloedryke manne soos die sakeman en kollegeweldoener, J. W. Jagger,

en die redakteur van die *Cape Times,* Thomas Maitland Park. Die stryd het nie geheel en al tussen die twee gelê nie, en Thomson se rol in die besprekings is miskien oordryf. Beattie was bepaald die leidende figuur in die Suid-Afrikaanse Kollege ten gunste van 'n doserende universiteit.

Maitland Park was nie die enigste koerantman wat die kollege gesteun het nie. G. A. L. Green van die *Argus* was ook bedrywig en het later as verteenwoordiger van die eksekuteurs van Alfred Beit en sir Julius Wernher in die voorlopige komitee gedien wat eindelik 'n onafhanklike universiteit in Kaapstad tot stand gebring het. Die Victoria-kollege het ook verdere steun ontvang nadat die Nasionale Party se blad *De Burger* in 1915 onder die redakteurskap van D. F. Malan verskyn het.

Die Laurence-kommissie het niks opgelos nie. Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog en die Gewapende Protes het die gedagtes in ander rigtings gestuur. Tog was dit in die eerste volle jaar van die oorlog dat 'n sleutel gevind is om die deur oop te sluit wat die oplossing van die universiteitskwessie belemmer het. J. H. Marais van Coetzenburg sterf in Mei 1915 en laat R200 000 na vir die Victoria-kollege. Ds. C. F. J. Muller, wat in dieselfde jaar oorlede is, het gehoop dat hy op Stellenbosch 'n „echte Hollandsch-Afrikaansche Universiteit" sou sien verrys. Dit het nou uitvoerbaar geword. F. S. Malan het sy rol gespeel om die skenking aan die kollege te verkry. Dit het hom in staat gestel om die wetgewing te laat aanneem wat hy tereg beskou het as sy grootste prestasie as minister van onderwys.

In dieselfde jaar besluit die Suid-Afrikaanse Kollege om die trustees te nader met die voorstel dat die kollege die enigste erfgenaam van die Wernher-Beit-erflating word. Eindelik is 'n ooreenkoms op 'n vergadering in Londen bereik waarop Beit, Jameson, Phillips, Hawksley en Maitland Park, destyds lid van die raad van die Suid-Afrikaanse Kollege en toe op vakansie in Brittanje. In die Volksraadsverkiesing van 1915 het die Suid-Afrikaanse Party met die steun van die Unioniste aan die bewind gebly. Malan kon toe sy wetgewing beplan sonder vrees dat die Nasionaliste maatreëls sou teëstaan wat aan die Victoria-kollege

onafhanklikheid sou gee. En so was dit ook, hoewel Fremantle gemeen het dat Stellenbosch beroof is ten voordele van die Suid-Afrikaanse Kollege, wat toe ingelyf sou word in 'n nuwe Universiteit van Kaapstad.

Vir die kleiner inrigtings het Malan 'n federale universiteit voorgestel, wat die tradisies, die bates, die koninklike oktrooi en die wapen van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop sou erf. Tot sommige se spyt is besluit om die administratiewe setel uit Kaapstad te verplaas. Die vernaamste aanspraakmakers was Bloemfontein, Johannesburg en Pretoria. 'n Meerderheid van die kollegeverteenwoordigers het Johannesburg verkies, maar dié voorstel is verwerp, en Pretoria is uiteindelik gekies. Verskeie name is vir die nuwe inrigting voorgestel. 'n Komitee van die raad van die Kaapse universiteit het die invoeging van die bepaling „Federale" voor die naam aan die hand gedoen. Die senaat van die Suid-Afrikaanse Kollege het òf „Royal University" òf „King George's University" voorgestel. Selfs vir die naam „Malan-universiteit" het daar enkele moedswillige stemme opgegaan. Die uiteindelike keuse, die Universiteit van Suid-Afrika, was vir party 'n bietjie te deftig as naam vir 'n blote versameling van kolleges wat tog later onafhanklik sal word. Die naam was beslis nie na die smaak van die doserende universiteite in Wes-Kaapland nie. Waarom moes 'n inrigting wat na hulle mening hulle mindere is, 'n nasionale naam voer?

Die kolleges wat onder die vleuels van die nuwe universiteit sou kom, was oor die algemeen tevrede met die federale reëling. Vir die kleine Hugenotekollege was dit trouens die enigste moontlikheid, en geen ander was nog sterk genoeg om aan onafhanklikheid te dink nie. Die Natalse Universiteitskollege was spyt oor die mislukking van die ideaal van 'n nasionale universiteit. In Bloemfontein was daar sprake van samesmelting met die Transvaalse Universiteitskollege as voorspel tot groter sentralisasie. Die Pretoriase kollege is deur party beskou as die sterkste lid en het teenoor die federale universiteit 'n posisie beklee wat ooreengekom het met dié wat die Suid-Afrikaanse Kollege so lank in die Kaapse universiteitswese ingeneem het.

Aan die Raad was daar vanselfsprekend min geesdrif vir die universiteitsvoorstelle. Johannesburg het gemeen dat hy onregverdig behandel is, veral aangesien die Suid-Afrikaanse Kollege in Kaapstad alleen die Wernher-Beit-erflating gekry het saam met 'n pragtige stuk grond by Groote Schuur vir toekomstige uitbreiding. Die Mynskool, die Onderwysraad en ander belanghebbende liggame het 'n uiterste poging aangewend om die voorgestelde wetgewing te stuit of om ten minste iets te red uit die puin van die verongelukte groot burgerlike universiteit in die noorde. Verskeie Randse volksraadslede het hulle bes gedoen om Johannesburg se aansprake in die Volksraad te stel. George S. Corstorphine, die hoof van die Mynskool, William Dalrymple van die Onderwysraad en J. W. O'Hara, burgemeester van Johannesburg, het onvermoeid gewerk om openbare steun vir 'n Witwatersrandse universiteit te verkry. Alle pogings het egter op niks uitgeloop nie. Behalwe die rente op die oorspronklike erflating van Alfred Beit het Johannesburg niks uit die geld wat vir universitêre ontwikkeling geskenk is, ontvang nie. Die Suid-Afrikaanse Skool van Mynwese en Tegnologie moes nog eers sy spore verdien voordat hy 'n volwaardige universiteitskollege kon word, nie net 'n tegnologiese instituut nie. Dit het duidelik geword dat die plaaslike publiek self sou moet sorg vir toekomstige ontwikkeling. Die Johannesburgse inrigting het lojaal saamgewerk met die federale universiteit, maar het tegelyk met behulp van 'n Witwatersrandse universiteitskomitee 'n veldtog op tou gesit vir volle universiteitstatus. Die Mynskool het die steun van die stadsraad geniet, wat aan hom die kampus in Milnerpark gegee het.

Wet 12 van 1916, die federale gedeelte van die wetgewende trilogie, was eintlik van die grootste betekenis in die verdere geskiedenis van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop in sy nuwe gedaante. Die Kaapse universiteit het al drie wetsontwerpe in Februarie 1916 bespreek en 'n aantal voorstelle gedoen. Een daarvan, ingedien deur Fremantle, was dat die samestellende kolleges van die federale universiteit die reg moet hê om wetgewing aan die gang te sit om hulle te laat afskei. Die Mynskool in Johannesburg is uitdruklik genoem as 'n kollege wat,

Met WET NR. 12 VAN 1916 het die eerste bedeling van die universiteit tot 'n einde gekom. Die naam is ook verander van Universiteit van de Kaap de Goede Hoop tot Universiteit van Suid-Afrika, en die datum van die oorgang van die oue tot die nuwe is bepaal vir 2 April 1918.

Die samestelling van die universiteit het ook verander; die beheer is nou verdeel in 'n raad en 'n senaat, en daar is ses samestellende kolleges, waarvan die verhouding van elkeen tot die universiteit deur die wet en statute vasgelê is.

Die universiteit sou nou 'n gemeenskaplike onderneming wees waarin die samestellende universiteitskolleges in die senaat seggenskap sou hê, terwyl die universiteit die beherende samevattende faktor sal wees, eksamens reël en die uitslae besorg, asook voorsiening maak vir die eksaminering van eksterne studente.

Tegelykertyd met hierdie wet is twee ander wette aangeneem, waardeur die Victoria-kollege die selfstandige Universiteit van Stellenbosch en die South African College die selfstandige Universiteit van Kaapstad geword het.

*Wet Nr. 12 van 1916*

ZIJ HET BEPAALD door Zijn Majesteit de Koning, de Senaat en de Volksraad van de Unie van Zuid Afrika als volgt:— **Wet No. 12 van 1916.**

INLIJVING EN ZETEL VAN DE UNIVERSITEIT.

**1.** (1) Op een door de Goeverneur-generaal bij proklamatie in de *Staatskoerant* te bepalen dag (hiernagenoemd "de vastgestelde dag") wordt de Universiteit van de Kaap de Goede Hoop, (welke ingelijfd is en bestuurd wordt ingevolge de wetten aangewezen in de Eerste Bijlage tot deze Wet en hierna genoemd wordt "de oude universiteit") een federale universiteit en als zodanig ingelijfd. Universiteit van de Kaap de Goede Hoop wordt, op vastgestelde dag, een federale universiteit en als zodanig ingelijfd.

(2) Deze universiteit (hierna genoemd "de Universiteit") heeft de in deze Wet omschreven bestemming, inrichting, rechten, bevoegdheden, voorrechten en verplichtingen en wordt, behoudens de bepalingen van deze Wet en van andere wetten als de opvolgster erkend van de Universiteit van de Kaap de Goede Hoop.

**2.** De naam van de Universiteit zal zijn "de Universiteit van Zuid Afrika", en haar bestuurszetel wordt gevestigd te Pretoria. Naam en bestuurszetel van de Universiteit.

**3.** (1) De instellingen opgenoemd in de Tweede Bijlage tot deze Wet zijn, behoudens de bepalingen hierna vermeld, samenstellende kolleges van de Universiteit, zullende de verhouding van elk van die kolleges tot de Universiteit door deze Wet en de hierna omschreven statuten bepaald worden. Samenstellende kolleges van de Universiteit.

(2) Niettegenstaande de voorzieningen van deze Wet blijven de wettelike bepalingen van kracht, waarbij zodanige instelling ingelijfd is of bestuurd wordt, zullende zodanige wettelike bepalingen alsmede alle daaronder vastgestelde regels of regulaties worden met inachtneming van de bepalingen van sub-artikel (3) uitgelegd alsof deze Wet niet ingevoerd was.

(3) De bepalingen van deze Wet of van andere wetten beletten de raad van een samenstellend kollege niet, zodanige fakulteiten of afdelingen op te richten als de raad mocht goedvinden: Met dien verstande dat de raad niet zonder de toestemming van de Goeverneur-generaal gelden aan het kollege verleend uit openbare fondsen zal aanwenden voor de instandhouding van een fakulteit of afdeling welke niet opgericht was bij de invoering van deze Wet.

(4) De raad van een samenstellend kollege heeft het recht wetgeving te bevorderen waarbij voorziening gemaakt wordt voor het inlijven van zodanig kollege als een universiteit.

INRICHTING EN BEHEER VAN DE UNIVERSITEIT.

**4.** De Universiteit bestaat uit— Inrichting van de Universiteit.

(*a*) een kanselier;
(*b*) een vice-kanselier;
(*c*) een raad;
(*d*) een senaat;
(*e*) de konvokatie;

indien hy sou verkies, by proklamasie in die Staatskoerant afgeskei kon word van die Universiteit van Suid-Afrika.

Die godsdienstige neutraliteit wat 'n kenmerk van die ou universiteit was, is in die inlywingswette van al drie sy opvolgers behou. Die sogenaamde „gewetensklousule" is egter onder party Afrikaners as beperkend en onchristelik beskou. Sommige van die omstrede kenmerke van die ou eksaminerende inrigting het in die statute en reglement van die federale universiteit verval. Die gemengde graad en die Intermediêre B.A. het verdwyn, so ook die gebruik om grade *ad eundem gradum* toe te ken. Interne kollege-eksaminatore is toegelaat.


Hoewel eksamens in musiek en vir die juniorsertifikaat van die skole die funksie van die federale universiteit gebly het, is ander nie-graadwerk aan nuwe liggame oorgedra, vir wie die Universiteit van Suid-Afrika slegs hulle administratiewe werk gedoen het. 'n Gemeenskaplike matrikulasieraad is ingestel vir die universiteitstoelatingseksamen vir alle Suid-Afrikaanse universiteite. Ook het 'n gemeenskaplike komitee vir beroepseksamens die werk op die terreine oorgeneem waarvoor die Kaapse universiteit voorheen verantwoordelik was. Beurse en ander toekennings is op gelyke voet aan al drie universiteite toegewys met inagneming van besondere bepalings van die donateurs. Houers van sertifikate of diplomas uitgereik deur die ou universiteit, die Mynskool of die voormalige Suid-Afrikaanse Republiek kon as gegradueerdes van die Universiteit van Suid-Afrika erken word, mits hulle kwalifikasies aan die vereiste standaard voldoen. Die konvokasielede van die ou universiteit kon lid word van die konvokasie van hulle keuse.

Private studente, hoewel destyds maar min, is nie vergeet nie, want die toelating van eksterne kandidate tot graadeksamens was nie meer afhanklik van 'n besluit van die universiteit nie maar 'n wetlike verpligting. Party van die private studente het alleen gewerk, maar ander het aan skole of nie-geaffilieerde kolleges gestudeer. Dit was lank al die gebruik dat sekere middelbare skole hulle belowende kandidate inskryf vir die universiteit se hoër eksamens, hoewel die koms van die federale universiteit

hieraan gou 'n einde sou maak. Studente van die Literariese Departement van die Gereformeerde Kerk se seminarie op Potchefstroom sou egter as eksterne studente in die eksamens van die Universiteit van Suid-Afrika beskou word, tensy die seminarie inlywing aanvra en aansoek doen om 'n samestellende lid van die federale universiteit te word. Die beste manier om die heil van hoër onderwys in Potchefstroom te verseker, was reeds die onderwerp van ernstige bespreking aldaar gedurende die laaste jare van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop.

Die bande wat die samestellende kolleges aan hulle federale moeder gebind het, was baie hegter as dié wat die verhouding tussen die kolleges en die eksaminerende universiteit gekenmerk het. Die kolleges maak nou 'n integrerende deel van die federasie uit, waarby professore en departementshoofde 'n wetlik gekonstitueerde senaat uitmaak en waarby een verteenwoordiger uit elke kollege se eie raad en senaat sitting het in die raad van die Universiteit van Suid-Afrika. Die federale universiteit het die reg wat sy voorganger geniet het, behou om 'n verteenwoordiger in die bestuursliggaam van die Hugenotekollege te benoem en het ook voortgegaan om verteenwoordigers te benoem in die raad van die onlangs gestigte Suid-Afrikaanse Naturellekollege. Hierdie kollege was nie lid van die federasie nie en sou etlike jare nog nie werk op universiteitspeil onderneem nie.

Die drie universiteitswette het op 27 April 1916 in werking getree en op die gewone wyse die goedkeuring van die Britse parlement verkry. 'n Statutekommissie is aangestel om die wette ten uitvoer te bring sodat die nuwe universiteite op die bestemde dag, 2 April 1918, met hulle werksaamhede kon begin. Die lede van die kommissie, Melius de Villiers, bygestaan deur Thomson vir die universiteit, Beattie en G. G. Cillié vir die groot Kaapse kolleges en Viljoen vir die kleineres, met Wilfred Murray as sekretaris, het geen gemaklike taak gehad nie. Murray het later aan die ondersekretaris, George Hofmeyr, gesê: „Ek wonder of iemand ooit geweet het wat 'n Augiasstal julle vir ons gegee het om skoon te maak." Die statute is egter betyds opgestel en gewettig by Wysigingswet 9 van 1918. Die geldelike verhoudings



DIE LAASTE VERGADERING van die Universiteit van De Kaap de Goede Hoop is op 15 Maart 1918 gehou, maar reeds op sy vergadering in Februarie is 'n mosie van dank aangeneem aan almal wat in die een of ander kapasiteit aan die universiteit verbonde was sedert 1873. Daar was prof. P.D. Hahn vir meer as 40 jaar; prof. J.I. Marais sedert 1883; dr. F.C. Kolbe en J.R. Whitton was 1885 af; so ook sir John Buchanan en prof. Ritchie sedert 1888 en dr. W. Thomson, raadslid van 1883 af en rigstrateur van 1895 af.

Dit was 'n vergadering waarop gemengde gevoelens geheers het; die lede was dankbaar dat die universiteitswese 'n nuwe beslag gekry het, maar terselfdertyd treurig omdat die oue met al sy stryd en probleme, maar wat tog steeds gevorder het, plek moes maak vir 'n nuwe, miskien hoopvolle, maar onseker bedeling.

Die volgende dag is die laaste gradeplegtigheid van die Universiteit van De Kaap de Goede Hoop gehou waar die vise-kanselier, regter M.W. Searle, die geleentheidstoespraak gelewer het:

"Exit the old; enter the new."

Laaste Raad van die Universiteit van De Kaap De Goede Hoop – 1918

*Agter (l. na r.): Dr G.S. Corstophine, dr. A.I. Perold, eerw. A.P. Bender, D.J. Ackermann, C. Murray, dr. G.G. Cillié, dr. W.A. Macfadyen, ds. N.J. Brümmer, dr. S. Schonland, dr. C.F. Juritz, dr. W. Thomson (registrateur), eerw. dr. W. Flint.*

*Middel (l. na r.): J.R. Whitton, J.E. Adamson, W. Ritchie, J.T. Morrison, regter M.W. Searle, eerw. dr. F.C. Kolbe, sir John Buchanan, dr. J.C. Beattie, dr. J.I. Marais, regter J.G. Kotzé.*

*Voor (l. na r.): Eerw. J.M. Russel, ds. D.G. Malan, W.G.R. Murray (asst.-registrateur), eerw. dr. L. Sormany, sir W. Bisset Berry, dr. P.D. Hahn, dr. W.J. Viljoen, ds. A. Moorrees, sir John Wessels, dr. A. Ogg, dr. S.G. Campbell, A.H. Mackenzie, dr. L. Crawford, dr. J.W. Bews.*

MALCOLM WILLIAM SEARLE is op 7 Desember 1855 te Blackheath, Engeland, gebore en kom vyf jaar later met sy ouers na Suid-Afrika. Hy is agt jaar aan die Diocesan College, Rondebosch, slaag in die Third-class Certificate in Literature and Science in 1872, matrikulasie in 1874 en B.A. in 1875 en verwerf 'n beurs. Die volgende jaar gaan hy na Cambridge, waar hy Wiskunde en Regte kombineer. Hy kry ook by die Inner Temple, Londen, toelating. In 1880 verwerf hy 'n tweedeklas-tripos in Wiskunde en die daaropvolgende jaar 'n tweedeklas-tripos in die Regte (LL.B.).

Hy studeer nog 'n jaar in Londen en word in 1882 tot die Engelse balie toegelaat. Hy kom egter onmiddellik terug na Suid-Afrika, waar hy 28 jaar as advokaat praktiseer.

In die beginjare is werk min, en Searle hou hom besig met die samestelling en redaksionele versorging van die eerste 5 dele van die *Law Reports;* later ook van die *Digest of Cases.*

Hy neem periodiek waar as regter in 1894 en 1895 en ook in 1902 in die hooggeregshof, Kaapstad. In 1910 is hy junior regter in die provinsiale afdeling en in 1915 is hy lid van die hof wat die hoogverraadsake van die rebellie verhoor. Nog later word hy regter-president van die Kaapse provinsiale afdeling.

Searle stel geweldig belang in die opvoeding en word raadslid in 1897 en bly dit tot 1918, die laaste twee jaar as vise-kanselier.

Hy sterf in 'n treinongeluk op Soutrivier, Kaapstad, op 9 Junie 1926.

*S.Ed. Regter Malcolm William Searle, Kt, B.A., B.A. (Kaapstad en Cantab.), LL.B., K.C.*
*Raadslid 1897–1918*
*Mede-vise-kanselier 1915–1916*
*Vise-kanselier 1916–1918*



tussen die staat en die universiteite en universiteitskolleges is reeds die vorige jaar by Wet 20 gereël.

Malan het oor alle hindernisse getriomfeer, en die erflating is eindelik gewen, al was almal nie tevrede met die finale besteding daarvan nie. By die promosieplegtigheid in 1917 het 'n dankbare Kaapse universiteit 'n eredoktorsgraad in die regte aan Malan verleen as blyk van erkenning van sy prestasie. Die universiteit sou voortbestaan, soos die vise-kanselier, Searle, by die laaste promosieplegtigheid in Kaapstad die volgende jaar gesê het, maar die einde van 'n tydvak het gekom. Die gebou in Kaapstad waarvoor sir John Buchanan so hard geywer het, is aan die Suid-Afrikaanse Kollege verhuur. Selfs nog voor die kollege in die Universiteit van Kaapstad opgegaan het, het die gebou al uit sy nate begin bars. Daar het 'n besoeker teen die einde van Maart 1918 'n geskiedenisklas in „een zijzaaltje" aan die gang gevind, en „in de groote zaal beneden, met plek voor omtrent 300 mensen vond ik in een hoekje een professor met 4 of 5 mannetjes bezig". Die Kaapse universiteit se hoofgebou, lank die boerplek van eksaminatore en komiteemanne, het eindelik 'n plek van onderrig geword.

Die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop het wel tot na sy nuttige lewe bly voortbestaan, maar sy bydrae tot bevordering van die hoër onderwys in Suid-Afrika was aanmerklik. Dit was 'n onpartydige regbank om die intellektuele bekwaamheid van duisende jong manne en vroue in Kaapland en buite die grense van die kolonie te toets. Sy studiekursusse en eksamens het baie gedoen om universiteitskolleges oor die hele land te bevoordeel. Die nuwe doserende universiteite in Kaapstad en Stellenbosch was verseker van hulle toekoms. Sou dieselfde gesê kon word van die federale Universiteit van Suid-Afrika? Hoe lank sou sy lede tevrede wees onder sy vlerke? Daar was baie mense wat min geglo het aan 'n federale organisasie as permanente oplossing van die universiteitsprobleem. Dit het nie die ideale tipe universiteit voortgebring nie, soos *Ons Land* dit gestel het. Sou die Universiteit van Suid-Afrika dus niks meer wees as 'n tydelike proefneming in die verdere ontwikkeling van die hoër onderwys in Suid-Afrika nie? Die toekoms sou leer.

# 6 *Die federale universiteit*

Die Universiteit van Suid-Afrika het op die Dinsdag na die Paasvakansie in 1918 stilweg oorgeneem by sy voorganger. Die bietjie viering van die koms van die heuglike dag het by die samestellende kolleges plaasgevind, want daar was origens min rede vir vreugdebetoon. Die Eerste Wêreldoorlog was diep in sy vierde jaar en die vrede na alle waarskynlikheid ver in die verskiet. Die Duitse lente-offensief het maar stadig tot stilstand gekom aan die Westerfront.

Die universiteit se nuwe administratiewe setel was minder indrukwekkend as dié van die ou inrigting in Kaapstad. Die universiteit het kantore in Somersethuis, in Vermeulenstraat, Pretoria, van die sakeman en weldoener, Charles W. Maggs, gehuur. Daar was darem genoeg voorsiening vir die registrateur, Thomson, en sy assistente, Charles Cameron Grant, Harold M. Harradine en Margaret R. Gordon. Hierdie vier het van die Kaapse universiteit af oorgekom na Transvaal om die opvolger van die ou universiteit te dien. Die eerste vise-kanselier, W.J. Viljoen, en sy adjunk, J. E. Adamson, het die gehuurde kantore bloot as noodhulp beskou en gehoop dat die universiteit spoedig in 'n geskikte gebou, met 'n saal wat groot genoeg is vir die jaarlikse promosieplegtigheid, gehuisves sou wees. Maar die Universiteit van Suid-Afrika het meer as 'n kwart eeu in Somersethuis gebly.

Hoewel die universiteit in 'n betreklik onbeduidende gebou begin het, was sy raad van die begin af ruim verteenwoordigend van alle belange op die gebied van die hoër onderwys in die hele

## SOMERSETHUIS

Die nuwe universiteit sou in Pretoria gesetel wees, en die gerieflike universiteitsgebou in Kaapstad, wat 'n tyd lank aan die pasgestigte Universiteit van Kaapstad verhuur sou word, moes ontruim word.

Die personeel wat wou saamkom, is met behoud van salaris oorgeplaas van Kaapstad af, met 'n klein plaaslike toelae soos in die geval van staatsamptenare.


In Pretoria is daar ingetrek in 'n paar gehuurde kantore in Somersethuis in Vermeulenstraat. Ruimte was beperk, en daar was nie eers 'n saal soos in Kaapstad waar promosieplegtighede gehou kon word nie. Die personeel het gevoel dit was eintlik 'n vernedering om van 'n eie gebou na 'n paar gehuurde kantore te kom.

Mettertyd is meer kantore bygehuur, maar gradedae moes elders gehou word. Tot 1949 was die registrateur en sy personeel in hierdie gebou gevestig.

*Somersethuis waarin die eerste kantore van die Universiteit van Suid-Afrika was*



*Somersethuis*



*Die hoofingang*

land, ja selfs buite die land, want Suid-Rhodesië het besluit om deel te neem aan die beraadslagings van die eerste raad. Veel later, in 1944, het die mandaatgebied Suidwes-Afrika gevolg. Die bestuursliggaam was kleiner as dié van die Kaapse universiteit in sy laaste jare. Behalwe die lede wat die raad en die senaat van elke kollege benoem het, is agt lede deur die goewerneur-generaal aangestel en vier deur die konvokasie gekies. Die professorale element in die raad was sterk, want nie alleen het die samestellende kolleges dosente benoem nie, maar die konvokasie het nog steeds volgens die „ticket"-stelsel voorkeur gegee aan kollegeprofessore as hulle verteenwoordigers. Onder die groot getal wat sitting geneem het as benoemdes van die kolleges of die konvokasie tot 1946 was daar R. B. Denison en die Orkney-plantkundige, J. W. Bews, van Natal, A. Stanley Kidd van die Rhodesuniversiteitskollege en D. F. Malherbe van Bloemfontein, die eerste professor van Afrikaans in Suid-Afrika.

Die het gebruik geword om die hoofde van die provinsiale onderwysdepartemente ampshalwe op die goewerneur-generaal se lys aan te stel. Daardeur het die Universiteit van Suid-Afrika die dienste verkry van 'n aantal manne met aanmerklike administratiewe ondervinding. Onder hulle was Viljoen van die Vrystaat en Kaapland, Adamson en Hoogenhout van Transvaal, Hugh Bryan en F. D. Hugo van Natal, S. H. Pellissier van Bloemfontein en die Kaapse superintendent-generaal van onderwys, W. de Vos Malan. Van 1932 tot 1934 is S. P. E. Boshoff, as direkteur van onderwys in Pretoria, lid van die raad.

Suid-Rhodesië en Suidwes-Afrika is ook verteenwoordig deur die hoofde van hulle onderwysdepartemente. L. M. Foggin, aangestel in 1918, was baie jare lank die Rhodesiese lid. W. Orban was Suidwes-Afrika se eerste lid. Hierdie verteenwoordiging van lande buite die Unie het tot 1954 geduur.

Baie lede van die raad het 'n lang verbintenis met die universiteit gehad. Twee kollegeraadsafgevaardigdes, die Katolieke kerkman uit Natal, eerw. Leo Sormany, en die verteenwoordiger van die Hugenotekollege, eerw. William Flint, was onder dié wat vroeër die ou eksaminerende universiteit in Kaapstad gedien

het. Twee ander kollegeraadslede, W. P. Bond van Grahamstad en ds. H. J. R. du Plessis van Potchefstroom, het jare lank in die federale raad gedien, so ook die Engelsman, Percival Carleton Gane, later regter van die hooggeregshof, wat by aparte geleenthede deur die raad van die Rhodes-universiteitskollege en deur die konvokasie gekies is. Ferdinand Postma van Potchefstroom, 'n kragtige steunpilaar gedurende die hele federale tyd, het in 1919 lid van die raad geword.

William Thomson (later sir), wat in 1922 afgetree het as registrateur en later prinsipaal van die Universiteit van die Witwatersrand geword het, is in 1924 deur die goewerneur-generaal as lid van die raad aangewys. Hy het tot aan sy dood in 1947 gedien en so langer as sestig jaar 'n byna ononderbroke verbintenis met die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop en die Universiteit van Suid-Afrika gehandhaaf. A. J. R. van Rhijn van *Die Volksblad* in Bloemfontein, volksraadslid en later die Unie se hoëkommissaris in Londen, was nog 'n lid wat die raad lank gedien het, so ook sy mede-Afrikaner, die kultuurleier P. C. Schoonees. Albei is deur die goewerneur-generaal aangestel, asook A. A. Roberts, later die Unie se diplomatieke verteenwoordiger in Kanada. Roberts, net soos M. C. Botha vroeër, was raadslid en tegelyk sekretaris van onderwys. Hierdie skakeling met 'n staatsdepartement was egter uitsonderlik. Botha, Roberts en Van Rhijn is al drie as vise-kanselier gekies, Van Rhijn vir twee opvolgende termyne in 1948 en 1950.

Twee manne wat elkeen die eerste prinsipaal van onafhanklike universiteite geword het, is in die federale tyd wat in 1951 geëindig het, as raadslede van die Universiteit van Suid-Afrika aangestel. Hulle was H. van der Merwe Scholtz van die Bloemfonteinse kollege en E. G. Malherbe van Natal. Scholtz het in 1944 raadslid geword en Malherbe die volgende jaar. Albei sou ook verbonde wees aan die Universiteit van Suid-Afrika in 'n nuwe gedaante. Die vader van die wetgewing van 1916, F. S. Malan, was ook etlike jare raadslid. Hy het 'n kort termyn in 1932 gedien toe hy as direkteur van onderwys in Transvaal waargeneem het en weer van 1936 tot 1940 as verteenwoordiger van die raad



WILLEM JACOBUS VILJOEN is op 5 Oktober 1869 te Richmond, Kaapprovinsie, gebore waar hy die laerskool deurloop; dan na Stellenbosch en Kaapstad. Hy matrikuleer in 1887 en behaal die B.A. in 1890. Hierna studeer hy aan die universiteite in Amsterdam, Leiden en Strassburg. By laasgenoemde universiteit verwerf hy die doktorsgraad in Wysbegeerte.

In 1894 kry hy 'n aanstelling as hoogleraar in Geskiedenis en Moderne Tale aan die Victoria-kollege, waar hy vir baie jare 'n groot rol speel en waar baie invloed van hom uitgegaan het, want hy het die opvoeding 'n lewenstaak gemaak.

In 1910 word hy direkteur van onderwys in die Oranje-Vrystaat. Hy was 'n pleitbesorger vir die vereenvoudigde skryftaal in Hollands en was teen Afrikaans, en dit juis in 'n tyd van groot stryd en opwinding oor die tweetaligheidswet.

In 1918 word Viljoen superintendent-generaal van onderwys in die Kaapprovinsie – die eerste Afrikaner om dié pos te beklee.

In 1923 ontvang hy 'n ere-doktorsgraad in Siviele Reg van die Universiteit van Oxford. Hy skryf 'n hele aantal boeke, waaronder 'n Afrikaanse vertaling van *Jock of the Bushveld*.

Hy is lid van die Raad van 1897 af tot sy dood toe. In 1918 word hy die eerste vise-kanselier van die nuwe bedeling en bly dit tot 1922.

Willem Jacobus Viljoen is in Seepunt, Kaapstad, op 19 Julie 1929 oorlede.

*Prof. Willem Jacobus Viljoen, M.A., Phil.D., D.C.L. (h.c.)*
*Raadslid 1897–1929*
*Mede- en adjunk-vise-kanselier 1916–1918; 1922–1926*
*Vise-kanselier 1918–1922*
*(Foto: Universiteit van Stellenbosch)*

van die Hugenotekollege. In 1936 word hy vise-kanselier as opvolger van F. D. Hugo.

Die kanselier van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop, die hertog van Connaught en Strathearn, het ingewillig om die federale universiteit te dien. Na sy dood in 1942 is die eerste Suid-Afrikaanse kanselier, Nicolaas Johannes de Wet, aangestel. Van Rhijn en drie ander het opeenvolgende ampstermyne van twee jaar as vise-kanselier uitgedien. Hulle was W. J. Viljoen, sy opvolger in 1922, J. E. Adamson, en Ferdinand Postma, wat vise-kanselier was van 1940 tot 1944. Die vise-kanselier van 1930 tot 1932, N. M. Hoogenhout, het in die tuig gesterf.

Van 1918 af het vroue vir die eerste keer begin deelneem aan die bestuur van die universiteit. Ethel M. Doidge van die Departement van Landbou is in 1940 as lid van die eerste raad deur die goewerneur-generaal aangestel. Die Hugenotekollege kies Marjorie A. Malan, die vrou van die sittende Kaapse superintendent-generaal van onderwys, as verteenwoordiger. Hugenotekollege het goeie diens van sy vroueprofessore gehad. Onder dié wat lid geword het van die raad van die federale universiteit was die Amerikaanse vroue Bertha Stoneman en Florence M. Snell en die Afrikaanssprekende hoof, Anna J. D. de Villiers.

Die registrateur was ook sekretaris van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad, die Gemeenskaplike Komitee vir Beroepseksamens en later van die Carnegie Corporation Visitors' Grantskomitee en die Voortrekkermonumentfonds. Hy was ook sekretaris van die konvokasie. Hierdie liggaam het, vir sover dit sy jaarlikse vergaderings betref, gaandeweg 'n blote aanhangsel van die professorale senaat en 'n ondoeltreffende adviesliggaam geword. Hy het nog tot 1930 elke jaar vergader, 'n president vir die jaar gekies en af en toe sy mening uitgespreek oor sake van belang vir die universiteit. Die eerste president was B.A. Tindall, voorbestem vir 'n hoë regterlike amp. Latere presidente was o.a. sir George Cory en H. T. Reinink, van wie albei twee opvolgende jare in amp was. Na die verkiesing van S. H. Pellissier as president in 1930 is slegs een maal 'n kworum gevind vir die jaarvergadering. By die geleentheid is professor emeritus Adriaan Francken van

die Bloemfonteinse kollege gekies om die presidentsamp, wat toe vakant was, vir die komende jaar te beklee.

Die konvokasie het egter voortgegaan om raadslede per posstem te kies en kon ook opgeroep word om die universiteit se kanselier op dieselfde wyse te kies. In 1942 is een van die bitterste verkiesings in verband met die vier setels in die vyfde raad gehou. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog, soos ook in die Eerste, was Suid-Afrika 'n verdeelde land.

'n Mens kon duidelik die verskillende politieke rigtings in die kandidaatlyste bespeur. Een groep, wat die steun òf van die militante Ossewa-Brandwag òf van die eksklusiewe Afrikaner-Broederbond sou geniet het, het bestaan uit twee sittende raadslede, professor W. F. C. Arndt van Bloemfontein en die vorige eerste minister se seun, dr. Albert Hertzog, dr. Nicolaas Diederichs, enkele jare dosent aan die Vrystaatse kollege, en professor J. C. van Rooy van Potchefstroom. Teenoor hulle het 'n ander groep toegetree wat blykbaar die steun van die Verenigde Party gehad het. Hulle was die Transvaalse kandidaat T. P.C. Boezaart, Alexander Kerr van Fort Hare in Kaapland en twee vroeëre Rhodes-studente, Leif Egeland van Natal en I. S. Fourie van die Oranje-Vrystaat. Fourie het toe pas die Bloemfonteinse kollege in die universiteitsraad verteenwoordig. Arndt is deur die senaat van sy kollege gekies, maar die lys waarop sy naam as konvokasiekandidaat verskyn het, het die onderspit gedelf teen die opponerende lys. Egeland en Kerr het 'n gelyke getal stemme getrek bo-aan die stemming. Kort op hulle hakke het Fourie en Boezaart gevolg.

Die hartstogte wat hierdie stryd opgewek het, het die vrees laat ontstaan dat die aanstaande verkiesing van 'n nuwe kanselier net soveel bitterheid sal oplewer. 'n Spesiale oorlogsmaatreël van 1941 het reeds die vergadering van die konvokasie in dié jaar afgelas ter wille van besparing. Twee jaar later is die statute so gewysig dat die vise-kanselier as president van die konvokasie kon optree, en in dieselfde jaar is wetgewing ingedien wat aan die raad die bevoegdheid verleen het om die kanselier te kies. So is die konvokasie se mag ingekort en 'n moontlike krisis afge-

NICOLAAS MARAIS HOOGENHOUT is op 9 Januarie 1876 te Wellington, Kaapprovinsie, gebore as oudste seun van C.P. Hoogenhout, een van die leiers van die Eerste Taalbeweging, in wie se skool op Groenberg hy sy laerskoolopleiding ontvang. Hy matrikuleer in 1894 op Wellington, behaal in 1897 die B.A. en in 1899 die M.A. aan Victoriakollege en gaan dan na Strassbourg waar hy in 1902 die D.Phil. verwerf.

Na sy terugkeer in Suid-Afrika gee hy 'n tyd lank onderwys, word onderhoof van die Pretoriase Normaalkollege in 1908 en is van 1922 tot 1928 hoof van die inrigting.

Hy is later terselfdertyd dosent aan die Transvaalse Universiteitskollege en ook rektor daarvan van 1925 tot 1927. In 1928 word hy direkteur van onderwys in Transvaal tot sy dood in 1932.

Benewens etlike boeke verskyn daar talle bydraes van hom in *Het Christelik Schoolblad*. Hy stel intens belang in onderwyssake en het as onderwysman en kultuurleier sy stempel veral in die Transvaalse onderwyswêreld afgedruk.

Hy is lid van die universiteitsraad van 1925 tot 1927 en weer van 1928 af tot 1932. Hy word vise-kanselier in 1931, maar het nie geleef om 'n termyn uit te dien nie.

Hy is op 9 Februarie 1932 te Pretoria in die ouderdom van 56 jaar oorlede.

*Dr. Nicolaas Marais Hoogenhout, M.A., D.Phil.*
*Raadslid 1925–1927; 1928–1932*
*Vise-kanselier 1930–1932*
*(Foto: Universiteit van Pretoria)*



weer. Die konvokasie het darem die voorreg behou om raadslede te kies, hoewel min lede van hulle posstemreg gebruik gemaak het. Hierdie toestand kon later moeilikheid meebring vir 'n universiteit met 'n raad wat geheel en al blank is, want reeds teen 1942 het nie-blanke konvokasielede hulle laat nomineer as kandidate vir sitting in die raad.

Die samestelling van 'n universiteitsenaat uit professore en departementshoofde was 'n afwyking van die gebruik by die ou Kaapse universiteit. Onder leiding van die senaat het daar 'n fakulteitstelsel ontstaan om die werk van die kolleges te koördineer. Die eerste voorsitter van die senaat was George Corstorphine van die Mynskool. Onder sy opvolgers was daar Paterson van die Transvaalse Universiteitskollege, Bews van Natal, Postma van Potchefstroom, T. F. Dreyer van die Vrystaatse kollege en J. Smeath Thomas van Rhodes-universiteitskollege.

Die fakulteit Veeartsenykunde, met sir Arnold Theiler as eerste dekaan, en die fakulteit Landbou onder J. M. Hector en J. C. Ross, het net te doen gehad met studie aan die Transvaalse Universiteitskollege. Die fakulteit Geneeskunde, in 1920 gestig onder E. P. Stibbe as dekaan, was beperk tot die Mynskool, later verdoop tot die Universiteitskollege van Johannesburg. Die fakulteit Opvoedkunde het eers in 1927 tot stand gekom. Sir John Adamson, toe hoof van Rhodes, was die eerste dekaan. Een van sy opvolgers was die uitnemende opvoedkundige J. Chris Coetzee van Potchefstroom. Met een kort onderbreking was daar tot 1949 'n aktiewe fakulteit Ingenieurswese. Uit die Mynskool het die eerste dekaan, John Orr, voortgekom, maar baie jare lank was die Natalse Universiteitskollege die enigste kollege wat op hierdie terrein onderrig gegee het. Sy professore, H. Clark en J.H. Neal, het lank om die beurt as dekaan opgetree. 'n Fakulteit Sosiale Wetenskappe is in 1944 onder J. de W. Keyter van Bloemfontein ingestel.

Die huidige fakulteite Lettere, Handel en Administrasie, Regte en Natuurwetenskappe dateer uit die begin van die Universiteit van Suid-Afrika. Reinink van die Transvaalse Universiteitskollege was die eerste dekaan van die fakulteit Lettere; onder die ander

was Postma, Scholtz en die Potchefstroomse historikus A. J. H. van der Walt. In die fakulteit Handel, waarvan J. Findlay van die Mynskool die eerste dekaan was, het J. E. Holloway en E. H. Brookes van die Transvaalse Universiteitskollege in die vroeë jare 'n belangrike rol gespeel. In 1927 word Orlando Oldham van Natal dekaan en bly in amp tot 1937. Hy was weer dekaan van 1942 tot 1944. Die eerste dekaan van die fakulteit Regte was W. Pittman van die Transvaalse Universiteitskollege. Later het F. B. Burchell van Natal en C. P. Brink van Bloemfontein lank as dekaan gedien. Alexander Ogg van die Mynskool het in 1918 die eerste dekaan van die fakulteit Natuurwetenskappe geword. Onder sy opvolgers was Bews van Natal, W. F. Barker van Rhodes en W. H. Logeman van Bloemfontein.

Twee raadskomitees was verantwoordelik vir die skool- en die musiekeksamens van die universiteit. Al twee hierdie byfunksies het genoeg moeilikheid opgelewer. 'n Beweging weg van universiteitsbeheer oor skooleksamens het al vroeg ontstaan. Teen 1933 het net die staats- of provinsiale skole van Natal, Swaziland en Suidwes-Afrika nog kandidate vir die universiteit se juniorsertifikaateksamen opgestuur. Die ander provinsies het toe al hulle eie eksamenreëlings getref. Baie private skole het die eksamens van die universiteit egter nuttig gevind, o.a. die skole van die Rooms-Katolieke Kerk. Die eis om verteenwoordiging van groepe skole deur assessorlede in die raadskomitee is al hoe sterker gestel, en eindelik het die universiteit in 1934 daartoe ingestem met sekere kwalifikasies. In daardie jaar is R. F. Currey, die rektor van Michaelhouse en verteenwoordiger van die „Konferensieskole", en F. C. McManus van die Christian Brothers' College in Kimberley, die genomineerde van die Katolieke groep, as assessorlede gekies.

Die musiekeksamens het baie moeilikheid veroorsaak. Die Universiteit van Suid-Afrika was in 'n ongemaklike posisie. Hy moes die Associated Board in Londen sowel as die musiekprofessie en die Suid-Afrikaanse publiek tevrede stel. Die musiekkomitee van die raad was nie verteenwoordigend van die hele professie nie. Die regsgeleerde en geskiedkundige, Manfred Nathan, vertel van

JOHN ERNEST ADAMSON is op 11 Januarie 1867 te Wakefield, Yorkshire, Engeland, gebore. Hy kry sy laerskoolopleiding aan die St. Michael's Primary School, sy onderwysersopleiding aan St. Mark's College in Londen, en voltooi sy studies in 1890. Hy behaal die M.A. in Wysbegeerte van die Universiteit van Londen in 1901 en die doktorsgraad van dieselfde universiteit in 1921.

Hy begin sy onderwysloopbaan aan die South Wales Training College, Carmarthen.

In 1902 aanvaar hy die aanstelling as hoof van die Pretoriase Normaalkollege en drie jaar later die aanstelling as direkteur van onderwys in Transvaal. Hy behou die pos tot 1924.

As opvoedkundige dra hy oneindig baie by tot die ontwikkeling van die onderwys in al sy vertakkinge. Hy neem 'n leidende aandeel in alle skoolsake en laat baie geskrifte oor die onderwys die lig sien. Vir sy groot en waardevolle bydrae en dienste aan die opvoeding kry hy die C.M.G. in 1923 en word in 1924 tot ridder geslaan.

Na sy aftrede as direkteur van onderwys word hy die eerste prinsipaal van Rhodes-universiteitskollege, waar hy ook weer opvoedkunde doseer tot in 1930. Na hierdie datum dien hy nog as voorsitter van verskeie komitees rakende universiteitskolleges en onderwysaangeleenthede.

Hy is lid van die raad van die universiteit met 'n kort onderbreking van 1906 tot 1930, en vise-kanselier van 1922 tot 1926.

Hy is op 26 April 1950 te Muizenberg, Kaapstad, oorlede.

*Sir John Ernest Adamson, Kt., M.A., D.Litt., C.M.G.*
*Raadslid 1906–1909; 1909–1930*
*Dekaan Fakulteit Opvoedkunde 1927–1929*
*Adjuk-vise-kanselier 1918–1920; 1921–1922*
*Vise-kanselier 1922–1926*


Studios
Pretoria

sy rol in die beraadslagings tussen 1924 en 1930. „Ek was lid van die musiekkomitee," skryf hy in sy outobiografie. „Die ander lede het my blykbaar heeltemal ten onregte as 'n gesaghebbende beskou, maar hulle kon my ewe goed in die finansieskomitee aangestel het." Toe Percival R. Kirby en Theophil Wendt in 1923 probeer het om die werk van kandidate met 'n gestrengheid te beoordeel wat tevore onbekend was, het daar ontsteltenis in die musiekwêreld uitgebreek. Die aanstelling van plaaslike eksaminatore in die musiekteorie was die begin van die wegbreek van die Associated Board. Die Engelse eksaminatore is gekritiseer weens hulle onvermoë in Afrikaanssprekende streke. Die Associated Board wou egter geen ander eise aan eksaminatore stel as musikale en professionele bekwaamheid nie. Hierteenoor was daar 'n mate van vooroordeel ten gunste van die ingevoerde eksaminatore. In die jare dertig het die universiteit nietemin begin om Suid-Afrikaners vir die praktiese sowel as die teoretiese vraestelle te gebruik. Die verhouding met die Associated Board het gaandeweg versleg en selfs voor die Tweede Wêreldoorlog was daar sprake van 'n totale verbreking van die bande, wat toe darem eers in 1945 plaasgevind het.

Ongetwyfeld het hierdie bykomende werk van die universiteit vir hom geldelik baie beteken. 'n Latere registrateur, Langham Murray, het ten minste by een geleentheid gesê dat die geld wat die kandidate vir die eksamens van die universiteit betaal het, die universiteit in krisistye aan die gang gehou het. Geldsorge het die universiteit inderdaad lank gekwel. Die staatstoekenning in die eerste jare was wel ruim genoeg. Die universiteit het oor die R8 000 per jaar tussen 1919 en 1923 ontvang en byna R17 000 in 1925. In 1930 was die bewilliging nagenoeg R6 000, maar van toe af het die bedrag geleidelik begin krimp gedurende die depressiejare totdat die staatsubsidie in 1933 'n powere R500 was, d.w.s. 'n bietjie meer as wat die Universiteit van Suid-Afrika van die regering van Suid-Rhodesië ontvang het en slegs een sesde van die bedrag wat die Kaapse regering aan die destydse eksaminerende universiteit in 1873 gegee het. Geen wonder dat 'n bekommerde afvaardiging bestaande uit die vise-kanselier

Pellissier, Charles C. Grant, Thomson se opvolger as registrateur, en die voorsitter van die raad se finansieskomitee, A. A. Roberts, sy opwagting by Jan Hofmeyr, die nuwe minister van onderwys, gemaak het nie. Die toestand het 'n bietjie verbeter met die uitvoering van die aanbevelings van die departementele komitee onder Adamson.

In 1934 en enige jare daarna ontvang die Universiteit van Suid-Afrika R2 000 per jaar, hoewel daar weer 'n insinking tot R1 000 in 1937 kom. In die laaste jare van die Tweede Wêreldoorlog het sake minder benard geword. In 1946 ontvang die universiteit darem 'n staatstoekenning van oor die R7 000.

Toe die depressie op sy ergste was, het daar darem 'n bietjie verligting gekom deur die verkoop van die universiteitsgebou in Koningin Victoriastraat, Kaapstad. Die bygebou, Poplar Lodge, was beset deur 'n plaaslike universiteitsverteenwoordiger, terwyl die hoofgebou af en toe vir konferensies gebruik is, maar teen die middel van die jare twintig het die Universiteit van Kaapstad voorgestel om die huur op te sê, en toe het dit begin lyk of die eiendom 'n geldelike las gaan word. Voordat aan verkoop gedink kon word, moes die gevoelens van die oorspronklike skenkers in ag geneem word, en in dié opsig was sir John Buchanan en H. W. Baumgarten kragtige pleitbesorgers. Verder moes die Universiteit van Suid-Afrika rekening hou met 'n bepaling dat die geboue uitsluitend vir onderwysdoeleindes gebruik mag word. Na baie bespreking is wetgewing ingedien om die universiteit in staat te stel om die geboue vir R90 000 te verkoop. 'n Herdenkingsbeurs, die Hiddingh-Currie, is toe ingestel om die skenkers se verteenwoordigers tevrede te stel. Van 1932 af is die geboue gebruik om die Kaapse provinsiale argief te huisves. Na aftrek van alle verpligtings het die universiteit iets meer as R70 000 ontvang, wat heelwat onder die munisipale waardasie was.

As federale inrigting was die Universiteit van Suid-Afrika bestem om 'n betekenisvolle rol in die ontwikkeling van die hoër onderwys te speel. Die universiteit het begin as die moeder van ses klein samestellende kolleges, nog te klein destyds om op eie



CHARLES CAMERON GRANT is op 15 Julie 1873 te Glenlivet, Banffshire, Skotland, gebore. Na sy opleiding aan die Keith High School, gaan hy na die Universiteit van Aberdeen, waar hy die M.A.-graad verwerf.

Onmiddellik na die Anglo-Boere-oorlog kom hy na Suid-Afrika en word in 1903 onderwyser op Winburg. Gesien die bitterheid tussen die Engels- en Afrikaanssprekendes destyds, sê dit baie vir Grant dat hy so bemind geword het dat daar hewige protes aangeteken is toe hy 'n jaar later na die Administrasie in Bloemfontein verplaas is. Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog is hy sekretaris van die onderwysdepartement van die Oranje-Vrystaat, sluit aan by die leër en doen diens in Suidwes-Afrika en Oos-Afrika en vorder tot kapteinsrang.

In Januarie 1918 word hy aangestel as assistent-registrateur en word registrateur in 1923 na die uittrede van Thomson. Die personeel moes heelwat aanpassings doen, want Thomson was baie gesteld op korrekte standaarde ten opsigte van klere, gedrag, verhoudings en selfs rook in die kantoor. Grant was minder begaan oor die sogenaamde „siviele diens"-standaarde. Met die nuwe bedeling van die universiteit is die invloed van die registrateur minder merkbaar in die registers en notule, anders as wat die geval was met sy voorgangers.

Hy is op 19 Augustus 1949 te Kaapstad oorlede.

*Charles Cameron Grant, M.A., M.B.E.*
*Registrateur 1923–1934*

DIE UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA EN DIE SAMESTELLENDE UNIVERSITEITS-KOLLEGES:

Die nuwe bedeling van die universiteit het op 2 April 1918 in werking getree. Daar was ses sulke kolleges by die universiteit geïnkorporeer:

Grey-universiteitskollege, Bloemfontein (van 1935 af bekend as die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat)

Hugenote-kollege, Wellington (sedert 1920 Hugenote-universiteitskollege)

Natalse Universiteitskollege, Pietermaritzburg (sedert 1931 ook in Durban)

Rhodes-universiteitskollege, Grahamstad

Transvaalse Universiteitskollege, Pretoria

Suid-Afrikaanse Skool vir Mynwese en Ingenieurswetenskap (van 1920 Universiteitskollege, Johannesburg)

Die Potchefstroomse Universiteitskollege is in 1921 ook tot 'n samestellende kollege gemaak, maar is sedert 1933 weer bekend as die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys

Almal behalwe die Hugenote-universiteitskollege het tot selfstandige universiteite ontwikkel.

*Saamgestelde wapens van die universiteit en kolleges wat tot selfstandige universiteite ontwikkel het met datums van onafhanklikheidswording*


SPES BONA
1916
Pectora roborant cultus recti
1916
SCIENTIA ET LABORE
1922
DESTINATUM PERSEQUOR
1930
SPES IN ARDUIS
STELLA·AURORAE
1949
DEO SAPIENTIAE LUX
1950
VIS·VIRTUS·VERITAS
1951
1951

bene te staan, al het H. E. S. Fremantle ook gepleit vir hulle onafhanklike status. Aan die einde van 1918 was die Pretoriase kollege die grootste, met oor die 250 studente, maar die naburige Mynskool in Johannesburg het toe al 179 studente gehad en was vinnig besig om hom in te haal. Rhodes en Grey het toe nog nie 150 gehaal nie, die Natalse kollege het maar 86 gehad en die Hugenotekollege 'n luttele 56, van wie 8 mans was. Die federasie het met ligte hand oor die kolleges geregeer, want daar was geen beheer oor die interne kollegesake of selfs oor die aanstelling van personeel nie.

Die Johannesburgse kollege het vinnig na onafhanklikheid beweeg onder die leiding van Jan Hofmeyr, wat prinsipaal geword het na die dood van Corstorphine in 1919. Teen 1921 was daar al byna 900 studente. Dit was 'n universiteitskollege wat 'n groot gebied in Suider-Afrika bedien het. Hoewel daar bedenkings in sekere kringe van die universiteit was dat die verlies van so 'n lewenskragtige lid die stabiliteit van die federale bouwerk sal skaad, is die Universiteit van die Witwatersrand tog ingestel by Wet 15 van 1921. Die bande met die federale universiteit is in Maart daarop verbreek. Daar was tekens dat ander kolleges graag dieselfde koers wil inslaan, maar net in Pretoria kon drome van onafhanklikheid verwesenlik word. Die Transvaalse Universiteitskollege het in 1924 die voorgestelde amalgamasie met die nuwe Universiteit van die Witwatersrand verwerp en 'n veldtog op tou gesit wat tot Wet 13 van 1930 gelei het, waardeur die Universiteit van Pretoria op Krugerdag, 10 Oktober, tot stand gekom het. Die federale universiteit was in 'n neerslagtige stemming na die verlies van nog 'n lid. Hy het hom begin sien, soos wat 'n pas verkose raadslid, professor E. H. Brookes dit gestel het, as 'n geleidelik ontbindende en klaarblyklik verbygaande organisasie wat bestem is om in die afgeleë maar nie al te ver afgeleë toekoms nie, uiteen te val in sy samestellende dele. Ook is die moedeloosheid nie weggesteek nie, want by die promosieplegtigheid in Maart 1930 – enkele maande voordat die Transvaalse Universiteitskollege onafhanklik geword het – het die visekanselier, Hugh Bryan, beken dat die Universiteit van Suid-

Afrika nie meer kan maak asof hy danig ingenome is met sy gedurig krimpende ledetal nie.

Daar het darem vergoeding vir die verlies van die Johannesburgse kollege gekom toe die Gereformeerde Kerk op Potchefstroom toelating as samestellende lid gevra het vir die nuwe kollege wat uit die Literariese Departement van die Teologiese Seminarie gestig is. In universiteitskringe was daar 'n mate van aarseling oor die opname van 'n klein en moontlik swak nuwe lid. Van die kant van Potchefstroom was daar weer teleurstelling dat die federale universiteit, uit die aard van sy sekulêre karakter, verplig was om die woorde „vir Christelike Hoër Onderwys" uit die naam van die nuwe inrigting te laat skrap. Tog is die twyfel aan albei kante uit die weg geruim en is die Potchefstroomse Universiteitskollege by Wet 25 van 1921 ingelyf in die federasie. Twaalf jaar later is die „verminkte vaandel", soos Ferdinand Postma dit beskryf het, herstel en het die naam van die kollege weer getuig van die godsdienstige ideale wat die leiers besiel het.

'n Aantal jare daarna kon 'n mens altyd te wagte wees dat ander inrigtings tot die federasie toetree. Aanvanklik het daar heelwat onsekerheid geheers oor die bestek van die hoër onderwys in die Unie. Uiteindelik is 'n omskrywing in die wet op finansiële verhoudings van 1922 opgeneem. Daarvolgens is die terrein wyd afgesteek; selfs huishoudskole is onder die departement van Unie-onderwys geplaas. Die wet op hoër onderwys van die volgende jaar het spesiale bepalings in verband met die beheer oor alle skole, kolleges en inrigtings onder die Unieregering bevat. Opleidingskolleges vir onderwysers kon eendag ook hoër status aanvra, maar van groter onmiddellike belang was die uitwerking van die nuwe bedeling op die tegniese kolleges en die Suid-Afrikaanse Naturellekollege.

Die tegniese kolleges, veral die een in Durban, sou baie daarby baat as die deur tot universitêre opleiding geopen sou word. Die Natalse kollege het nie alleen voltydse kursusse in ingenieurswese en handel aangebied nie, maar het ook lesings in die skone kunste en seminare in ander universiteitsvakke gehou. 'n Uit-


Die eerste raadsvergadering van die nuwe bedeling is op 13 April 1918 gehou en die eerste senaatsvergadering op 20 April.

DIE SENAAT is saamgestel uit benoemde lede van die samestellende universiteitskolleges. Die voorsitter was verder ook voorsitter van die uitvoerende komitee van die senaat. Die senaat is verder onderverdeel in fakulteite, en die fakulteite in studiekomitees, maar alle fakulteits- en studiekomiteelede was nie noodwendig lede van die senaat nie.


Die voorsitter van die senaat het nie net belangrike koördinering van die werksaamhede van die senaat gedoen nie, maar hy moes ook op hoogte wees van senaatsbesluite, pligte en magte, en hy moes die nodige leiding gee. Daarbenewens het hy namens die senaat beslissings geneem tussen die vergaderings van die senaat.

Uit die aard van die saak was veral die eerste jare uiters moeilike jare, want die verskillende kolleges het gekom, elkeen met sy besondere behoeftes en probleme, waarvoor bevredigende oplossings gevind moes word.

*Eerste vyf voorsitters van die senaat 1918–1928*



*Dr. G.S. Corstorphine (School of Mines) 1918*



*Prof. A.C. Paterson (Transvaalse Universiteitskollege) 1918–1922*



*Prof. J.W. Bews*
*alse Universiteitskollege)*
*922–1924; 1934–1936*



*Prof. P.J. du Toit (Transvaalse Universiteitskollege) 1924–1926*



*Prof. F. Postma (Potchefstroomse Universiteitskollege) 1926–1928; 1936–1938*

vloeisel van die nuutste ontwikkelings op die gebied van die hoër onderwys was dat die Durbanse kollege, verdoop tot die Natalse Tegniese Kollege, departemente van handel, ingenieurswese en skone kunste op volle universiteitspeil kon instel in samewerking met die Natalse Universiteitskollege in Pietermaritzburg. Ander tegniese kolleges, sedert 1926 verenig in 'n nasionale organisasie, het soortgelyke vergesigte van grootheid begin sien.

Die Suid-Afrikaanse Naturellekollege by Fort Hare, naby Alice, het destyds ook op die drumpel van aanmerklike vordering gestaan. In 1923 is Zachariah K. Matthews, die toekomstige Botswana-ambassadeur in die Verenigde State, die eerste student van Fort Hare wat die B.A.-graad verwerf. Fort Hare was gereed om in die geledere van die universiteitskolleges opgeneem te word, al was sy middele karig en sy suksesse nog maar min. Sy studente het ekstern gewerk vir die grade van die Universiteit van Suid-Afrika, en die universiteit het skakeling met die kollege onderhou deur die aanstelling van twee lede in die kollege se bestuursliggaam. Een bekende voorstander van onderwys aan nie-blankes, professor G. F. Dingemans van Rhodes, het die kollege meer as 'n kwarteeu lank as raadslid gedien. Die wet op hoër onderwys van 1923 erken die Suid-Afrikaanse Naturellekollege as 'n inrigting op die peil van 'n universiteitskollege. Hierdeur en deurdat die kursusse van Fort Hare grotendeels deur die leergange van die Universiteit van Suid-Afrika bepaal is, is hy onvermydelik nader aan die federasie getrek.

In 1937 doen die Universiteit van Suid-Afrika 'n paar toegewings aan die kollege waardeur sy dosente die status van interne eksaminatore verkry en die kollege self sy leergange kon opstel. Die Suid-Afrikaanse Naturellekollege het egter nie 'n federale lid geword nie, en hoewel die prinsipaal, Kerr, in die „politieke verkiesing" van 1942 'n setel in die universiteitsraad verower het, het dit nie neergekom op amptelike erkenning van 'n besondere verhouding met die universiteit nie.

Hoewel daar geen rede was om aan die status van die Suid-Afrikaanse Naturellekollege as inrigting vir hoër onderwys te twyfel nie, het baie mense ernstige bedenkings gehad oor die

aanspraak van tegniese kolleges op hierdie erkenning. In 1927 is 'n kommissie onder J. G. van der Horst aangestel om die universiteitswese in die land te ondersoek, en voor die kommissie het die Universiteit van Suid-Afrika hom duidelik teen die toesegging van universiteitskollege-status aan tegniese inrigtings uitgespreek. Die Van der Horst-kommissie beveel in 1928 die beëindiging van verdere toetrede en van die skakel tussen die Natalse Tegniese Instituut en die Natalse Universiteitskollege aan. Tussen universitêre werk en ander vorme van gevorderde opleiding is daar nooit 'n skerp grens getrek nie, maar daar is duidelik gesê dat die regering geen tegniese kollege meer as die kiem van 'n tegnologiese instituut sal beskou nie. Die Universiteit van Suid-Afrika het dus geen nuwe lid bygekry nie en die studente aan alle ander inrigtings is as eksterne kandidate in die universiteit se eksamens behandel.

Die kolleges van die Universiteit van Suid-Afrika het geografies ver uitmekaar gelê. Uit die plaaslike oogpunt was hulle belangriker as die verre eksamenmasjien in Pretoria. As eksaminerende liggaam moes die universiteit, net soos die ou Kaapse universiteit, nogal heelwat kritiek verduur. Die uitslae is soms vertraag, met nadelige uitwerking op die aansien van die universiteit. Dit was darem nie altyd die fout van die administrasie in Somersethuis nie. In 1929 vertrek 'n eksaminator byvoorbeeld op 'n ongeleë tyd op sy wittebroodsreis en hy gee opdrag dat geen skrifte agter hom aan gestuur mag word nie!

Die Universiteit van Suid-Afrika was nie, soos sy voorganger lange jare was nie, gebonde aan die gekose administratiewe setel nie. Met tussenpose is vergaderings van raad en senaat by al die kollegesentrums behalwe Wellington gehou. Dit het egter nie dikwels gebeur nie. In die vroeë jare twintig het J. E. Holloway van die Transvaalse Universiteitskollege toe 'n verbeeldingryke plan voorgestel waardeur die kolleges op 'n sentrale plek as residensiële inrigtings byeen sou kom. Hulle bates sou oorgedra word aan die federale universiteit, wat die dosente sou aanstel. Daar is verder voorgestel dat die raad so saamgestel word dat dit al die plaaslike belange wat tot dan toe 'n belangrike rol in

DIE EERSTE PLEGTIGHEID VAN DIE UNIVERSITEIT met die nuwe naam is gehou in die raadsaal, Pretoria, op 2 April 1919, presies een jaar na die totstandkoming. Daar is 138 grade toegeken, asook 99 B.Sc.-grade in die ingenieurswese, wat voorheen diplomas was, maar nou as grade toegeken is. Eredoktorsgrade is ook toegeken aan drie lede van die ou universiteit, naamlik F.C. Kolbe, J.I. Marais en J.R. Whitton.

Op hierdie program verskyn die name van 'n hele aantal persone wat toe reeds of later in die openbare lewe gepresteer het. Onder hulle was E.X. Brain, afdelingsbestuurder van die spoorweë; A.A. Coaton, algemene bestuurder van De Beers-maatskappy; P.C. Schoonees, J.R.L. van Bruggen, R.M. Titlestad en Gerrit Dekker (taal- en letterkundiges); I.D. Bosman en A.E. du Toit (geskiedkundiges); C.R. Swart (later staatspresident) en S.P. le Roux (later minister); J.E. de Villiers en A.C. Malan, wat later regter-president en appèlregter onderskeidelik geword het.

*Eerste gradedagprogram, Universiteit van Suid-Afrika, 1919*

# Universiteit van Zuid-Africa.

## PROMOTIEPLECHTIGHEID,

2 APRIL 1919.

KANSELIER :

Veldmaarschalk Z.K.H. De HERTOG VAN CONNAUGHT en STRATHEARN, P.C., K.G., K.T., K.P.

VICE-KANSELIER :

Dr. W. J. VILJOEN, M.A., Phil. D.

PLAATSVERVANGEND VICE-KANSELIER :

JOHN E. ADAMSON, M.A.

---

Voorzitter van de Senaat - - - - Professor A. C. PATERSON, M.A.

---

DEKENS VAN DE FAKULTEITEN :

| | |
|---|---|
| Letteren - - - - | Professor R. A. LEHFELDT, B.A., D.Sc. |
| Wis-en Natuurkunde - - | Professor A. OGG, M.A., B.Sc., Ph.D. |
| Rechtsgeleerdheid - - | Advokaat W. PITTMAN, B.A. |
| Technologie - - - | Professor J. ORR, B.Sc., M. Inst. C.E. |
| Landbouwkunde - - | Professor J. M. HECTOR, B.Sc. |
| Handelswetenchappen - | Professor J. FINDLAY, C.A., F.S.A.A. |

---

Registrateur - - - - - Dr. W. THOMSON, M.A., B.Sc., LL.D.

die geskiedenis van elke lid gespeel het, sou verteenwoordig. Hierdie droom van 'n Suid-Afrikaanse Oxford of Cambridge het egter nooit werklikheid geword nie, hoewel dit nog 'n paar jaar daarna bespreek is. Streekslojaliteit was te sterk teen hierdie plan. Party het daarin niks anders gesien as nog 'n poging om die aansien van die Pretoriase kollege te verhoog nie, want almal het geglo dat Pretoria as die sentrum gekies sou word.

Die promosieplegtigheid was lank die geleentheid vir die byeenkoms van studente en dosente van die samestellende kolleges, hoewel daar van tyd tot tyd plaaslike plegtighede gehou is. Die eerste promosieplegtigheid is in 1919 in die ou Raadsaal op Kerkplein in Pretoria gehou, gevolg deur 'n onthaal in die ietwat ongerymde sfeer van die dieretuin. Eregrade is toegeken aan die strydrosse van die ou universiteit, Kolbe, Marais en Whitton. Ook is 'n groot aantal myndiplomas omgesit in B.Sc.-grade en meer as 'n honderd grade op grond van die universiteit se eerste eksamens toegeken. Die toekenning het oorgestaan van die vorige jaar, die jaar van die griepepidemie, wat aan die einde van die Eerste Wêreldoorlog oor die wêreld getrek het.

Een LL.B. by die geleentheid was die toekomstige staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika, Charles Robberts Swart. Verskeie persone wat baie tyd aan die sake van die universiteit sou bestee, het ook grade ontvang, onder andere die bekende opvoedkundige, E. H. Brookes, 'n toekomstige registrateur, Petrus A. Taljaard en die literêre figuur, P. C. Schoonees. Die plek van verrigtinge is spoedig daarna oorgeskuif na die Grand Theatre in Pretoria. Die studente van die plaaslike kollege het die reëling van die lewendige optog deur die strate van die stad, waarmee die verrigtinge geopen is, op hulle geneem. Die „varsity"-dans het een van die sosiale hoogtepunte van die jaar geword.

In Augustus 1929 is 'n bykomende plegtigheid ter ere van sekere besoekende lede van die Britse Vereniging ter Bevordering van die Wetenskap by die Transvaalse Universiteitskollege gehou. Een van die besoekers was die latere Britse minister van gesondheid, majoor Walter Elliot. Die tyd van die snoeimes het egter aangebreek, en gradedag het spoedig saam met die navor-

singsbeurs wat aan die begin van die federale universiteit se bestaan gestig is, van die toneel verdwyn. Na 1930 het die nuwe Universiteit van Pretoria sy eie plegtighede begin hou. Die *Pretoria News* het gemeen dat die federale promosieplegtigheid sekerlik baie van sy glans kwyt sal wees na die afstigting van sy grootste lid. In 1931 hou die Universiteit van Suid-Afrika 'n plegtigheid waarop die vise-kanselier, Hoogenhout, sy rede binne die perke gehou wat geld vir 'n dag waarop lang toesprake, lang rokke en lang preke die een net so onvanpas is as die ander. Dit was in die Grand Theatre. Die volgende jaar se plegtigheid, dié keer in die Plaza-teater, was die laaste van die universiteit vir baie jare.

Hierdie byeenkomste in Pretoria het nie altyd sonder kritiek van die kant van die algemene publiek verloop nie. Die redakteur van die *Pretoria News,* Vere Stent, het hom eenkeer smalend uitgelaat oor die Suid-Afrikaanse universitêre wêreld, met sy dekane, wat goed betaal word vir ligte werk en die glad nie onplesierige verantwoordelikheid om onaansienlike meisies en knewels van jongmanne die akademiese gemeenskap binne te lei nie. Maar dit was 'n besonder verwronge siening, want die jaarlikse toekenning van grade het die federale universiteit in die oë van baie, al was dit net vir 'n paar uur, tot iets hoër as net 'n eksamenfabriek verhef. Namate die eksamineerfunksie geleidelik deur die aparte kolleges gedeel is met die universiteit, het die kloof tussen die aktiewe doserende sentrums en die administratiewe hoofkantoor al hoe groter geword. Een gesamentlike promosieplegtigheid is in 1946 gereël, maar aangesien die direkteur van demobilisasie reisvergunnings vir die sestien studente geweier het, het net een opgedaag.

Eregrade is gereeld toegeken solank die federale universiteit bestaan het. Tussen 1920 en 1934 is verskeie manne wat die ou Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop as raadslid gedien het, vereer vir hulle volksdiens. Sir John Buchanan is in 1925 en sir John Wessels nege jaar later met die doktorsgraad in die regte bekroon. 'n Eredoktoraat in die lettere is in 1920 aan ds. Adriaan Moorrees en in 1925 aan William Ritchie toegeken.

JOHN DANIEL KESTELL is op 15 Desember 1854 te Pietermaritzburg gebore, waar hy laerskoolonderrig kry. Daarna is hy vir byna 2 jaar delwer by Kimberley en ondergaan dan sy hoërskoolopleiding van 1873 af aan die Stellenbosse Gimnasium, toe na die Teologiese Seminarie en einde 1880 na Utrecht, waar hy sy teologiese opleiding voltooi. In 1881 begin hy sy predikantsloopbaan in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Dutoitspan, Kimberley.

Gedurende die Anglo-Boere-oorlog is hy veldprediker en bly dit tot aan die einde van die oorlog. Hy was een van die notulehouers tydens die vredesonderhandelinge.

As kerkleier staan hy kop en skouers uit, asook met sy aandeel aan die Bybelvertaling. Hy is ook die inspirasie agter die stigting van die Reddingsdaadbond en leier van die Helpmekaarbeweging.

Talle publikasies verskyn van sy hand, soos 'n weergawe van die vredesonderhandelinge, 'n biografie van Christiaan de Wet, etlike geestelike bloemlesings en 'n hele aantal boeke met 'n verskeidenheid temas.

Einde 1920 word hy rektor van die Grey-universiteitskollege en bly dit tot in 1927. As erkenning vir sy groot diens aan die Afrikaanse volk kry hy die eregrade D.D. van die universiteit in 1933, D.Litt., Universiteit van Pretoria in 1934, en LL.D. van die Universiteit van Kaapstad, ook in 1934. Hy was kanselier van die Universiteit van Stellenbosch van 1939 af tot aan sy dood. Hy het lang diens aan die universiteit: raadslid vir drie periodes tussen 1911 en 1930, en vise-kanselier 1926 tot 1928.

Hy is op 9 Februarie 1941 te Bloemfontein oorlede en is begrawe aan die voet van die Vrouemonument.

*Ds. John Daniel Kestell, D.D. (h.c.),*
*D.Litt. (h.c.), LL.D. (h.c.)*
*Raadslid 1911–1913; 1918–1919; 1920–1930*
*Dekaan Fakulteit Lettere en Wysbegeerte 1923–1924*
*Vise-kanselier 1926–1928*
*(Foto: Staatsargief)*



Ds. J. D. Kestell is in 1933 in Bloemfontein as doktor in die godgeleerdheid ingestel. Sy verband met die Kaapse universiteit was van korte duur, maar hy het baie jare nuttige diens aan die federale universiteit gelewer en in 1926 die derde vise-kanselier daarvan geword. 'n Latere vise-kanselier, M. C. Botha, ontvang in 1936 die eredoktoraat in die lettere.

Tussen 1933 en 1945 is ook aan vier ander raadslede van die federale universiteit eredoktorsgrade verleen, naamlik aan R. B. Denison van Natal (D.Sc.), G. F. Dingemans van Rhodes (D.Litt.), Jacob D. du Toit van Potchefstroom, beter bekend as die digter Totius (D.Litt.) en Alexander Kerr van die Suid-Afrikaanse Naturellekollege (LL.D.). Onder die senaatslede het Gerrit Besselaar van Natal (D.Litt.), Orlando Oldham van dieselfde kollege (M.Com.) en Adriaan Francken van Bloemfontein (D.Litt.) eregrade ontvang, asook sir Arnold Theiler van Onderstepoort, wat reeds vroeër dieselfde onderskeiding van die ou eksaminerende universiteit ontvang het. In 1925 word hy doktor in die veeartsenykunde van die Universiteit van Suid-Afrika. Die gebruik is gevolg om geen graad honoris causa aan iemand toe te ken solank hy nog aan die universiteit verbonde is nie.

In 1920 is 'n doktorsgraad in die regte toegeken aan prins Arthur van Connaught, die goewerneur-generaal en seun van die destydse kanselier van die universiteit. 'n Soortgelyke eer is in 1943 ook bewys aan N. J. de Wet toe hy die hertog van Connaught opgevolg het as die titulêre hoof van die universiteit. Onder die ander ontvangers van eregrade was die Amerikaanse opvoedkundige Anna E. Bliss van die Hugenotekollege (D.Litt.), die geoloog, Alexander Logie du Toit (D.Sc.), die politikus en regter, sir Thomas Graham (LL.D.), en die argivarisse en geskiedkundiges, C. Graham Botha (M.A.) en Andries Dreyer (D.Phil.). Die Bantoe-onderwyser en stigter van die Ohlange-instituut, John Langalibalele Dube, ontvang 'n doktoraat in die filosofie in 1936. Dit was die eerste keer in Suid-Afrika dat 'n nie-blanke vir die eer gekies is. Dit was egter ongelukkig dat rasseoorwegings 'n rol gespeel het by die keuse van die toekenningsplek. Dube wou die graad graag in Natal ontvang, maar die plegtigheid moes toe by

die Suid-Afrikaanse Naturellekollege in Kaapland gehou word.

Een saak wat sowel die federale administrasie as die kolleges geraak het, was die taalkwessie. In dié opsig was die Universiteit van Suid-Afrika gebonde aan 'n beleid van gelykheid. Byna van die begin af was die universiteit bereid om Afrikaans as alternatief van Hollands te erken. Die universiteit was ook in hoër mate verteenwoordigend van die twee taalgroepe as wat hy ooit onder sy vorige naam was of selfs as wat hy een tyd later in sy geskiedenis sou word. Hoewel Engels as onderrigmedium en as voertaal van die verskillende bestuursliggame in die vroegste jare 'n aanmerklike voorsprong geniet het, is Afrikaans gaandeweg al hoe meer gebruik. Die beginsel dat die notule en agendas in albei tale moet wees, is reeds in 1921 aangeneem. Twee raadslede het baie gedoen om die gebruik van Afrikaans in die universiteitswese te bevorder: Ferdinand Postma van Potchefstroom en S. P. Barnard van die Bloemfonteinse kollege.

In sommige kringe is die registrateur, William Thomson, as 'n besliste teenstander van Afrikaans en Hollands beskou. Die redakteur van *De Volkstem* het hom hieroor aangespreek kort na die opening van die universiteit se kantore in Somersethuis: „'n Teënstander van gelijke regte . . . is 'n anakronisme . . . Die Noordelike Universiteit word 'n beslis tweetalige universiteit, of gladniks: en ons wou die Registrateur van die begin af goed laat verstaan dat ons hier g'n nonsens op daardie stuk gaan verdraag nie!"

Thomson is meermale hieroor aangeval. Toe Theophilus Scheepers van die Middelburgse Hoërskool in Transvaal sy M.A.-diploma in Engels ontvang, skryf hy in Oktober 1919 'n bitter bewoorde brief aan die universiteit en vra of Hollands „te onbeschaafd voor 't fijne gevoel van de Universiteitsraad" is. In 1921 kom die registrateur weer onder skoot toe 'n briefskrywer in *De Volkstem* vra of Thomson dan „zulk 'n gebrekkig opgevoed man (was), dat hij alleen Engels kent." Die skrywer bied aan om sy „huisbooi" te stuur om die registrateur te help, want hy is „'n flukse ou kaffer" wat drie tale vloeiend kan praat. A. D. R. Bisschop, lid van 'n familie in Pretoria wat in die

# Universiteit van Suid-Afrika.




1838 *Voortrekker Eeufees - Jaar* 1938

## GRAAD VAN BACCALAUREUS ARTIUM.

*Hiermee verklaar ons dat*

Ter herdenking van die VOORTREKKER-EEUFEES, het die universiteit 'n fonds in die lewe geroep wat aangewend moes word vir studiebeurse vir meesters- en doktorsgrade (R120 en R500 onderskeidelik) wat aan die universiteit afgelê moet word en waarvan die verhandelings en proefskrifte moet handel oor onderwerpe in verband met die Groot Trek of oor onderwerpe in verband met die algemene ontwikkeling van Suid-Afrika tot 1900.

'n Verdere bydrae tot die herdenking van die eeufees was 'n graadsertifikaat wat op die kopstuk 'n ossewa en die Voortrekkermonument uitbeeld.

Sowat 510 sulke sertifikate is in daardie jaar uitgereik.

*Die kopstuk van die graadsertifikate uitgereik in die Voortrekkereeufeesjaar 1938*

voorste linie vir taalregte geveg het, het die saak toe op besadigder toon onder die aandag van die eerste minister, generaal Smuts, gebring. Bisschop wys daarop dat die miskenning van Hollands in amptelike stukke van die universiteit, soos die een wat tot die brief in *De Volkstem* gelei het, 'n groot steen des aanstoots in Suid-Afrika is. Hy sê dis „plagerijen zoals deze, welke ons verbitteren, en welke bijdragen tot een slechte verhouding tusschen de rassen in deze Unie." Met 'n sug van verligting het Patrick Duncan, die minister van onderwys, die bevredigende beslegting van die geskil in 'n briefwisseling tussen die registrateur en G. S. Preller, die historikus, destyds assistent-„editeur" van die blad, begroet. Preller het 'n groot rol in die taalstryd gespeel.

Met Thomson se aftrede is die taalvraagstuk vir sover dit die administrasie betref, blykbaar opgelos. Op die vlak van die onderrig het dit egter 'n brandende vraag gebly. Potchefstroom was van die begin af 'n inrigting vir Afrikaners, maar die kolleges in die Afrikaanssprekende plekke soos Pretoria, Wellington en Bloemfontein het nog steeds die beeld van Engelse oorheersing getoon, wat so lank 'n kenmerk van die hoër onderwys in Suid-Afrika was. Die Transvaalse Universiteitskollege het altyd probeer om 'n tweetalige beleid te volg en kon in 1923 met trots verklaar dat dit „less provincial and sectional in character" is as enige ander kollege in die land. Die geldelike steun van Pretoria se groot getal Engelssprekendes wou die kollege nie verbeur nie, en hy het in die jare twintig hard geveg om sy beleid te handhaaf teen 'n groeiende aandrang van Afrikanerkant op ruimer gebruik van Afrikaans in die lesingsale. Soortgelyke spannings het aan die Grey-universiteitskollege in Bloemfontein voorgekom. Daar het die senaat in 1929 die vaste aanstelling van D. F. Malherbe as rektor teëgestaan omdat hy 'n voorstander was van 'n Afrikaanstalige universiteitskollege. Baie senaatslede het gemeen dat die inrigting teen elke prys moet probeer om albei blanke volksdele in ag te neem.

Toe die nuwe Universiteit van Pretoria in 1930 tot stand gekom het, is met vertroue beweer dat die inrigting sal voortgaan

om op taalgebied die begeertes van albei volksgroepe na te strewe. Maar twee jaar later is die eerste fase in die uitskakeling van Engels as algemene onderrigmedium begin. Dit het die mense wat dieselfde vir die Grey-universiteitskollege in Bloemfontein begeer het se hande gesterk. In 1935 is daar 'n stap gedoen – die verdoping van die kollege tot die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat – wat baie bygedra het om die bande van die kollege aan die oorwegend Afrikaanse provinsie hegter te smee. Teen 1942 bepleit H. van der Merwe Scholtz die saak dat die toekomstige beleid moet wees die skepping van 'n Afrikaanstalige kollege, met aanmoediging egter van 'n hoë tweetaligheidspeil. In die tyd het die keuse van Anna de Villiers as prinsipaal van die Hugenote-universiteitskollege ook die begin van groter klem op Afrikaans ingelui, hoewel daar nog 'n mate van teenstand in die kollegesenaat was.

Die aanstelling van tweetalige onderwyskragte aan universiteite en universiteitskolleges was na die mening van die minister van onderwys in 1930, dr. D. F. Malan, die beste middel om regverdige behandeling te verseker. Sy poging om die bereiking van die doel te bespoedig deur staatsbeheer oor aanstellings is deur sommige met agterdog bejeën. Veral Engelssprekendes het gevrees dat die aanwins van bekwame lektore en professore sou ophou indien tweetaligheid as vereiste gestel word. Soos in die laaste dae van die Kaapse universiteit het hulle betoog dat Suid-Afrika hoogs bekwame manne en vroue uit Brittanje en elders sou verloor as nuwelinge verplig sou word om Afrikaans te leer.

Met die totstandkoming van 'n doserende universiteit in Pretoria het die vraag oor die beste setel vir die federale administasie ontstaan.

Toe daar beraadslaag is oor die beskikking oor die gebou in Kaapstad, het Baumgarten voorgestel dat die Universiteit van Suid-Afrika terug kom na Kaapstad. Daardeur sou die universiteit egter aan die uiterste rand in plaas van in die middel van sy samestellende kolleges beland het. 'n Setelverskuiwing is wel oorweeg, en 'n klousule is in die Wet op die Universiteit van Pretoria ingevoeg om daaraan uitvoering te kan gee. Verskui-

HUGH BRYAN is op 21 Augustus 1871 te Lyddington, Rutland, Engeland, gebore. Hy kry sy skoolopleiding aan Oundle School; daarna is hy na Queen's College, Cambridge, waar hy die M.A. in Klassieke behaal.

Hy gee vir 11 jaar onderwys en is aan Dover College verbonde toe hy in 1902 besluit om na Natal te kom. Hy is tot 1904 aan die Maritzburg College verbonde. In hierdie jaar word hy inspekteur van skole in Natal tot hy in 1917 hoofinspekteur word; in 1923 word hy superintendent van onderwys in Natal en bly dit tot hy in 1930 aftree.

Tussen 1934 en 1937 is hy waarnemende registrateur aan die Natalse Universiteitskollege, en na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog gee hy sowat 8 jaar lank onderwys aan Hilton College. Benewens sy intense belangstelling in die onderwys het hy ook wye belangstelling as rotariër en as krieket-, rugby- en gholfspeler gehad.

Hy is raadslid van 1923 tot 1930 en vise-kanselier 1928–1930.

'n Maand voor sy 84e verjaarsdag is hy op 9 Julie 1955 by Kloof, naby Durban, oorlede. Sy begrafnis vind op Pietermaritzburg plaas.

*Hugh Bryan, M.A.*
*Raadslid 1923–1930*
*Vise-kanselier 1928–1930*



wing na Bloemfontein is deur baie bepleit, maar binne die universiteit self het daar hieroor geen eenstemmigheid geheers nie. Van tyd tot tyd oor etlike jare is die saak bespreek, maar die raad het geen vaste besluit geneem nie. Grant se opvolger as registrateur, Langham Murray, was nie ten gunste van die trek uit die hoofstad nie, en om die aanbod van 'n stuk grond deur die stadsraad van Bloemfontein te neutraliseer, het hy probeer om 'n soortgelyke aanbieding uit die stadsraad van Pretoria te pers. Die stadsraad het darem sedert 1940 'n jaarlikse bydrae van R300 aan die universiteit betaal. Die trek na Bloemfontein is met welslae weerstaan.

Hoewel die Universiteit van Suid-Afrika nie juis 'n blink ster aan die akademiese trans was nie, het hy tog sy rol in die intellektuele lewe van die land en in die buiteland gespeel. Hy is verteenwoordig in die vyfjaarlikse kongresse van die imperiale universiteite en in die universiteitsburo in Brittanje. Sy afgevaardigdes het byvoorbeeld die wêreldkonferensie oor die hoër onderwys in Parys in 1937 bygewoon. Hy is ook geraak deur die bedrywighede van sekere organisasies wat in die jare tussen die twee wêreldoorloë in die gees van vriendskap en begrip onder die nasies onder die besieling van die Volkebond opgekom het. Die Universiteit van Suid-Afrika het sy steun verleen aan die konferensies van die New Education Fellowship wat E. G. Malherbe in Suid-Afrika georganiseer het. Hy het ook bygedra tot die bevordering van internasionale verhoudings deur middel van die South African Universities Lectureship Committee en die Carnegie Corporation Visitors' Grants Committee. Die South African Institute of Race Relations het in sy bestuursliggaam ook 'n verteenwoordiger van die universiteit gehad. In dié dae het Frank Buchman se Oxford-groep sy invloed onder die studente uitgebrei. Meer as een gewete is geroer deur 'n skuldbesef en dan ontvang die universiteit 'n boetvaardige, hoewel vertraagde, biegbrief omtrent oneerlikheid in die eksamenlokaal.

Vir 'n federasie van samestellende kolleges het die toekoms maar vaal gelyk na die verlies van die Transvaalse Universiteitskollege. Die Hugenote-universiteitskollege het wel klein gebly,

maar die ander vier het gestadig in getalle en invloed toegeneem. In 1930 het Natal en Rhodes albei 400 studente gehad; Grey het meer as 300 en Potchefstroom byna 250 gehad. Die grootste onder hulle, Natal, het die eerste stappe in die rigting van onafhanklikheid gedoen. Die meeste eer hiervoor kom toe aan die baanbrekerswerk van J. W. Bews, wat destyds prinsipaal geword het. Eers het hy 'n federale universiteit vir Natal op die oog gehad, met kolleges vir Bantoe- en Indiërstudente en met universiteitsgeriewe vir blankes in Durban en in Pietermaritzburg. Die eerste ideaal is nooit verwesenlik nie, die tweede wel. Die skakel met die Natalse Tegniese Kollege is in 1931 verbreek, en die pas voltooide Howard Memorial College in Durban is deur die huidige universiteit oorgeneem saam met hierdie kollege se universiteitsdepartemente in Durban. Die kunsskool het albei kolleges tot 1935 bedien.

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 is alle verdere afstigting van kolleges beëindig. Weer was daar ernstige meningsverskil oor die rol wat die nasie in die stryd moet speel, maar die Universiteit van Suid-Afrika het die tradisie van neutraliteit wat hy van sy voorganger geërf het, bly handhaaf. Die gewapende magte van die Unie het studietoegewings geniet, en dié in internerings- en krygsgevangekampe kon dankbaar wees vir die geleentheid om verder te studeer. Die wye verspreiding van die land se strydkragte het ook die universiteit se werk baie laat toeneem.

Afgesien van die betwiste konvokasieverkiesing van 1942 was daar min voorvalle wat die universiteit in dié jare in die politieke strydperk gebring het. Daar was darem studente-onrus in Potchefstroom en kommer by die senaat oor die moontlike uitwerking van pro-Duitse propaganda aan die Hugenote-universiteitskollege in Wellington. 'n Ouer wie se kind in 'n musiekeksamen gedruip het, het daarin 'n strafmaatreël gesien: „Ons as ouers moet erken dat die dogter miskien gefouteer het om Duits te sing, wat moontlik onwenslik is in hierdie tyd van groot bitterheid." Een laaste weerklank van die oorlogstydse vyandigheid is in die eerste vredesdae gehoor as protes teen die invoeging

Met die mondigwording van die Transvaalse Universiteitskollege in 1930 het daar heelwat veranderings in die samestelling van die SENAAT gekom.

Daar was kommer in verskeie kringe dat die uittrede van die Transvaalse Universiteitskollege die universiteit nadelig sou tref. Aan hierdie universiteitskollege was 'n hele aantal akademici wat 'n groot bydrae gelewer het, en dit was bowendien in dieselfde stad gesetel.

Die vrees is egter nie bewaarheid nie, want die geleerdes aan die ander samestellende kolleges het hulle plekke vol gestaan, en die universiteit, wat oor sy groeiprobleme was en rigting gekry het, was besig om te konsolideer en uit te bou.

Nieteenstaande hulle lojaliteit aan die federale universiteit het die ander samestellende universiteitskolleges, met die uitsondering van die Hugenote-universiteitskollege, in die rigting van onafhanklikheid beweeg.

*Voorsitters van die Senaat 1928–1944*
*(Vir die periodes 1934–1936 en 1936–1938, kyk onder Voorsitters van Senaat 1918–1928)*



*Prof. A.E. du Toit*
*(Transvaalse Universiteitskollege)*
*1928–1930*



*Prof. T.F. Dreyer*
*(Grey-universiteitskollege/*
*Universiteitskollege van die*
*Oranje-Vrystaat)*
*1930–1932; 1938–1940*
*(Foto: U.O.V.S.)*



*rof. G.F. Dingemans*
*odes-universiteitskollege)*
*1932–1934*
*:o: Rhodes-universiteit)*



*Prof. J. Smeath Thomas*
*(Rhodes-universiteitskollege)*
*1940–1942*



*Prof. J. McKinnell*
*(Natalse Universiteitskollege)*
*1942–1944*

van vrae oor die nasionaal-sosialisme in 'n vraestel oor die staatsleer. So iets kon miskien liewer weggelaat gewees het, want dit het kwaaie gevoelens gewek, en vrae daaroor is in die Volksraad gestel.

Die oorlog het ook administratiewe probleme meegebring, nog vererger deur die geldnood. Die jaarlikse senaatsvergaderings is opgeskort, en die dagbestuur van die senaat het veel groter bevoegdheid uitgeoefen. Die wetlike bepalings omtrent universiteitsadministrasie is ontoereikend bevind. Raad en senaat het die saak uitvoerig in komitee bespreek. Hervorming moes egter op die vredesluiting wag. Buitendien was daar 'n komitee van ondersoek na die geldelike posisie van die land se universiteite aan die gang onder voorsitterskap van P. J. du Toit, die direkteur van die veeartsenydiens.

Teen 1945 het die besondere probleme van die Universiteit van Suid-Afrika ver oor die bloot geldelike heen gestrek. Die kolleges het geweldig gegroei, en almal behalwe die kleine Hugenotekollege, met 120 studente, was ryp vir volle onafhanklikheid. Die studentetalle van 1946 het dit ten oorvloede bewys, want die terugkerende soldate het die inskrywing aan die vier groot kolleges sterk verhoog. Natal het byna 2 000 studente gehad, d.w.s. nie veel minder as die Universiteit van Stellenbosch nie. Rhodes en die Oranje-Vrystaat het albei meer as 1 000 studente gehad, terwyl Potchefstroom ongeveer 800 gehad het. Ook die Suid-Afrikaanse Naturellekollege het vinnig gegroei tot omtrent 300 studente in 1945. Hy was nog nie gereed vir universiteitstatus nie, maar het begin aandring op opname in die federasie. Party mense was bereid om die Naturellekollege sonder meer as samestellende kollege op te neem, maar ander was net so sterk gekant daarteen omdat daar beslis rassewrywing sou ontstaan as die kollege se verteenwoordigers in die universiteit se raad en senaat opgeneem word.

Vroeg in 1946 gee die Natalse Universiteitskollege kennis van sy voorneme om onafhanklike status aan te vra. Dit gee aanleiding tot die aanstelling van 'n kommissie onder voorsitterskap van E. H. Brookes om verslag te doen oor die toekoms van die

Universiteit van Suid-Afrika. Brookes en sy medekommissarisse, K. Bremer, P. J. du Toit en Eliza B. Hawkins, met J. E. S. van Zyl as sekretaris, het hulle bevindings in Mei 1947 aangekondig. Hulle beveel onafhanklikheid aan vir al die kolleges behalwe vir die Hugenotekollege. Hulle meen dat dié kollege die moontlikheid van affiliasie met die Universiteit van Stellenbosch moet bespreek, en as dit moontlik blyk, was die kommissie bereid om die kollege nog 'n tyd lank kans te gee om sy bestaan te regverdig. Vir die Suid-Afrikaanse Naturellekollege is affiliasie met Rhodes in Grahamstad aan die hand gegee, aangesien daar hier volgens die verslag geen vyandigheid op grond van ras bestaan nie.

Hierdie aanbevelings is stap vir stap uitgevoer. Die kollege op Fort Hare het hom by die naburige Grahamstad aangesluit. Hierdie reëling het byna tien jaar standgehou. Die Hugenote-universiteitskollege het nie daarin geslaag om met Stellenbosch te affilieer of om sy ou hoogtes te bereik nie. Sedert 1950 hou hy op om in sy ou gedaante voort te bestaan en word omgeskep in 'n opleidingskollege vir die maatskaplike werkers van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die liggaam wat in eerste instansie die Hugenotekollege gestig het. Een vir een verlaat die ander kolleges die federasie. Wet 4 van 1948 stig die Universiteit van Natal, wat in Maart die volgende jaar in aansyn kom. Wet 21 van 1949 skep die Universiteit van die Oranje-Vrystaat met ingang van Maart 1950. Die Rhodes-universiteit kom op 10 Maart 1951 in aansyn ingevolge Wet 15 van 1949. 'n Week later word Wet 19 van 1950 uitgevoer met die instelling van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Hiermee verval die federale universiteit, maar die Universiteit van Suid-Afrika bly voortbestaan. Dat dit moontlik was, spruit daaruit voort dat hy verplig was om nie net vir sy kollegestudente eksamen af te neem nie, maar ook vir private of „eksterne" kandidate. Hierdie sy van sy werk was van minder belang in 1918, maar teen 1945 was die druk van onverbonde studente van alle rasse groot om kwalifikasies te verwerf sonder bywoning van 'n universiteit of kollege. In 1918 en baie jare daarna is die eksterne

student kwalik geduld, en baie het gehoop dat hy later totaal van die universiteitstoneel sal verdwyn, maar teen 1945 kon sy behoeftes nie meer oor die hoof gesien word nie. Die voorsiening in hierdie behoeftes is die fondament waarop die huidige Universiteit van Suid-Afrika gebou is.

# 7 *Die toenemende probleme van eksterne studie*

Die Universiteit van Suid-Afrika is volgens artikel 18 van Wet 12 van 1916 verplig om elke student wat nie 'n student van 'n samestellende kollege is nie, te eksamineer. Daar is gesê dat hierdie bepaling agterna ingevoeg is om die paar mense te bevredig wat in die laaste dae van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop gewys het op die nood van onverbonde studente. Hoe ook al, die wet van 1916 het in die woorde van 'n later registrateur, Langham Murray, 'n reg van die ou universiteit verander in 'n verpligting vir sover dit die nuwe universiteit betref. Artikel 18 het die deur wyd oop gemaak vir 'n steeds toenemende getal private studente. In 1919 was hulle 208 en teen 1944 het meer as 3 000 eksterne kandidate hulle laat inskryf vir die grade en diplomas van die universiteit. In die jare tussenin was daar ook 'n aanmerklike toename in die studentetalle aan die kolleges en die onafhanklike Universiteit van Suid-Afrika. Tog het die persentasie van eksterne studente teenoor die totaal van die land gestyg van 8,6% in 1919 tot 21,5% in die laaste volle jaar van die Tweede Wêreldoorlog.

Die federale universiteit het private studente nie onderrig nie, slegs geëksamineer. Nie al hierdie kandidate moes geheel en al sonder onderrig klaarkom nie, want selfs voor die verdwyning van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop is daar onderrigklasse en korrespondensiekolleges in Suid-Afrika gestig om hierdie mense te help. So het die University Correspondence College van Cambridge, Engeland, al voor Unie sy werksaamhede na die

SAMUEL HENRI PELLISSIER is op 10 November 1887 in die ou sendinghuis te Bethulie, Oranje-Vrystaat, gebore. Hy ontvang tuis onderrig van sy vader tot sy 11e jaar, toe hy in 'n plaasskooltjie in standerd 2 begin. Toe die Anglo-Boere-oorlog 'n jaar later uitbreek, is die skool gesluit, en hy kon eers in 1902 weer skool toe gaan, hierdie keer op die dorp. In 1904 lê hy die juniorsertifikaateksamen af en in 1905 die matrikulasie. Hy gee 'n jaar onderwys en gaan dan na die Grey-universiteitskollege, waar hy die B.A.-graad in 1909 en die onderwysdiploma in 1910 behaal. In 1911 is hy na Holland, waar hy pedagogiek bestudeer. In 1913 is hy terug, eers as vise-hoof op Lindley en van 1914 tot 1916 in dieselfde hoedanigheid op Boshof, en van 1917 tot 1927 hoof op Ficksburg. Van 1927 tot 1947 is hy direkteur van onderwys van die Vrystaat en van 1948 tot 1959 voorsitter van die beheerraad van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie. Behalwe sy intense belangstelling in die opvoeding is hy stigter van die volksang- en volkspelebeweging en neem hy 'n leidende aandeel in volksfeeste.

In 1944 het die Universiteit van Stellenbosch hom 'n eregraad toegeken.

Hy is raadslid van 1927 tot 1954 met 'n kort onderbreking, en vise-kanselier vir die periode 1932–1934.

Hy is nog steeds aktief op verskeie terreine.

*Dr. Samuel Henri Pellissier, B.A., D.Ed. (h.c.)*
*Raadslid 1927–1948; 1948–1954*
*Voorsitter van die konvokasie 1930–1931*
*Vise-kanselier 1932–1934*



kolonies uitgebrei en die studiebeurse verskaf waardeur bv. 'n man soos Gerrit Besselaar, lank professor van moderne tale in Natal, gehelp is om sy akademiese kwalifikasies te verwerf. Soortgelyke ondernemings het in die jare twintig en dertig hand oor hand toegeneem. Party, soos die Helpmekaar van die Transvaalse Onderwysersvereniging, gestig in 1927, het ontwikkel uit die baanbrekerswerk van onderwysers of onderwysersverenigings. 'n Ander, die Volkskorrespondensiekollege van die volgende dekade, het samewerking gesoek met 'n erkende universiteitskollege, die een in Bloemfontein.

Twee handelsondernemings wat baie gedoen het om die eksterne student te help, was David Young se Rapid Results College van Durban, opgerig in 1928, en P. W. Zorn se Universiteitskorrespondensiekursusse van Pretoria, in die laat jare dertig onder die bestuur van S. P. E. Boshoff en S. J. Hofmeyr. Hierdie firma het saam met die Helpmekaar-kollege die Transafrikakorrespondensiekollege van Johannesburg geword, aanvanklik onder beheer van Boshoff en H. G. Luttig. Teen 1945 was daar meer as twintig van hierdie firmas in die veld. Party was miskien nie danig hoogstaande nie, maar die bestes onder hulle het beslis die belange van die private student op die hart gedra.

Party eksterne studente was inderdaad verbonde aan erkende onderwysinrigtings. Die moeilikheid van studente van die Potchefstroomse kollege om hulle vir die universiteitseksamens in te skryf, het tot die inlywing van dié kollege by die federasie gelei. Daar was verder studente wat vir graadeksamens gestudeer het aan opleidingskolleges vir onderwysers, soos dié in die Paarl in Kaapland en Heidelberg in Transvaal. Die tegniese inrigting in Durban het ook graadkursusse aangebied voordat die Natalse Universiteitskollege dit oorgeneem het. By meer as een geleentheid is pogings aangewend om sekere groepe studente onder die universiteit se vleuels te bring. Die Katolieke Dominikaanse Susters van King William's Town het die universiteit in 1937 met die oog op erkenning van dié aard genader, maar daarmee is godsdienstige onmin gewek. Die militante Protestante grootlosie van die Loyal Orange Institution van Suid-Afrika het gejuig

toe die Katolieke se aansoek geweier is. Ander het ten onregte in die weiering 'n anti-Katolieke dweepsug gesien.

'n Soortgelyke aansoek om groepserkenning het later van die Kerk van die Sewendedagadventiste gekom. Hulle studente het aan die Helderberg-kollege in Kaapstad gestudeer. Ook dié aansoek is aanvanklik teëgestaan deur die Universiteit van Suid-Afrika.

Die groot gros van die studente was egter nie verbonde aan die een of ander inrigting behalwe die korrespondensiekollege nie. Hulle is dikwels verwar met 'n ander groep wat in die jare twintig begin opgang maak het in die universiteitswese, nl. die buitemuurse studente. Die Transvaalse Universiteitskollege was 'n baanbreker op hierdie gebied van onderwysuitbreiding. 'n Buitemuurse afdeling is kort na die Eerste Wêreldoorlog in Pretoria gestig. Paterson en Macfadyen het gehelp om dit tot stand te bring, en die verdere groei daarvan het veel te danke aan Holloway en Brookes op die terrein van die handel, die regte en bestuur.

Hierdie studiegeleentheid wat die kollege gebied het, asook die geleentheid vir bevordering wat die federale universiteit se eksamens vir private studente moontlik gemaak het, was albei tekens van die opstuwende gety in die onderwys oor die hele wêreld, soos Brookes dit in 1930 beskryf het.

Studente in die buurlande sonder universiteitsinrigtings en nieblankes in die Unie vir wie daar geen kollegegeriewe bestaan het nie, het die geleentheid verwelkom om as eksterne student 'n graad te verwerf. Die Suid-Afrikaanse Naturellekollege kon nie die toenemende aanvraag behartig nie, al het hy 'n aantal nie-Bantoes opgeneem. By ander universitêre inrigtings het die kwessie van rasse-integrasie opgeduik. Mabel Palmer begin in 1936 met klasse vir Indiërstudente in Durban, maar weens die teenstand van sekere raadslede van die Natalse Universiteitskollege teen rassevermenging op die kampus, is hierdie weg tot verdere ontwikkeling van die Indiërs versper. Volgens uitsprake van die Indiërleiers was die Indiërgemeenskap gekant teen die oprigting van 'n aparte Indiërkollege. Daar het inderdaad geen verdere


LANGHAM DALE MURRAY is op 4 November 1892 te Seepunt, Kaapstad, gebore en kry as voorname die naam van sy moeder se oom, Langham Dale, die eerste vise-kanselier van die universiteit. Hy gaan skool aan die Boys' High, Stellenbosch, matrikuleer in 1908 en verwerf die B.A.-honneurs graad in Klassieke Tale aan Victoriakollege in 1911. In 1913 gaan hy na Trinity College, Oxford, maar word opgeroep vir aktiewe diens toe die Eerste Wêreldoorlog uitbreek. Hy bly in die veld tot 1918, toe hy gevang is. Op grond van sy oorlogsdiens kry hy die D.C.M. In 1919 behaal hy na ses maande die M.A., word nog in dieselfde jaar by die universiteit aangestel, word 15 jaar later registrateur en tree 19 jaar daarna aan die begin van 1953 af.

Gedurende sy dienstyd as registrateur vind baie verwikkelinge plaas, onder andere die poging om die setel na Bloemfontein te verplaas, die afneem van eksamens vir soldate en geïnterneerdes gedurende die Tweede Wêreldoorlog; die instelling van die Eksterne Studie-afdeling en die Brookes-verslag, wat uitloop op die selfstandigwording van die universiteitskolleges.

Hy stel belang in en speel self tennis, rugby en hokkie en blink veral uit in skaak.

Mnr. Murray word onthou as iemand met 'n verbasende geheue vir name en getalle. Hy was uitermate hoflik, maar kon by geleentheid snedig sarkasties wees. Geen badjie-uittrekkery is gedurende amptelike kantoorure toegelaat nie, maar as hy langer moes werk, het hy presies of 4.30 nm., wanneer die amptelike tyd verstreke was, sy baadjie uitgetrek. Andersins was hy ook baie konserwatief. Na sy aftrede in 1953 was hy 'n tyd lank sekretaris-tesourier en later registrateur van die Universiteitskollege van Rhodesië en Njassaland, tans die Universiteit van Rhodesië. Van 1956 tot Februarie 1973 is hy eksamenbeampte van die Ministry of Education (Division of African Education) in Salisbury, waar hy tans nog woon. In 1973 ken die Universiteit van Suid-Afrika hom 'n ere-D.Admin. toe.

*Dr. Langham Dale Murray, M.A., D.Admin. (h.c.), D.C.M.*
*Registrateur 1934–1953*



uitbreiding van studiegeleentheid vir nie-blankes plaasgevind nie totdat die Afrikaanse kerke in 1946 in Pretoria die Kolege ya Bana ba Afrika gestig het. Daar is groot verwagtings van hierdie onderneming gekoester, maar dit het nooit groot hoogtes bereik nie.

Nog 'n rede vir die opkoms van eksterne studie moet gesoek word in die landsomstandighede gedurende die depressiejare. Toe het die eksamens van die Universiteit van Suid-Afrika die geleentheid tot bevordering gebied aan baie studente wie se ouers dit nie kon bekostig om hulle na 'n doserende universiteit of universiteitskollege te stuur nie. Ten slotte het baie ouer mans en vroue wat hulle studie na skool om die een of ander rede moes onderbreek, die eksamenvoorreg vir eksterne studente verwelkom. Baie van hulle het vol in hulle werk gestaan en kon op geen ander manier graad verwerf nie.

Die onverwagte eksamens van die universiteit tussen die twee wêreldoorloë het die administrasie ongetwyfeld geldelik gebaat. Nietemin, uit die akademiese oogpunt kon daar veel ingebring word teen eksterne studie, en daar was baie, veral in die federale senaat, wat die heersende stelsel met groot argwaan bejeën het. Dat die stelsel so gou as moontlik afgeskaf moet word, was die algemene opvatting in Suid-Afrikaanse universiteitskringe gedurende al die jare twintig en dertig.

Maar as dit sou gebeur, lê die weg oop vir 'n buiteliggaam en sal studente eenvoudig hulle toevlug neem tot die eksterne eksamens van die Universiteit van Londen. Een van die korrespondensiefirmas, die Union College van Johannesburg, het in 1929 hierop gewys en tegelyk beweer dat die Engelse universiteit se graadvereistes nie so streng is as dié van die Universiteit van Suid-Afrika nie. Die kommissie Van der Horst het dit in 1928 duidelik gestel dat hy die spoedige einde van eksterne graadstudie voorsien, maar daarteenoor het die federale universiteit betoog dat hy ten minste die invloed van die Universiteit van Londen kan beveg solank die eksterne stelsel gehandhaaf word. Vroeër het die Universiteit van Suid-Afrika probeer om die eksterne grade te verdedig, maar teen 1928 het hy begin besef dat daar-

aan 'n einde moet kom. Wat die universiteit nie wou toegee nie, was dat ander universiteite in die land ondertussen toegelaat word om graadeksamens vir private studente af te neem. Vroeg in die jare dertig was die nuwe Universiteit van Pretoria juis gretig om dit te doen.

'n Konsepwetsontwerp is inderdaad in 1932 opgestel om enige universiteit die reg te gee om eksterne kandidate te eksamineer, hoewel sulke studente verplig sou wees om 'n gedeelte van hulle kursusse intern te loop. So 'n maatreël sou alle eksterne kandidate vir die Universiteit van Suid-Afrika se graadeksamens raak, behalwe dié van die Suid-Afrikaanse Naturellekollege, vir wie daar spesiale uitsondering gemaak is in die wetsontwerp. Daar was 'n onmiddellike storm van protes van individue, onderwysersverenigings en segsmanne van die nie-blankes. Die wetsontwerp is in die doofpot gestop toe Hertzog en Smuts onverwags in Maart 1933 'n politieke vergelyk tref en kragte verenig.

Een van die ernstigste beskuldigings teen die eksterne student was dat sy peil aanmerklik laer is as dié van die kollegestudent. Baie omstandighede het hiertoe bygedra, maar die blaam is hoofsaaklik op die skouers van die korrespondensiefirmas geplaas. Toe die Universiteit van Suid-Afrika in 1932 voorstel dat hierdie firmas onder beheer geplaas word, is beweer dat party van hulle die studente opsetlik mislei, dat hulle swak gekwalifiseerde personeel aanhou, die studente te veel laat betaal en onvoldoende hulp gee. Buitendien het die universiteit sterk beswaar gehad teen die bepaling „universiteits-" in die naam van een van hierdie ondernemings. Hierdie probleem het in 'n ander verband weer voorgekom toe die Katolieke owerheid in 1944 besluit om 'n kollege by Roma in Basoetoland op te rig. Dit was die voorloper van die huidige universiteit vir die voormalige hoëkommissarisgebiede, vandag, Lesotho, Botswana en Swaziland. Die bepaling „universiteits-" moes volgens die Universiteit van Suid-Afrika beperk wees tot onafhanklike graadgewende inrigtings of tot die samestellende kolleges van die federasie.

Ergernis oor die swak opleiding van studente deur die korrespondensiekolleges het lank as stawing van die betoog gedien dat



MARTHINUS CHRISTOFFEL BOTHA is op 26 Augustus 1886 in die distrik George, Kaapprovinsie, gebore. Na sy laerskool werk hy in die poskantoor en gee sowat drie jaar onderwys. Na hy gematrikuleer het, gee hy weer 'n tyd lank onderwys. In 1914 behaal hy die B.A. aan die Victoria-kollege, waarna hy weer onderwys gee. In 1918 kry hy aan die Universiteit van Kaapstad 'n aanstelling as lektor in Hollands; word in 1921 tot professor bevorder nadat hy ook die M.A. verwerf het.

Hy word superintendent-generaal van onderwys van die Kaapprovinsie in 1929 en in 1934 sekretaris van onderwys van die Unie-onderwysdepartement. Tussen 1936 en 1942 is hy voorsitter van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie en rektor van die Universiteit van Pretoria van 1941 tot 1947.

M.C. Botha is bekend vir sy stryd om erkenning van Afrikaans, veral as onderrigmedium in Kaapland. Hy was ook die eerste om Afrikaans aan die Universiteit van Kaapstad te doseer. As onderwysman het hy diep spore getrap, en dis veral aan sy ywer en doelgerigtheid te danke dat die Universiteit van Pretoria 'n Afrikaanse mediese fakulteit gekry het.

In 1936 ken die universiteit hom 'n ere-D.Litt. toe en die Universiteit van Kaapstad 'n ere-LL.D. in 1950.

Hy is raadslid met 'n kort onderbreking van 1929 tot 1936, weer van 1954 tot 1959 en vise-kanselier tussen 1934 en 1936.

Hy is op 3 Januarie 1959 in Kaapstad oorlede.

*Prof. Marthinus Christoffel Botha, M.A.,*
*D.Litt. (h.c.), LL.D. (h.c.)*
*Raadslid 1929–1934; 1934–1936; 1954–1959*
*Vise-kanselier 1934; 1934–1936*
*(Foto: Universiteit van Pretoria)*

die stelsel van eksterne studie beëindig moet word. Daar was 'n paar wat voorgestel het dat die Universiteit van Suid-Afrika self 'n doserende universiteit ter wille van hierdie klas studente word. Dit was 'n revolusionêre gedagte, wat reeds in Januarie 1926 deur Arthur Ritchie Lord, professor van wysbegeerte van die Rhodes-universiteitskollege, geopper is. Sy memorandum verdien vermelding as die voorloper van latere ontwikkelings. Daarin bepleit hy 'n doseerstelsel, met universiteitslektore, wat beskikbaar gestel word vir leiding en onderhoude. Sy voorstel het egter min steun ontvang. Ook die alternatiewe gedagte dat die kolleges die soort werk onderneem, het geen byval by die kolleges gevind nie.

In 1936 het J. W. Bews met ontsteltenis gemerk dat die federale universiteit vir die eerste keer 'n groter getal nie-kollegestudente as interne studente het. 'n Senaatskomitee is aangestel om op die saak in te gaan, en 'n aantal voorstelle is gedoen. Een daarvan het 'n paar jaar vroeër die steun van die toenmalige minister van onderwys, D. F. Malan, geniet, nl. dat 'n gemeenskaplike raad beheer uitoefen oor eksterne eksamens. Korrespondensiekursusse en vakansieskole, gereël deur die universiteit of die kolleges, is ook voorgestel, maar die komitee wys daarop dat die mededinging van die bestaande korrespondensiekolleges nie so maklik te bowe gekom sal word nie. Lord se gedagte van tien jaar vroeër begin eindelik enigermate veld wen. Mabel Palmer van Natal lê 'n uitvoerige skema voor waarin 'n korrespondensiekollege as deel van die universiteit, reisende dosente en erkenning van goedgekeurde handelsondernemings voorgestel word. Hoe sterk die teenkanting teen eksterne studie nog was, blyk uit die reaksie van Potchefstroom, wat die byvoeging van die woorde „eksterne student" op die graadsertifikate van sulke studente voorgestaan het.

Die federale senaat bring uiteindelik 'n verslag uit wat nie verder op die pad van onderrig gaan as om die moontlikheid van vakansieskole by die kolleges aan die hand te doen nie. Hy beveel ook aan dat die graadkursus vir eksterne studente verleng word van drie tot vier jaar. E. H. G. Arndt van die departement Ekonomie van die Transvaalse Universiteitskollege het dieselfde

gedagte etlike jare vroeër al uitgespreek. E. H. Brookes dien egter 'n minderheidsverslag in waarin hy die komiteelede van oormatige omsigtigheid beskuldig en beswaar maak teen die implisiete veronderstelling van die meerderheid dat die universiteit geen verantwoordelikheid behoort te aanvaar vir die opleiding van eksterne studente nie.

Die kursus vir private studente in die populêre rigting handel en administrasie was reeds verleng. In 1938 is die verlenging op alle studiedepartemente toegepas. Die administratiewe hoof van die firma Universiteitskorrespondensiekursusse, S. J. Hofmeyr, het dadelik gekla en beweer dat die regulasie ultra vires is. Die universiteit is toe verplig om op te tree, want die regsgeldigheid van die saak sou in die hof getoets word. Steve Hofmeyr se bewering het ook tot 'n stryd tussen die federale universiteit en die departement van Unie-onderwys gelei oor die kwessie of regulasies vooraf vir goedkeuring voorgelë moet word. Die betwiste reël is opgeskort, en ondertussen het die Universiteit van Suid-Afrika sowel as die departement van Unie-onderwys regsadvies oor Hofmeyr se stelling ingewin. Die regsgeleerdes kon geen eenstemmigheid bereik nie en toe versoek die universiteitsowerheid wetgewende optrede om te kan onderskei tussen interne en eksterne studente of dan ten minste die geleentheid om die kwessie met die minister van onderwys te bespreek.

Ondertussen was die minister, Jan Hofmeyr, na sy bedanking oor die verteenwoordiging van Naturelle, 'n kort tydjie buite funksie. Sy plaasvervanger, Henry A. Fagan, het saam met die sekretaris van onderwys, G. von W. Eybers, 'n gesamentlike afvaardiging van die raad en die senaat op 25 November 1938 te woord gestaan. Die raadslid en toekomstige vise-kanselier, A. A. Roberts, was in die afwesigheid van Brookes die vernaamste pleitbesorger vir die eksterne studente. Hy het erken dat party korrespondensiekolleges geneig was om blote graadworsmasjiene te word, maar hy het tog geglo dat die senaatslede oor die algemeen glad te vyandig teenoor hierdie studiemetode staan. Dit is met krag ontken, maar prof. Dreyer van Bloemfontein was nie bereid om toe te sien hoe die regte van interne studente hoe ook



FRANÇOIS DANIËL HUGO is op 27 Februarie 1883 op die plaas Grootstraat in die distrik Touwsrivier, Kaapprovinsie, gebore. Hy gaan eers op 12-jarige leeftyd skool toe na die Spes Bona-skool, De Doorns. Daarna na die South African College, waar hy in 1902 sy matrikulasie- en 1906 sy B.A.-eksamen aflê. Hy kwalifiseer ook as onderwyser aan die Normaalkollege, Kaapstad.

In 1906 word hy assistent-inspekteur van skole in Natal, in 1912 inspekteur en word in 1916 na die hoofkantoor in Pietermaritzburg verplaas, gedeeltelik omrede oogmoeilikheid, wat vererger is deur die stamp van die muilkar waarmee hy moes ry op die ruwe paaie; in 1923 agerende hoofinspekteur en hoofinspekteur in 1931. Nog in dieselfde jaar word hy superintendent (later direkteur) van onderwys in Natal en bly dit tot 1941, toe hy sekretaris van onderwys van die Departement van Unie-onderwys word tot sy aftrede in Julie 1944.

Hy neem baie aktief deel aan die lewe van die Afrikanergemeenskap in Pietermaritzburg, en hy het 'n belangrike rol gespeel om Hollands, later Afrikaans, erken te kry in Natal. Hy was die eerste Afrikaanssprekende om as superintendent van onderwys in Natal 'n aanstelling te kry. Hy was ook 'n groot voorstander van universiteitsopleiding vir vroue.

Hy dien in die raad van 1931 tot 1941 en as vise-kanselier van 1936 tot 1938.

Hy is op 4 September 1959 in Die Strand, Kaapstad, oorlede.

*François Daniël Hugo, B.A.*
*Raadslid 1931–1941*
*Vise-kanselier 1936–1938*

al benadeel word nie. Prof. J. McKinnell van Natal opper die voorstel wat reeds gedoen is, nl. om mondelinge eksamens as bykomende toets van die eksterne student se bekwaamheid in te stel. Die vise-kanselier, F. S. Malan, verwys na die besondere verhoudingsprobleme van die Suid-Afrikaanse Naturellekollege met die federale universiteit. F. D. Hugo meld die belangstelling wat die Indiërs in Natal vir hoër onderwys aan die dag lê.

Die bespreking het uitgeloop op 'n wetsontwerp waarby die verlenging van die eksterne kursus tot vier jaar inbegrepe is. Wydverspreide verontwaardiging het losgebars, en wel so hewig dat dit nie heeltemal spontaan kon gewees het nie. Natuurlik was die handelsondernemings sterk daaragter, omdat hulle verlies van inkomste gevrees het. Die minister, die departement van Unie-onderwys, volksraadslede, die federale universiteit en die pers is met kwaai briewe bestook. 'n Briefskrywer uit Wynberg in Kaapland wys in die *Argus* daarop dat die nuwe maatreël die eksterne student maar min in ag neem. Hy gaan voort met 'n oulike vermenging van sy beelde (vertaal): „Die owerhede steek 'n stok in ons wiel, sodat ons die pad vorentoe moeilik kan baan." 'n Ander briefskrywer in die *Diamond Fields Advertiser* tree in die bres vir die korrespondensiekolleges, wat hy die arm man se huis-universiteit noem. Steve Hofmeyr van die Universiteitskorrespondensiekursusse lê 'n verklaring aan die voorsitter van die staatsdienskommissie voor waarin hy die agterstand van die eksterne student beklemtoon. Hy wys ook daarop dat driekwart van sy studente onderwysers en staatsamptenare is wat besondere inagneming verdien.

Die proteste uit Afrikaneroord was net so sterk as dié van die Engelssprekendes. *Die Transvaler* van 22 Februarie 1939 skryf in sy hoofartikel dat die saak „die versterking van die Afrikanerdom raak". *Die Volksblad* van Bloemfontein skilder 'n roerende beeld van die vermoeide eksterne student wat sy vrye tyd opoffer terwyl ander gesellig ontspan. *Die Vaderland* spot weer fyn: „ ‚Wat is 'n eksterne student, Jaap?' vra Vroutjie my gisteraand. ‚Eksterne student, skatlief? Dis 'n man wat hom in sy vrye tyd met studie besig hou – ek bedoel studie vir 'n graad,

nie van sy finansiële moeilikhede soos ek nie' . . . ,En wat mag interne studente presies beteken, . . . ?' ,Tog baie duidelik, . . . Interne student is 'n man wat die hele dag sy vrye tyd maak en dit aan sy pa oorlaat om hom in sy vrye tyd oor die finansiële moeilikhede te bekommer.' "!

Die algemene verontwaardiging het selfs tot die stigting van 'n vereniging van eksterne studente in Johannesburg gelei. Dié vereniging het 'n petisie aan die minister van onderwys voorgelê waarin hy beswaar maak teen die vorm van klassewetgewing, soos hy dit genoem het. Die stortvloed proteste het die gewenste uitwerking gehad, en die eksterne student kon bewys dat hy darem politieke invloed het. Die wetsontwerp, met bepalings soos dié oor bykomende eksamensentrums, is gewysig, en wet 21 van 1939 sê niks oor die vierjarige kursus nie. Die jaarboek het die kursus tot 1951 nog so opgegee as opgeskorte maatreël. Die Universiteit van Suid-Afrika het nog steeds 'n tyd lank krities teenoor die eksterne standaarde gestaan, en hy het al hoe meer ontevrede geraak met die werk van party korrespondensieondernemings.

Dit was deels hierdie gebrek aan vertroue in die werk van die kommersiële kolleges en deels die uitbreek van die oorlog in 1939 wat 'n verandering in die houding van die universiteit, wat vroeër min genoeg vir die private student omgegee het, te weeg gebring het. Die registrateur se sekretaris, Kreine Alexander, lê vroeg in 1939 'n verslag voor oor die eksterne stelsel van die Universiteit van Londen, maar die senaat het toe gemeen dat die beperkte hulp wat die Engelse liggaam aan studente bied, nie van toepassing op die Suid-Afrikaanse omstandighede is nie. Nietemin is die boekleendiens met die medewerking van die Staatsbiblioteek in Pretoria verbeter en die hele situasie noukeurig dopgehou. Daar het spoedig probleme in verband met oorlogstydse studie ontstaan. Die eksterne eksamenstelsel moes uitgebrei word om selfs in die verre Kaïro praktiese toetse in die natuurwetenskap af te neem.

Van 1942 af was daar 'n skerp styging in die getal eksterne eksameninskrywings na 'n aanvanklike daling in die eerste jaar van die oorlog. Die universiteit kon 'n stortvloed van aansoeke



FRANÇOIS STEPHANUS MALAN is op 12 Maart 1871 op Bovlei, digby Wellington, Kaapprovinsie, gebore. Hy kry laerskoolonderrig op 'n plaasskool in die Paarlse distrik, lê sy matrikulasie aan die Hoër Jongensschool in 1889 af, die B.A. in 1892 aan die Victoriakollege en in 1895 die LL.B. aan Christ's College, Cambridge.

Terug in Suid-Afrika is daar nie genoeg werk vir 'n regsloopbaan nie en is hy 'n tyd lank redakteur van die *Patriot* en later van *Ons Land*. In 1900 word hy lid van die Wetgewende Vergadering waar hy Malmesbury vir 24 jaar verteenwoordig. Hy is dadelik diep in die politieke stryd gewikkel. Hy dien onder Merriman, Botha en Smuts as minister en het verskillende portefeuljes beklee. Hy verloor sy setel in 1924, maar word senator in 1927 en is in 1940 en 1941 president van die Senaat. Hy is ook die eerste persoon wat 'n gradedagrede in Hollands aan die universiteit gehou het, en wel in 1912 as minister van onderwys.

Malan is veral bekend vir sy godsdienssin. Hy onderskei hom as opvoedkundige, kultuurleier en kampvegter vir die Hollandse taal op skool en in die openbare lewe. Hy is stigterslid van die Akademie vir Taal, Lettere en Kuns en dien ook as voorsitter. Hy loods ook die wetgewing in verband met die universiteite van Suid-Afrika, Kaapstad en Stellenbosch deur die Parlement.

In 1917 ontvang hy die LL.D. *(honoris causa)* nog van die ou universiteit, in 1931 ere-D.Ed. van Stellenbosch en word in 1920 lid van die Britse Geheime Raad (Privy Council).

Hy dien as raadslid in 1932 en weer van 1936 tot 1940. Hy is visekanselier van 1938 tot 1940.

Hy is op 31 Desember 1941 in Kaapstad oorlede.

*Senator François Stephanus Malan, B.A., LL.B.,*
*LL.D. (h.c.), D.Ed. (h.c.), P.C.*
*Raadslid 1932; 1936–1940*
*Vise-kanselier 1938–1940*
*(Foto: Staatsargief)*

verwag sodra die soldate na die burgerlewe terugkeer en besef wat dit werd is om te studeer onderwyl hulle verdien. Noudat die universiteit oortuig geraak het dat hy verskeie of selfs alle samestellende kolleges sal verloor, het sy rol as eksaminator vir studente buite die verspreide onderwysinrigtings groter betekenis gekry. Daar het selfs navrae van buite die landsgrense gekom: uit Kenja, waar na-matrikulasiestudie beoog is; uit die Noord-Rhodesiese koperstreek, met 'n versoek om eksterne kursusse in die myningenieurswese; uit Mosambiek, waar 'n organisasie bekend as British Education in Lourenço Marques begin dink het aan onderrig gegrond op die universiteit se eksamens. Hier het die universiteit die kans gekry om sy invloed nog verder uit te brei, ja selfs om sy voortbestaan te verseker.

'n Beweging wat naderhand sou uitloop op die rekonstruksie van die Universiteit van Suid-Afrika het in 1944 begin. Op die senaatsvergadering van dié jaar in Bloemfontein is die kwessie van eksterne studie bespreek met die oog op die voorlegging van getuienis aan die pas benoemde komitee insake onderwys aan volwassenes onder voorsitterskap van G. von W. Eybers. By dié geleentheid het die historikus aan die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat, C. J. Uys, namens die senaat van sy kollege 'n mosie ingedien. Die voorstel lui dat die federale universiteit „stappe doen om die beheer oor die opleiding van studente wat begerig is om . . . eksamens ekstern af te lê in oorweging te neem met die doel om moontlik self in die behoefte vir onderrig deur middel van korrespondensielesings te voorsien". By die mosie was daar 'n memorandum, deur Uys self opgestel. Daarvolgens staan daar twee weë vir die universiteit oop: hy moet self korrespondensiewerk onderneem of hy moet die handelskolleges binne die federasie betrek. Die Universiteit van Suid-Afrika kan nie langer afsydig staan nie. Die toestand roep om 'n nuwe benadering in ooreenstemming met die behoeftes van die dag, want, sê Uys: „Ons roeping is om ons eie beskawing te bestendig en aan te help, wat sy eie behoeftes en eise het, nie die beskawing wat deur die middeleeuse universiteit gedien is nie."

Die Universiteit van Suid-Afrika was nooit juis gretig om die

handelsondernemings binne die federale raamwerk op te neem nie, want hy het hulle nie goedgekeur nie. Van hulle kant het hulle hulle saak met alle krag voor die Eybers-kommissie gestel. Ongetwyfeld het die bestes onder hulle, bv. die Rapid Results College en die Transafrikagroep inderdaad goeie werk gedoen en 'n nuttige diens aan duisende studente gelewer. Die korrespondensiekolleges het darem daarin geslaag om die aanbeveling van die komitee dat hulle onder staatsbeheer geplaas word, te weerstaan. Die staat het die alternatief aangeneem van 'n nasionale liggaam om die standaard te stel en te handhaaf.

Die universiteit sou geleidelik weg beweeg van die korrespondensiekolleges en uiteindelik in mededinging met hulle tree. Die senaat se vaste komitee vir eksterne studente erken in 1944 dat die stelsel van eksterne studente 'n vaste instelling geword het en dat dit ongewens is dat die opleiding van sulke studente geheel en al oorgelaat word aan handelsinrigtings. Daar word dus aanbeveel dat 'n amptenaar, bekend as die „direkteur van eksterne studie", aangestel word met duidelik omskrewe verantwoordelikhede. Staatssteun sou aangevra word om die beoogde uitbreiding van die universiteit se funksies te finansier. Die samestellende kolleges het hierdie nuwe rigting met min geesdrif goedgekeur. Potchefstroom het selfs beweer dat 'n ondersoek na die probleem van die eksterne student onder leiding van die amptenaar wat die senaat daartoe aanstel, uit die aard van die saak geen objektiewe ondersoek sal wees nie.

Die menings van individue het uiteengeloop. Een van die vurigste ondersteuners van enige skema om die universiteit nader te bring aan die eksterne student, was E. Eybers, hoof van die departement Opvoedkunde in Bloemfontein. Dit vereis maar min visie met beheerste verbeeldingskrag om die geweldige geleenthede wat die dringende behoefte aan belangelose diens bied, raak te sien. Daar bestaan insgelyks 'n byna onbeperkte veld van hulp aan die Bantoes, wat meer as ooit hunker na opvoeding, aldus Eybers. Maar die registrateur, Langham Murray, was minder geesdriftig. In Oktober 1944 verklaar hy dat eksterne studie nie universitêre opleiding is nie. Die wesenskenmerk van universitêre



FERDINAND POSTMA is op 15 Julie 1879 te Aliwal-Noord, Kaapprovinsie, gebore. Sy skoolonderrig ontvang hy op Burgersdorp en Middelburg, Kaapprovinsie, en later aan die voorbereidende skool van die Teologiese Skool, waar hy in 1896 die matrikulasie en daarna die intermediêre B.A. aflê. In 1902 is hy na die Vrije Universiteit, Amsterdam, waar hy die Candidaatsexamen aflê, wat hom B.A.-status aan ons universiteit gee.

Terug in Suid-Afrika word hy as professor aangestel aan die Teologiese Skool, Burgersdorp, wat later na Potchefstroom verhuis. In 1911 lê hy die proponentseksamen van die Gereformeerde Kerk af, en 3 jaar later promoveer hy aan die Vrije Universiteit met 'n proefskrif in Latyn geskrywe.

Toe die literariese departement van die Teologiese Skool in 1919 'n universiteitskollege word, word hy rektor by sy professorale pligte en van 1945 tot sy dood in 1950 net rektor.

As voorsitter van die senaat vir twee termyne en van die Studiekomitee Klassieke Tale toon hy hom 'n baie ywerige en doelgerigte opvoeder. Van hom verskyn ook talryke geskrifte, veral tussen 1908 en 1949. Belangrik is dat hy die eerste woordeboek Latyn-Afrikaans en Afrikaans-Latyn in twee dele saamgestel het.

Hy is ononderbroke raadslid van 1919 af tot 1950 en vise-kanselier 1940–1944. Hy word 'n F.R.S.A. in 1939, en 'n ere-D.Ed.-graad word in 1949 deur die universiteit aan hom toegeken.

Hy is op 4 November 1950 te Potchefstroom oorlede.

*Prof. Ferdinand Postma, B.A., Litt.Dr.,*
*D.Ed. (h.c.), F.R.S.A.*
*Raadslid 1919–1950*
*Dekaan Fakulteit Lettere en Wysbegeerte 1924–1926; 1931–1933*
*Voorsitter van die senaat 1926–1928; 1936–1938*
*Vise-kanselier 1940–1944*

opvoeding is dat die student aan die voete van 'n Gamaliël sit. Dit is nie net die verwerwing van kennis nie, wat maar 'n bykomende element in die opvoedingsproses is. Dit is die gemeenskap vir 'n bepaalde tydsduur van die onryp en vorsende gees met die opgeleide en ryk gees van 'n leermeester wat opvoeding in die ware sin van die woord is. Volgens Murray is dit verder 'n wanopvatting dat die aflê van eksamens 'n kandidaat aanspraak op 'n graad gee. En wat die voorgestelde direkteur betref, twyfel hy of baie studente sy raad in verband met hulle studie sal inwin, as dit dan sy hooffunksie sal wees. Buitendien sal die nuwe amptenaar hom in 'n ongerymde posisie bevind en wel as administrateur met akademiese pligte. Dit sou byna 'n terugkeer wees tot die eerste jare van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop, toe die registrateur so intiem gemoeid was met die universiteit se sake.

Die raad besluit om 'n direkteur van eksterne studie in tydelike hoedanigheid vir een jaar aan te stel. Verskeie name is vir die pos genoem, onder andere dié van die universiteit se bekwaamste eksterne student in vroeër jare, E. H. Brookes, toe senator. Die man wat uiteindelik gekies is, was professor A. J. H. van der Walt van die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys. Sy eerste taak was om die hele kwessie van eksterne studie vir die universiteit in oënskou te neem. Sy verslag van Augustus 1945 wys die rigting aan vir die toekomstige akademiese ontwikkeling van die Universiteit van Suid-Afrika. Na 'n omvattende oorsig oor die probleem besluit hy dat die oogmerk van die universiteit, naamlik om 'n bevredigende opleiding aan eksterne studente te verseker en daardeur die standaard van die grade te beveilig en die algemene belange van universiteitsopvoeding te behartig, die beste bereik kan word deur die instelling van 'n departement eksterne studie om die opleiding van studente in die fakulteite wat hulle daartoe leen, te onderneem. Aangesien party vakke, veral dié wat laboratoriumwerk vereis, nie geskik is vir korrespondensie-onderrig nie, meen hy dat dit gerade is om die werk van die voorgestelde departement te beperk tot die fakulteite lettere, regte en handel.

Die gevolgtrekkings het ooreengekom met dié van die Eybers-kommissie in 'n verslag van dieselfde jaar. Die aanbevelings is met geringe veranderings deur die raad van die Universiteit van Suid-Afrika aangeneem. Professor Van der Walt is gevra om aan die hoof van die nuwe afdeling te staan. Hy het die uitnodiging aangeneem en belowe om alles in sy vermoë te doen „om van die nuwe onderneming 'n sukses te maak, in belang van die goeie naam van die Universiteit, van die opvoeding en van die eksterne studente."

'n Mens kon dit verwag dat, toe 'n wetsontwerp vroeg in 1946 gepubliseer is om uitvoering te gee aan die nuwe benadering van universiteitsopleiding, die handelsondernemings dit sou teenstaan, want, soos Langham Murray dit netjies uitgedruk het, hulle het soos die silwersmede van Efese gevrees vir hulle ambag. L. L. Boyd van die Rapid Results College lê 'n memorandum aan die regering voor waarin hy daarop wys dat prof. Van der Walt se kritiek op die werk van die korrespondensiekolleges nie gegrond is op direkte oorleg met die kolleges nie. Hy is ook gekant teen alles in die uitvoering van die voorgestelde skema waardeur die Universiteit van Suid-Afrika hoe ook al bevoordeel sal word. Nog 'n bestryder was S. P. E. Boshoff van Transafrika en konvokasielid van die universiteitsraad. Hy behandel die kwessie uitvoerig in 'n reeks artikels onder die opskrif „Rommelpot in die hanekot" in sy kollege se blad *Horison*. Die artikels is later in pamfletvorm uitgegee. Professor Boshoff vererg hom oor die veronderstelling dat die korrespondensiekolleges nie opgewasse is vir die taak om 'n doeltreffende diens te lewer nie en hy wonder of die Universiteit van Suid-Afrika se nuwe departement dit beter sal doen.

As minister van onderwys en finansies moes Jan Hofmeyr versigtig optree om nie 'n staatsondersteunde instelling openlik in mededinging met private ondernemings te plaas nie. Die regering was bereid om 'n subsidie van R17 000 te bewillig op voorwaarde dat die universiteit self R20 000 vind. Die staatsteun sou die parlement seggenskap gee oor die toekomstige beleid ingeval die skema 'n tekort sou opdoen. Die wet tot wysiging van

ALFRED ADRIAN ROBERTS is op 18 Februarie 1890 te Fauresmith, Oranje-Vrystaat, gebore. Hy kry sy opleiding aan die Selborne College, Oos-Londen, waar hy in 1907 matrikuleer; die B.A. behaal hy aan die Transvaalse Universiteitskollege in 1911. Daarna is hy na Trinity Hall, Cambridge, waar hy die Law Tripos aflê.

Hy praktiseer in Pretoria tot 1919, toe hy registrateur van die Transvaalse Universiteitskollege word en die pos beklee tot 1929. Hy praktiseer weer, maar in 1935 word hy staatsregsadviseur. In 1944 kry hy 'n aanstelling as sekretaris van onderwys van die Departement van Unie-onderwys. Na sy aftrede in 1949 is hy vier jaar hoëkommissaris in Kanada en etlike kere 'n afgevaardigde na die Verenigde Volke-organisasie. In 1954 is hy ook leier van die Suid-Afrikaanse afvaardiging na die Statebondskakelingskonferensie in Lahore. In 1960 en 1961 neem hy waar as regter in die Transvaalse Provinsiale Afdeling. Hy was Kommissaris van Patente toe hy oorlede is.

Hy was 'n man met veelsydige belangstelling en het in talle onderwysrade gedien, in sommige as voorsitter. 'n Hele aantal publikasies verskyn ook van hom, waarvan die belangrikste *A South African Legal Biography* is.

In 1959 ken die Universiteit van Kaapstad hom 'n ere-LL.D. toe.

Hy was raadslid van 1930 tot 1946, die laaste twee jaar as vise-kanselier. Hy is op 7 April 1964 te Pretoria oorlede.

*Adv. Alfred Adrian Roberts, M.A., LL.B., LL.D. (h.c.), Q.C.*
*Raadslid 1930–1946*
*Voorsitter van die konvokasie 1928–1929*
*Vise-kanselier 1944–1946*
*(Foto: Universiteit van Pretoria)*



die wet op hoër onderwys word op 8 Mei 1946 deur die goewerneur-generaal onderteken. Daar was teenstand in die parlement, o.a. van sulke vasberade ondersteuners van die handelskolleges soos die lid van die Dominion Party vir Pinetown, J. S. Marwick, die Arbeiderspartylid vir Durban-Noord, eerw. C. F. Miles-Cadman van die Anglikaanse Kerk, en die Transvaalse Nasionaliste, S. J. Swanepoel van Gezina en W. D. Brink van Christiana. Jan Hofmeyr kon die Volksraad darem verseker dat die afdeling Eksterne Studie 'n plan sal beraam sodat sy studente geen onbillike voordeel bo dié wat by private ondernemings studeer, sal hê nie. Senator Brookes het sy steun aan die maatreël in die Senaat gegee, en in die Volksraad het die Nieu-Seelandse immigrant, die onderwysman en ekonoom, J. R. Sullivan van die kiesafdeling Durban-Berea, die gevoelens van baie uitgedruk toe hy gesê het hy hoop dat die nuwe onderneming uiteindelik sal lei tot die oprigting van 'n groot nasionale universiteit, 'n volksuniversiteit, in Suid-Afrika.

Toe die Brookes-kommissie van 1947 besig was met sy beraadslagings oor die toekoms van die Universiteit van Suid-Afrika, het die universiteit al 'n nuwe pad betree. Hy was nog steeds 'n federasie van kolleges, maar sy toekomstige grootheid sou nie daarvan afhanklik wees nie. In die ou Kaapse dae is hy dikwels aangeval as 'n bloot eksaminerende raad, en as federale universiteit het ontbinding byna uit die staanspoor sy voortbestaan bedreig.

Eindelik slaag hy daarin om sy bestaan te regverdig deur onderrig en leiding van kandidate vir sy eksamens wat hy byna 'n driekwart eeu lank nagenoeg volkome verwaarloos het, op hom te neem.

# 8 *Eerste treë op 'n nuwe pad*

Professor Van der Walt het sy loopbaan as voltydse direkteur van die afdeling Eksterne Studie op 15 Januarie 1946 begin met een tikster, Pamela R. Storey, om hom te help. Daarmee het die huidige Universiteit van Suid-Afrika as doseerinrigting en as administratiewe liggaam in aansyn gekom.

Die nuwe afdeling is nie oral met ope arms verwelkom nie. Selfs binne die universiteit was hy soos 'n vreemde kuiken in die nes en vir baie 'n onwelkome indringer. Die salaris van die direkteur en van die registrateur is op gelyke voet geplaas om alle skyn te vermy dat die hoof van die doseerafdeling van die universiteit aangesien word vir 'n belangriker amptenaar as die senior administratiewe beampte. Die registrateur se kantoor was immers nie alleen die middelpunt waaruit kollegesake en eksamens beheer is nie, maar ook die lewensbelangrike finansiële brein-sel. Langham Murray was altyd hoflik en beskaafd, maar as registrateur het hy nooit nagelaat om te ywer vir die regte van die bestaande administrasie nie. Die afdeling Eksterne Studie, al sou dit ook sy kinderskoene ontgroei, moes niks meer wees as 'n onderdeel van die Universiteit van Suid-Afrika met 'n besondere opdrag nie.

Inderdaad was Langham Murray nie onder diegene wat geglo het dat die afdeling sou slaag nie. Hy het dit ook by meer as een geleentheid gesê, en hy het vas geglo dat hy die nuweling sal oorleef. Hy sou ongetwyfeld saamgestem het met baie wat gesê is van die rigting wat die Natalse Universiteitskollege in 1947 oorweeg het, toe beweer is dat 'n eksterne universiteit maar



ANDRIES JACOBUS HENDRIK JOHANNES VAN DER WALT is op 12 Oktober 1893 in die distrik Steynsburg, Kaapprovinsie, gebore. Hy gaan eers op 12-jarige leeftyd na 'n private plaasskool, matrikuleer in 1916 na 'n onderbreking gedurende die Eerste Wêreldoorlog. In 1919 verwerf hy die B.A. met onderskeiding in Geskiedenis, in 1920 H.O.D., in 1921 M.A. in Geskiedenis en die D.Phil. in 1928 aan die Kaiser-Wilhelm-Universität, Berlyn.

In 1921 word hy lektor aan die Potchefstroomse Universiteitskollege en in 1929 professor. Hy dien min of meer onafgebroke in die senaat as lid en van 1923 af as voorsitter van die studiekomitee in Geskiedenis. Hy is van 1943 tot 1946 dekaan in die fakulteit Lettere en Wysbegeerte.

Prof. Van der Walt doen die ondersoek in verband met eksterne studie, en op grond van sy verslag word 'n studie-afdeling vir eksterne studente in 1946 in die lewe geroep. Onder sy leiding as direkteur vir eksterne studie word korrespondensie-onderrig uitgebou.

In 1953 word hy die eerste prinsipaal van die universiteit; die vorige jaar was hy reeds voorsitter van die senaat. Na sy aftrede in 1956 ken die universiteit hom 'n ere-D.Litt. et Phil. toe. Hy bly raadslid tot 1971, toe hy vir 'n verdere herbenoeming bedank het.

Hy sal altyd onthou word vir sy belangstelling in die eksterne student, sy regskapenheid, onpartydigheid en deeglikheid, maar veral vir sy besadigde maar besliste voorbeeld.

Hy is op 16 Augustus 1972 te Pretoria oorlede.

*Prof. Andries Jacobus Hendrik Johannes van der Walt,*
*M.A., D.Phil., D.Litt. et Phil. (h.c.)*
*Raadslid 1946–1971*
*Dekaan fakulteit lettere en wysbegeerte 1943–1946*
*Direkteur van eksterne studie 1946–1953*
*Prinsipaal 1953–1956*

die oorloop van 'n ware universiteit is, magteloos om standaarde te handhaaf en die direkte aanleiding tot lepelvoerdery.

Na gelang die direkteur en sy personeel begin besef het dat hulle rol in die hoër onderwys nie noodwendig van verbygaande aard is nie, het die kloof tussen die administratiewe en die doseerafdeling groter geword. Dit lyk byvoorbeeld of daar onnodige briefwisseling gevoer is, terwyl 'n openhartige bespreking van die probleme die lug eerder kon gesuiwer het. Daar was ook te veel samevalling van funksies tussen die afdelings en 'n mate van wrywing onder die senior administratiewe amptenare in verband met bevorderingsvooruitsigte toe die registrateur die aftree-ouderdom genader het.

Nie alleen Langham Murray se afdeling het geen vertroue in die afdeling Eksterne Studie gehad nie, maar ook elders het dieselfde houding geblyk. Party het gehoop dat die Universiteit van Suid-Afrika 'n sukses sal maak van sy nuwe onderneming; baie ander van die raadslede of dié wat die belange van die samestellende kolleges in die federale senaat behartig het, het die direkteur en sy personeeltjie neerbuigend behandel. Kollegeprofessore en departementshoofde was in die begin ver in die meerderheid teenoor die verteenwoordigers van prof. Van der Walt se afdeling op die senaatsvergaderings, en die akademiese beheer was gedurende die hele federale tyd stewig in die hande van die kollegelede. Dit het etlike jare geduur voordat die afdeling Eksterne Studie sy eie senaatsvoorsitter en 'n volle getal fakulteitsdekane gehad het.

'n Mens moet darem erken dat prof. Van der Walt se lektore toe nog maar beginners was. Dit was dus goed dat die kolleges aanvanklik die magsewewig gehad het. Op dié manier kon 'n eenvormige hoë standaard in die belang van die universiteit as geheel gehandhaaf word. So in elk geval het W. F. Barker, die professor vir Chemie aan die Rhodes-universiteitskollege en voorsitter van die senaat ná H. van der Merwe Scholtz van die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat, die saak gesien.

In die vergadering van die universiteitsraad was die direkteur die enigste spreekbuis van sy afdeling en dan ook maar by grasie

van die senaat. Tien van die vyf en twintig lede was kollegeverteenwoordigers. Die hoofde van die provinsiale onderwysdepartemente en hulle kollegas uit Suidwes-Afrika en Suid-Rhodesië het ook sitting gehad. In dié verband moet daarop gewys word dat die doseerafdeling ten opsigte van eksterne grade aanvanklik 'n bietjie vyandig bejeën is in Kaapse en Transvaalse onderwyskringe. Daar was nog 'n liggaam wat direk gemoeid was met die universiteit se nuwe taak, die gesamentlike komitee van raad en senaat vir eksterne studie. Dié liggaam het bestaan uit die senaatsvoorsitter en twee ander senaatslede, die visekanselier, die voorsitters van die raad se komitees vir finansies en vir personeel, die prinsipaal van die Suid-Afrikaanse Naturellekollege, die dekane van die fakulteit Lettere en van Handel en Administrasie en die direkteur van die afdeling Eksterne Studie. Die direkteur is later bygestaan deur een van sy kollegas.

Hier, soos elders, is die doseerfunksie van die universiteit grotendeels gereël deur buitestaanders. Die direkteur kon darem gewoonlik reken op die steun van die prinsipaal van Fort Hare, Alexander Kerr, tot 1948, toe C. P. Dent hom opgevolg het. Hoewel Fort Hare in 'n besondere verhouding met die federale universiteit gestaan het totdat hy 'n kort tydjie met Rhodes geaffilieer was, is sy studente nog altyd beskou as eksterne kandidate vir eksamens. Die Universiteit van Suid-Afrika was ook gelukkig om A. J. R. van Rhijn as vise-kanselier van 1949 tot 1952 te hê. Dr. Van Rhijn was die Nasionale volksraadslid vir Bethlehem in 1948 en het twee jaar later administrateur van Suidwes-Afrika geword. Sowel in die Volksraad as in die openbare lewe was hy altyd 'n sterk ondersteuner van die universiteit se doseeronderneming.

Na die goedkeuring van die afdeling Eksterne Studie het die raad die aanstelling van 'n aantal lektore en klerklike beamptes gemagtig. Dit was egter nie so maklik om aan die einde van die oorlog personeel van watter aard ook al te vind nie. Die geweldige uitbreiding van die bestaande universiteite en kolleges om in die behoeftes van die terugkerende soldate te voorsien, het die meeste beskikbare lektore opgeneem. Buitendien was daar min

sekerheid dat die nuwe afdeling 'n blywende toevoeging tot die doseeruniversiteite sou wees. Baie goedgekeurde poste het vakant gebly, en die meeste aangestelde lektore het van buite die akademiese sfeer gekom, veral uit hoërskole. Die meeste mans en vroue wat in die beginjare en daarna vir poste gekies is, was Afrikaanssprekend. Hieruit blyk dadelik die hoër graad van tweetaligheid onder die Afrikaanse onderwysers, 'n algemene vyandigheid teenoor die nuwe universitêre onderrigmetode onder Engelssprekende gegradueerdes en bo alles die beskikbaarheid van groter getalle Afrikaanssprekendes vir poste.

Die eerste lid van die doseerpersoneel was H. J. J. M. van der Merwe, hoof van die departement Afrikaans en Nederlands, wat toe pas sy doktorsgraad aan die Universiteit van Pretoria verwerf het. Hy was toe dosent in waarnemende hoedanigheid aan die onderwyskollege in Pretoria, na verskeie jare as onderwyser aan die Central Junior High School (Staats Model School) in die gebou in Vanderwaltstraat, waaruit die jong Winston Churchill gedurende die Anglo-Boereoorlog ontsnap het.

Gou daarna is nog drie senior lektore aangestel, naamlik A. S. Roux en C. B. Smit, albei lank in diens van die universiteit, en K. D. Venter, wat kort na sy uittrede onlangs oorlede is. A. S. Roux, hoof van die departement Sielkunde, het toe reeds onderwyservaring gehad, nie alleen in skole nie maar ook op die gebied van korrespondensiekolleges, waarmee die afdeling Eksterne Studie toe begin meeding het. C. B. Smit, van die departement Aardrykskunde, was dosent aan die Pretoriase Tegniese Kollege, waarvan die prinsipaal, J. P. Duminy, hom 'n goeie vriend van die universiteit se nuwe afdeling bewys het. K. D. Venter, met uitgebreide onderwyservaring in Kaapland en Transvaal, was die eerste hoof van die departement Ekonomie. Hy was 'n ou poetsbakker en het die taak om die afdeling Eksterne Studie op dreef te bring, baie verlig.

Hierdie manne het die oggend van 30 Julie 1946 sy Somersethuis vergader om met die nuwe direkteur kennis te maak en om die koers vorentoe te bespreek. Spoedig het ander bygekom. By die tweede formele byeenkoms van die personeel op 3 September

1946 is die liggaam, later gekonstitueer as die dosenteraad, versterk deur nog ses lektore en senior lektore. Hulle was P. J. Coertze, J. Albert Coetzee, C. F. J. Muller, F. M. P. Oosterhof, H. L. Swanepoel en J. A. van der Walt. Twee – C. F.J. Muller en J. A. van der Walt – het nie weer van loopbaan verander nie.

Dr. Coertze was die eerste dosent met voltydse doseerervaring aan 'n ander universiteit. Hy het na die afdeling Eksterne Studie oorgekom as senior lektor in Bantoestudies van die Universiteit van Stellenbosch af. Sy vakke het Antropologie, Bantoetale en Naturelle-administrasie behels, vandag almal aparte departemente. Hy het nie lank by die afdeling gebly nie en in 1949 professor van Bantoetale aan die Universiteit van Pretoria geword. Reeds in 1947 het die universiteit reeds die man aangestel wat hom sou opvolg. E. F. Potgieter was 'n groot krag in die universiteit en het innig saamgewerk met die direkteur om die universiteit se belange te bevorder. In 1959 word hy rektor van die Universiteit van die Noorde. Lank na sy vertrek behou hy as raadslid sy warm belangstelling in die sake van die Universiteit van Suid-Afrika.

Dr. J. Albert Coetzee was die hoof van die departement Staatsleer en Publieke Administrasie, wat apart opgegee is in die ou jaarboeke. Hy was die stormvoël van die eerste jare, met wyd uiteenlopende belangstelling, wat glad nie verband gehou het met sy vak nie. Hy bedank in 1950 weens sy joernalistieke strewe, wat hom op die terrein van die provinsiale en nasionale politiek laat beland. Etlike jare was hy Nasionale volksraadslid vir Kemptonpark in Transvaal. In sy plek is 'n jong klerk uit die universiteit se administratiewe afdeling, Willem A. Kleynhans, later professor in die departement Staatsleer en Publieke Administrasie, aangestel.

C. F. J. Muller het senior lektor in geskiedenis geword, na 'n skitterende studieloopbaan op Stellenbosch en Oxford. Hy is die seun van die begaafde dominee Tobie Muller en het ervaring gehad van universitêre onderwys op Stellenbosch en skoolonderwys in Kaapstad. Christoffel Muller lê sy doktoraat in 1947 af

onder H. B. Thom en word later die voorste gesaghebbende op die gebied van die Groot Trek.

F. M. P. Oosterhof was voor die oorlog 'n Nederlandse uitruilstudent aan die Universiteit van Pretoria. Hy sluit aan by die Nederlandse strydkragte en word deur die Japanners in die Verre Ooste krygsgevangene geneem. Na die oorlog keer hy terug na Suid-Afrika en word aangestel as lektor in Frans en klassieke tale aan die universiteit. Hy word later bevorder en kry in 1949 verlof om vir sy doktoraat in Parys te gaan studeer. Na sy terugkeer word hy professor op Stellenbosch, waar hy werk tot aan sy dood 'n paar jaar later. Gedurende sy afwesigheid in 1949 en 1950 neem 'n jong geleerde waar, wat later in vaste hoedanigheid in die departement klassieke tale sou terugkeer. Hy was G. van N. Viljoen, aanbeveel by Oosterhof as 'n geskikte plaasvervanger van hom deur Hilgard Muller, toe lektor in Latyn aan die Universiteit van Pretoria en later minister van buitelandse sake.

Die eerste aangestelde in die departement Regte was dr. H. L. Swanepoel, later dosent op dié gebied op Potchefstroom. Omdat hy hom nie in Pretoria kon vestig nie, is sy plek spoedig ingeneem deur David J. de Villiers, wat toe reeds klerk in die administrasie van die universiteit se doseerafdeling was. Advokaat De Villiers het grade van Stellenbosch en Oxford en ervaring op die gebied van korrespondensiekolleges gehad. Sy kollegas het hom hoogagtend „Regter" genoem. Dit is hy wat die fondament van die universiteit se huidige regsfakulteit gelê het. Hy is Januarie 1967 in Pretoria oorlede.

J. A. van der Walt was die eerste senior lektor in Sosiologie. Hy was toe 'n M.A. van die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat. Hy het na die afdeling Eksterne Studie oorgekom nadat hy 'n tyd lank skoolonderwys in Bloemfontein gegee het. Hy verwerf sy doktorsgraad onder J. de W. Keyter en is later as professor en hoof van sy departement aangestel.

Toe die personeel op 16 Oktober 1946 vergader, was daar nog drie baanbrekers aanwesig. J. H. (Demps) van der Merwe het bygekom as senior lektor in wiskunde. In 1956 ontvang hy die

graad Ph.D. van die Universiteit van Kaapstad en word professor en hoof van die departement wiskunde en toegepaste wiskunde. Hugo Hofmeyr, 'n geoktrooieerde rekenmeester, was die eerste dosent in die departement Rekeningkunde. Na sy tragiese dood twee jaar later word sy plek gevul deur L. M. du Toit, met ondervinding in die private sowel as die openbare praktyk. Hy het die hoof geword van die aparte departement Ouditkunde wat in 1960 gestig is.

Die derde nuweling was D. H. Cilliers, met uitgebreide ervaring in die laer en middelbare onderwys in Kaapland voordat hy die departement Opvoedkunde aan die Universiteit van Suid-Afrika op die been gebring het. Danie Cilliers is gebore op 'n sendingstasie in die destydse protektoraat Njassaland. Hy voltooi sy doktorale dissertasie onder leiding van die Potchefstroomse opvoedkundige, J. Chr. Coetzee. Nadat die een departement in vier verdeel is binne die fakulteit Opvoedkunde, word Cilliers hoof van die departement Metodiek en Administrasie, later die departement Didaktiek en Vergelykende Opvoedkunde.

Vroeg in 1947 is die eerste reeks aanstellings voltooi toe Edward Davis hoof van die departement Engels word. Davis is in Londen gebore. Hy verhuis na Suid-Afrika in 1922 en verwerf die graad M.A. aan die Universiteit van die Witwatersrand. Later bring hy twee jaar deur op Oxford en net voor sy aanstelling by die afdeling Eksterne Studie is hy onderwyser aan die Krugersdorp High School. Hy verlaat die universiteit aan die einde van 1962 om na Tel Aviv in Israel te gaan, maar keer terug na Suid-Afrika en word professor van Engels aan die Universiteit van Port Elizabeth.

Prof. A. J. H. van der Walt het dit besonder moeilik gevind om geskikte dosente in handel en wysbegeerte te werf. Eers in 1949 het F. E. Rädel voltydse dosent in handel geword. Dr. Rädel is in Duitsland gebore en kom in 1939 na Stellenbosch as uitruilstudent. As vyandsonderdaan word hy van 1940 tot 1946 geïnterneer, maar hy keer toe terug na die universiteit en voltooi sy doktoraat. In 1948 begin hy as deeltydse lektor in die departe-

NICOLAAS JACOBUS DE WET is op 11 September 1873 op Mooifontein, Aliwal-Noord, Kaapprovinsie, gebore. Hy gaan hier skool tot sy sestiende jaar en gaan dan na Stellenbosch, waar hy in 1890 die matrikulasie-eksamen aflê en in 1893 die B.A. Tussen 1893 en 1895 studeer hy aan Cambridge waar hy die LL.B. verwerf en die Kanselier se Goue Medalje wen.

Hy word in 1896 tot die Kaapse balie toegelaat en later dieselfde jaar tot die balie in die Suid-Afrikaanse Republiek, waar hy praktiseer tot die uitbreek van die oorlog. Hy sluit by die republikeinse magte aan en dien op die staf van generaals De la Rey en Louis Botha.

Na die oorlog hervat hy sy praktyk, word lid van die Wetgewende Vergadering van die Unie en van die Senaat. Hy is minister van justisie tussen 1913 en 1924, toe hy weer sy praktyk hervat.

Januarie 1932 word hy regter, later appèlregter en op 19 Julie 1939 hoofregter. Na die dood van die goewerneur-generaal, sir Patrick Duncan, is hy van Julie 1943 tot Desember 1945 amptenaar belas met die uitvoerende gesag. Die pos van goewerneur-generaal is hom selfs aangebied, maar hy wou dit nie aanvaar nie.

Hy was 'n man met sterk godsdienstige oortuigings en 'n groot regverdigheidsin.

Hy is in 1943 gekies as kanselier en op 13 April 1944 ingestel. Terselfdertyd is 'n ere-LL.D. aan hom toegeken. Hy doen in 1951 afstand van die kanselierskap en is op 86-jarige leeftyd op 16 Maart 1960 te Pretoria oorlede.

*Hoofregter Nicolaas Jacobus de Wet, B.A., LL.B., LL.D. (h.c.), P.C.*
*Kanselier 1943–1951*



ment Ekonomie en word uiteindelik hoof van die departement Bedryfsekonomie.

Die vakature in die departement Wysbegeerte is eers in 1951 gevul met die aanstelling van die internasionaal bekende geleerde Herman J. de Vleeschauwer, gebore in België in 1899. Sedert sy aanstelling aan die Gentse Universiteit in 1924 is hy verbonde aan die hoër onderwys in sy eie land. Hy is 'n ere-LL.D. van die Universiteit van Glasgow en het geweldig baie bygedra tot Europese wetenskaplike blaaie.

Van 1947 af is nog manne aangestel na gelang die afdeling gegroei het. L. J. le Roux was 'n tydjie verbonde aan die departement Ekonomie voordat hy na die Universiteit van Pretoria oorgegaan het, waar hy op 'n ander gebied, die chemie, professor geword het. R. D. Tromp, lank reeds by die universiteit, word in die department Aardrykskunde aangestel en J. L. Steyn, later professor, aanvaar diens by H. J. J. M. van der Merwe in die departement Afrikaans en Nederlands.

Die gevoelige digter uit die Skotse Hoogland, F. D. Sinclair, word aangestel in die departement Engels. Sy afsterwe in 1961 was 'n swaar slag vir die universiteit en die Suid-Afrikaanse lettere. Mev. Phyllis Warner, 'n baanbreker op die gebied van die moderne teater in Suid-Afrika, was ook 'n tyd lank verbonde aan dié departement.

Mev. L. C. Gerdes kom oor na die departement Sielkunde. Sy is die tweede vrou, na Anna F. Steyn van die departement Sosiologie as eerste, wat professorale status in die universiteit verkry het, soos dit in 1946 ingerig was. Laastens word Christoffel Muller in die departement Geskiedenis versterk deur Theo van Wijk, wat staatsargivaris in Windhoek, Suidwes-Afrika was, maar wat net voor sy oorkoms na die universiteit dosent aan die Rhodes-universiteitskollege op Grahamstad was. Hy trou met Cilna J. Labuschagne van die departement Sosiologie aan die Universiteit van Suid-Afrika. As professor het Theo van Wijk in die rol van leermeester en van administrateur uitnemende diens aan die universiteit bewys.

In die vroeë jare kon die personeel nooit die mas op kom

sonder tydelike hulpkragte in die verskillende departement nie. Partykeer was tydelike hulp nodig in die onvermydelike afwesigheid van vaste dosente. Dit het byvoorbeeld in die departement Geskiedenis gebeur toe dr. Muller in 1951 na die Verenigde State van Amerika gestuur is om belangrike argiefnavorsing te doen. Dr. A. E. du Toit, 'n voormalige hoofonderwyser in Boksburg, is toe ingebring. Hy was lank verbonde aan die departement en 'n beminde figuur.

Francis Ward het in 1948 in die departement Engels gehelp. Vader (later monsignor) Ward was kanselier van die Katolieke aartsbisdom van Pretoria ten tyde van sy dood in Desember 1971.

Veral die eerste jaar het 'n besonder swaar las op die personeel van die afdeling Eksterne Studie gelê. Lesings moes geskryf en vertaal word vir elke trap van die verskillende kursusse om in die behoeftes te voorsien van die studente wat in 1947 inskrywing by die universiteit verkies het bo studie by die een of ander korrespondensiekollege. Daar is ook besluit dat die dosente van die begin af wanneer moontlik nagraadse werk onderneem en tegelyk alle korrespondensie in verband daarmee voer. Die opstel van lesings het besondere probleme opgelewer. Nie alleen was baie dosente onbekend met die tegniek om op dié wyse onderrig te gee nie, maar boeke was ook skaars in die jare onmiddellik na die Tweede Wêreldoorlog. Dit het beteken dat die lesings uitvoeriger moes wees as wat anders nodig sou wees. Op party gebiede is die hulp van buitestaanders ingeroep, soos in die geval van F. J. Language, later professor van Antropologie aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, maar destyds in diens van die Brakpanse munisipaliteit. Selfs die direkteur moes hand bysit met die opstel van geskiedenislesings.

Dit was 'n tyd van onophoudelike werk, en hoewel die *Sunday Times* van Johannesburg hom vermaak het deur te vertel van 'n energieke lektor wat lief was om in die eerste strale van die son kaalvoet oor die bedoude gras van Burgerspark te baljaar, het min lede van die direkteur se span tyd gehad vir ontspanning gedurende die werkdag. Die kantoorure was ook lank – eerder

meer ingerig vir staatsamptenare as vir universiteitsdosente.

Tot 1950, toe die voormiddagreël ingevoer is, moes die personeel van 8-uur in die oggend tot 4-uur in die namiddag in die somer en van halfnege tot halfvyf in die winter op diens wees. Die etenspouse was 'n uur en 'n kwart.

'n Groot klerklike en administratiewe personeel was gou nodig om die toenemende werk te behartig. Uit die registrateur se kantoor kom die rekenmeester, Barend F. J. van Rensburg, as sekretaris van die afdeling Eksterne Studie. Hy het later self registrateur geword, maar destyds het min in Langham Murray se afdeling geglo dat sy oorplasing tot verdere bevordering sal lei. Ander het saam met hom gekom, en nuwe aanstellings is gemaak. Stephanie Solomon kom help Pamela Storey, en elke jaar kom daar meer klerke en tiksters. Stephanie verlaat die universiteit en kom later terug as mev. Van Niekerk. Sy word sekretaresse van die departement Wiskunde en Toegepaste Wiskunde.

Onder die vroeë administratiewe personeel was daar proeflesers, produksie- en versendingsklerke en bibliotekarisse. Daar is besluit om 'n organiseerder vir die afdeling aan te stel, en F. H. J. Quass is vir die pos gekies. Hy is egter spoedig opgevolg deur Alewyn J. Vorster. Die bibliotekaris was Heinz O. K. Zastrau, wat later na die Randse Afrikaanse Universiteit oorgegaan het. Nog een van die vroeë klerke was Michiel G. van Niekerk, wat geklim het tot die universiteit se hoofversendingsbeampte.

Onder beheer van Langham Murray en o.a. verantwoordelik vir eksamenreëlings, was die assistent-registrateur, Petrus A. Taljaard. Hy het net soos die eerste klerk, H. W. Harold Hewson, na aftrede weer in diens van die universiteit getree. Al twee is onlangs oorlede. Louis G. van der Merwe het toe hoofklerk geword en lank 'n leidende rol in die universiteitsadministrasie gespeel. In 1948 is Johannes J. Brits as senior klerk aangestel. Onder die ander wat jarelange diens aan die universiteit sou gee, was Albertus T. Laubscher, toe 'n eerste klerk en twee juniors, Willem H. le Roux en Gerhardus C. Kachelhoffer.

Doeltreffende diens was onmoontlik solank die nuwelinge in daardie maande van vinnige uitbreiding almal in Somersethuis,




*Eerste huisvesting van die Afdeling Eksterne Studie.*

Met die aanstelling van die eerste dosente het die probleem van HUISVESTING dadelik kop uitgesteek, want daar was geen plek meer in Somersethuis nie, en die registrateur het alreeds 'n paar kantore aan die direkteur afgestaan.

Kantore was eenvoudig nie bekombaar nie, maar daar was 'n mate van verligting toe 'n huis in Proesstraat gehuur kon word.

Elke moontlike vertrek is beset, en vergaderings is dikwels sommer onder die bome gehou, maar die huis het in elk geval tydelik in die dringendste behoefte voorsien.

die setel van die universiteit sedert 1918, gevestig was. Daar was sprake daarvan dat die eienaars van die gebou spoedig daar naby 'n gebou sou oprig wat geskikter vir die Universiteit van Suid-Afrika sou wees, maar daar het niks van gekom nie. Ondertussen moes iets gou gedoen word om 'n verergerende probleem op te los. 'n Private huis is by Proesstraat 222 gekoop. Dit was 'n welkom toevoeging tot die kantoorruimte van die universiteit. Dit was geen imposante gebou nie, maar geskikte kantore was in daardie dae net na die oorlog nie volop nie. Die gebou was darem redelik sentraal en bereikbaar geleë, en daar was in die agterplaas 'n groot vertrek wat blykbaar vroeër stal en pakhuis was, net die regte ding vir die produksieafdeling, wat gou die „stalafdeling" genoem is. Selfs die biblioteek het daar 'n tydelike tuiste gevind. Al moeilikheid was dat die dak so gruwelik gelek het.

In die huis was daar kantore vir die direkteur en vir die sekretaris en sy personeel. Daar was ook plek vir party dosente, hoewel die meeste in Somersethuis gebly het. Naderhand het die ruimtenood so groot geword dat baie dosente toegelaat is om tuis te werk. Verskeie departemente – elkeen net met een dosent, assebilef – was verplig om een kantoor te deel. Op een tydstip was die departement Regte, Sielkunde, Sosiologie en Frans (met Klassieke Tale) saamgehok in een vertrek, met haas geen ruimte tussen die lessenaars nie. Aardrykskunde en Geskiedenis en 'n tyd lank ook Engels was kamermaats. Onvermydelik moes daar struwelings kom onder mense wat so opmekaar werk, maar oor die algemeen was die verhoudings besonder hartlik. Die werkers in die afdeling het mekaar goed leer ken, en by die harde werk van die eerste maande was daar af en toe 'n grappige voorval om die spanning te verlig. J. A. van der Walt van die departement Sosiologie vertel van advokaat De Villiers se verleentheid toe hy een keer 'n present wat sy skoonmoeder vir hom per trein van Nelspruit af gestuur het, moes gaan los. Die spoorgeld op die kissie tamaties kos hom toe meer as drie keer soveel as dieselfde kissie op die Pretoriase mark.

Die personeelvergaderings het dikwels onder die groot wilde-

vyeboom in die tuin van die huis in Proesstraat plaasgevind, partykeer sommer net om die direkteur se verjaarsdag te vier. Die gemaklike, vriendelike informaliteit van die eerste tyd blyk uit die notule van die vergaderings.

Persoonlike gelukwensing, eenkeer by 'n verlowing, is behoorlik genotuleer deur die sekretaris, A. S. Roux van die departement Sielkunde.

Ten spyte van alle moeilikhede is die lesings naderhand voltooi en aan die produksieafdeling gegee om vir versending gereed gemaak te word. Ook hier was daar moeilikhede. Daar was byvoorbeeld 'n algemene papierskaarste en 'n tekort aan dupliseermasjiene na die oorlog. Die Pretoriase tak van die welbekende firma Gestetner en J. A. van der Walt van die dosentekorps het die universiteit gehelp om die moeilikheid te oorkom. Die vertaal- en proefleeswerk moes spansgewyse gedoen word. Selfs die direkteur en die sekretaris moes 'n handjie bysit. As besondere voorsorgmaatreël is die dosente versoek om duplikate te hou van alle studiemateriaal wat hulle opgestel het, want in sulke ou geboue is daar altyd brandgevaar. Die sekretaris se verband met die doseersy van die afdeling was nie net om af en toe met produksie te help nie. Hy moes ook inspring as waarnemende hoof van die departement Handel en Rekeningkunde.

Lesings van goeie gehalte was van die uiterste belang, want daarmee het prof. Van der Walt en sy kollegas gehoop om die studentemassa te wen. 'n Hoë peil van studenteleiding sou baie doen om kandidate vir universiteitseksamens te oortuig dat inskrywing by die universiteit die beste waarborg van sukses op hulle studie sal wees. Dit het darem 'n hele tyd geduur voor die private kolleges hulle aan voorgraadse onderrig onttrek het, en in 1947 het baie van hulle nog stellig beweer dat hulle kursusse meer omvattend is as enigiets wat die Universiteit van Suid-Afrika kan bied.

Die afdeling Eksterne Studie het in sy verband met die universiteit 'n voordeel bo die private kolleges gehad. Aan die ander kant was hy weer aan die kortste ent. Die private kolleges kon hulle kursusse en hulle suksesse adverteer, terwyl prof. Van der

HERMAN HEINRICH GERHARD KREFT is op 18 Junie 1888 in die sendingpastorie op Tulbagh (Kaap) gebore. Hy lê matrikulasie in 1904 af; daarna ondergaan hy onderwysersopleiding aan die Normaalkollege, Kaapstad. Na 'n jaar van onderwys gaan hy na die South African College waar hy die B.A. met onderskeiding in moderne tale in 1909 behaal. Hy gee weer onderwys totdat hy in 1915 as inspekteur van skole vir die Burgersdorp-Aliwal-Noord-kring aangestel word.

In 1922 word hy direkteur van onderwys vir Suidwes-Afrika, maar word op eie versoek 12 jaar later teruggverplaas na die Unie as tegniese adviseur van die Transvaalse Onderwysdepartement. In 1937 tot 1948, toe hy aftree, is hy direkteur van onderwys van Transvaal.

'n Kenmerk was sy strewe om elke taal tot sy reg te laat kom. As lid van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad is hy mede-verantwoordelik vir die invoer van Duits as derde taal, en met behulp van sendelinge is daar ook 'n begin gemaak met die doseer van inboorlingtale in Suidwes-Afrika. Na sy aftrede ontvang hy 'n ere-LL.D. van Kaapstad.

Hy is raadslid van 1937 tot 1948 en vise-kanselier van 1946 tot 1948.

Tans wy hy sy pensioenjare aan die bevordering van die belange van voorskoolse kinders, kinders van seelui en afwykende en sorgbehoewende kinders.

*Dr. Herman Heinrich Gerhard Kreft, B.A., LL.D. (h.c.)*
*Raadslid 1937–1948*
*Vise-kanselier 1946–1948*



Walt en sy kollegas moes stilbly. Die private korrespondensie-kolleges sou een-een en gesamentlik enige vorm van advertensie deur die universiteit uitlê as onbillike konkurrensie van 'n staats-ondersteunde instelling. Die direkteur kon hierdie belemmering enigermate te bowe kom deur artikels vir volkstydskrifte en vak-blaaie te skrywe. 'n Nuusbrief is verder in 1947 uitgegee. Dit was maar 'n beskeie blaadjie. Die volgende jaar is dit uitgebrei en onder die titel *Die Eksterne Student* versprei. Van 1950 af verskyn dit elke jaar onder die titel *Student* en later onder 'n nuwe naam *Unisa*. Daar is vroeg reeds besluit om eksem-plare van die blad by inrigtings soos onderwysersopleidings-kolleges en hospitale te versprei en om hulle aan verskeie staats-departemente beskikbaar te stel.

'n Tyd lank is die eksamensuksesse van studente wat by die afdeling Eksterne Studie ingeskryf was, in die blad gepubliseer.

Teen die einde van Februarie 1947 was alles gereed vir die begin van die posonderrig. Die eerste pak lesings is gereed ge-maak vir versending, en 'n plegtigheid is op Saterdagoggend, 1 Maart, gehou om die nuwe diens in werking te stel. Die vise-kanselier in funksie, H. H. G. Kreft, hou 'n kort rede voordat hy die eerste koevert toeplak. Daar is aangeteken dat hierdie koevert gerig was aan A. P. J. Heiberg van Boksburg, wat in 1948 die B.A.-graad verwerf het. So het hy die man geword wat buite sy wete 'n nuwe tydvak in die geskiedenis van die Universi-teit van Suid-Afrika ingelui het.

# 9 *Vroeë uitbreiding*

Toe prof. A. J. H. van der Walt en sy kollegas hulle begin gereed maak het vir hulle eerste studente, kon geen mens skat presies hoeveel kandidate vir die graadeksamens van die Universiteit van Suid-Afrika sou besluit om hulle by die universiteit te laat inskrywe nie. Inderdaad was die getal vir 1947 1 250 mans en vroue, nouliks een derde van almal op die eksamenregisters van die universiteit. Die sukses van die onderneming kan gemeet word aan die toenemende inskrywing oor die volgende vier jaar, meer bepaald aan die styging in die persentasie eksterne studente wat graadkwalifikasies wou verwerf. In 1948 het die afdeling Eksterne Studie 1 751 studente of byna 44% van almal op die eksamenregister. In 1951 gee die direkteur en sy personeel onderrig aan 2 455 studente of meer as 53% van die totaal. Die groei in studentetalle het grotendeels ten koste van die private kolleges plaasgevind. Die afdeling Eksterne Studie het hom deurgaans gehou aan die tradisie van die universiteit waarvan hy deel uitmaak, nl. om studente van alle rasse te help. In 1949 en 1950 was meer as een student uit drie afkomstig van die Bantoe-, die Kleurling- en die Indiërgemeenskap.

Die volgehoue toename in studentetalle het nuwe probleme vir die Universiteit van Suid-Afrika geskep. Dit was gou duidelik dat Proesstraat 222 bloot as tydelike tuiste vir die oorloopbevolking van Somersethuis kon dien. Die universiteit betrek toe die boonste verdieping van die Transvaliagebou op die hoek van Sentraal- en Pretoriusstraat. In hierdie „afgeknotte wolkekrabber", soos Edward Davis van die departement Engels dit genoem



Administratiewe Personeel
Eksterne Studie-afdeling 1948

*1e Ry (l. na r.): W.A. Kleynhans, B.Com., B.A.; P.A. Olivier; H.J. Nel; P.J. Fouché; I. Lubbe; H.O.K. Zastrau, B.Sc.*

*2e Ry (l. na r): D.M. Fourie; G.J. Eysell; R.D. Jacobs; A.J.H. v.d. Walt, M.A., D.Phil. (Direkteur); I.S. Willis; S.S. Oosterchrist; M.I.G. Visser.*

*3e Ry (l. na r.): C.P. Botha; H. Malan; R. Erasmus; J.D. Louw, B.A.; B.F.J. van Rensburg, B.Com., B.A. (Sekretaris); A.J. Vorster, B.A.; A.M. Steyn, B.A.; C.W. Mouton, M.A.; E. Smit.*

*4e Ry (l. na r.): N. Kruger; E. van Rensburg; A. Louw; D.W. Steenkamp; V.M. Moran; D.E. Rogers; A.C. Steyn.*

*5e Ry (l. na r.): E. Lowry; N. Fourie; A. Nortjé; M.G. van Niekerk; H.W. Dragt; G. Zietsman; C.C. Coetzee, B.A.*



Administratiewe Personeel
Registrateursafdeling 1948

*Agter (l. na r.): J.S.N. Marais; F.J.D. Stokes-Waller; C. Botha; A.J. de V. Alberts; C.I. Fourie; H.M. Beukman; D.U. Kleynhans; J.A. Venter; P.G.J. de Villiers; J.A. Erasmus.*

*Middel (l. na r.): G.B. van Malsen; J.G. Smuts; A. Grimbeek; O.H. Smart; A.E. Nel; C.E. v.d. Westhuizen; M. Balt; A. Krige; M.J.H. van Graan; P.N. Botha, B.A.*

*Voor (l. na r.): G.C. Kachelhoffer, B.Admin.; W.H. le Roux, B.A.; P.J. Retief; J.J. Brits, B.A.; P.A. Taljaard, B.A., LL.B. (assistent-registrateur); Langham Murray, M.A. (registrateur); H.W.H. Hewson, B.Com., A.C.I.S.; L.G. van der Merwe, B.Com.; A.T. Laubscher, B.Econ.; K. Alexander, M.A.; P.W.J. du Toit.*

ALBERTUS JOHANNES ROUX VAN RHIJN het die eerste lig op 7 Julie 1890 in Van Rhynsdorp, Kaapprovinsie, gesien. Standerd VI lê hy daar in 1904 af; aan die Wellingtonse Hoërskool lê hy die matrikulasie af in 1907; die B.A. in 1910 aan die Victoria-kollege. In September 1911 vertrek hy na Duitsland vir studie in Chemie en Geologie, maar kom in 1914, toe die oorlog uitbreek, terug en word onderhoof van Calvinia se hoërskool.

In 1920 word hy benoem as lektor in Chemie in Stellenbosch en behaal die M.Sc. in dieselfde jaar. In 1921 is hy terug in Duitsland, waar hy sy proefskrif voltooi en Ph.D. in Chemie (*magnus cum laude*) behaal en 'n aanstelling as hoof van die Hoërskool, Calvinia, aanvaar. In 1925 word hy hoofredakteur van *Die Volksblad* in Bloemfontein, 'n pos wat hy vir 23 jaar beklee. Hy word in 1948 Volksraadslid vir Bethlehem; in 1950 administrateur van Suidwes-Afrika; in 1953 minister van Volksgesondheid en Voeding en van Mynwese, en vanaf 1954 beklee hy die portefeuljes Ekonomiese Sake en Mynwese; in 1959 tot einde 1960 is hy hoëkommissaris in Londen.

Hy was nagenoeg 50 jaar lank wetenskaplike, politikus, kabinetsminister, administrateur, ambassadeur, koerantredakteur en onderwysman.

Hy is byna 24 jaar raadslid van die universiteit, waarvan 4 jaar as visekanselier.

Hy is op 30 Desember 1971 in Bloemfontein oorlede.

*Dr. Albertus Johannes Roux van Rhijn, B.A., M.Sc., Ph.D.*
*Raadslid 1930 – 1953*
*Vise-kanselier 1948–1952*



het, is die hele dosentekorps van die afdeling Eksterne Studie en 'n aanmerklike gedeelte van die administrasie ondergebring. Eindelik kon die direkteur sy belofte van een man in een kantoor vir almal gestand doen, maar dit het nie lank geduur nie. Die universiteit het bly groei, en gou moes 'n huis in Skinnerstraat en kantore in Security Building, Pretoriusstraat, oorgeneem word. In 1949 verlaat die Universiteit van Suid-Afrika eindelik sy kantore in Somersethuis. Die registrateur se afdeling verhuis verder af in Vermeulenstraat na die Kerrygebou, waar daar ook 'n geskikte lokaal vir die raadsittings was.

Dit het tyd geword dat die universiteit 'n eie tuiste vind. 'n Komitee bestaande uit die direkteur, die voorsitter van die raadskomitee vir finansies, J. P. Duminy, en nog 'n raadslid, S. P. E. Boshoff, het toe reeds so aanbeveel. Die raad het die aanbevelings aangeneem en die aankoop van die nodige grond aanbeveel, maar nie hoër as 'n gestelde bedrag nie. Die goedkoopste beskikbare terrein was in die suid-oostelike buitewyk van die middestad, maar die registrateur was nie daarmee tevrede nie. Langham Murray wou hê die universiteit moet êrens naby Kerkplein, die hart van die stad, bly. Ook die uiteindelike keuse het hom nie heeltemal tevrede gestel nie. Dit was 'n stuk grond in Skinnerstraat, wat vir R12 000 gekoop is. Die Universiteit van Suid-Afrika neem sy kans waar om die regering aan die verlies te herinner wat hy gely het toe hy die enigste tuiste wat hy ooit gehad het, nl. die gebou in Koningin Victoriastraat in Kaapstad, verkoop het. As gedeeltelike vergoeding vra die universiteit R90 000 om te voeg by die geld wat vir die gebou in Kaapstad ontvang is. Die Tesourie gee 'n bietjie advies oor vereenvoudiging van die plan vir die nuwe hoofsetel en verklaar hom bereid om die geld te vind. Met verloop van tyd het daar toe 'n nuwe kantoorgebou verrys op 'n terrein waarop die universiteit reeds 'n huis gehuur het. Almal het gehoop dat hierdie nuwe gebou 'n einde sal maak aan die huur van kantore in die stad. Teen 1950 was die universiteit se huurrekening byna R14 000 in die jaar.

Een van die eerste probleme van die afdeling Eksterne Studie

was die verskaffing van 'n toereikende biblioteekdiens vir studente, van wie baie op groot afstand van Pretoria af gewoon het en wat almal in die jare onmiddellik na die oorlog gely het onder die chroniese tekort aan geskikte handboeke. 'n Leensowel as 'n naslaanbiblioteek was nodig. Die eerste is met 'n toekenning van R15 000 gou tot stand gebring. Binne die eerste jaar is meer as 10 000 boeke aangeskaf. Ten dienste van buitestudente, asook van die afdeling se eie studente, wys die jaarboek op die leengeriewe van ander biblioteke, o.a. die Nasionale Studentebliblioteek van die departement van Unie-onderwys in Pretoria, die Staatsbiblioteek in Pretoria, die Johannesburgse Openbare Biblioteek en die verder afgeleë Denny's Student Library van die Strand, Londen.

Daar is ook met die departement van Unie-onderwys gereël om die boekebesit van sy biblioteek op Kerkplein te vergroot vir naslaan deur eksterne studente. Die reëling was egter nie bevredigend nie, en kort daarna is die naslaanafdeling onder die beheer van die afdeling Eksterne Studie self gebring. Dit was die begin van die biblioteek soos ons dit vandag ken. Die nuwe omvattende biblioteek het, soos die bibliotekaris, H. O. K. Zastrau, in 1951 gesê het, verseker dat elke student in al sy behoeftes op een plek geholpe kan raak.

Die jaarlikse toewysing vir die aankoop van boeke was in die beginjare maar klein. Van R2 400 vir 1948–49 is die toekenning in die vroeë jare vyftig vergroot tot iets oor die R6 000. Die bedrag was omtrent 9% van die gelde wat die universiteit elke jaar vir die ontwikkeling van die afdeling Eksterne Studie bewillig het. Die toegekende bedrag kon nooit die uitgawes dek nie, maar milde skenkings het altyd die jaarlikse tekort uitgewis. Die biblioteek het uit baie bronne boekeskenkings en geld ontvang. Een van die grootste skenkings en ook die eerste was 840 boekdele van die Franse regering. Die Franse ambassadeur, Armand Gazel, het die oorhandiging gedoen.

Die biblioteekbegroting is departementsgewys toebedeel, met inagneming van die omvang en die besondere behoeftes van elke studierigting. Die metode waarvolgens die persentasies bereken

is, is soms deur teleurgestelde departementshoofde gekritiseer, maar oor die algemeen het die stelsel blykbaar baie goed gewerk. Engels, die grootste departement, het gewoonlik 'n goeie kwota ontvang. Die dosente het ook die voorreg geniet om die *Oxford Dictionary* in hulle kantore te hou. Geen departement is egter afgeskeep nie. Die departement Regte het die grootste toekenning in 1948 ontvang, en twee jaar later het die departement Geskiedenis 'n spesiale toekenning gekry om die Van Riebeeck-vereniging se publikasies en die werke van sir George Cory en George McCall Theal aan te koop. Die eerste toekennings aan die departemente vir die aankoop van tydskrifte was R5 per departement. As 'n departement meer wou bestee aan tydskrifte, kon hy van sy boektoekenning afknyp.

Die kwessie van eksamens het die pas aangestelde dosente van die afdeling Eksterne Studie direk geraak. Daar was so baie verskillende groepe studente in 1949 dat dit geen wonder was dat moeilikhede sou opduik nie, moeilikhede wat nog vererger is deur onsekerheid oor die status en selfs die permanentheid van die nuwe afdeling en deur twyfel omtrent die kaliber van die meeste dosente. Daar was in die eerste plek die studente van die samestellende kolleges wat tot die einde van die federale tydperk in 1951 deur die universiteit geëksamineer moes word. Vir hulle het daar lankal 'n stelsel van interne en eksterne eksaminering gegeld. Dan was daar die studente aan die Suid-Afrikaanse Naturellekollege. Hulle was eksterne studente met spesiale interne voorregte. Dié wat die universiteit moes eksamineer maar nie onderrig het nie, was die derde groep. Hulle het bestaan uit betalende studente van private kolleges, studente wat graadkursusse loop aan inrigtings benede universiteitsrang en die alleenlopers wat hulleself geleer het. Ten slotte was daar die direkteur se eie studente. Hierdie verskeidenheid was 'n uitstekende rede daarvoor om die beheer oor eksamens in die hande van die registrateur en sy helpers te laat.

Nietemin kon die direkteur darem met redelikheid verwag om sy eie studente te eksamineer. Wat egter vermy moes word, was die beskuldiging van alle onregverdigheid teenoor ander eksterne

studente. Een manier om regverdigheid te verseker, is reeds vroeg in 1946 deur Jan Hofmeyr aan die hand gedoen. Dit was om nommers in plaas van name op die eksamenskrifte aan te gee. Die registrateur se kantoor was glad nie geesdriftig oor hierdie plan nie, maar prof. Van der Walt en sy dosente was sterk ten gunste daarvan. Die rede lê voor die hand. As kandidate kan skuil agter 'n naamloosheid, was daar geen rede waarom die afdeling Eksterne Studie nie alle eksamenskrifte kon nasien nie, ook dié van kandidate wat hulle onder leiding van die mededingende privaat kolleges vir die eksamens voorberei het. Binne tien jaar was die universiteit se nuwe doseerafdeling goed gevestig en is die nommerstelsel ingevoer. Die meer onlangse terugkeer tot name in die eksamen word nie algemeen goedgekeur nie.

Die dagbestuur van die senaat van die Universiteit van Suid-Afrika kom in 1947 met 'n nogal ingewikkelde skema vir die eksamineer van eksterne studente voor den dag. Die volle senaat keur dit met geringe toevoegings goed. Die regte van die direkteur se personeel as eksaminatore word bekragtig, maar daar word duidelik bepaal dat hulle net die skrifte van hulle eie studente mag nasien. Daar is drie eksaminatore, van wie net een tot die afdeling Eksterne Studie mag behoort. Saam met die ander twee moet hy verantwoordelik wees vir die opstel van vraestelle vir sy eie studente. By die toekenning van punte kom hy alleen in aanmerking by die nagaan van skrifte wat deur studente van die afdeling Eksterne Studie voorgelê word. Een van die ander manne dien dan as tweede eksaminator. Die skema het een verdienste gehad, nl. dat een enkele vraestel opgestel kon word vir alle studente, afgesien daarvan of die universiteit hulle opgelei het of nie. Die skema kon egter nie 'n mate van wisseling in die standaard van beoordeling vermy nie. Van 1948 af is ou vraestelle vir die leiding van studente bekombaar by die universiteit en het hulle ook ter insae gelê op plekke oor die hele land en in Suid-Rhodesië en Basoetoland.

Die eksamineerstelsel was nie heeltemal bevredigend nie. Dit verbaas 'n mens dus nie dat talle ander planne op die vergade-



Van hierdie VYFDE RAAD van die Universiteit van Suid-Afrika skakel een persoon op bygaande foto met die voormalige Universiteit van De Kaap de Goede Hoop.

Eerw. Leo Sormany is deur die goewerneur-generaal aangestel as verteenwoordiger van Natal in 1916. Hy dien in die eksaminerende universiteit tot sy ontbinding twee jaar later, en word toe vir opname in die beherende liggaam van die opvolgende universiteit benoem deur die raad van die Natalse Universiteitskollege. Hy beklee die amp tot Maart 1949, toe die kollege die onafhanklike Universiteit van Natal word.

Raad 1947

*Voorste Ry (l. na r.): T.P.C. Boezaart; dr. S.H. Pellissier; dr. Anna J.D. de Villiers; prof. F. Postma; mev. M.A. Malan; prof. J. Smeath Thomas; R.A. Banks.*

*2e Ry (l. na r.): W. Orban; prof. W.F.C. Arndt; dr. A. Kerr; dr. P.C. Schoonees; dr. R.B. Denison; dr. E.G. Malherbe; Langham D. Murray (registrateur).*

*3e Ry (l. na r.): Prof. H.J. Chapman; dr. S.P.E. Boshoff; dr. A.J.R. van Rhijn; ds. H.J.R. du Plessis; prof. A.J.H. van der Walt; prof. J.P. Duminy; P.A. Taljaard (assist.-registrateur).*

*Inlas: Prof. H. v.d. M. Scholtz; dr. W. de V. Malan; eerw. dr. L. Sormany; prof. I.S. Fourie; J. Cowie; dr. H.H.G. Kreft (vise-kanselier).*

rings van die direkteur se adviesraad voorgestel is nie. Hierdie raad het later die dosenteraad geword. Dit het geen statutêre bevoegdheid gehad nie. Die strewe was veral gerig op 'n stelsel met net twee eksaminatore, wat toe uiteindelik ingevoer is. 'n Bykomende faktor in die probleem was die innige verband daarvan met die status van die universiteit se doseerafdeling. Na mate die afdeling in omvang en krag toegeneem het, het die beperkte eksamenbevoegdheid van die dosente al hoe meer kriewelrigheid verwek. Die eksaminatore is aangestel deur die studiekomitees van die fakulteite, waarin die afdeling Eksterne Studie net een verteenwoordiger onder die baie ander gehad het. Boonop is niemand in kennis gestel dat hy as eksaminator gekies is voordat die saak deur die registrateur se kantoor gegaan het nie. Hierdie prosedure het die spanning tussen die afdelings verhoog. Reeds in 1948 is beter behandeling vir die universiteit se dosente geëis. Baie het sterk daarvoor gevoel dat die tyd aangebreek het dat die doseerafdeling van die universiteit apart van die samestellende kolleges sy eie dekaan moet hê, desnoods die dekaan van die fakulteit lettere, aangesien die meeste departemente hieronder geressorteer het. So 'n stap sou prof. Van der Walt en sy kollegas hoër status in die universiteitskringe gee. In 1951 word geëis dat die departementshoofde professorale rang ontvang.

Op twee maniere het die direkteur groot invloed op studente begin uitoefen en sodoende die posisie van die afdeling Eksterne Studie teenoor die korrespondensiekolleges versterk. In die eerste plek het die Universiteit van Suid-Afrika 'n voorligtingsdiens vir almal, waar hulle ook al gestudeer het, ingestel. Aanstaande kandidate vir graadeksamens kon die direkteur raadpleeg oor geskikte kursusse met die oog op hulle behoeftes, belangstelling en aanleg.

In die tweede plek het die afdeling Eksterne Studie besluit om van 1948 af elke jaar 'n vakansieskool te hou. Dit het ongetwyfeld een van die geslaagdste ondernemings van die Universiteit van Suid-Afrika geword. Van die begin af was dit oop vir alle studente. Baie vakansieskoolgangers het by korrespondensiekolleges gestudeer. In al die laaste jare van die federale tyd in-

die geskiedenis van die universiteit is twee aparte skole gereël. Die skool vir blanke studente is in die Pretoriase Tegniese Kollege gehou en dié vir die nie-blankes in die inrigting van die Metodistekerk by Kilnerton, naby die stad. Dat die universiteit so 'n diens vir nie-blankes gereël het en meer persoonlike aandag aan hulle studie gegee het, het bygedra tot die groter bywoning van die skool op Kilnerton. Die meeste van hierdie studente was afkomstig uit die verskillende etniese groepe van die Bantoes, maar daar was ook Kleurling- en Indiërstudente. Lenings en beurse is ingestel om die behoeftiges te help om die skool by te woon. Die skole is in Julie gehou. Hulle toenemende gewildheid kon gemeet word aan die gestadig stygende bywoningsyfer: 160 studente skryf vir die eerste skool in, van wie 84 nie-blankes is, en teen 1951 is die getal 253, onder wie 135 nie-blankes. In hierdie tyd het sowat 14% van die Bantoe-, Kleurling- en Indiërstudente wat by die afdeling Eksterne Studie ingeskryf was, die skool bygewoon en omtrent 7% van die blankes.

Die reëling vir die vakansieskool is gedoen deur die universiteit se organiseerder, en by elke geleentheid is 'n verteenwoordigende komitee van die studente uit elke groep gekies om te help met die beplanning van sosiale geleenthede en om as skakel met die dosente te dien. Uitstappies na plekke van belang soos die Uniegebou, die veeartsenypos op Onderstepoort en die Voortrekkermonument is onderneem. Daar was ook filmvertonings, musiekaande en buitengewone lesings soos die van Guy Butler oor die Suid-Afrikaanse digter, Roy Campbell, en ander oor die Bantoe se literatuur en kulturele ontwikkeling.

'n Kort tydjie elke jaar is die universiteit in tasbare vorm gesien as 'n liggaam van leermeesters en leerlinge, en vir baie studente was die vakansieskool 'n unieke geleentheid om met die dosente kennis te maak en hulle besondere moeilikhede te bespreek. Die skool het ook baie gedoen om rassevooroordeel af te breek. Die eerste skool is in die tyd van politieke verandering gehou toe die Nasionale Party die verkiesing van 1948 gewen het. Bantoestudente het die jaar 'n bietjie vyandigheid teenoor 'n oorweldigend Afrikaanssprekende dosentekorps aan die dag gelê.



*Eerste vakansieskoolgroep – blankes met dosente 1948.*

*Eerste vakansieskoolgroep – nie-blankes 1948.*



Die behoefte aan regstreekse kontak tussen dosent en student het van die begin af bestaan, al was dit dan net met 'n klein groepie studente, want uit die aard van die samestelling van die universiteit sou alle studente nie die VAKANSIESKOOL kon bywoon nie.

Daar is spesiale bywoningsklasse gereël gedurende die winterskoolvakansie. Tydens hierdie skole word besondere studieprobleme en belangrike aspekte van elke dissipline behandel.

Reeds die eerste jaar het die waarde van die vakansieskole geblyk, sodat dit 'n permanente instelling geword het. Aanvanklik is die vakansieskool vir nie-blankes op Kilnerton, net buite Pretoria, en dié vir blankes in die Pretoriase Tegniese Kollege gehou.

Tans is die skole so groot dat daar spesiale reëlings vir losies vir studente getref moet word en is die nie-blankes in twee groepe verdeel, terwyl die blankes die afgelope jare gebruik moet maak van die Pretoriase Onderwyskollege.

Dié gevoel het nie lank geduur nie, want die studente het agtergekom dat die dosente van die afdeling Eksterne Studie bereid was om studente van alle rasse op elke moontlike manier te help met hulle studiekursusse.

Nog 'n middel om die studente te help en om die studenteliggaam tegelyk inniger aan die universiteit te verbind, is by die eerste vakansieskool voorgestel. Dit was die stigting van studiegroepe op verskeie plekke onder leiding van die organiseerder, A. J. Vorster. Daarmee is begin op plekke vir blanke studente aan die Rand en in Pretoria en vir nie-blankes by Dundee in Natal. Die getal groepe het toegeneem, en binne 'n paar jaar is ander gestig in stede van Port Elizabeth in die suide tot Salisbury in die verre noorde. Tog kan 'n mens die beweging nie onvoorwaardelik as 'n sukses bestempel nie, hoewel daarmee nog voortgegaan word om afsondering onder studente teë te gaan. Onvermydelik het party groepe weens gebrek aan kontinuïteit gely, want hulle lede het hulle kursusse voltooi of studie by die universiteit gestaak. Die reëling van die groepe het baie tyd in beslag geneem, en die direkteur en sy personeel moes die groepe maar gedurig aanmoedig. Waar daar geesdrif was, het die groepe egter gebloei.

Een studiegroep in Oos-Kaapland het begin dink dat hy die kern van iets groters kan wees. In Desember 1950 reël dié groep 'n musiekaand in die stadsaal van Oos-Londen. Die geleentheid word bygewoon deur A. S. Roux van die departement Sielkunde en sy vrou. Die werk van die afdeling Eksterne Studie word hoog geprys in 'n toespraak waarin 'n kort geskiedenis gegee word van die skepping van die afdeling. Vroeg in 1951 skryf Mary McMillan, die ere-sekretaresse van die Oos-Londense groep, 'n brief aan die sekretaris van onderwys, kuns en wetenskap om die minimum vereistes vir die oprigting van 'n universiteitskollege in die stad vas te stel en om te verneem hoeveel hulp te wagte kan wees van die Universiteit van Suid-Afrika. Hulle antwoord haar dat die regering in baie jare nie so 'n uitbreiding van die hoër onderwys in Suid-Afrika kan oorweeg nie.

Party departemente van die afdeling Eksterne Studie het uit-

stekende advies gegee omtrent die bestuur van 'n studiegroep. In hierdie verband het die advies van Theo van Wijk van die departement Geskiedenis as model gedien vir A. S. Roux toe hy die stigting van nuwe groepe in 1951 se uitgawe van ***Student*** bespreek het. Dit was egter net in Pretoria en aan die Witwatersrand dat universiteitsdosente werklik persoonlike aandag kon gee aan groepsbesprekings. Dit was van die begin af moeilik om die studenteliggaam binne die universiteitsgemeenskap te betrek. Die swak reaksie op vraelyste wat die direkteur uitgestuur het – behalwe oor onderwerpe wat die student onmiddellik raak – het gedui op gebrek aan belangstelling by baie. Daar was toe nog nie verpligte werkopdragte wat gedurende die studiekursus ingedien moes word nie. Baie studente het dus niks meer gedoen as om die lesings deur te lees nie en geen moeite gedoen om met die dosente in voeling te kom nie. Baie het ewe optimisties gehoop – soos wat baie miskien vandag nog doen – dat 'n vlugtige kennismaking met die universiteit se leerstof voldoende is om in enige kursus ten minste te slaag.

Promosieplegtighede sou 'n uitstekende middel gewees het om die werk van die afdeling Eksterne Studie onder die aandag van die publiek te bring en om 'n gevoel van huistrots te kweek. Maar gedurende die laaste jare van die federale tyd is grade meestal by die samestellende kolleges en by die kollege vir nieblankes op Fort Hare toegeken. Verder is daar klein plegtighede in die universiteitskantore in Pretoria gehou na spesiale eksamens vir oorlogstydse studente. By al dié geleenthede is kollege- sowel as eksterne studente bekroon. Ook is verskeie eregrade toegeken, o.a. D.Phil. aan Mabel Palmer van Durban in 1947, D.Litt. aan D. F. Malherbe van Bloemfontein in 1949 en in dieselfde jaar D.Ed. aan Ferdinand Postma van Potchefstroom. Almal het baie gedoen vir die hoër onderwys in Suid-Afrika en vir kandidate vir die universiteit se eksamens in die besonder. Dit was Ferdinand Postma wat prof. Van der Walt aangemoedig het om die pos van direkteur in 1946 te aanvaar.

Daar was een poging in 1948 om 'n aparte plegtigheid vir nieblanke graduandi te hou. Die verwagte opkoms was te min om


Afgesien van die vakansieskole, waar net 'n beperkte aantal studente betrek kon word, moes daar NOUER KONTAK tussen die universiteit en al sy studente bewerkstellig word, aangesien daar geen kampus is nie.

By wyse van eksperiment is 'n *Nuusbrief* in afgerolde vorm in 1947 uitgegee. Dit het so byval gevind dat 'n jaarblad in 1948 uitgegee is onder die naam *Die Eksterne Student,* waarin baie besonderhede van die universiteit se doel en strewe en berigte oor dosente en studente verskyn het.

Hierdie blad was so in aanvraag dat daar in 1949 besluit is om twee uitgawes te laat verskyn. Om praktiese redes is dit egter daarna slegs een keer per jaar uitgegee, in 1950 onder die naam *Student;* van 1955 af *Unisa.*

Tans word dié *Unisa-Bulletin* as prestige-tydskrif van die universiteit uitgegee.

*Buiteblad van eerste jaarblad, 1948*


DIE EKSTERNE • THE EXTERNAL
STUDENT
SPES IN ARDUIS
1948
ANNUAL
JAARBLAD
W.W.

'n gradeplegtigheid vir hulle in Pretoria te regverdig, en toe is een in die Paarl gereël deur die Hugenote-universiteitskollege. Mense wat gemengde geleenthede van dié aard voorgestaan het, het teen hierdie aparte plegtighede beswaar gemaak. Daar het protes gekom van enkelinge en ook van die Kleurlingadviesraad. Die proefneming is gestaak. Ten spyte van die teenstand uit Kaapland het die gedagte egter voortdurend steun onder Bantoestudente in die noorde geniet. Niks is gedoen totdat die laaste samestellende kollege die federasie in 1951 verlaat het nie. Die volgende jaar is twee plegtighede in die Pretoriase Tegniese Kollege gehou. By albei het die vise-kanselier in funksie, prof. S. P. E. Boshoff, opgetree. In 1953 is die gradeplegtigheid vir nie-blankes na Kilnerton oorgeplaas, en daarna is dit op versoek van studente gedurende die vakansieskool gehou.

In 1948 is toestemming gegee dat die lesings van die afdeling Eksterne Studie gebruik mag word deur die instrukteurs aan twee inrigtings sonder winsbejag: Helderbergkollege in Kaapland, die inrigting van die Kerk van die Sewendedagadventiste, en Adamskollege in Natal, die inrigting vir Bantoestudente, wat lank onder Edgar Brookes se leiding gestaan het. In dieselfde tyd het sekere lektore van die afdeling Eksterne Studie deeltyds gehelp by die Kolege ya Bana ba Afrika in Atteridgeville, Pretoria. Hierdie skakeling met die kolleges was maar dun in die vroeë jare, maar dit was die voorafskaduwing van latere ontwikkelings.

Die eerste daarvan het in 1951 gekom toe 'n ooreenkoms met die Transvaalse onderwysdepartement aangegaan is om die Heidelbergse onderwysersopleidingskollege in 'n spesiale verhouding met die Universiteit van Suid-Afrika te bring. Hiervolgens is party kollegedosente erken as universiteitsdosente in samewerking met die verskillende departmentshoofde in die afdeling Eksterne Studie. Die direkteur en sy personeel het op hulle beurt die reg verkry om die werk aan die Heidelbergse kollege te inspekteer. Die resultaat was dat aanstaande onderwysers vir 'n graad kon studeer terwyl hulle besig was met hulle kursus vir die onderwyssertifikaat. Daardeur kon die kollege 'n inrigting

word „waar akademiese studie geïntegreer kan word met die vorming van die onderwyser as mens en as opvoeder", soos die hoof, G. J. Jordaan, dit uitgedruk het. Dit was 'n stap vorentoe in die onderwysersopleiding in Suid-Afrika.

Die instelling van die afdeling Eksterne Studie het weer die kwessie van akademiese opleiding in tegniese institute laat ontstaan. Die Noord-Kaaplandse tegniese kollege in Kimberley het die moontlikheid oorweeg om studente vir eksterne grade ingevolge die geleentheid wat die Universiteit van Suid-Afrika bied, voor te berei. Verdere ontwikkelings langs hierdie weg was 'n aanloklike vooruitsig, maar die universiteitsbeleid in Suid-Afrika was altyd om die aanspraak van tegniese kolleges op hoër status teen te staan. Dergelike uitbreiding is dus nie aangemoedig nie, hoewel die kwessie later weer geopper is.

Die breuk tussen die universiteit en die Hugenotekollege op Wellington was aan die einde van 1951 nog nie volkome nie, want die volgende jaar was daar nog 60 kandidate vir die B.A.-graad aan die Hugenote-sendingkollege wat die plek van die universiteitskollege ingeneem het. Hierdie studente het onder die afdeling Eksterne Studie gewerk.

Prof. A. J. H. van der Walt en sy kollegas het reeds veel tot stand gebring toe die laaste twee samestellende kolleges, dié op Grahamstad en op Potchefstroom in 1951 onafhanklike universiteite geword het. Aan die einde van daardie jaar het die afdeling Eksterne Studie 2 215 voorgraadse studente gehad. Meer as 1 500 van hulle was blank, van wie omtrent 900 Afrikaanssprekend. Daarby was daar meer as 400 Bantoestudente, 175 Asiate en byna 100 Kleurlinge. Nagraadse werk is ook nie verwaarloos nie. Die meeste nagraadse studente het wel die kursus vir baccalaureus in opvoedkunde en vir honneurs geloop, maar daar was 'n gestadige toename in meestersverhandelings en doktorale proefskrifte in voorbereiding.

Die direkteur en sy personeel het groot getalle mense in die geleentheid gestel om universiteitsgrade te bekom wat hulle anders om 'n verskeidenheid van redes nie sou kon gedoen het nie. 'n Opname in 1950 het getoon dat meer as 90% van die

afdeling Eksterne Studie se studente bo die normale ouderdom vir bywoning van 'n universiteit was. Verskeie was selfs oor die 50 jaar oud. Dan ook het meer studente uit die platteland as uit stede gekom. Hoewel die grote gros in Suid-Afrika woonagtig was, met die digste sametrekking in Transvaal, het geblyk dat die universiteit die hele Suider-Afrika bedien, soos wat dit altyd die geval was. Meer as 5% van die studente was buite die landsgrense woonagtig, die meeste in Rhodesië. Verskeie was van oorsee.

Die B.A.-graad was die hoofoogmerk, hoewel ander grade, veral dié in handel en ekonomie ook gewild was. Onderwysers en instrukteurs was verreweg die meerderheid teenoor die ander beroepe van die studente in die afdeling Eksterne Studie. Daar was nietemin 'n opvallende verskeidenheid van beroepe. Daar was klerke, huisvroue, boere, sakemanne, diplomate, leëroffisiere, motorwerktuigkundiges, sekretarisse, ingenieurs en predikante. In die lys van 1950 was daar ook elf gebouopsigters, 'n gelisensieerde drankverkoper en 'n insektekundige.


Die afdeling Eksterne Studie het wel baie gewild geword onder dié wat graadkwalifikasies begeer, maar dit het geen geesdriftige steun in die akademiese kringe in Suid-Afrika geniet nie. Die vordering wat in hierdie hoofstuk geskets is, is onder besonder moeilike omstandighede bereik, en in die eerste vyf jaar van die afdeling Eksterne Studie se bestaan was dit nooit seker of hy 'n permanente instelling in die universiteitswese sou word nie. Tot 1951 was die Universiteit van Suid-Afrika in die eerste plek 'n federasie van samestellende kolleges en vir baie was dit ondenkbaar dat die nuwe afdeling die boedel sou oorneem sodra die laaste kollege mondig word en verder op eie bene voortgaan. Want was die afdeling Eksterne Studie nie wat hy so dikwels in die parlement en daarbuite genoem is nie: 'n blote korrespondensieskool en daarby baie duur?

# 10 *'n Onseker toekoms*

Die ontwikkeling van die afdeling Eksterne Studie en die toekoms van die samestellende kolleges was nie die enigste bekommernis van die Universiteit van Suid-Afrika gedurende die vyf jaar wat ten einde geloop het met die bedanking van N. J. de Wet as kanselier in 1951 en die verkiesing van regter-president G. J. Maritz as sy opvolger nie.

Die administrasie van die universiteit het voortgegaan om sy taak as eksaminerende liggaam op 'n verskeidenheid van gebiede te vervul. Die eksamen vir die juniorsertifikaat het verskeie duisende aansoeke elke jaar meegebring. Die nodigheid van hierdie toets het egter geleidelik afgeneem, want ander eksamens is deur verskeie owerhede ingestel. Naderhand het omtrent net nieblanke kandidate daarvan gebruik gemaak, totdat dit eindelik in 1960 afgeskaf is. Die verantwoordelikheid vir die administrasie van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad het nietemin lank op die registrateur en sy personeel gerus. Die ander gemeenskaplike raad, wat eksamens in regte en landmeetkunde beheer het, het in die vroeë jare vyftig 'n anachronisme begin word en aan die einde van die dekade ontbind. Dit is vervang deur 'n raad vir die erkenning van regseksamens, wat nie meer administratief onder die universiteit geressorteer het nie, hoewel hy daarin verteenwoordig is. Die grootste getal kandidate vir die eksamens wat die universiteit afgeneem het, was vir musiek.

Hoewel die verband met die Associated Board in Londen aan die einde van die oorlog verbreek is, was die kwessie van die beheer oor musiekeksamens nie finaal opgelos nie. Daar was nog



GERHARDUS JACOBUS MARITZ is op 7 Desember 1889 te Klerksdorp gebore. Sy skoolopleiding is aan die Staatsmodelschool, Pretoria, tot aan die dood van sy ouers, toe hy by Japie Krige se tehuis vir seuns, Stellenbosch, gaan inwoon het. Hy matrikuleer aan die Boys' High in 1905 en behaal die B.A. in 1908 aan die Victoriakollege. Hy kry 'n Rhodesbeurs, wat hom in staat stel om aan Trinity College, Oxford, in 1912 te kwalifiseer vir die Middle Temple in die Honours School of Jurisprudence.

Daarna begin hy 'n praktyk in Pretoria, maar kort daarna breek die Eerste Wêreldoorlog uit, en op pad om by die rebelle aan te sluit, word hy gevang en opgesluit totdat die rebellie onderdruk is.

Na sy ontslag bou hy 'n bloeiende praktyk op en is veral suksesvol in die strafhof. Onder andere het hy baie beskuldigdes *pro deo* verdedig voor die spesiale hoogverraadhof wat gevolg het op die 1922-staking.

In 1926 word hy president van die inkomstebelastinghof en in 1930 regter van die Transvaalse Provinsiale Afdeling; in 1947 regter-president tot sy aftrede aan die einde van 1959. Hy word gehuldig as 'n man wat gehou het van 'n skoon lewe, 'n man met moed en durf, en hy was reeds in sy jeug 'n leier en sportman wat uitgeblink het.

Op 21 Maart 1953 het hy die hoeksteen van die administrasiegebou in Skinnerstraat gelê. Hy is kanselier van 1951 tot 1957, toe hy bedank het.

Op 16 Julie 1964 is hy in Pretoria oorlede.

*Regter-president Gerhardus Jacobus Maritz, B.A., Q.C.*
*Kanselier 1951–1957*

baie mense in Suid-Afrika wat 'n terugkeer tot die ou stelsel van buitelandse eksaminatore sou verkies het, soos geblyk het op die 25ste jaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Musiekonderwysers in 1946. Twee jaar later het die Associated Board te kenne gegee dat hy graag weer wil saamwerk op die grondslag van 'n gelyke getal eksaminatore aan elke kant. Die Board kon ook 'n diploma aanbied wat wêreldwye erkenning geniet. Die Universiteit van Suid-Afrika laat weet dat hy bereid is om die saak te oorweeg, maar dat daar 'n ten volle verteenwoordigende nasionale advieskomitee insake musiek bestaan en dat dié met alle veranderings sal moet saamstem. Teen 1949 was die breuk met die Associated Board volkome. Op versoek van musiekonderwysers begin die Britse liggaam in 1950 sy eie eksamens in Suid-Afrika in mededinging met sy vorige vennoot te hou.

Die werk van die registrateurskantoor, wat Langham Murray nog steeds streng geskei hou van die doseerafdeling, het grotendeels gegaan om die verskeidenheid van eksamineerwerk. Volgens die assistent-registrateur, Petrus A. Taljaard, se samevatting van die departement se werksaamhede in 1951 was daar byna 10 000 inskrywings vir musiekeksamens, meer as tweekeer soveel as vir graadeksamens van studente van die afdeling Eksterne Studie en ander. Daarby het die twee skooleksamens nog 6 000 inskrywings en die professionele eksamens 1 000 meegebring. Dit alles het 'n groot las op die skouers van die administratiewe personeel gelê. Daar moes bekendmakings aan eksaminatore en moderatore uitgestuur en eksamensentrums bepaal word, toe al meer as 1 200 in Suid-Afrika en elders. Ook moes vraestelle gedruk en versprei word. Die skrifte wat ná die eksamens by die universiteit ingestroom het, moes dan na die eksaminatore uitgestuur word. Ten slotte moes die punte besyfer, die uitslae bekendgemaak en die sertifikate reggemaak word.

Dit is in ooreenstemming met die belofte van Jan Hofmeyr in 1947 dat kandidate wat by die afdeling Eksterne Studie ingeskryf is, geheel en al op dieselfde manier behandel sal word as dié wat by die private kolleges gestudeer het. Die Universiteit

van Suid-Afrika was trouens altyd versigtig om geen aanstoot aan die korrespondensiekolleges te gee nie. Buitendien was hy altyd bereid om wenke van hulle oor sillabusse vir eksterne studente te oorweeg.

Die universiteit was egter nie bereid om amptelike erkenning aan die kolleges individueel te verleen nie, nog minder het hy hulle reg op onbeperkte kritiek erken. Die aanhef tot die regulasies vir eksterne studente wat in die jaarboeke verskyn het, sê beslis dat die Universiteit van Suid-Afrika op generlei wyse verbonde is aan buiteliggame of inrigtings wat studente vir sy eksamen afrig nie en voeg by in kleiner druk dat inskrywings by die afdeling Eksterne Studie na vrye keuse geskied.

Die betrekkinge met die private kolleges was van die begin af glad nie hartlik nie. Daar was herhaalde klagtes, waarvan L. J. Erasmus, sekretaris van die vereniging van korrespondensiekolleges, 'n paar genoem het in 'n brief van Junie 1947 aan die registrateur. Hy beweer dat die blote noem van die afdeling Eksterne Studie in die jaarboek neerkom op onbillike konkurrensie, dat willekeurige veranderings aan regulasies en sillabusse die werk van die kolleges bemoeilik en dat daar 'n toenemende vrees onder eksterne studente van die kolleges wat lid is van sy vereniging, bestaan dat punte vir jaarwerk bygevoeg word by die eksamentotaal van die universiteit se studente.

Weliswaar was die direkteur en baie van sy personeel sterk ten gunste van hierdie beleid. Dit sou studie aanmoedig en help om die kloof tussen dosent en student te oorbrug. Nietemin het die Universiteit van Suid-Afrika goed besef dat hy onder die omstandighede nie die stelsel kon invoer nie, tensy 'n middel bedink kon word om almal in te sluit. Een alternatief is in 1952 by die vakansieskool beproef met die instelling van vorderingstoetse, wat as billik teenoor almal beskou is, aangesien dit nie beperk is tot studente van die afdeling Eksterne Studie nie. Die hoop is ook gekoester dat die skema groter bywoning van die vakansieskool sou aanmoedig. Min studente wou hulle egter aan die toetse waag, hoewel die idee die eerste opgekom het by kandidate vir die universiteit se eksamens. In 1953 se uitgawe van *Student* het

iemand onder die veelseggende naam B. M. Allpass die rede gegee. Baie studente het gemeen, aldus Allpass, dat 'n toets waarvoor hulle in Julie swak voorberei is, geen maatstaf van hulle slaagwaardigheid in November sal wees nie. Buitendien kan die toegekende punte wel soms 'n grensgeval help om te slaag, maar ewe goed sy gebrek aan bekwaamheid beklemtoon.

Daar het gedurig klagtes by die universiteit binnegekom, van die verbonde kolleges sowel as van individuele studente. Selfs in 1955 was daar aantygings van diskriminasie, wat as „bog" deur die registrateur verwerp is – teenoor kandidate van buite die afdeling Eksterne Studie. Die vereniging van korrespondensiekolleges wou alte graag nouer verbind wees met die Universiteit van Suid-Afrika en 'n tweede eksaminator benoem. Die universiteit wou weer die vereniging op 'n afstand hou. In Desember 1947 word die registrateur, Langham Murray, uitgenooi na die eerste vergadering van die raad van beheer oor die vereniging van korrespondensiekolleges, maar hy wys die uitnodiging summier van die hand.

Die private kolleges het party van hulle argumente op die getalle van hulle ingeskrewe studente gegrond, maar in dié opsig was hulle saak nie so goed as wat hulle dit voorgestel het nie. Dit blyk uit 'n uitvoerige memorandum wat die direkteur in Desember 1948 opgestel het.

Daar was in dié jaar weliswaar meer as 2 500 studente wat nie by die afdeling Eksterne Studie ingeskryf was nie teenoor die 1 579 wat wel daar gestudeer het. Maar dan moet 640 totaal onafhanklike studente van die 2 500 afgetrek word. Dan het die private kolleges nog 'n geringe getalle-oorwig gehad, maar hulle studente was versprei oor baie onderling mededingende inrigtings. By party, onder andere die Lyceum-kollege van Johannesburg, het die studente wat vir 'n graad gewerk het, slegs 'n geringe gedeelte van die totale inskrywing uitgemaak. Vier inrigtings het die toneel van universitêre onderrig oorheers: Transafrika, Rapid Results College, Union College en die Volkskorrespondensiekollege. Die eerste het 572 studente gehad, van die 320 vir die B.A.-eksamen gewerk het. Rapid Results het 528

onderrig, van wie 286 vir die graad B.Com. gestudeer het. Union College het 270 studente opgelei, van wie 175 B.A. geloop het. Ten slotte was Volkskorrespondensiekollege se 156 universiteitstudente meestal ingeskryf vir die B.A.- en die B.Com.-graad, byna in gelyke getalle. Hierdie twee grade was die gewildste onder die studente van die afdeling Eksterne Studie. Meer as die helfte het vir B.A. en omtrent 17% vir B.Com. gestudeer. Daar het nogal waarheid in die bewering destyds gesteek dat die meeste private kolleges nie veel wins gemaak het uit hulle graadkursusse nie, maar dat hulle die kursusse om redes van prestige behou het.

Aan die geldelike kant het die korrespondensiekolleges sterker gestaan. Hoe uitstekend die onderrig van studente van die Universiteit van Suid-Afrika en hoe prysenswaardig die konsepsie van universiteitsopleiding deur middel van die geskrewe woord ook al was, een ding is seker en dit is dat die onderneming hopeloos misluk het juis waar met soveel vertroue gehoop is dat hy sou slaag. Daar is beweer dat aangesien die private kolleges 'n redelike wins op al hulle ondernemings kon maak, die afdeling Eksterne Studie dit ook behoort te kan doen. Dan sou dit geen las op die universiteit of op die staat lê nie. Daarom is dit heeltemal apart van die administratiewe afdeling van die Universiteit van Suid-Afrika gefinansier, sodat sy uitgawes doeltreffend beheer kon word.

Helaas, die afdeling Eksterne Studie het gou 'n ontstellende vermoë om geld te verswelg aan die dag gelê, vinniger as wat almal – behalwe die direkteure van die private kolleges – ooit kon gedink het.

Die eerste tekort op 31 Maart 1947 was nog nie te erg nie, naamlik net onder R3 167, maar die volgende jaar spring dit verontrustend op tot byna R36 000 en in 1949 tot die verpletterende bedrag van R61 330. Langham Murray kla dat die universiteit se reserwes nie sulke tekorte kan dek nie, te meer aangesien die staatstoekenning vir administratiewe doeleindes saam met klasgeld en ander inkomstebronne baie ver onder die universiteit se behoeftes is. In hierdie opsig was daar 'n tekort van

R40 000 in 1947 en R20 000 in 1948. Die Universiteit van Suid-Afrika is dus versoek om te besuinig. In 1950 is sekere gelde verhoog; die notule van vergaderings is al om die ander jaar in Engels en Afrikaans gepubliseer en sekere handboeke is minder dikwels uitgereik.

Die toestand in die afdeling Eksterne Studie was ernstig, baie ernstiger as wat die meeste dosente besef het. Prof. Van der Walt se afdeling het darem ook steun geniet. J. P. Duminy het byvoorbeeld voor die staat se universiteitsadvieskomitee verklaar dat die verliese van die doseerafdeling buite sy beheer is. Die komitee was simpatiek en notuleer die bemoedigende woorde dat die afdeling 'n diens van nasionale belang lewer. Die direkteur het probeer om uitgawes laag te hou deur besnoeiing van biblioteekboeke met die oog op die „ernstige finansiële posisie waarin die Afdeling verkeer". Tog, aan die begin van 1949 was die geldtrommel boomskraap.

Die oggend van 7 Maart stuur die direkteur 'n dringende telegram aan die sekretaris van onderwys: „Finansiële posisie van Universiteit uiters sorgwekkend. Onmoontlik om enige verdere verpligtinge na te kom sonder versekering van uitbetaling van gevraagde staatshulp vir afgelope twee jaar. Addisionele bankkrediet nie verkrygbaar. Telegrafeer onmiddellik wat die posisie is." Die volgende middag doen prof. Van der Walt 'n tweede beroep, gerig aan die vise-kanselier, dr. Van Rhijn, toe in Kaapstad: „Universiteit kan nie funksioneer sonder onmiddellike hulp. Alle uitbetalings reeds in Februarie gestaak terwyl salarisse hierdie maand reeds al nie uitbetaal kan word. Verdere bankkrediet onmoontlik."

Met die uitgeputte bankkrediet en geen geld om die personeel te betaal nie, was die posisie inderdaad haglik. Die tesourie het indertyd die beskouings van universiteite in die algemeen oor hulle geldelike behoeftes ingewag en het al 'n bietjie kriewelrig geword oor die swak vertoning van die afdeling in vergelyking met die veronderstelde geldelike stabiliteit van die private kolleges, maar na hierdie noodkrete was hy sommer openlik ontstoke. 'n Skatkisorder vir meer as R90 000 is inderhaas gestuur

om die tekort te dek, maar in 'n brief namens die sekretaris van finansies, dr. J. E. Holloway, word duidelik gesê dat die departement die saak in 'n baie ongunstige lig beskou: „Die Tesourie beskou dit . . . baie onbevredigend dat so 'n groot tekort opgehoop het en hy voor 'n voldonge feit geplaas is."

Ondertussen het 'n departementele komitee bestaande uit W. V. Robertson en P. J. Olckers reeds aanbeveel dat die universiteit se afdeling Eksterne Studie 'n jaarlikse subsidie van hoogstens R56 000 ontvang. Die aanbeveling is aangeneem, maar die geldelike toestand het nog enige tyd moeilik gebly. Op 13 Augustus 1949 skryf die direkteur aan H. S. van der Walt, wat so pas A. A. Roberts as sekretaris van onderwys opgevolg het. Hy wys daarop dat die afdeling Eksterne Studie nog steeds moet staatmaak op swaar bankoortrekkings en vra 'n tydelike subsidie om die posisie te verlig wat „reeds weer vinnig besig (is) om te versleg". Daar is toe hulp verleen, maar die sekretaris van finansies het die geleentheid benut om sy ontevredenheid daarmee te betuig dat „hierdie diens aansienlik hoër uitgawe meebring as wat die Kabinet oorspronklik verwag het". Dié doseerafdeling kon nie verwag om verder op dié hoë peil gesubsidieer te word nie, en ook sou die Universiteit van Suid-Afrika se jaarlikse toekenning nie op 'n formulebasis bepaal word nie. Dit was glad geen verrassing dat dr. H. G. Luttig, volksraadslid vir Mayfair (Johannesburg) en besturende direkteur van die Transafrika-korrespondensiekollege, die kwessie van die staatsubsidie aan die afdeling Eksterne Studie in die sitting van 1950 geopper het nie.

Daar is geen rede om die direkteur van spandabelheid te verdink of om te meen dat die groot tekorte geheel en al te wyte was aan gebrekkige sakevernuf nie, hoewel die private kolleges so gereken het. Die hele kwessie van universiteitsfinansies is ondersoek deur 'n staatskommissie wat in 1951 onder voorsitterskap van dr. J.E. Holloway aangestel is. In sy verslag van Mei 1953 word die besondere moeilikhede van die Universiteit van Suid-Afrika om sy afdeling Eksterne Studie te finansier, duidelik aangetoon. In die eerste plek moet sy dosente op gelyke voet besoldig word met hulle kollegas van gelyke rang elders in Suid-

Dit was reeds baie duidelik in 1944 dat die mondigwording van die samestellende kolleges nie meer ver in die verskiet gelê het nie, en hiermee het die vraag saamgehang wat sou van die Universiteit van Suid-Afrika word – sou daar nog reg van voortbestaan wees?

Hieruit het die vraag ontstaan wat van die eksterne student gaan word, want sy behoeftes het al hoe dringender geword. In hierdie stadium het die voorsitter van die senaat 'n belangrike rol gespeel om sake na die een of ander kant toe te laat skik. Toe die beslissing kom dat die universiteit 'n tweede nuwe bedeling sou kry, het die jare 1946 tot 1948 baie van die voorsitter van die senaat geëis, want dit was gedurende die jare dat die afdeling Eksterne Studie gestalte begin aanneem het.

Van 1946 af tot 1952 – na laasgenoemde jaar het die universiteit uit eie geledere 'n voorsitter van die senaat gekies – moes die universiteit hom bewys in sy doserende funksie. In daardie jare het die senaat nog bestaan uit 'n oorwig van lede van buite, uit wie ook sy voorsitters gekies is.

*Voorsitters van die Senaat*
*1944–1952*

*Regs: Prof. J.C. van Rooy*
*(Potchefstroomse Universiteitskollege)*
*1944–46*
*(Foto: Universiteit van Potchefstroom)*

*Onder: Prof. H. v.d. M. Scholtz*
*(Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat)*
*1946–48*

*Onder regs: Prof. W.F. Barker*
*(Rhodes-universiteitskollege)*
*1948–1952*
*(Foto: Rhodes-universiteit)*







Afrika. Tweedens kos 'n biblioteek geld aan personeel en boekevoorraad, en derdens is kantoorruimte besonder duur in Pretoria.

Wat ook al die redes vir die mislukking was van die doseerafdeling om selfonderhoudend te wees, bestaan daar geen twyfel dat sy geldelike probleme sy ondersteuners verleë gemaak en sy mededingers, die private korrespondensiekolleges, verheug het nie. Geen regering, van watter politieke sienswyse ook al, hou daarvan om die publiek se geld onnodig uit te gee nie. Jan Hofmeyr, die Verenigde Party se minister van onderwys en van finansies, het die moontlikheid raakgesien om een geringe besparing aan te bring toe die afdeling Eksterne Studie gestig is. Om te voorkom dat die staat twee inrigtings subsidieer wat op dieselfde terrein werk, het hy die toekenning aan die Witwatersrandse Tegniese Kollege besnoei, wat toe sy korrespondensiekursus – party op graadvlak – oorgedra het aan die afdeling Eksterne Studie.

Die besparing wat so bewerkstellig is, en nog meer, is egter gou verteer deur die oënskynlik onversadigbare aptyt van die jongeling. Dit was 'n bron van kommer by die Nasionale regering, wat in 1948 die Unie se hoër onderwys oorgeneem het, wat daaruit blyk dat aan elke benoemde van die goewerneur-generaal in die universiteitsraad opgedra is om besondere aandag aan geldsake in die besprekings te gee.

Die swaar tekorte het aan die lig gekom juis toe die hele toekoms van die afdeling Eksterne Studie en inderdaad ook van die Universiteit van Suid-Afrika self in die weegskaal was. Prof. Van der Walt het sy bes gedoen om aan sy afdeling die status van 'n universiteit te gee, maar in die oë van baie het dit tekort geskiet aan die universiteitsideaal. Daar is beweer dat, as eksterne grade dan werklik nodig was, 'n gemeenskaplike raad ewe goed daarmee belas kon word; of anders kon die ouer universiteite, of die nuwes wat uit die federale smeltkroes voortkom, miskien geneë wees om die eksterne werk oor te neem. Die werklike doseerwerk kon dan gevolglik aan die korrespondensiekolleges oorgelaat word, wat in elk geval geen uitgawe uit die skatkis meebring nie.

Uit die verslag van die Brookes-kommissie oor die Universiteit van Suid-Afrika in 1947 was dit al duidelik dat die universiteit sy sake ingrypend sou moes hersien na die afstigting van die samestellende kolleges. Die mening is toe en nog enige jare later gehuldig dat die universiteit in sy nuwe gedaante as doseerinrigting vir eksterne studente oor te min ervaring beskik om sy sake alleen te bestuur. Buitendien was daar die kwessie van die publiek se vertroue. Die Universiteit van Suid-Afrika sou met meer vertroue bejeën word as dit sou blyk dat sy standaard onder die nuwe omstandighede gehandhaaf word. Die Brookes-kommissie het dus aanbeveel dat, sodra 'n kollegeverteenwoordiger uittree by die afstigting van sy kollege, 'n nuwe lid deur die goewerneur-generaal op advies van die koördinerende raad van universiteite benoem word. Hy moes spesiaal een van die konvensionele doserende universiteite verteenwoordig. Indien moontlik moes iets soortgelyks in die senaat gedoen word, hoewel aanbeveel is dat die dagbestuur van die senaat sake gedurende die oorlog in 'n oorgangstyd bestuur. Sodra die universiteit dan al die samestellende kolleges afgegee het, kon die senaat opnuut saamgestel word op die grondslag van gelyke verteenwoordiging vir die direkteur en vyf gekose lede van sy personeel saam met benoemde lede wat op advies van die voorgestelde koördinerende raad aangewys word.

Met die nadering van die dag waarop die rekonstruksie van die universiteit sou plaasvind, het die private kolleges met vaste vertroue op die krag van die sterk organisasie waarin hulle saamgesnoer was, begin aandring op 'n groter aandeel in die sake van die universiteit. Op die derde jaarlikse konferensie van die Vereniging van Korrespondensiekolleges, gehou in September 1950 in Johannesburg, is die werk van die private instellings hoog aangeslaan deur verskeie sprekers, onder andere deur stadsraadslid C.F. Beckett, die stad se onderburgemeester. Daar is gesê dat die tyd aangebreek het dat die kolleges 'n verteenwoordiger kry in die bestuursliggaam van die universiteit, en omgekeerd dat die universiteit iemand in die beheerraad van die vereniging benoem. Daar is toe ook beweer dat die registrateur se kantoor hom

skuldig maak aan druk op studente om hulle by die afdeling Eksterne Studie te laat inskryf. Die gemoedere het hoog geloop daaroor dat 'n inrigting wat groot staatsteun geniet, toegelaat word om op so 'n onbillike wyse met handelsondernemings mee te ding.

Die Vereniging van Korrespondensiekolleges lê in Desember 1950 'n memorandum aan die Universiteit van Suid-Afrika voor waarin hy verteenwoordiging in die bestuursliggaam vra. Die raad was hierteen gekant, hoewel hy graag nader ingelig wou wees oor die presiese oogmerke van die kolleges. So is 'n vergadering van die vise-kanselier, dr. Van Rhijn, met lede van die beheerraad van die vereniging op 12 Januarie 1951 by die Universiteit van Kaapstad gereël. Onder dié wat aan die besprekings deelgeneem het, was dr. Luttig van Transafrika. Weer is die versoek om lidmaatskap in die raad geopper. Wat die lede van die Vereniging van Korrespondensiekolleges eintlik wou hê, was dat die universiteit terugkeer tot sy ou eksaminerende funksie en dat die afdeling Eksterne Studie daarvan afgeskei word en lid word van die vereniging net soos enige private kollege. Hierteen het dr. Van Rhijn hom onverbiddelik verset, maar hy was bereid om na die beskouings van die kolleges oor 'n naamsverandering van die universiteit te luister, hoewel hy nie veel gehou het van 'n „Suid-Afrikaanse Eksaminerende Raad van Universiteite" nie. In die plek daarvan gee hy die naam „Universiteit van Suid-Afrika vir Eksterne Studie" aan die hand. Dit was 'n naam wat destyds die steun geniet het van ander in die Suid-Afrikaanse universiteitswese. As die Vereniging van Korrespondensiekolleges meer as dit wil hê, moet hulle met die direkteur self gaan praat!

In besprekings oor die toekoms van die afdeling Eksterne Studie was prof. Van der Walt en sy kollegas in geen posisie om 'n beslissende rol te speel nie. Op vergaderings binne die Universiteit van Suid-Afrika was hulle altyd in die minderheid, en hoewel die dosenteraad hard geveg het om die wetlik gekonstitueerde spreekbuis van die doserende personeel te word, het die raad nooit met dieselfde respek na hulle geluister as na die menings

van die senaat nie. Die dosenteraad het niks anders as 'n personeelvereniging gebly nie.

Ook na buite het die direkteur geen volle erkenning geniet nie. Op vergaderings van al die Suid-Afrikaanse universiteite was sy posisie 'n anomalie. Die liggaam wat lank aanvaar is as die gemeenskaplike raadgewende orgaan vir die land se universiteite, was die vise-kanselierskomitee. Maar die vise-kanseliers was nie almal universiteitshoofde nie, en wat by 'n verteenwoordigende liggaam van dié aard belangrik was, is dat dit bevoeg moet wees om besluite oor akademiese aangeleenthede te neem. Gevolglik is 'n nuwe liggaam, die komitee van universiteitshoofde, in 1949 in die lewe geroep. Hierin was die Universiteit van Suid-Afrika in 'n moeilike posisie. Hy het geen hoof, prinsipaal of rektor, gehad nie. Hoewel die direkteur en die registrateur genooi is om die vergaderings van die nuwe komitee by te woon, is as die universiteit se amptelike verteenwoordiger die senaatsvoorsitter, prof. Barker, aangewys. Hy het dié pos beklee gedurende al hierdie jare van onsekerheid oor die toekoms van universitêre opleiding deur middel van korrespondensie. Hy het besonder belang gestel in die sake van die Pretoriase inrigting, maar hy het 'n hoër lojaliteit gehad. Dit was ook die tyd waarin sy eie kollege, Rhodes, volle onafhanklikheid verwerf het.

Die komitee van universiteitshoofde het in 1950 daartoe gekom om te erken dat die Universiteit van Suid-Afrika sy doseerfunksie moet voortsit na die afstigting van die samestellende kolleges, maar hy het gemeen dat die ander universiteite die oorheersende en werklike beheer moet behou. Hierdie houding weerspieël die algemene verbreide vyandigheid teenoor die werk van die afdeling Eksterne Studie onder akademici, nie alleen in die onafhanklike universiteite nie, maar ook in die kolleges op pad na onafhanklikheid, wat nog in volle krag in die senaat van die Universiteit van Suid-Afrika verteenwoordig was. Die Hugenote-universiteitskollege was van mening dat die senaat by die rekonstruksie van die federale universiteit so saamgestel moet word dat daar agting vir eksterne grade sal wees. Dit sou daarop neerkom dat die meerderheid van sy lede getrek moet word uit die ander

universiteite van die land. Professor Van der Walt verklaar die wydverspreide aandrang op die beskerming van standaarde op hierdie manier as voortspruitende uit 'n vrees dat die afdeling Eksterne Studie miskien geneig sou wees „om die Akademiese peil na benede te dwing om sodoende meer studente te trek". Dit het ook voortgespruit uit die volkome begryplike aarseling om die beheer oor te dra aan 'n onbeproefde personeel en so die gevaar te loop om die waarde van 'n Suid-Afrikaanse graad te verlaag.

Party inrigtings het inderdaad gewonder of dit verstandig is om sake hoegenaamd in die hande van die Universiteit van Suid-Afrika te laat. Die Universiteit van die Witwatersrand stel in 1949 'n gemeenskaplike raad voor, met bevoegdheid om eksterne grade toe te ken. Dit was 'n voorstel wat vir Langham Murray destyds aanloklik voorgekom het. Hy het weer die geleentheid te baat geneem om sy teenstand teen samesmelting van die eksaminerende en die doserende afdeling van die universiteit te beklemtoon. Die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat het betoog dat ander universiteite die geleentheid moet kry om eksterne onderrig te onderneem. Vir die pas ontvoogde Universiteit van Natal was die stelsel onvermydelik maar te betreur. Hy stel voor dat die beste manier om die euwels van 'n universiteitswerksaamheid van twyfelagtige aansien te versag, sou wees om die beheer daaroor op te dra aan twee ander universiteite. Na sy mening sou die Universiteit van Pretoria en van die Witwatersrand die geskikste wees, mits hulle bereid sal wees om die onbenydenswaardige taak op hulle te neem. Eiebelang het na vore getree in die debat, en twee voorstelle is in dié verband vermeldingswaardig. Uit Bloemfontein kom die voorstel dat eksterne onderrig beperk word tot die eerste graad, terwyl die Universiteit van Pretoria, met die oog op sy bloeiende buitemuurse werksaamhede, wou hê dat studente binne 24 kilometer van 'n konvensionele universiteit uitgesluit moet word van inskrywing vir eksterne graadkursusse.

Op inisiatief van die gemeenskaplike komitee van raad en senaat vir eksterne studie, is daar in 1949 'n kleiner komitee binne die Universiteit van Suid-Afrika gestig om hom oor die toekoms

van die inrigting te besin. Dit het bestaan uit die vise-kanselier, dr. Van Rhijn, die direkteur, die registrateur, 'n verteenwoordiger van elke samestellende kollege, nog een vir die onderwysdepartemente en drie lede van die federale senaat. Die senaatslede was prof. Barker, wat as voorsitter opgetree het, prof. Gerrit Dekker van Potchefstroom, dekaan van die fakulteit Lettere, en prof. C. van H. du Plessis van die Bloemfonteinse kollege, wat dekaan van die fakulteit Handel en Administrasie was. Die komitee kom tot die gevolgtrekking dat eksterne studie moet voortgaan en dat die Universiteit van Suid-Afrika die beste daartoe in staat is.

Verskeie gedagtes oor die beste uitvoering van die besluit is oorweeg. Die registrateur, Langham Murray, hoewel sy afwysende houding omtrent eksterne studie bekend was, het altyd die belange van die universiteite voorop gestel. Sy slotsom was dat, as die nuwe stelsel voortgesit moet word en as die Universiteit van Suid-Afrika as verjongde voog daarvan moet wees, dan moet sy aansien nie geskaad word deur die beheer oor sy besturende en akademiese liggaam by ander instellings te laat setel nie. Hy het dus voorgestel dat verteenwoordigers van die sogenaamde residensiële universiteite uit die raad gehou word, behalwe moontlik as benoemdes van die goewerneur-generaal. Die senaat moes darem na sy mening bykomende lede uit ander universiteite hê, hoewel slegs as tydelike maatreël totdat die personeel van die afdeling Eksterne Studie deur nuwe aanstellings opgebou is.

Die direkteur het die krag van die argumente ten gunste van toesig in die senaat deur ander universiteite ingesien, al was dit maar om die publiek en veral die akademici te sus. Die memorandum wat hy voorgelê het, het dus uitdruklik verteenwoordiging deur buiteprofessore in die akademiese liggaam behels. Hy het gemeen dat hy uit die aard van die saak as senaatsvoorsitter moet optree. Die Universiteit van die Witwatersrand het hierin met hom saamgestem, maar ander het sterk verskil. Die meeste het gemeen dat die senaat self, soos in die verlede, sy voorsitter moet kies. 'n Mens merk sommer die houding van opsetlike dwarsboming in hierdie gekibbel om aan die afdeling Eksterne

Studie volle beheer te ontsê. Tog was die afdeling nog maar klein en daarby nie die enigste liggaam wat vir die onderrig van eksterne studente in Suid-Afrika verantwoordelik was nie.

Die raad van die Universiteit van Suid-Afrika het in 1950 'n memorandum aan die komitee van universiteitshoofde voorgelê, met 'n uiteensetting van die bestuurstelsel vir die hervormde instelling, waarby 'n mate van leiding van buite inbegrepe sou wees. Daarop is die universiteit versoek om met die departement van onderwys, kuns en wetenskap saam te werk om 'n konsepwetsonwerp op te stel. 'n Komitee van raad en senaat, bestaande uit J.P. Duminy, S.P.E. Boshoff, W.F. Barker, Ferdinand Postma en die direkteur is hiervoor benoem. Die voorgestelde wetgewing het toe in Januarie 1951 voor die komitee van universiteitshoofde gedien, waar dit met 'n paar veranderings aangeneem is. Die direkteur se posisie op die vergaderings van die universiteit het tot die einde ongerymd gebly. Die raad het gemeen dat hy by die belangrike geleentheid die universiteit moet verteenwoordig, maar die voorsitter van die senaat was reeds uitgenooi. Altwee het die vergaderings bygewoon, maar prof. Van der Walt se rol was meestal dié van 'n belangstellende toeskouer, want prof. Barker het die stemreg gehad.

As 'n mens terugkyk, is dit eienaardig dat die direkteur se bevoegdheid nog omskryf is in die wetgewing wat gevolg het om die Universiteit van Suid-Afrika om te vorm. Hy was tog die vanselfsprekende keuse as amptelike verteenwoordiger van die doseerafdeling in die raad, maar Wet 30 van 1951 bepaal slegs dat 'n raadsetel aangebied word aan 'n lid van die afdeling Eksterne Studie, gekies deur die senaat. Ondergeskiktheid is dus bestendig, in hierdie geval met min regverdiging.

Een van die laaste wenke van die senaat van die sterwende Hugenote-universiteitskollege was dat die registrateur gehoor moet word in die raad se besprekings. Ander het weer gemeen dat hy daar behoort te wees om te waak oor die belange van die studente wat nie by die afdeling Eksterne Studie ingeskryf is nie. 'n Raadsetel is egter nie aan die universiteit se administratiewe hoof aangebied nie. Met die oog op die veranderings op die gebied van



*Transvalia-gebou nog onvoltooid soos dit in 1948 betrek is.*

Die huisvesting van die afdeling Eksterne Studie in ses kantore van Somersethuis en 'n huis in Proesstraat was baie ondoeltreffend en onbevredigend.

Die werksaamhede van dié afdeling het besonder vinnig uitgebrei; die vraag na studiemateriaal het groter omvang aangeneem as wat verwag is, wat meegebring het dat meer personeel aangestel en meer masjiene geïnstalleer moes word.

'n Gebou in Sentraalstraat, wat nog nie heeltemal voltooi was nie, kon 22 kantore bied, en vroeg in 1948 het dié studie-afdeling na TRANSVALIA-GEBOU verhuis.

eksterne studie wat voor die deur gestaan het, was dit waarskynlik 'n verstandige besluit.

Die wet tot wysiging van die wet op die Universiteit van Suid-Afrika het op 1 Augustus 1951 in werking getree. Vir J.R. Sullivan van Durban was dit die verwesenlinking van sy droom van 'n volksuniversiteit. Wet 30 was egter iets minder as 'n magna carta vir die hoër onderwys van eksterne studente, hoewel die Universiteit van Suid-Afrika voortaan al sy kragte op graadvlak aan hulle behoeftes sou wy. Die universiteit het ook sy byfunksies met betrekking tot skool- en musiekeksamens behou en het voortgegaan om die Gemeenskaplike Matrikulasieraad en die gemeenskaplike komitee vir beroepseksamens te beheer.

Sekere raadslede kon hulle onverstreke ampstermyn in 1951 uitdien. Die laaste afgevaardigdes uit die samestellende kolleges het teen Maart van daardie jaar van die toneel verdwyn, maar hulle plek is ingeneem deur die hoofde van die land se universiteite of deur die wat aangestel is om hulle te verteenwoordig. Onder die goewerneur-generaal se benoemdes – eers ses en later nog twee – was daar twee namens die konvokasie. Een van hulle is spesiaal gekies om na die belange van Bantoe-, Kleurling- en Indiërstudente om te sien. Verkiesings om konvokasielede aan te wys, is dus afgeskaf. Suidwes-Afrika en Rhodesië sou sonder verteenwoordiging wees sodra hulle dienende raadslede aan die einde van hulle ampstermyn kom. Behalwe die benoemdes van die afdeling Eksterne Studie is die senaatsvoorsitter ook raadslid gemaak. Die vise-kanselier het voorsitter gebly.

Die nuwe senaat sou bestaan uit twee raadslede, die direkteur van die afdeling Eksterne Studie ampshalwe, alle dosente wat departementshoof is en toekomstige professore. Uit die ander universiteite het twee verteenwoordigers uit elke senaat gekom, saam met nog agt professore of lektore. Hierdeur is aan die buiteuniversiteite onmiddellik 'n getalleoorwig in die akademiese liggaam gegee. Hulle posisie is nog verder versterk deurdat die persone wat dekane van die verskillende fakulteite was toe die wet in werking getree het, asook die voorsitter, prof. Barker, 'n verdere termyn as senaatslede aangebly het. Die bevoegdheid van die

afdeling Eksterne Studie is ook in fakulteitsrade en studiekomitees beperk, want daar het 'n universiteitsdosent nooit alleen opgetree nie en het hy gewoonlik teen 'n meerderheid van ten minste twee teen een te staan gekom.

Die dosenteraad het darem wetlike erkenning ontvang as 'n soort mindere senaat wat by die werklike senaat aanbevelings kon doen. Dit het ook voortgegaan om as adviesliggaam vir die direkteur te dien. Ten spyte van die geringe toegewings aan die afdeling Eksterne Studie het die wet van 1951 hom behoorlik op sy plek gehou. Daar is gesê dat die verteenwoordigers van die ander universiteite bang was dat daar in die senaat 'n magsblok sal ontstaan bestaande uit lede van die Universiteit van Suid-Afrika se doserende personeel. Dit kan waar wees dat die vrees bestaan het, want in die senaatsvergaderings was daar diegene wat die afdeling Eksterne Studie uit die hoogte behandel het en glad nie wou sien dat sy dosente die oorhand kry nie. Tog het prof. Van der Walt en sy kollegas vriende onder die buitestaanders gehad, manne van die kaliber van die bekende talekenner, G.P. Lestrade van die Universiteit van Kaapstad en S.J.H. Steven van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Die direkteur en die Universiteit van Suid-Afrika sou nog teenstand ondervind in die stryd om groter erkenning, maar na mate hy in aansien en ondervinding toegeneem het, het die afdeling Eksterne Studie eindelik alle bedenkings te bowe gekom. Teen 1951 het die aanvanklike onsekerheid in elk geval verdwyn en kon die jong afdeling vorentoe beur op die pad na die blink toekoms.

# 11 *'n Nuwe universiteit ontstaan*

Prof. A.J.H. van der Walt het die wet van 1951 as 'n proefneming op die gebied van die hoër onderwys in Suid-Afrika beskou. Die nuwe in die wet, het hy aan studente in die jaarblad van dié jaar verduidelik, lê allereers in die organisasie van die Universiteit van Suid-Afrika, nie so seer in die aard van die werk wat hy doen nie. Hy wys daarop dat niemand toe meer getwyfel het aan die lank gevestigde beginsel van eksterne universiteitstudie nie.

Hoewel dit heeltemal waar is dat die beginsel van eksterne studie nie meer betwyfel is nie, was dit nog lank nie die geval dat daar algemeen aanvaar is dat die Universiteit van Suid-Afrika die enigste liggaam moet wees om hierdie onderrig te gee nie. Ook het nie elkeen gemeen dit is die beste onderrig nie. Die private kolleges was nog altyd gegrief oor die bepalings van die oorspronklike wet, waardeur 'n mededinger met staatsteun teen hulle in die veld gestoot is. Etlike jare het hulle skimpskote gelos op die universiteit en op die regering wat hom help finansier het, maar teen 1955 het studente begin insien dat inskrywing by die Universiteit van Suid-Afrika sekere voordele bied. Daar was toe 5 586 aanstaande eksamenkandidate, d.w.s. meer as 75% wat by die universiteit ingeskryf was.

Die korrespondensiekolleges het maar bly hoop op verteenwoordiging in die raad namens die studente wat by hulle ingeskryf is en op verteenwoordiging deur agt lede in die senaat, gekies uit 'n lys wat hulle by die raad van die universiteit indien. Hulle het ook aangedring op 'n billiker metode om studente te

eksamineer en het sekere voordele begin insien in die gebruik van nommers in plaas van name op die skrifte. Hierdie veranderings in die eksamineerstelsel is inderdaad deur die universiteitsenaat aangebring, maar nie as gevolg van druk van die private firmas nie. Ten opsigte van die ander eise van die korrespondensiekolleges het die registrateur en die direkteur nogal volkome eenders gevoel. Die veronderstelling dat die afdeling by implikasie bloot nog maar 'n ander inrigting van dieselfde stoffasie as die lede van die vereniging van korrespondensiekolleges is, was volgens Langham Murray skone vermetelheid. Die private kolleges verteenwoordig nie studente nie en beslis nie die meerderheid nie, soos hulle beweer, maar net hulleself, aldus Langham Murray. Prof. Van der Walt was net so sterk gekant daarteen om aan die kolleges 'n amptelike aandeel van die universiteit se sake te gee. Winsbejag word nie in die akademiese wêreld erken nie!

Volksraadslede het alle politieke munt wat daar was, uit die saak geslaan. Onder dié wat vir die private kolleges voorspraak gedoen het, was dr. A.H. Jonker van die Verenigde Party en sy kollegas mev. Margaret Ballinger en P.A. Moore. Hulle het die Universiteit van Suid-Afrika aangeval op grond daarvan dat dit self maar 'n korrespondensiekollege is wat op onbillike wyse studente trek in sy mededinging met ander inrigtings wat as handelsondernemings optree. Daar is beweer – en nie sonder waarheid nie – dat dit nooit die bedoeling van die staat was om die afdeling Eksterne Studie te laat voortbestaan as hy nie selfonderhoudend kan wees nie. En wat gebeur nou? Die staat moet 'n al groter rekening betaal, en ondertussen is die afdeling en die Universiteit van Suid-Afrika byna nie te onderskei nie. Kyk, die inrigting is in geen erkende sin 'n universiteit nie. In die allergunstigste geval moet hy hoogstens die „Universiteit van Suid-Afrika vir Eksterne Studente" genoem word, soos vroeër reeds voorgestel.

Hierdie benaming is nie net deur dr. Van Rhijn voorgestel nie, maar ook deur prof. E.G. Malherbe, prinsipaal en visekanselier van die Universiteit van Natal. Buitendien het dit heel-

wat steun van die personeel van die ander residensiële universiteite geniet. Langham Murray was sterk gekant teen enige naamsverandering en het in Februarie 1951 die argumente wat op die vorige vergadering van die komitee van universiteitshoofde geopper is, verpletter. Daar het prof. H.R. Raikes van die Universiteit van die Witwatersrand, oor die algemeen 'n ondersteuner van die afdeling Eksterne Studie, die mening uitgespreek dat die bestaande naam van die universiteit misleidend is en die oningewyde laat dink dat dit die voorste setel van geleerdheid in die land is, waarop die registrateur geantwoord het dat dit in meer as een opsig so is! Prof. Malherbe het betoog dat die hervormde universiteit geen reg het op die trotse tradisie van die federale Universiteit van Suid-Afrika nie. Dit was immers saamgestel uit die universiteitskolleges. Maar, sê Murray, wat van die eksterne studente in geen onbeduidende getalle nie, selfs in die federale tyd? Party van hulle – en onvermydelik moes hy senator Brookes in die kort lys van name noem – het die allerwaardevolste bydrae tot Suid-Afrika gelewer. Hy het verder die reg van universiteitshoofde betwis om hulle met die saak te bemoei en het hulle daaraan herinner dat baie gegradueerdes wat in 1918 en weer in 1930 lid van die konvokasie van ander universiteite kon geword het, verkies het om by die Universiteit van Suid-Afrika te bly.

Prof. Van der Walt het net so beslis die ou naam verdedig, maar die raad het aanvanklik die noodsaaklikheid van verandering aanvaar. Prof. Malherbe sê in 1953 dat dit in universitêre kringe in die algemeen, meer bepaald in die buiteland, as ongehoord beskou word om selfs die naam „universiteit" en die bevoegdheid om grade toe te ken, aan 'n inrigting van dié aard te gee. Die Universiteit van Suid-Afrika, ontdaan van sy samestellende kolleges, was nie meer soos sy vroeëre susterinstelling in Nieu-Zeeland nie, toe naby aan ontbinding. Ook is die universiteit nie ingerig om volgens die begeerte van mense soos prof. P.R. Skawran van die Universiteit van Pretoria 'n nagraadse inrigting te wees na die model van die Australiese Nasionale Universiteit in Canberra, soos die bedoeling oorspronklik in 1946

was nie. Vir baie was dit ongepas dat 'n blote korrespondensieskool 'n nasionale naam dra.

Nietemin, min of meer dieselfde soort vyandigheid is aan die dag gelê toe die federale universiteit sy naam gekry het. Daarom besluit die regering om eers die menings van gegradueerdes van die Universiteit van Suid-Afrika in te win voordat verandering oorweeg word. Daar is toe briewe aan 'n groep onder hulle uitgestuur. Iets meer as die helfte het geantwoord „van wie die meeste hulle teen naamsverandering uitgedruk het". Die saak is toe gelos. Die vyandigheid het swaar weggesterf. Tot in 1957 het prof. W.G. Sutton, toe prinsipaal van die Universiteit van die Witwatersrand, nog die mening uitgespreek dat korrespondensieonderrig vir 'n graad nie regte universiteitsopvoeding is nie en dat dit te betwyfel is of kwalifikasies wat op dié wyse by die Universiteit van Suid-Afrika verwerf is, gelykwaardig is met die aan die ander universiteite van die land. Nou moet 'n mens erken dat selfs die geesdriftigste ondersteuners van die afdeling Eksterne Studie gewoonlik van oordeel was dat eksterne studente die baie voordele van die gemeenskapslewe aan 'n residensiële universiteit moet ontbeer. Maar die veronderstelling dat die grade van die Universiteit van Suid-Afrika minderwaardig is, het die direkteur en sy personeel woedend gemaak. Die verteenwoordigers van die ander universiteite in die senaat was mos altyd daar om teen die verlaging van die standaard te waak. Buitendien het prof. Van der Walt 'n span van hoë gehalte gewerf om die verskillende studierigtings te behartig. Met groot sorg is ook latere dosente gekeur, wat veel tot die sukses van die universiteit se doseerafdeling bygedra het.

Baie van die nuwelinge het 'n leidende rol in die sake van die Universiteit van Suid-Afrika en van ander universiteite in die land gespeel. J.A. Louw, 'n gegradueerde van Stellenbosch, en D. Ziervogel, met 'n doktorsgraad van die Universiteit van Pretoria, kom oor na die departement Bantoetale. Ziervogel word later departementshoof. G. van N. Viljoen keer op vaste voet terug na die departement Klassieke Tale en vervang O. von Weber as departementshoof. T.A. van Dyk, wat later na die

Potchefstroomse Universiteit oorgaan, sluit hom aan by die departement Sielkunde, en B.S. van As word aangestel as die eerste vaste lektor in die departement Naturelle-administrasie, waarvan hy later hoof geword het. Die departement Sosiologie, toe nog verbonde aan Maatskaplike Werk, kry H.L. Crause by, wat later na die Universiteit van Port Elizabeth oorgaan. Die Rhodesiër, J.A. Cilliers, werk saam met L.M. du Toit in die departement Rekeningkunde en E.H. Venter kom uit die Vrystaat na die departement Opvoedkunde. Hy word later professor vir Empiriese Opvoedkunde in die fakulteit.

F. van den Bogaerde, wat sy vroeë opleiding in Nederland en Switserland ontvang, kom van die Universiteit van Stellenbosch af na die departement Ekonomie, waarvan hy later hoof word. B.J. van der Walt en D.F.I. van Heerden word in die departement Wiskunde en Toegepaste Wiskunde aangestel. Eersgenoemde het lank by die universiteit gebly, maar laasgenoemde het oorgegaan na die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Nog 'n lektor wat in dié tyd aangestel is, D.E. Nel van die departement Aardrykskunde, het ook na die Bloemfonteinse universiteit gegaan. Sy opvolger, M.J. Louw, het later na die inrigting oorgegaan wat die Universiteit van die Noorde geword het.

Uitbreiding het ook die skepping van nuwe departemente noodsaaklik gemaak. Daar was byvoorbeeld vraag na 'n behoorlike ingerigte departement vir kursusse in Duits. Die Tweede Wêreldoorlog was nog vars in die geheue, en die Engelstalige pers in 1951 was bevrees dat 'n vaste lektoraat in Duits aangebied kon word aan Erich Holm, wat in die Tweede Wêreldoorlog omroeper oor die Duitse kortgolfsenders was. Hy is nie aangestel nie, en die betrekking is uiteindelik beklee deur B.A.T. Schneider wat in Berlyn gebore is en later na Suidwes-Afrika uitgekom het. Hy verwerf sy doktorsgraad aan die Universiteit van Stellenbosch en word later hoof van die departement Duits. Dr. Schneider het beskik oor dosecrervaring aan die Universiteit van Stellenbosch sowel as aan die Universiteit van Kaapstad.

Nog 'n ontwikkeling aan die einde van die Van der Walt-era

in die geskiedenis van die moderne universiteit was die instelling van departemente vir bibliografie en biblioteekkunde, later saamgesmelt tot die departement Biblioteekwetenskap. Die kursusse is gereël deur die hoof van die departement Wysbegeerte, dr. H.J. de Vleeschauwer, en die bibliotekaris, H. Zastrau. Die biblioteek het gestadig gegroei. Teen 1953 was daar oor die 45 000 stukke op die rakke. Dié tyd is 'n vergelyking met die Merensky-biblioteek van die Universeiteit van Pretoria gemaak, waaruit geblyk het dat die studente en dosente van die Universiteit van Suid-Afrika effens meer van die biblioteekgeriewe gebruik gemaak het as wat die geval by die Universiteit van Pretoria was. Personeelvoorsiening het egter jare lank 'n probleem gebly. Die bibliotekaris verklaar: „Die afdeling het hopeloos te min personeel." Die personeel het darem stadigaan toegeneem. Onder die nuwelinge in die laaste tydperk van prof. Van der Walt se bestuur was H.F. van Broekhuizen, wat by sy aftrede in 1972 die dokumentêre en spesiale versamelings onder sy sorg gehad het.

Die skepping van professorate sou die status van die afdeling Eksterne Studie aanmerklik verhoog het, maar ten spyte van toenemende aandrang van die kant van die dosente, het die verteenwoordigers van ander universiteite in raad en senaat sterk weerstand teen so 'n stap aan die dag gelê. Selfs die goeie ou vriend van die universiteit, G.P. Lestrade, was glad nie ten gunste van professorale aanstellings binne die Universiteit van Suid-Afrika nie. Hy het saamgestem dat die lektore gevolglik die een of ander titel kon kry, maar ,,professor", nooit! Geldelike oorwegings het ook 'n tyd lank die instelling van hoër poste vir die doserende personeel vertraag, want dit was die tyd toe die Holloway-kommissie besig was met ondersoek na universiteitsfinansies in die algemeen. Tog is in 1954 veertien professorate ingestel, waarvan nege onmiddellik gevul is. Ses van hulle was onder die eerste lektore van 1946 en vroeg 1947. Hulle was D.H. Cilliers, Erward Davis, D.J. de Villiers, C.F.J. Muller, A.S. Roux en H.J.J.M. van der Merwe. Die ander drie het 'n bietjie later gekom: H.J. de Vleeschauwer, F.E. Rädel en Dirk Ziervogel. Van geboorte

was daar ses uit Suider-Afrika, saam met 'n Belg, 'n Engelsman en 'n Duitser wat hulle in ons land gevestig het.

Selfs voor hierdie poste goedgekeur is, het die doserende personeel nog 'n blyk van vertroue ontvang. In 1951 bedank die dekaan van die fakulteit Regte, adv. H.F. Sampson van Rhodes, en word sy plek ingeneem deur adv. Dawid de Villiers van die afdeling Eksterne Studie. Kort daarna word D.H. Cilliers dekaan van die fakulteit Opvoedkunde in die plek van J.Chr. Coetzee van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. 'n Rukkie later vervang J.A. van der Walt van die departement Sosiologie prof. D.C.S. du Preez van Potchefstroom as dekaan van die fakulteit Sosiale Wetenskap. Die tyd dat alle dekane lid sou wees van die universiteitspersoneel was nie meer ver af nie. Geleidelik het die afdeling Eksterne Studie ook die voorsitter van die verskillende studiekomitees opgelewer.

Hierdie winste was maar klein, omdat die universiteit nog steeds oorheers is deur die verteenwoordigers van die meer ortodokse instellings vir hoër onderwys in die land. Prof. A.J.H. van der Walt se status was nog nie so hoog as wat baie gemeen het dat dit behoort te wees nie. Vir hulle was dit onlogies dat die belangrikste persoon in 'n instelling wat in die volste sin 'n doserende universiteit geword het, nie vanself die leier van die akademiese senaat is nie, hoewel die liggaam en sy dagbestuur deur ander universiteit beheer word. Hierteen is egter sterk wal gegooi deur diegene wat daarin 'n poging gesien het om die universiteit los te wikkel uit buitebeheer. Hierdie vyandigheid was in April 1952 nog glad nie te bowe gekom nie, hoewel die direkteur toe genoeg steun gekry het om te verseker dat hy as voorsitter van die senaat gekies word in opvolging van prof. Barker.

Verdere reorganisasie het plaasgevind na die aftrede van Langham Murray as registrateur aan die einde van Maart 1953. Hy het hom op voorbeeldige wyse van sy taak gedurende 'n lang en moeilike tyd gekwyt. Dit was dus glad nie onverwags dat hy gevra is om in dieselfde hoedanigheid by 'n ander universitêre instelling te dien nie. Dit was die Universiteitskollege van Rhodesië en Njassaland, tans die Universiteit van Rhodesië.

Langham Murray het altyd daarop gestaan dat die administratiewe en die doserende afdeling van die Universiteit van Suid-Afrika volkome apart gehou word. Met sy vertrek na Salisbury kon die raad dit oorweeg of dit nou regtig nodig is dat die personeel van die afdeling Eksterne Studie nog insae belet word in die registrateur se registers, en omgekeerd dat die registrateur nie studente mag raad gee nie.

Die dienende assistent-registrateur, Petrus A. Taljaard, is uit 87 kandidate vir die registrateurspos gekies. Langham Murray het sy opvolger in 'n lofgeskrif verwelkom, wat in die uitgawe van 1953 van die blad *Student* verskyn het: „I have stepped down from the platform; but Amurath to Amurath succeeds and the mantle of Elijah ('n swart sytoga met 'n smal belegsel van skarlaken sy weerskante voor – Jaarboek – Akademiese drag) has fallen upon a worthy Elisha." Hierdie ampstoga het nie lank om die skouers van die nuwe registrateur gehang nie. Later in 1953 word Petrus Taljaard lid van die Transvaalse Provinsiale Raad. Die universiteit gee hom verlof tot aan die einde van 1954, toe hy die aftreeleeftyd bereik het.

Die sekretaris van die afdeling Eksterne Studie, B.F.J. van Rensburg, word in waarnemende hoedanigheid as registrateur aangestel, en sy pligte as sekretaris word oorgeneem deur die hoofklerk, L.G. van der Merwe. Hierdie poste word in Januarie 1955 permanent. Twee jaar later word die sekretaris assistent-registrateur. Die eksamenafdeling is ter wille van die handelskolleges apart gehou onder J.J. Brits. Hy het 'n moeilike taak gehad, soos sy kollega, A.J. Vorster, in 'n artikel in *Student* van 1954 aangetoon het. Die vorige jaar se graadeksamens het 30 000 skrifte van meer as 4 000 studente uit 550 sentrums in Suid-Afrika en die buiteland opgelewer.

Die direkteur het in 1953 'n konferensie oor korrespondensie-onderrig in die Verenigde State van Amerika bygewoon. Kort na sy terugkeer het hy die aftreeleeftyd, wat toe 60 jaar was, bereik. Sy dienste was egter so waardevol dat die raad hom oorreed het om nog 'n tyd lank aan te bly. Die ou ampsbenaming waarmee hy sedert die instelling van die afdeling Eksterne Studie

PETRUS ARNOLDUS TALJAARD is op 2 Desember 1894 op die plaas Uitval, distrik Wepener, Oranje-Vrystaat, gebore. Sy eerste skoolopleiding kry hy in die konsentrasiekamp, Bethulie, waarna hy etlike jare op Wepener skoolgaan. Daarna na Grey-kollege, Bloemfontein, waar hy in 1915 die matrikulasie aflê en die Thomas Robertson-beurs verower. In 1918 behaal hy die B.A.-graad aan die Grey-universiteitskollege en in 1920 die LL.B. aan die Transvaalse Universiteitskollege. Hy tree in diens van die Unie-onderwysdepartement in 1919, sluit 6 maande later by die universiteit aan en word die derde manspersoon in die personeel. In 1927 word hy rekenmeester en 1934 assistent-registrateur, 'n pos wat hy byna 20 jaar beklee voordat hy mnr. Murray opvolg. Hy was minder as 2 jaar registrateur omdat hy reeds aftree-ouderdom bereik het.

Hy is baie bedrywig in die openbare lewe: 16 jaar lid en voorsitter van die dorpsraad, Hercules, toe drie jaar raadslid, is vier keer burgemeester van daardie gebied; later ook onderburgemeester van Pretoria. Hy is ook nog later lid van die Provinsiale Raad van Transvaal.

As amptenaar het hy selde op die voorgrond getree, maar sy invloed het orals gegeld.

Na sy uittrede is hy weer tydelik in diens en voltooi hy so 'n deurlopende 50 jaar diens aan die universiteit. Tot die einde het hy daagliks 'n volle dag se arbeid gelewer.

Hy is op 8 September 1970 in Pretoria oorlede.

*Petrus Arnoldus Taljaard, B.A., LL.B.*
*Registrateur 1953–1954*



betitel is, is deur die van „prinsipaal" vervang, sodat hy uiteindelik in sy nuwe hoedanigheid die administratiewe en die doserende afdeling, so lank geskei, kon saamsnoer. Hy kon toe ook op gelyke voet met sy kollegas op die vergaderings van die komitee van universiteitshoofde optree.

Teen hierdie tyd is onderrig in 'n groot verskeidenheid van vakke aangebied, hoewel nie almal waarvoor die universiteit eksamen afgeneem het, op die lys verskyn het nie. Die natuurwetenskappe was veral baie beperk. Die studente moes, soos te verwagte, die bewys lewer dat hulle voldoende praktiese werk gedoen het voordat hulle tot die eksamen toegelaat is. Daar was egter geen departement wat hierin onderrig gegee het nie, en die beheer in die senaat was in die hande van buitestaande raadgewers. So het Barker van Rhodes in die vroeë jare vyftig gehelp, asook S.F. Bush van Natal. Die dekaan van die fakulteit Natuurwetenskap vir hierdie hele termyn was prof. D.J. du Plessis van Potchefstroom. Die kwessie van kursusse in die natuurwetenskappe sou later weer geopper word.

Daar was reeds 'n vraag na grade in die apteekwese, en die tegniese kolleges wat op hierdie gebied diplomawerk gedoen het, sou maar te gretig gewees het om graadkwalifikasies aan studente deur bemiddeling van die Universiteit van Suid-Afrika te gee. Dieselfde het gegeld vir die ingenieurswese. Nie lank daarna nie het die sekretaris van onderwys, J.J.P. Op't Hof trouens in die openbaar voorgestel dat die universiteit, net soos sy Londonse suster, weer grade op dié gebied instel. So 'n ontwikkeling sou egter weer die ou probleem van die verhouding van tegniese kolleges tot universiteite na vore bring. Daar was immers toe nog algemene teenstand teen die vervaging van die grense tussen hulle. Voorlopig vra die komitee van universiteitshoofde net dat die Universiteit van Suid-Afrika met eksamen in die natuurwetenskappe moet help solank hy nog sy eie kursusse hierin oorweeg.

Die skone kunste, 'n onderafdeling van die fakulteit Lettere, was ook beperk. O.J.P. Oxley, professor van skone kunste in Natal tot 1952, was die eerste voorsitter van die Universiteit van

Suid-Afrika se studiekomitee op dié gebied. Hy het later in raadgewende hoedanigheid opgetree. Daar was ook 'n studiekomitee vir musiek onder voorsitterskap van prof. P.R. Kirby van die Universiteit van die Witwatersrand, maar daar is nooit 'n aparte fakulteit vir musiek ingestel nie. Hierdie vak het altyd 'n afdeling van die fakulteit Lettere gebly.

Grade in die godgeleerdheid is voorlopig opgeskort, hoewel 'n paar toepaslike vakke, waaronder Sistematiese Teologie en Hebreeus, in die jaarboek aangegee is as eksamenkeuses vir 'n letteregraad. Daar was 'n studiekomitee vir Semitistiek onder prof. A. van Selms van die Universiteit van Pretoria. Die vroeë studiekomitee vir Godgeleerdheid onder voorsitterskap van prof. S. du Toit van Potchefstroom is egter vervang deur 'n adviseur, eerw. W. Cosser van die Rhodes-universiteit.

Die moontlikheid om 'n graad ekstern te verkry, het ongetwyfeld 'n toenemende aantal studente van alle rasse aangetrek om hulle by die Universiteit van Suid-Afrika te laat inskryf. Aan die einde van die bewind van prof. Van der Walt is alle mededingers, vir sover dit studentetalle betref, agtergelaat. Dit was dus te verwagte dat mense begin dink het dat die universiteit dit nie so nou geneem het met die verpligting wat by wet 18 van 1946 opgelê is nie, naamlik om by aansoek van 'n student om inskrywing vas te stel of daar voldoende redes is waarom hy nie by 'n ander universiteitsinrigting kan studeer nie.

Om klagtes hieroor te vermy, het die raad in 1953 en 1954 begin om twyfelagtige aansoeke om inskrywing na die ander universiteite te verwys. Die veranderde prosedure het onmiddellik 'n swaar las op die universiteit se administrasie gelê. Buitendien het dit kwaai proteste van studente uitgelok. Hulle het hulle sommer op die minister van onderwys, kuns en wetenskap beroep. Darem nie alle universiteite in die land het hulle regte in dié verband opgeëis nie. Die Universiteit van Natal was byvoorbeeld heeltemal bereid om alle twyfelgevalle in verband met inskrywing aan die Universiteit van Suid-Afrika oor te laat. Daar het egter probleme in verband met die buitemuurse afdeling van die Universiteit van Pretoria ontstaan, want baie mense het gemeen

dat daarmee voldoende voorsien word in die behoeftes van studente wat in die onmiddellike nabyheid woon. Die minister, J.H. Viljoen, het hom in 'n moeilike posisie bevind. Dit is miskien ondemokraties om 'n behoorlik bevoegde student te weier as hy bereid is om die Universiteit van Suid-Afrika se gelde te betaal, eenvoudig omdat hy miskien aan 'n ander inrigting kan studeer. Eindelik in 1954, is besluit om weer die ou stelsel in te voer, en daarna het die Universiteit van Suid-Afrika weer self sy studente gekies.

In die naoorlogse jare het alle universiteite gebuk gegaan onder geldnood. Die Holloway-kommissie van 1951 het dus besluit om inligting uit die eerste hand oor die vraagstuk in te win deur die verskillende inrigtings, ook Fort Hare, te besoek. Die Universiteit van Suid-Afrika het in Februarie 1952 'n memorandum opgestel en dit namens die universiteitsraad aan die kommissie voorgelê. Daarin is een feit beklemtoon wat na die mening van die raad besonder ernstige oorweging verdien, naamlik dat die Universiteit van Suid-Afrika slegs dan sy werk doeltreffend kan verrig as studente wat hulle daar vir die eksamen laat inskryf, behalwe in besondere omstandighede, verplig word om hulle onderrig by die universiteit te ontvang of by 'n goedgekeurde onderwysinrigting „wat voltydse of deeltydse mondelinge klasonderrig verskaf". Daardeur sou die private korrespondensiekolleges die terrein van voorgraadse onderrig moes prysgee en sou die Universiteit van Suid-Afrika hoër standaarde kon stel deur die stelsel van verpligte werkopdragte vir alle studente in te voer.

Die memorandum wys verder daarop dat verpligte inskrywing by die afdeling Eksterne Studie nie hoër staatstoekennings sou meebring nie, aangesien die koste verbonde aan die ekstra personeel gedek sou word deur die inkomste uit 'n groter studentetal. Dit was miskien wensdinkery, maar daar is ook gedink aan verhoogde onderriggeld. Die gelde is destyds laag gehou om op gunstige voet met die handelskolleges mee te ding. Dit is egter 'n duur beleid, want die universiteit moet besonder swaar laste dra wat nie vir sy mededingers geld nie. Die raad betoog dat 'n

toereikende subsidieformule vir die afdeling Eksterne Studie gevind moet word en stel 'n wisselskaal gegrond op inkomste voor. Staatsteun sou dan R3,00 per R1,00 op die eerste R10 000 bedra en dan afloop tot 24 sent vir elke rand inkomste bo R80 000. Die raad meen dat die „gebaar" van R4 000 vir administrasie onrealisties is. Jaar vir jaar is daar al verliese gely as gevolg van hierdie suinige staatstoekenning.

In verband met die hele kwessie van subsidie vestig die memorandum die kommissie se aandag daarop dat die universiteit met die oog op die agt benoemings deur die goewerneur-generaal in sy raad „redelik (kan) verwag dat die staat se belangstelling meer prakties getoon sou word". Daarby word die kommissie daaraan herinner dat die Universiteit van Suid-Afrika sekere funksies in die openbare belang uitoefen. Teen buitelandse mededinging in probeer hy om „'n eg Suid-Afrikaanse gees in die Suid-Afrikaanse musieklewe" in te voer en het hy ook, mede op versoek van die regering, 'n reeks eksamens in spraakopleiding ingestel.

In die kommissie se verslag van 1953 is 'n hele hoofstuk aan die probleme van die Universiteit van Suid-Afrika gewy. Die kommissie was voorlopig teen verpligte inskrywing. Hulle het gemeen dat die hoë standaard wat die dosente van die afdeling Eksterne Studie stel, 'n uitstekende uitwerking op die werk van die handelskolleges het. Buitendien het daar goeie redes bestaan om te wag tot 'n groter getal studente onderrig deur middel van die universiteit sou verkies.

By die nagaan van die geskiedenis van die aparte subsidie aan die afdeling Eksterne Studie wys die kommissie daarop dat daar aanvanklik verwag is dat staatsteun nie lank nodig sou wees nie. Hierdie verwagting is nooit verwesenlik nie. Die Universiteit van Suid-Afrika kan homself wel help deur onderriggelde te verhoog, maar 'n bevredigende subsidieformule sal tog gevind moet word. Die kommissie se aanbevelings was nie onredelik nie, hoewel darem 'n bietjie skraps vir sover dit die administrasie betref. 'n Korter wisselskaal is voorgestel, naamlik R2,00 vir elke R1,00 op die eerste R20 000 aan studentegelde, met inbegrip van inskrywingsgeld, gevolg deur 'n rand-randsgewyse subsidie vir die

volgende R20 000 en daarna 50 sent vir elke rand inkomste. Die skaal sluit die administratiewe subsidie in, en daar is uitdruklik aanbeveel dat geen deel van die bedrag toegewys aan die afdeling Eksterne Studie gebruik moet word om tekorte in die eksamenafdeling te dek nie, aangesien hierdie afdeling selfonderhoudend behoort te wees.

Die universiteit is hiermee nog nie op dieselfde voet as die ander universiteite gesubsidieer nie, maar na die aanname van die Holloway-kommissie se voorstelle was die geldelike vooruitsigte ten minste beter. Daar sou al om die vyf jaar 'n hersiening van die subsidie plaasvind, en die komitee van universiteitshoofde wat in 1953 die funksie van die sterwende vise-kanselierskomitee geheel en al oorgeneem het, sou in die regering se universiteitsadvieskomitee verteenwoordig word. Hoe meer geld hoe beter natuurlik, veral vir skemas soos bykomende volksopvoeding en die instel van publikasiereekse. Met 'n inkomste uit gelde van nagenoeg R240 000 in 1955, waarby die staat omtrent R160 000 gevoeg het, het die universiteit dié jaar die heel bevredigende oorskot van R24 000 getoon.

Ook in ander opsigte het sake vir die universiteit goed verloop teen die einde van prof. Van der Walt se ampstermyn. Die vakansieskool het voortdurend gegroei en gebloei en kon elke jaar 'n beskeie wins toon. Eienaardig, in 1954 was daar 'n geringe daling in die opkoms. In dié jaar was die blankes vir die eerste keer in die meerderheid. Die volgende jaar het darem 393 aanstaande kandidate vir die universiteit se eksamens opgekom. Van hulle was 206 blankes en 187 uit die ander rassegroepe. Wat nog beduidender is: uit die statistiek blyk dat meer as 19% van die nie-blanke studente by die afdeling Eksterne Studie die vakansieskool bygewoon het, persentsgewyse meer as drie keer soveel as die blanke studente.

Soos in die verlede is ook elke jaar 'n promosieplegtigheid gehou. Daar is voortgegaan om die Kilnertoninrigting vir Bantoe-, Kleurling- en Indiërstudente te gebruik. In 1955 is die plegtigheid vir blankes in die stadsaal van Pretoria gehou. By dié geleentheid is die kongregasie toegespreek deur die superinten-

dent-generaal van onderwys in Kaapland, dr. J.G. Meiring, lid van die universiteitsraad.

Die Universiteit van Suid-Afrika het ook nuwe verantwoordelikhede op hom geneem. Hoër onderwys aan nie-blankes is vir ondersoek opgedra aan 'n staatskommissie wat in November 1953 aangestel is. Die lede was dr. Holloway, professor Malherbe van die Universiteit van Natal en prof. R.W. Wilcocks van die Universiteit van Stellenbosch. Die Kolege ya Bana ba Afrika is in die verslag van die kommissie, wat die volgende jaar verskyn het, bespreek, deels met die oog op die begeerte van die Universiteit van Suid-Afrika dat dié inrigting verder aan sy hand ontwikkel. Maar die kollege het nooit gefloreer nie en het nog lank nie onderwys op voorgraadse peil gelewer nie. Nietemin was die verbintenis tussen die kollege en die universiteit 'n aanduiding van die rigting waarin hoër onderwys vir nie-blankes in Suid-Afrika kon ontwikkel. Die publiek was glad nie eenparig daaroor dat 'n beleid van aparte ontwikkeling ten opsigte van universitêre opleiding gevolg moet word deur die instelling van inrigtings vir bepaalde groepe mense nie. Die Natalse Indiërkongres het met afwysing van die beleid gereageer, so ook die konvokasie van die Universiteit van Natal. Verder het die prinsipaal van die Universiteit van Kaapstad, prof. T.B. Davie, daarop gewys dat Amerikaanse universiteite wegbeweeg van segregasie in die hoër onderwys.

Maar as segregasie die toekomspatroon moes wees, was daar instansies wat bereid was om nuwe inrigtings onder die vleuels te neem. Die stadsklerk van Benoni bepleit die stigting van 'n nie-blanke universiteit by Daveyton, en die Universiteit van Pretoria is bereid om in te staan vir 'n Bantoe-universiteitskollege in die Noorde. Daar was ongetwyfeld 'n toenemende behoefte aan meer geleenthede vir nie-blankes. Die sekretaris van naturellesake, dr. W.W.M. Eiselen, sê in 1956 dat die Universiteit van Suid-Afrika „'n baie geskikte moeder- of voogdyskapsrol" kan speel. Dit het 'n lang tradisie van verbinding met kolleges en het 'n besondere verhouding gehad met die Universiteitskollege van Fort Hare, die een inrigting van aansien in die kort geskiedenis

van die hoër onderwys vir nie-blankes in Suid-Afrika totdat dié kollege hom onder die Rhodes-universiteitskollege gestel het.

'n Geleentheid vir die Universiteit van Suid-Afrika om te wys dat hy weer hierdie rol kan speel, het in 1955 gekom. Die universiteitskollege wat die Rooms-Katolieke Kerk by Roma in Basoetoland aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog geopen het, is oorgeneem deur die Oblate van die Onbevlekte Ontvangenis, die orde wat die tweetalige Universiteit van Ottawa in Kanada gestig het. Uit hierdie Kanadese inrigting het 'n gedeelte van die personeel vir die Basoetolandse kollege, wat later na Pous Pius XII vernoem is, gekom. Hulle studente, meestal Bantoe, het die voorreg geniet om as eksterne kandidate aan die eksamens van die Universiteit van Suid-Afrika deel te neem. Na verkryging van die goedkeuring van die Suid-Afrikaanse departement van onderwys, kuns en wetenskap en die Britse regering, is voorgestel om die twee inrigtings in 'n los verband nader te verbind. As eerste stap tot verhoogde status is die Katolieke Universiteitskollege Pius XII in September 1955 toegelaat om sy eie promosieplegtigheid by Roma te hou. Eindelik is op 27 September 'n ooreenkoms tussen die rektor, vader Guilbeault, en die Universiteit van Suid-Afrika onderteken waarvolgens die universiteit twee verteenwoordigers in die bestuursliggaam van die kollege sou hê, met 'n wederkerige voorreg dat assessorlede van Roma die akademiese vergaderings in Pretoria mag bywoon. Die stelsel het nie sonder wrywing gewerk nie en het ook nie lank gehou nie. As 'n stap in 'n nuwe rigting was dit egter belangrik. Prof. Van der Walt het destyds gesê: „Hiermee is myns insiens die grondslag gelê van 'n beleid wat in die toekoms van groot betekenis mag word in verband met die organisasie en ontwikkeling van hoër onderwys vir die nie-blankes van ons land."

Kort op die hakke van hierdie nuwe ontwikkeling wat, ten spyte van die aansprake van sy voorstanders, nie in die beste belang van die Suid-Afrikaanse universitêre onderwys as geheel of van die Universiteit van Suid-Afrika was nie, is 'n private stigting kragtens die maatskappywet van 1926 aan die begin van 1956 voorgestel. Dit sou heet die Vrye Christelike Universiteits-

kollege en sou geregistreer word by 'n adres in Burolaan, Pretoria. Die hoofdoel volgens die konsepstatute was blykbaar om grade in die Godgeleerdheid toe te ken, maar die deur is oopgelaat vir ander grade. Na bevind van sake sou die kollege bereid wees om studente van alle rassegroepe te onderrig, hoewel dit in die eerste plek vir blankes gestig sou word. Die nuwe inrigting het gehoop om konvensionele lesings sowel as korrespondensieonderrig te gee.

Die voorgestelde ontwikkeling was „in direkte botsing met die huidige wetlike posisie, waarvolgens die Universiteit van Suid-Afrika die enigste inrigting is wat eksterne studie mag eksamineer", soos die registrateur dit gestel het. Dit lyk of die kollege in 1956 reeds begin werk het, maar die departement van onderwys, kuns en wetenskap het nie die graadkwalifikasies wat hy aanbied, erken nie. Hierdie „gevaarlike ontwikkeling", soos dit toe beskryf is, is deur die algemene onwil om sy pretensies te glo, in die kiem gesmoor. Die komitee van universiteitshoofde dring daarop aan dat sy vlerke geknip word om diegene wat dit as maatskappy wil laat registreer, te dwing om alle verwysings na „universiteit" of „hoër onderwys" in sy konsepstatute te skrap. Wat betref die vak waarvoor die kollege in die eerste plek beplan is, wys die Universiteit van Suid-Afrika daarop dat die instelling van 'n volle kursus in die Godgeleerdheid slegs 'n kwessie van tyd is.

In 1953 betrek die Universiteit van Suid-Afrika eindelik sy eie gebou. Die oggend van Saterdag 21 Maart vind daar 'n plegtigheid plaas waarby die byna voltooide drieverdiepinggebou amptelik ingewy is. Die vise-kanselier, S.P.E. Boshoff, verwelkom die aanwesiges by Skinnerstraat 263, Pretoria, en die direkteur, toe nog nie prinsipaal nie, gee 'n skets van die universiteit se verblyfplekke in die verlede. Prof. Steven van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat dra die goeie wense van die ander universiteite oor. Onder die ander sprekers is daar H.S. van der Walt, sekretaris van onderwys, kuns en wetenskap, Jan H. Visse, burgemeester van Pretoria, en W.D. Terry van die opleidingskollege van Heidelberg, Transvaal, 'n oud-student van die univer-

Die behoefte aan 'n EIE GEBOU met voldoende kantoorakkommodasie, huisvesting vir die biblioteek, die produksie- en die versendingsafdeling het by die dag groter geword.

Reeds in 1948 is daar goedgekeur dat die registrateurskantoor uit Somersethuis na 'n nuwe gebou van dieselfde maatskappy gaan, byna regoor die huidige staatsbiblioteek, naby die hoek van Andries- en Vermeulenstraat, naamlik Kerrygebou, wat sedertdien gesloop is. Dit was net 'n tydelike reëling, want daar is besluit om 'n gebou waarin die registrateur en die direkteur se afdelings gehuisves kan word, gebou word. Die hoeksteen is op 21 Maart 1953 deur die kanselier, regter-president G.J. Maritz, gelê.

Op 1 Junie 1953 het die afdeling Eksterne Studie die gebou betrek en in September van dieselfde jaar die registrateur se afdeling. Later is 'n blok woonstelle wat aangrensend aan die gebou is, aangekoop. Die totale waarde van daardie gebouekompleks met die grond beloop meer as R401 000.

*Administrasiegebou, Skinnerstraat 263, Pretoria*



siteit. Ten slotte gee die argitek, C.S. Lodge, die tradisionele silwertroffel aan die kanselier van die universiteit, regter-president G.J. Maritz, om die hoeksteen te lê.

Eindelik is die Universiteit van Suid-Afrika onder een dak. Die nuwe gebou kon aan die begin selfs die blanke vakansieskoolgangers vat. A.J. Vorster beskryf die baie werksaamhede in elke departement in 'n artikel „Ons nuwe gebou", wat in die blad *Student* van die volgende jaar verskyn. In 'n hoofartikel van die blad word egter die waarskuwing gelug dat die gebou, reeds slegs na agtien maande, te klein geword het vir die gedurig uitbreidende universiteit. Spoedig sou Edward Mansions langsaan oorgeneem moet word. Ook is 'n fonds gestig vir bykomende kantoor- en biblioteekruimte. Die stadsraad het 'n milde skenking gedoen, en teen die einde van Augustus 1955 is reeds meer as R42 000 deur openbare liggame, die personeel, studente en vriende beloof of bygedra.

Teen hierdie tyd het die Universiteit van Suid-Afrika aanmerklik gevorder. Hoewel die ander inrigtings van hoër onderwys in die land hom nog nie volkome as gelyke aanvaar het nie, is reeds veel tot stand gebring. Die afdeling Eksterne Studie het beter verteenwoordiging in die senaat gehad as vier jaar tevore. Die raad het ook voortgegaan om 'n rol in die volkslewe te speel deur die aanstelling van afgevaardigdes in liggame soos die gemeenskaplike matrikulasieraad. Hy het ook lede in ander liggame soos die nasionale padveiligheidsorganisasie en die Suid-Afrikaanse raad vir die bevordering van musiek benoem. Enkele jare het die raad met prysenswaardige onpartydigheid 'n verteenwoordiger in twee teenoormekaarstaande liggame, die South African Institute of Race Relations en die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede, aangestel. In 1962 besluit hy om hom aan albei te onttrek. Die raad was ook verteenwoordig deur die prinsipaal in die raad van die Kolege ya Bana ba Afrika.

Die Universiteit van Suid-Afrika het eindelik sy waarde as doserende inrigting bewys. Die tasbare uitwerking daarvan blyk uit Wet 54 van 1955, goedgekeur op 20 Junie. Ingevolge hierdie wet, bekend as die Wet tot wysiging van die Wet op die Universi-

tein van Suid-Afrika, 1955, word die prinsipaal van die universiteit die vise-kanselier en die afdeling Eksterne Studie bloot 'n studie-afdeling. Die raad kies sy eie voorsitter.

Prof. A.J.H. van der Walt volg dus prof. Boshoff op as visekanselier, en prof. Boshoff word raadsvoorsitter. As vise-kanselier en prinsipaal tree prof. Van der Walt aan die einde van Maart 1956 af ten gunste van prof. Samuel Pauw, voorheen direkteur van die buro vir maatskaplike en opvoedkundige navorsing van die departement van onderwys, kuns en wetenskap. Prof. Van der Walt het 'n uitnemende prestasie gelewer. Hy het aan 'n klein spruitjie van die universiteit se werksaamhede 'n status gegee wat baie min mense in 1946 moontlik geag het. Teen sterk teenstand in het hy vasberade voortgegaan en met groot behendigheid elke geleentheid aangegryp om die universiteit se doseerafdeling se saak te bevorder sonder om dit bloot te stel aan die gevare wat heel moontlik tot die verdwyning daarvan uit die universiteitswese kon gelei het.

Prof. Van der Walt het die skanse gebou en aan die afdeling Eksterne Studie 'n versekerde plek besorg. Teen 1956 was die universiteit sterk genoeg om onder die nuwe aanvoerder tot die aanval oor te gaan, nuwe ondernemings aan te gaan, te eksperimenteer en om sy invloed in alle sfere van die volkslewe te laat geld. Die universiteit sou dit egter nooit kon gedoen het sonder die toegewyde diens van sy eerste prinsipaal nie. As erkenning van sy onskatbare dienste het 'n dankbare universiteit by die promosieplegtigheid van 1956 die eredoktorsgraad in die Lettere aan hom toegeken. Hy het 'n troue ondersteuner van die universiteit gebly waaraan hy self soveel bouwerk gedoen het. Nog vyftien jaar baat die bestuur by sy wyse raad in die veelheid van probleme wat opgeduik het. Sy heengaan op 16 Augustus 1972 is diep betreur deur almal wat hom gehelp het om die doseerafdeling te stig en wat toe nog aan die universiteit verbonde was.

SAMUEL PAUW is op 25 Augustus 1909 te Elsburg, Transvaal, gebore. Sy laerskoolopleiding kry hy in Elsburg en die Goede Hoopskool, Germiston. Daarna na die Volkskool, Heidelberg, waar hy die matrikulasie-eksamen in 1925 aflê; toe na die Pretoriase Onderwyskollege waar hy die onderwysersertifikaat in 1929 en 'n jaar later B.Sc. aan die Universiteit van Pretoria behaal. Hy is een van die graduandi wat op die eerste gradedag van daardie universiteit sy graad ontvang. In 1939 behaal hy M.A. (Sosiologie) aan ons universiteit. Hy is een van die eerste twee wat die M.A.-graad in Sosiologie aflê. In 1946 behaal hy D.Phil. aan die Universiteit van Pretoria.

Tussen 1931 en 1936 is hy onderwyser op Springs en Germiston, maar sy belangstelling in maatskaplike werk lei daartoe dat hy tussen 1937 en 1940 werkverskaffingsbeampte van die Jeugraad in Kaapstad is. In 1940 word hy lektor aan die Universiteit van Pretoria en in 1948 mede-professor in sosiologie. Toe is hy na die Universiteit van Stellenbosch as professor en departementshoof van 1949 tot 1954. Die volgende jaar kry prof. Pauw die aanstelling as direkteur van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Sosiale Navorsing, 'n pos wat hy beklee tot hy die tweede prinsipaal (later rektor) van die universiteit op 1 April 1956 word. Hy tree op 31 Maart 1972 uit.

Prof. Pauw het sy taak duidelik gesien. Sy voorganger het stewige fondamente gelê in 'n heel nuwe rigting van doseerwerk; hy sou die bouwerk doen en konsolideer maar ook invloed na buitentoe uitdra. Met sy hoë standaarde toon hy dat die universiteit geen agterstand teenoor ander universiteite het nie.

En hierin het hy uitstekend geslaag. Nie net studentegetalle bewys dit nie, maar ook die uitsprake van bevoegde persone in die akademiese wêreld.

*Prof. Samuel Pauw, B.Sc., M.A., D.Phil.*
*Raadslid 1956–1972*
*Rektor 1956–1972*



# 12 *Die pas versnel*

Die tweede prinsipaal, later as rektor betitel, professor Samuel Pauw, het op 1 April 1956 sy amp aanvaar. Die Universiteit van Suid-Afrika het op die drumpel gestaan van 'n tydperk van ontwikkeling ongeëwenaard in sy geskiedenis.

In sy eerste ampsjaar spreek die nuwe rektor hom uit oor die noodsaaklikheid daarvan dat die universiteit homself adverteer. Die groei van die universiteit tot dan toe, vir sover dit die toeloop van studente betref, het laat blyk dat hy reeds wye openbare erkenning geniet. Daar was egter goeie redes om die universiteit nog beter bekend te stel. Om 'n steeds doeltreffender diens te kan lewer, was geld nodig. Soos prof. Pauw die jaar daarop gesê het, was die private skenkings oor meer as tagtig jaar van die universiteitswese bedroewend klein.

In 1956 het die rektor ook beklemtoon hoe lewensnoodsaaklik dit is om 'n groepsgees binne die universiteit aan te kweek. Die band tussen leermeester en leerling was nog veels te los. Vir baie studente was die Universiteit van Suid-Afrika bloot middel tot 'n doel, 'n skaduagtige, onwesenlike inrigting waarmee hulle min persoonlike voeling gehad het. Vir dié wat ver van Pretoria af gewoon het, was dit in prof. Pauw se woorde „onsigbaar", en nie almal sou toe met hom saamgestem het dat dit 'n „lewende werklikheid" is nie.

Nietemin, die universiteit het veel bereik, en as verpligte inskrywing net ingevoer kon word, kon nog meer tot stand gebring word om die bande tussen dosente en die kandidate vir universiteitseksamens te verstewig. Die ministers van onderwys was egter

lugtig om die gevraagde beheer aan die universiteit te gee. Die private kolleges kon nie buite rekening gelaat word nie, want elke keer as hulle meen dat hulle regte bedreig word, kon hulle met hofsake dreig en die steun werf van mense wat graag politieke munt wil slaan uit elke inmenging in private ondernemings.

Maar die korrespondensiekolleges het elke jaar 'n al kleiner persentasie van die totale inskrywing getrek. Teen 1960, toe die studentetal van die Universiteit van Suid-Afrika die 10 000-kerf oorskry het, was meer as 90% by die „studie-afdeling" ingeskryf. Dit was 'n betiteling vir die doserende afdeling wat nog enige jare in die universiteitswetgewing voortgeleef het, maar wat toe al in onbruik verval het. Die jaarlikse groeikoers van die universiteit was oor die 10%, ongetwyfeld 'n bewys van sy groot waarde in die ontginning van die volk se sluimerende verstandelike potensiaal. Die uitbreiding in een klein studiedepartement kan as aanduiding dien van die groei van die geheel. Die departement Volkekunde het sowat 240 studente in 1955 gehad; vier jaar later was die getal byna drie keer so groot.

Die nagraadse werk het ook toegeneem. Die groot getal kandidate vir die baccalaureusgraad in opvoedkunde wys hoe diensdoende onderwysers die geleentheid gewaardeer het, maar hoër grade in ander vakke, veral Sielkunde en Engels destyds, was ook baie gesog. Die standaard is nie verlaag om die pil vir eksterne kandidate te versuiker nie. Die matrikulasievereistes vir toetrede tot 'n graadkursus was dieselfde as by die residensiële universiteite. Boonop was die jaarlikse getal toegekende grade van die Universiteit van Suid-Afrika, ten spyte van die groot studentetal, tog nie beduidend groter as dié by die Unie se kleiner universitêre inrigtings soos Potchefstroom, Grahamstad en Bloemfontein nie.

Omdat eksterne studie vir 'n graad besondere moeilikhede oplewer, was die druipsyfer buitensporig hoog. Die eksamenuitslae van buitekandidate was dikwels betreurenswaardig, maar selfs onder die universiteit se eie studente het die akademiese peil veel te wense oorgelaat. Die invoering van verpligte werkopdragte waarvoor 'n jaarpunt toegeken kon word, sou ongetwyfeld hierin verbetering aangebring het, maar die korrespondensiekolleges

was sterk hierteen gekant, tensy middele bedink kon word om alle studente in dié opsig oor een kam te skeer. Elke jaar was daar ook talle opseggings en onttrekkings. In 1958 is bv. geskat dat byna 40% van die ingeskrewe studente uitgeval het voor die eksamens gehou is. Baie studente het geen sukses in hulle eerste studiejaar gehad nie, maar dit was en is nou nog maar die beloop van sake aan Suid-Afrikaanse universiteite. Een moontlike oplossing het destyds die aandag van die Transvaalse Onderwysdepartement geniet. Dit was om die skoolkursus te verleng sodat die peil by toetrede tot die universiteit hoër kan wees. So iets was meer as een keer al aan die orde, maar dis elke keer verwerp tot die spyt van baie. Hierdie keer het die voorstel ook geen beter lot ervaar nie.

Belangrike nuwe ontwikkelings het gedurende die eerste sewe jaar van prof. Pauw se ampsbekleding plaasgevind, sowel in die land as in die volk se oudste universiteit. Suid-Afrika het ondertussen 'n republiek geword en uit die Britse Gemenebes getree. Die opnuut saamgestelde universiteit, met die naam van die land, het ook reeds ver op die pad na volle akademiese onafhanklikheid gevorder. Sy groei in dié jare was fenomenaal.

Die studentetal het vinnig toegeneem en baie nuwe aanstellings is in die doserende personeel gedoen om tred te hou met die vraag na onderrig. Party nuwe dosente het reeds naam verwerf in die geleerde wêreld, terwyl ander in junior poste begin het en aangebly het en hulle later op hulle terrein onderskei het en 'n leidende rol in die universiteit gespeel het. Vir 'n hele paar was die universiteit die werkplaas waarin hulle hulle vak geleer het voordat hulle elders naam verwerf het. Onder dié wat in die vroeë jare van prof. Pauw se ampsbekleding onder die leiding van prof. Muller gedoseer het, was M. J. Swart, later professor van geskiedenis aan die Universiteit van Port Elizabeth, B. A. le Cordeur en Arthur M. Davey, vandag by die Universiteit van Kaapstad, en G. N. van den Bergh, tans by die Potchefstroomse Universiteit.

Die professorale sterkte is in dié tyd grootliks uitgebrei in die gevestigde departemente en ook in nuwes wat toe gestig is. Die

Departement Afrikaans en Nederlands het die bekende skrywer, prof. P. de V. Pienaar, van die Universiteit van dit Witwatersrand, bygekry. Prof. Pienaar het later 'n professoraat aan die Universiteit van Pretoria aanvaar. A. C. Myburgh, vroeër by die staatsdepartement van Naturellesake, is as professor van Volkekunde aangestel. Hy is 'n gegradueerde van die Universiteit van Stellenbosch en van Pretoria en het sy loopbaan in 1956 in die fakulteit Regte van die Universiteit van Suid-Afrika begin. Prof. Georg Marais, 'n Ph.D. van die Universiteit van Wisconsin en 'n man met wye ervaring van Suid-Afrika se nywerheidsvraagstukke, het hom by prof. Rädel in die departement Bedryfsekonomie geboeg.

C. P. T. Naudé is bevorder tot professor in die departement Klassieke Tale. Hy was vroeër dosent aan die Universiteit van die Witwatersrand en het sy opleiding in Oxford en Leiden ontvang. Prof. D. C. Krogh het hoof geword van die departement Ekonomie. Later word hy direkteur van die Gefedereerde Kamers van Nywerheid van Suid-Afrika. Hy het aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en van Pretoria gedoseer en word vroeg in 1961 assistent-ekonomiese adviseur van die eerste minister.

Prof. C. J. D. Harvey van die Universiteit van Natal het hom by prof. Davis in die departement Engels gevoeg, maar gaan spoedig oor na die Universiteit van Stellenbosch as hoof van die departement Engels. Prof. Davis het kort daarna bedank, maar sy opvolger, professor D. R. Beeton, voorheen bibliotekaris en navorsingsbeampte by die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, was reeds by die universiteit. Prof. Beeton is 'n student van die Universiteit van Pretoria. Prof. J. H. Moolman, lank verbonde aan die beplanningsafdeling van die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, is in die vakante professoraat vir aardrykskunde aangestel.

Die departement Geskiedenis, die grootste van sy soort teen die vroeë jare sestig, het in 1958 die welbekende skrywer en historiograaf, Floris A. van Jaarsveld, bygekry. Hy is een van die baie nuwelinge wat 'n skat van ondervinding op die gebied van die vakonderwys op skool meegebring het. Hy het later professor

geword. Saam met verskeie ander lede van die personeel het hy na 'n tyd oorgegaan na die Randse Afrikaanse Universiteit in Johannesburg, waar hy hoof van die departement Geskiedenis geword het. Tans beklee hy dié betrekking aan die Universiteit van Pretoria.

'n Uitmuntende geleerde wat dié tyd by die departement Wiskunde en Toegepaste Wiskunde aangestel is, is professor Hanno Rund. In sy skitterende loopbaan het hy betrekkings beklee aan die Universiteit van Freiburg, van Bonn en van Toronto voordat hy na Suid-Afrika teruggekeer het as hoof van die departement Wiskunde aan die Universiteit van Natal. Hy is lid en 'n bekroonde van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en het baie bydraes op sy gebied gelewer.

Prof. A. M. T. Meyer het na die departement Wysbegeerte oorgekom van die Universiteit van Pretoria, waar hy in 1949 die doktorsgraad behaal het. Prof. Meyer het ook aan die Universiteit van die Witwatersrand en in Nederland gestudeer. Hy is die skrywer van verskeie publikasies en het in Londen navorsing gedoen oor die Engelse denkers. F. W. Blignaut het in 1957 vaste lid van die departement Sielkunde onder prof. Roux geword en is later tot professor bevorder. Hy was 'n gegradueerde van die Universiteit van Suid-Afrika en het naam gemaak met sy ondersoek na die uitwerking van alkohol op soogdiere, 'n projek wat hy onder beskerming van die Nasionale Raad vir Maatskaplike Navorsing uitgevoer het.

Die onderverdeling van onhandelbare groot departemente het al vroeg in prof. Pauw se ampsbekleding begin. Die enkele departement in die fakulteit Regte is eers in twee verdeel: Romeins-Hollandse Reg en Handelsreg. Later is Privaatreg en Publiekreg bygevoeg, terwyl nog later verdere onderverdelings plaasgevind het.

Die uitbreiding van die regstudie het nuwe manne gelok en bykomende professorate tussen 1959 en 1961 meegebring. N. J. van der Merwe kom in 1957 van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat oor as eerste professor in handelsreg. Hy word as hoof van hierdie departement in 1965 opgevolg deur M. L. Benade,

'n gegradueerde van die Universiteit van Stellenbosch en van die Oranje-Vrystaat.

Prof. Willem A. Joubert kom van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat oor, waar hy dekaan van die fakulteit Regte was. Hy is 'n LL.D. van die Universiteit van Stellenbosch en het ook in Londen, Heidelberg en Zürich gestudeer. Sy loopbaan as universiteitsdosent begin hy as lektor op Potchefstroom. Prof. Joubert word aangestel as hoof van die departement Privaatreg en dien lank as dekaan van dié fakulteit. Sy kollega vir 'n aantal jare was prof. P. M. Nienaber, gebore in België, waar sy vader toe gestudeer het. Prof. Nienaber is 'n Ph.D. van die Universiteit van Cambridge en het van die Universiteit van Pretoria oorgekom na die departement Privaatreg.

Willy J. Hosten is ook in België gebore. Hy is in 1957 as dosent aangestel en later bevorder tot professor van Romeins-Hollandse reg en regsvergelyking en tot hoof van die departement. Hy het skoolgegaan in Middelkerke en Oostende voordat hy na Suid-Afrika verhuis het en aan die Universiteit van Stellenbosch gegradueer het. Prof. S. A. Strauss het die departement Publiekreg oorgeneem. Hy is 'n gegradueerde van die Universiteit van Stellenbosch en van die Oranje-Vrystaat. Hy het ook aan Yale en Heidelberg gestudeer en was vroeër verbonde aan die Universiteit in Bloemfontein.

Kort na hierdie onderverdeling van die een departement in die fakulteit Regte het prof. D. H. Cilliers 'n soortgelyke skeiding tussen die verskillende dissiplines in die fakulteit Opvoedkunde aangevra. Die een departement het uiteindelik vier geword: Metodiek en Administrasie, Filosofie van die Opvoedkunde, Empiriese Opvoedkunde, en Geskiedenis van die Onderwys. Aan die eerste twee is sedertdien ander name gegee, en 'n vyfde is bygevoeg: die departement Ortopedagogiek.

In 1960 is prof. O. C. Erasmus aangestel as hoof aan die departement Filosofie van Opvoedkunde. Hy is 'n doktor in die opvoedkunde van die Universiteit van Pretoria en het heelwat ondervinding van onderwys in Suid-Afrika, Suidwes-Afrika en Swaziland met hom meegebring.

I. S. J. Venter is die volgende jaar tot professor en hoof van die departement Geskiedenis van die Onderwys bevorder. Hy het sy doktorsgraad in die opvoedkunde in 1956 aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat behaal. Hy bedank in 1957 as vise-hoof van 'n Bloemfonteinse hoërskool om dosent aan die Universiteit van Suid-Afrika te word. Prof. Cilliers bly hoof van die departement Metodiek en Administrasie, later genoem Didaktiek en Vergelykende Opvoedkunde, tot aan sy aftrede in 1972.

Daar is ook aanstellings gemaak om studiekursusse te behartig in rigtings wat later selfstandige departemente binne die verskillende fakulteite geword het. 'n Spruit van die departement Wiskunde is die departement Wiskundige Statistiek, waarvan prof. H. S. Steyn in 1959 hoof geword het. Prof. Steyn het sy eerste universiteitsopleiding in Bloemfontein ontvang en later doktorsgrade aan die Universiteit van Edinburgh en van Pretoria behaal. Hy was dosent in Pretoria en aan die Universiteit van Natal en onmiddellik voor sy aanvaarding van die betrekking by die Universiteit van Suid-Afrika was hy aan die hoof van 'n afdeling by die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad.

Die departemente Kriminologie en Maatskaplike Werk skei hulle af van die departement Sosiologie. Prof. P. J. van der Walt van die departement Kriminologie sowel as prof. I. J. J. van Rooyen van die departement Maatskaplike Werk het hulle loopbaan in die moederdepartement by die Universiteit van Suid-Afrika begin. Prof. Van der Walt, doktor in die wysbegeerte van die Universiteit van Pretoria, was twee agtereenvolgende termyne burgemeester van Pretoria en het uitgebreide reise in Europa en die Verenigde State onderneem en diepgaande studie gemaak van jeugmisdadigheid. Prof. Van Rooyen het aan die Universiteit van Suid-Afrika gegradueer en was sekretaris van die Nasionale Raad vir Kreupelsorg in Suid-Afrika. Hy het later 'n betrekking aan die Randse Afrikaanse Universiteit aanvaar.

Die klein departement Frans van die vroeë dae het ontluik as 'n departement Romaanse Tale. Vroeg in 1958 het die dosenteraad 'n aanbeveling gedoen dat 'n lektoraat vir Portugees ingestel word om die bande tussen Suid-Afrika en die buurlande te

versterk en daardeur die nuttigheid van die universiteit te verhoog. Prof. Marius Valkhoff van die Universiteit van die Witwatersrand, wie se vrou toe lektor vir Frans aan die Universiteit van Suid-Afrika was, het goedwillig aangebied om onderrig in Portugees en Italiaans te gee. Maar dit was eers met die koms van P. Haffter in 1960 dat verdere uitbreiding moontlik geword het. Hy is gebore in Switserland en is 'n doktor in die wysbegeerte van die Universiteit van Zürich. Hy het na die universiteit gekom met ondervinding in taalonderwys en die joernalistiek. In 1962 word hy professor, en onder sy knap en energieke leiding het die departement Romaanse Tale vinnig vooruitgegaan. Sy joernalistieke ondervinding was ook vir die universiteit in talle rigtings waardevol, bv. as voorsitter van die publikasiekomitee. Enkele jare lank is net Italiaans saam met Frans aangebied, maar met verloop van tyd is lektorate ook vir Portugees en Spaans ingestel. Die departement het voorgeloop in die toepassing van moderne metodes van taalaanleer.

Nog 'n aanbeveling van die dosenteraad is in 1960 uitgevoer toe mev. E. Foxcroft in die eerste departement Russies in Suid-Afrika aangestel is. Mev. Foxcroft is in die voor-revolusietyd in Rusland gebore en het as kind uit haar geboorteland gevlug en uiteindelik in Engeland aangekom. Sy is 'n gegradueerde van Oxford. Haar departement het klein gebly, maar dis van die grootste belang op internasionale gebied. Die sukses van mev. Foxcroft se Russiese aande het ook baie gedoen om ruimer belangstelling vir die kultuur van haar geboorteland op te wek.

Verskeie ander departemente dateer uit die vroeë tydperk van prof. Pauw se rektorskap. 'n Departement musiek, nou bekend as die departement Musikologie is onder prof. D. J. Roode tot stand gebring. Hy was twaalf jaar verantwoordelik vir die vak aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Prof. Roode het ook die universiteit se direkteur van musiek geword en het in 1966 afgetree. Die departement Kunsgeskiedenis en Skone Kunste het in 1961 op beskeie voet onder Karin M. Skawran begin. Sy is 'n gegradueerde van die Universiteit van Pretoria en het ook in

München gestudeer. Mej. Skawran is in 1972 tot professor bevorder.

Aan die begin van 1961 word A. H. van Zyl van die Universiteit van Pretoria die eerste professor van Semitiese Tale. Dit was nie sy eerste verbintenis met die Universiteit van Suid-Afrika nie, want hy het reeds in 1954 'n tyd lank daar gewerk en drie jaar later as eksaminator opgetree. 'n Aktiewe fakulteit godgeleerdheid is in 1960 gestig onder eerw. Cosser van Rhodes-universiteit as dekaan. In daardie jaar kom prof. J. A. Lombard by. Hy is 'n doktor in die godgeleerdheid van die Universiteit van Pretoria en het ook in Europa gestudeer en onder die groot teoloog, Karl Barth, gewerk. Teen die einde van die volgende jaar sluit prof. I. H. Eybers hom by hulle aan. Prof. Eybers is nog 'n gegradueerde van Pretoria. Hy het ook 'n doktorsgraad van Duke University in die Verenigde State. Die toesig van 'n buitedekaan was klaarblyklik nie meer nodig nie en is spoedig beëindig. Die fakulteit Godgeleerdheid is uiteindelik in drie departemente verdeel.

Die gebrek aan onderrig in natuurwetenskaplike vakke het tot 'n besonder lae standaard hierin by die eksamenkandidate van die Universiteit gelei, veral in die chemie. Die argumente ten gunste van 'n departement Chemie om die nodige onderrig tesame met praktiese werk by goedgekeurde inrigtings met voldoende laboratoriumgeriewe te gee, was dus baie sterk. Die teenstand was ook sterk, veral toe geblyk het dat die onderrig navorsingslaboratoriums sou meebring. Die teenstanders het gemeen dat die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad in Pretoria reeds navorsingsgeleentheid bied en dat die Universiteit van Suid-Afrika, as hy hom dan tog op die natuurwetenskaplike vlak wil begeef, tevrede moet wees met die instelling van diplomakursusse. Afstandsonderrig was toe nog in die proefstadium, en dit kon akademies onverantwoord en skadelik vir die Suid-Afrikaanse universiteitswese uitwerk as 'n inrigting wat hoofsaaklik vir die geestes- en die sosiale wetenskappe ingestel is, sy werksaamhede op dié manier uitbrei.

So is daar geredeneer, maar die universiteit het met bemoe-

digende steun van die nywerheid en met die onbetwisbare krag van die syfers, vas gestaan. Eindelik is, aanvanklik by wyse van proefneming, 'n departement gestig onder prof. G. W. Perold, doktor in die natuurwetenskappe van die Universiteit van Pretoria, 'n man wat in Zürich onder die Nobelpryswenner, Leopold Ruzicka, gestudeer het. Tien jaar lank was hy verantwoordelik vir navorsing aan die Pretoriase setel van die Yster- en Staalkorporasie. Die departement het gebloei, die navorsingslaboratoriums wat soveel twis veroorsaak het, is gebou en onderrig in fisika is aangebied, aanvanklik onder die vleuels van die departement Chemie. Die universiteit bied geen onderrig in ander natuurwetenskaplike vakke aan nie. Die kursusse in biologie, dierkunde en ander vakke bly onder die sorg van studiekomitees onder voorsitterskap van vakmanne uit die susteruniversiteite.

Die instelling van onderrig in fisika op dié manier het sy parallel in ander departemente. Sterrekunde is bv. vroeër deur die departement Wiskunde ingevoer, terwyl oudheidkunde 'n plek in die departement Volkekunde gekry het. 'n Antropologiese museum is ook hier opgerig. Die neiging was egter om vakke waarvoor daar leerplanne maar geen onderrig bestaan nie, te laat verval as daar geen voldoende vraag na is nie. Om dié rede is kursusse in sekere Afrikatale wat buite Suid-Afrika gepraat word uiteindelik op versoek van prof. Ziervogel uit die leergang van die betrokke departement geskrap. In al die belangrike inheemse tale van Suid-Afrika gaan die onderrig egter voort.

Die Universiteit van Suid-Afrika het begin om sy invloedsfeer in die volkslewe op baie terreine uit te brei. Een van sy bes geslaagde ondernemings is die instelling van die marknavorsingsburo in 1960 op inisiatief van prof. Rädel van die departement Bedryfsekonomie. Die hoofdoel was om voorligting aan die handel en nywerheid te verskaf, om die markstruktuur en tendense in die mark te ontleed en om sy bevindings aan die regering beskikbaar te stel vir die bepaling van die volkshuishouding. Geldelike steun het gekom van die universiteit, die Nasionale Raad vir Maatskaplike Navorsing en van die publiek. Die marknavorsingsburo het 'n reeks waardevolle opnames oor verbruikersaankoop gepu-

bliseer en seminare op baie plekke in die land gehou. Die werk van die eerste direkteur, prof. Rädel, op hierdie en ander gebiede, is deur die universiteit erken by wyse van die eerste raadstoekenning vir uitnemende prestasie.

'n Komitee vir akademiese aangeleenthede is in hierdie vroeë tydperk van prof. Pauw se rektorskap ingestel. Daardeur het 'n gestadige stroom besoekers uit die binne- en buiteland gekom om aan seminare deel te neem en referate te lewer. Onder die referente van 1958 en 1959 was dr. J. T. Robinson van die Transvaalse Museum, prof. P. M. Endt van die Rijksuniversiteit van Utrecht en prof. B. Lamar Johnson van die Universiteit van Kalifornië in Los Angeles.

Die universiteit het ook akademiese publikasies bevorder. 'n Reeks *Mededelings* is ingestel, waardeur dosente en studente die geleentheid gekry het om die uitkomste van hulle navorsing te publiseer. 'n Nuwe reeks *Studia* is sedertdien ingestel. Daarby is die blad *Mousaion* vir die biblioteekwetenskap onder redaksie van prof. De Vleeschauwer deur die universiteit oorgeneem. Die fakulteit Regte se veel gelese blad *Codicillus* is die waardige voorloper van verskeie departementele blaaie. Ook die interfakulteitsblad *Acta Classica* is veel verskuldig aan die dosente van die departement Klassieke Tale. Professore en lektore het verder 'n groot rol gespeel in die stigting van wetenskaplike genootskappe, bv. die Suid-Afrikaanse Wiskundige Vereniging en later die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging.

Die onvermoë van die nuwe administrasiegebou in Skinnerstraat om die groeiende personeel te huisves, het meegebring dat die fondsinsameling vir die oprigting van 'n nuwe gebou bespoedig moes word. Die eerste lid van die administratiewe afdeling wat hom voltyds hieraan gewy het, was G. C. Kachelhoffer, maar in 1957 stel die universiteit H. P. Dekker as skakelbeampte aan. Hy was jare lank assistent-registrateur van die Universiteit van Stellenbosch. Kort na sy aankoms vertrek hy op 'n toer deur die land. Deur sy inspanning en dié van sy voorganger het die geld gou binnegekom. Die bou aan die nuwe biblioteekgebou op die hoek van Skinner- en Vanderwaltstraat het in November

1957 begin, en die hoeksteen is in Junie die volgende jaar gelê. Een van die argitekte van hierdie mooi gebou, Brian Sandrock, sou later nog 'n aandeel hê in die fisiese ontwikkeling van die universiteit. Die biblioteek en die bykomende kantore is in 1959 beset. Weer is die ruimtevraagstuk, altans tydelik, opgelos.

Die biblioteek het toe sowat 65 000 boeke en omtrent 1 200 tydskrifte besit en was eindelik behoorlik voorsien van ruimte. Maar toe al is in *Unisa* van 1961 gewaarsku dat die gedeelte van die gebou wat vir die biblioteek afgesonder is, binne vyf jaar te klein sal wees. Die gewone jaarlikse aanwins van sowat 15 000 boekdele destyds is gedurig aangevul deur skenkings uit verskeie bronne, o.a. die Amerikaanse regering en die Carnegie-korporasie. Die ruimteprobleem het inderdaad begin kwel, hoewel die diens doeltreffend voortgesit is. Alles is in die werk gestel om boeke aan studente buite Pretoria op die vinnigste manier per pos te versend. Nagraadse studente kon gebruik maak van die wêreldwye boekleendiens van die biblioteke.

Daar is begin met die aanlê van 'n aparte afdeling in die biblioteek vir Afrikastudie, maar hiervan is afgesien ten gunste van 'n groter projek. Die outonome Afrika-instituut van Suid-Afrika is in 1960 deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in samewerking met die universiteit gestig. Kantore en 'n aparte biblioteek vir die instituut is in die nuwe gebou ingeruim. Die kanselier en die rektor van die Universiteit van Suid-Afrika het 'n leidende rol in die bestuur van die instituut gespeel saam met verteenwoordigers van die land se ander universiteite. Die vorige prinsipaal, prof. A. J. H. van der Walt, was aan die instituut in uitvoerende hoedanigheid verbonde en as hoofredakteur van die publikasie-afdeling tot aan sy uittrede uit die aktiewe lewe. Die huidige direkteur, prof. J. H. Moolman, is die vorige hoof van die departement Aardryskunde. Sy opvolger in dié pos, is prof. P. Smit, wat enige jare navorsingsbeampte by die instituut was.

Die biblioteekgebou het ook heelwat dosentekantore en 'n goed toegeruste konferensiesaal, die Pretoria-Philadelphiasaal, bevat, so genoem na die eerste naam van Pretoria en uit erkentlikheid aan



Toe die administrasiegebou in 1953 beset is, is daar gemeen dat die gebou voldoende huisvesting aan die universiteit sou bied vir minstens tien jaar.

Dit het baie gou geblyk dat die groei van die studentegetalle bo alle verwagting is en daarmee het die uitbreiding van DIE BIBLIOTEEK se boekery saamgehang. Die enigste oplossing was 'n biblioteekgebou met kantore.

Op 27 Junie 1958 het die kanselier, dr. F.J. de Villiers, die hoeksteen van die gebou op die suidoostelike hoek van Skinner- en Van der Waltstraat gelê. Dit is die volgende jaar betrek, maar daar moes al dadelik nog 'n vleuel aangebou word weens die ongeëwenaarde uitbreiding van die universiteit.

Die waarde van die gebou en die terrein is vandag nagenoeg R618 000.

*Biblioteekgebou*

die stadsraad vir die milde bydrae tot die boukoste. Ondertussen het die personeel vinnig toegeneem, en hoewel nog 'n verdieping in 1959 op die administrasiegebou in Skinnerstraat aangebring is, het dit twee jaar later nodig geword om nog 'n vleuel aan die biblioteekgebou te voeg. In 1962 is die De Doorns-hotel op die hoek van Prinsloo- en Visagiestraat bygekoop. Dit het etlike jare die tuiste gebly van die departement Volkekunde, Bantoetale en Naturelleadministrasie. Daar is ook 'n ampswoning vir die rektor in Georgelaan, Arcadia, aangekoop.

Die gestadig toenemende studentetal het die indiensneming van 'n groter administratiewe personeel genoodsaak. Teen 1962 was daar net in die produksie-afdeling sowat veertig mense besig. Die produksiebestuurder, S. J. Marais, het toe 'n personeel gehad byna net so groot as die totale administrasie van die Universiteit van Suid-Afrika tien jaar vroeër. Die produksie en verspreiding van studiemateriaal is van die grootste belang vir 'n universiteit wat so swaar leun op die geskrewe woord om sy leerfunksie uit te oefen. Die werk van mej. J. P. Gould en haar span vertalers in die afdeling wat later as die Taalburo bekend gestaan het, is ook van lewensbelang vir 'n tweetalige universiteit. In 1960 is 'n voorligtingsafdeling tot stand gebring om aan studente raad en leiding te gee by die keuse van hulle studiekursusse. Die nuwe diens is aan G. C. Kachelhoffer opgedra. Hy het die werk behartig tot Oktober 1961, toe hy na die dosentekorps oorgegaan het as senior lektor in die departement Handelsreg. Die werk is voortgesit deur Charl Cillié en D. H. van Eeden. Die administrasie het in 1957 'n swaar verlies gely met die afsterwe van die rekenmeester, L. Coetser, maar in Alewyn J. Vorster is 'n waardige opvolger gevind.

Die ander universiteite het nog steeds hulle toesighoudende rol in die sake van die universiteit gespeel. Met die diensaanvaarding van prof. Pauw was byna twee derdes van die lede van die senaat se uitvoerende komitee bv. buitepersone. Onvermydelik sou daar meningsverskil ontstaan soos in verband met die invoering van 'n departement Chemie. Die verteenwoordigers van ander universiteite het gaandeweg besef dat toesig – as dit dan hulle plig was

– oorbodig geword het. In die raad onder voorsitterskap van prof. Boshoff was daar onsekerheid of ander universiteitshoofde of hulle afgevaardigdes deel behoort te neem in die beraadslagings in individuele hoedanigheid dan wel as verteenwoordigers van hulle universiteite. Die Universiteit van Suid-Afrika het die ou bedeling ontgroei. Toe die verskillende wette rakende die universiteit by Wet 19 van Maart 1959 gekonsolideer is, was dit duidelik dat die tyd gou sou aanbreek om aan die universiteit die vryheid te gee om langs eie weg te ontwikkel soos wat aan ander soortgelyke inrigtings in die land gegun is.

Teen dié tyd het daar nog 'n verandering in die opperste leiding van die Universiteit van Suid-Afrika plaasgevind. In 1957 het die kanselier, regter-president G. J. Maritz, bedank. Die raad kies toe dr. François Jean de Villiers as sy opvolger. Dit was 'n gelukkige keuse, want dr. De Villiers was die eerste kanselier wat 'n aktiewe rol in die universiteit se sake gespeel het. Die nuwe kanselier is nie alleen om sy bekwaamheid op kulturele, akademiese en wetenskaplike gebied gekies nie, maar ook om sy uitnemende bydraes op die breër volksvlak. In sy loopbaan was hy 'n leiersfiguur in liggame soos die Suid-Afrikaanse Chemiese Instituut, die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, die Nasionale Adviesraad vir Opvoeding buite Skoolverband en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hy was ook voorsitter van die kommissie van ondersoek na beroeps- en tegniese onderwys. Ten tyde van sy instelling as kanselier was hy organiserende direkteur van nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika.

'n Belangrike aspek in die uitbreiding van 'n universiteit is finansies. Hoewel die Holloway-kommissie die Universiteit van Suid-Afrika nie op dieselfde subsidievoet as die ander universiteite geplaas het nie, was die laat jare vyftig nie moeilik vir die universiteit nie. In die vroeë jare sestig was die toestand nie meer so gunstig nie en het daar 'n tekort van sowat R13 000 opgeloop. Daar moes spoedig 'n nuwe grondslag gevind word om die Universiteit van Suid-Afrika ewe gunstig as sy susteruniversiteite te behandel.

Teen die einde van die jare vyftig was daar ook sprake van verdere uitbreiding van die volksopvoeding. Die universiteit was altyd bereid om nuwe verantwoordelikhede op hom te neem en het in 1956 besondere moeite gedoen om die munisipaliteit van Boksburg te help met 'n spesiale kursus in plaaslike bestuur. Maar aangesien die universiteit vinnig besig was om as ware universiteit in die land erken te word, was die voorstel om 'n nasionale raad vir buitemuurse studie in te stel, nie alte welkom nie. In universiteitskringe is dit as ongewens beskou om te veel diploma- en sertifikaatkursusse in te voer. Die Universiteit van Suid-Afrika het toe reeds verskeie gehad, o.a. in rekeningkunde en biblioteekwetenskap. Alle verdere ontwikkeling moes hoofsaaklik met die oog op graadkwalifikasies plaasvind.

Die vakansieskool het nog steeds 'n toenemende getal studente uit alle rasse getrek. Teen 1958 was die bywoning byna 600, en vier jaar later amper dubbel soveel. Dit het gou nodig geword om aparte klasse vir Bantoestudente by Atteridgeville ten weste van Pretoria en vir ander nie-blanke studente binne die stad self in te rig. Die jaarlikse gradeplegtigheid het ook 'n vaste instelling en 'n belangrike gebeurtenis in die universiteitslewe geword. Onder diegene wat die graduandi en hulle familie en vriende in die laat jare vyftig toegespreek het, was die minister van onderwys, sy edele J. H. Viljoen, in 1956 en die administrateur van Kaapland, dr. J. H. O. du Plessis in 1959. Die volgende jaar het die huidige eerste minister, sy edele B. J. Vorster, melding gemaak van die universiteit se sukses om sy bestaan te regverdig. In 1961 het sy eksellensie die goewerneur-generaal, sy edele C. R. Swart, kort daarna Suid-Afrika se eerste staatspresident, die dag in 1919 in herinnering geroep toe hy 'n graad van die Universiteit van Suid-Afrika in Pretoria ontvang het.

'n Besondere plegtigheid is in 1959 by die Engelenburghuis in Pretoria gehou in verband met die halfeeufees van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Eregrade is aan drie vooraanstaande persone in die Suid-Afrikaanse en die Nederlandse kultuurlewe toegeken. Prof. T. H. le Roux, lank 'n steunpilaar aan die Universiteit van Pretoria en 'n groot

bydraer tot die Afrikaanse taalwetenskap, word met die graad Doktor in die Lettere en die Wysbegeerte vereer. T. E. W. Schumann, die seun van 'n Duitse sendeling en 'n kenner op die gebied van die klimatologie en die weerkunde, ontvang die Ph.D. Dieselfde graad word toegeken aan M. W. Woerdeman, voorheen professor in die geneeskunde aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam, waar hy toe *rector magnificus* was. Die Universiteit van Oxford het hom reeds in 1950 met dieselfde graad vereer. Dr. Woerdeman was voorsitter van die Koninklijke Nederlandse Akademie van Wetenschappen.

In dieselfde jaar het 'n belangrike ontwikkeling in die verskaffing van hoër onderwys aan nie-blankes plaasgevind. Die verbintenis van die Universiteit van Suid-Afrika met die Katolieke Universiteitskollege Pius XII was nie te gelukkig nie. Die owerhede by Roma het toe elders begin soek om die toekoms van die inrigting in Basoetoland te verseker. Na 'n mislukte poging om 'n besondere verhouding met die Universiteit van Londen tot stand te bring, het die kollege in 1964 daarin geslaag om volle onafhanklikheid te verwerf. Prof. Van der Walt se insig dat die kortstondige verbintenis tussen die Katolieke kollege en die Universiteit van Suid-Afrika sou lei tot soortgelyke gevalle van samewerking, was egter volkome juis.


Daar was in 1958 net een ander inrigting van dié soort in Suid-Afrika: die Universiteitskollege van Fort Hare, destyds verbonde aan die Rhodes-universiteit in Grahamstad. Hoewel nie gesê kan word dat die beleid van aparte geriewe vir hoër onderwys vir die verskillende etniese groepe algemene goedkeuring in Suid-Afrika weggedra het nie, is daar tog in 1959 wetgewing ingedien waardeur die band tussen Fort Hare en Rhodes verbreek is en nog vier kolleges in die lewe geroep is: die Universiteitskollege van die Noorde by Sovenga in Transvaal, die Universiteitskollege van Zoeloeland by Empangeni in Natal, die Universiteitskollege van Wes-Kaapland by Kasselsvlei en die Universiteitskollege van Durban. Die eerste twee, soos die een by Fort Hare, was vir Bantoestudente, die kollege by Kasselsvlei vir Kleurlinge en die een by Durban vir Indiërs. Hierdie inrigtings

Reeds in 1957 is die universiteit genader om as akademiese voog en eksaminerende liggaam op te tree vir die vyf UNIVERSITEITSKOLLEGES VIR NIE-BLANKES, wat op etniese grondslag in hulle onderskeie gebiede opgerig sou word.

Die universiteit het ingewillig om sy grade en diplomas aan suksesvolle kandidate van hierdie kolleges toe te ken, in die begin net in kursusse waarin reeds geëksamineer word, maar mettertyd kon, en is daar ook, eksamens afgeneem in ander vakke wat die universiteit goedgekeur het en wat nodig was vir die behoeftes van die besondere nie-blanke groep.

Die kolleges het in 1960 tot stand gekom en is gelei tot selfstandigheid.

Fort Hare, Wes-Kaapland, Zoeloeland en die Noorde het op 1 Januarie 1970 en Durban-Westville op 1 Januarie 1971 selfstandige universiteite geword.



*Universiteit van Suid-Afrika*



*Fort Hare*



*Noorde*



*Wes-Kaapland*


*Durban-Westville*



*Zoeloeland*

is almal onder die beheer van die staatsdepartemente vir die sake van die betrokke rassegroep geplaas.

Ooreenkomstig wet 45 van 1959 was die Universiteit van Suid-Afrika die voog van die kolleges op hulle weg na uiteindelike onafhanklikheid. Hy het 'n rol gespeel in hulle bestuur, toesig gehou oor hulle akademiese werk, gehelp om hulle van personeel te voorsien en sy grade aan hulle suksesvolle studente toegeken. Elke jaar het die kollegedosente eksamenvraestelle en die beoordeling van skrifte met die departemente in Pretoria bespreek. Uiteindelik op 1 Januarie 1970 het vier van die kolleges volle universiteitstatus ontvang: die Universiteit van Fort Hare, van Wes-Kaapland, van Zoeloeland en van die Noorde. 'n Jaar later het die Universiteitskollege van Durban die Universiteit van Durban-Westville geword.

Tien jaar lank was die Universiteit van Suid-Afrika dus weer 'n soort federale universiteit, hoewel die band met sy nuwe pleegkinders nie so heg was as wat dit met sy vroeëre samestellende kolleges was nie. Die verbintenis was eerder soos dié tussen Fort Hare – toe die Suid-Afrikaanse Naturellekollege – en die federasie.

In 1960 was die Universiteit van Suid-Afrika blykbaar goed op pad na ongesteurde ontwikkeling met sy drievoudige funksie, nl. as eksamineerder, doseerder en voog van studente, intern sowel as ekstern. Maar daar was reeds 'n wolkie so groot soos 'n man se hand wat 'n groot storm voorspel het. In Mei 1959 ontvang die sekretaris van onderwys 'n brief van die stadsklerk van Boksburg. Die munisipaliteit het verneem dat daar binnekort uitbreiding van universitêre opleiding aan die Witwatersrand sou kom en wil graag die saak bepleit dat 'n moontlike nuwe inrigting binne die stadsgebied gevestig word. 'n Paar maande vroeër het 'n komitee wat verbeterde hoër onderwys vir Afrikaners in Johannesburg beoog, aan die minister van onderwys geskryf oor die moontlike oprigting van 'n onderwysersopleidingskollege vir Afrikaanssprekende studente in die stad.

In sy antwoord op die navraag van die Johannesburgse komitee het die minister, sy edele J. J. Serfontein, daarop gewys dat die

verskaffing van onderwyserskolleges 'n saak vir die provinsie is en dus buite sy beheer lê. In antwoord op die versoek van Boksburg het hy verduidelik dat, as die Afrikaners aan die Rand sou begin ywer vir verdere universitêre geriewe die regering heel gou toegegooi kan word deur dergelike versoeke van Engelssprekendes in Port Elizabeth, Kimberley of die Vrystaatse goudvelde. Die koste en die personeelvoorsiening sou ontsaglik en die behoefte twyfelagtig wees. Suid-Afrika, aldus die minister, gee reeds meer geleentheid vir universiteitsopleiding aan sy blanke burgers as enige land in Europa. Daar bestaan dus min regverdiging daarvoor om verder in dié rigting te ontwikkel. Latere gebeurtenisse het bewys dat dit nie die laaste woord was nie. Die toekoms van die Universiteit van Suid-Afrika sou diep daardeur geraak word.

# 13 *'n Onverwagte probleem*

Met die aanbreek van die jare sestig het die toekoms van die Universiteit van Suid-Afrika blink en belowend gelyk. Die studentetal het vinnig gegroei, uitstekende aanstellings het gesorg vir 'n hoë standaard en die universiteit het eindelik groot aansien as doseerinrigting en as die moeder van 'n groep verbonde kolleges geniet. Hy het nog nie volle beheer oor al sy ingeskrewe studente kon kry nie, maar hy het reeds aan die oorgrote meerderheid onderrig gegee. Hy moes nog op gelyke voet met die land se ander universiteite ten opsigte van subsidie behandel word, maar sy geldsake was redelik gesond. Verhoogde status kon egter nie uitbly nie, en prof. Pauw kon met trots terugkyk op groot prestasies sedert sy diensaanvaarding en met vertroue die komende jare tegemoet sien.

Verpligte inskrywing is gou bereik. Die minister het eindelik in 1962 sy goedkeuring, wat so lank vertraag is deur die sterk agterhoedegeveg van die verbonde private kolleges, gegee. Van 1964 af was alle studente wat hulle vir die eksamens ingeskryf het verplig om hulle onderrig van die universiteit te ontvang. Ingevolge hierdie wetswysiging kon die dosente groter druk op kandidate vir die universiteitseksamens uitoefen deur verpligte werkopdragte te stel. Die studie kon dus meer doelgerig gemaak en die kloof tussen dosent en student vernou word. Dit moes al baie eerder gebeur het.

In geldelike opsig moes die Universiteit van Suid-Afrika sekere besparings aanbring na 'n swaar tekort van R50 000 in 1961. Die volgende jaar het 'n oorskot getoon, en na verhoging van die

onderriggeld het die toestand verder verbeter sodat 1963 afgesluit is met 'n oorskot van R30 000. Nietemin was die universiteit maar altyd in 'n benarde toestand in vergelyking met die ander universiteite. In 1963 bring prof. A. C. Cilliers verslag uit oor die vyfjaarlikse hersiening van subsidies en beveel aan dat die Universiteit van Suid-Afrika, nieteenstaande die besondere aard van sy diens, ten opsigte van staatsteun op gelyke voet met sy susteruniversiteite behandel word. Die verslag is amptelik goedgekeur en die aanbevelings daarin is geleidelik van toepassing op die universiteit gemaak. Teen 1966 het die nuwe formule volledig gegeld met sekere wysigings uit hoofde van die universiteit se nie-residensiële aard. Die onmiddellike uitwerking was bemoedigend, maar dit was 'n vaste formule; geen wonder dus dat die heersende toestand van stygende koste teen die uitgang van die jare sestig weer jaarlikse tekorte veroorsaak het nie, sodat strawwe besnoeiings nogmaals toegepas moes word.

Aan die begin van die jare sestig het die universiteit vinnig uitgebrei. Die beskeie geboue in die stad was lank nie meer voldoende nie. Teen 1962 is planne beraam vir 'n nuwe gebou, wat na verwagting 'n blywende tuiste sou bied. In dié jaar bied die stadsraad van Pretoria aan die Universiteit van Suid-Afrika 'n stuk grond naby Klapperkop in die suidoostelike buitewyke van die stad aan, met uitsig oor die Fonteinedal. Dit was 'n ruimhartige gebaar, maar toe die nuus bekend raak, het daar 'n volgehoue vloed van protes gekom van 'n aantal inwoners wat gevrees het dat die natuurskoon om Pretoria geskend sou word as 'n universiteitsgebou op die voorgestelde terrein opgerig word. Maar voor die jaar uit was en voordat die fondsinsameling vir die projek aan die gang gesit is, het iets gebeur wat gelyk het of dit die toekoms van die universiteit as instelling in Pretoria vir eksterne studente sou bedreig.

Die nuwe probleem wortel in die strewe in die middeljare vyftig na verbeterde geriewe vir hoër onderwys aan Afrikaners in Johannesburg en die Randse stede. Die eerste sukses is in 1961 behaal met die opening van die Goudstadse Onderwyskollege, 'n onderwysersopleidingskollege met Afrikaans as voertaal. Van sy

studente wat graadkwalifikasies wou behaal, het deur middel van die Universiteit van Suid-Afrika gestudeer, maar die begeerte na 'n tweede universiteit naderby was sterk. Hoewel die regering destyds nie ten gunste daarvan was nie, is daar tog die volgende jaar 'n departementele komitee aangestel om die saak te ondersoek. In Desember 1962 bring die komitee verslag uit en beveel aan dat die Universiteit van Suid-Afrika bykomende funksies vir die Afrikaners aan die Rand onderneem. Selfs voor die tyd, op 12 September 1962, gee die minister van onderwys, kuns en wetenskap, sy edele J. de Klerk, voorlopig aan die rektor te kenne dat die universiteit moontlik na Johannesburg sal moet trek om daar met residensiële kursusse te begin. Hiertoe is ingestem met dien verstande dat daardeur geen inbreuk gemaak word op die Universiteit van Suid-Afrika se bestaande en toekomstige verpligtings jeens sy eksterne studente nie. Die universiteit het sedert 1946 'n goeie naam op 'n gespesialiseerde gebied opgebou en buitendien sou 'n beleidsverandering soos dié wat die minister beoog, die ere-ooreenkoms dat die universiteit hom nie op die tradisionele doseerterrein van sy susteruniversiteite begeef nie, skend.

Op 14 Februarie 1963 verneem die rektor dat 'n kabinetsbesluit ten gunste van die projek geneem is. Daarin is egter die belangrike voorbehoud van prof. Pauw, naamlik dat die eksterne werk net soos in die verlede sou voortgaan, blykbaar oor die hoof gesien. Die universiteit het hom verplig gevoel om weer sy verpligting teenoor die eksterne student te bevestig. Dit is gedoen deur die voorsitter van die raad, prof. Boshoff, by die amptelike opening van die akademiese jaar op 21 Februarie. Hy het dit beklemtoon dat die universiteit se funksie om in die behoeftes van die eksterne student te voorsien, van die uiterste belang is en op generlei wyse belemmer mag word nie, want die bykomende residensiële funksie kan nie belangriker wees as die opleiding van eksterne studente nie. Die kabinet het blykbaar van hierdie ondubbelsinnige stelling notisie geneem. Op 15 Maart laat die minister van onderwys die rektor weet dat die planne om die universiteit na die Witwatersrand te verskuif, van die baan is.

Toe het dit gelyk of die ontwikkeling in Pretoria ongesteurd kan voortgaan en dat die bemoeiings van die komitee vir 'n Randse Afrikaanse Universiteit ten einde hoër onderwys aan die Rand uit te brei, sou verloop sonder dat die Universiteit van Suid-Afrika daarby betrek word. Dit sou nie gebeur nie. Die onderhandelings is hervat, en op 13 September 1963 skryf minister De Klerk 'n uitvoerige brief aan die voorsitter van die raad oor die toekoms van die Universiteit van Suid-Afrika. Met inagneming van die fenomenale groei van die universiteit en van sy planne om 'n geweldige bouprogram op tou te sit en personeel te werf, gee die minister te kenne dat die regering se siening van die universiteitskwessie die universiteit maklik in geldelike moeilikhede kan dompel as die uitbreiding te groot is. In 'n blik op die toekoms wys die minister daarop dat die verbonde nie-blanke kolleges mettertyd waarskynlik onafhanklik sal word. Hulle sal saam met die bestaande blanke universiteite aangemoedig word om die voorbeeld van die Universiteit van Pretoria te volg en sterk buitemuurse afdelings te stig. Daardeur sal die inskrywing by die Universiteit van Suid-Afrika daal, aangesien meer as 60% van sy huidige studentekorps afkomstig is uit streke waar buitemuurse kursusse gegee kan word. Daarby kan ander universiteite ongetwyfeld self geneig voel om korrespondensiekursusse in te stel.

So 'n fundamentele frontverandering sal ongetwyfeld 'n nadelige uitwerking op die ontwikkeling van die Universiteit van Suid-Afrika hê. Dit is nie al nie, want as die universiteit sou wens om 'n konvensionele universiteit te word, sal 'n kampus in Pretoria uitgesluit wees, want die regering is nie ten gunste van 'n tweede universiteit vir Afrikaners of van 'n Engelstalige universiteit in die stad nie. Die raad moet dus goed dink en met omsigtigheid voortgaan, sodat hy nie verpligtings aangaan waarvoor die nodige staatsubsidie miskien nie gegee sal word nie.

Die minister se brief het teen einde September en begin Oktober tot hernieude briefwisseling en 'n reeks besprekings tussen hom en die rektor gelei. Prof. Pauw het volgehou dat 'n uitbreiding van korrespondensiewerk tot ander universiteite sal

STEPHANUS PETRUS ERASMUS BOSHOFF is op 14 Julie 1891 in die Senekalse distrik, Oranje-Vrystaat, gebore. Hy lê sy matrikulasie af aan die Hoër Seunskool, Paarl, 1908, en gaan met die Thomas Robertson-beurs na die Grey-universiteitskollege, waar hy in 1911 B.A. met lof behaal en die Kanselier se Goue Medalje en die Koningin-Victoria-beurs verower. M.A. behaal hy in 1913 en gaan vir verdere studie na Amsterdam.

Sy proefskrif is byna gereed toe die Eerste Wêreldoorlog uitbreek en hy in November 1914 terug is in Senekal, waar hy soos hy dit in 'n brief stel „got mixed up in an unexpected way with the rebellion". Hy word gevange geneem toe generaal Beyers in die Vaalrivier verdrink het. Na 'n tyd van internering word hy vrygelaat, maar sy beurs is gekanselleer.


Hy werk 'n tydjie in 'n prokureurskantoor, maar kry 'n lektorskap aan die Teologiese Skool, Potchefstroom, later 'n aanstelling as waarnemende professor en in 1917 'n professoraat aan die Potchefstroomse Universiteitskollege. In 1921 is hy terug na die Gemeentelike Universiteit, Amsterdam, waar hy *summa cum laude* promoveer. Weer terug na Potchefstroom tot in 1930, toe hy 'n professoraat in Afrikaans aan die Universiteit van Kaapstad kry. Tussen 1932 en 1934 is hy direkteur van onderwys van Transvaal.

Hy skryf talle artikels oor taal en letterkunde, en etlike boeke het van sy hand verskyn. Sy bydrae tot die opvoeding in die algemeen was baie groot, en hy kry twee eeredoktorsgrade, een van hierdie universiteit en een van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Hy is raadslid van 1932 tot 1934; weer van 1944 tot 1969, vise-kanselier van 1952 tot 1955; en toe, met die nuwe wetgewing dat die prinsipaal ook vise-kanselier is, word hy voorsitter van die raad tot 1969, toe hy bedank het.

Professor Boshoff is op 30 April 1973 in Potgietersrus oorlede.

*Prof. Stephanus Petrus Erasmus Boshoff, M.A., Litt.D., D.Litt (h.c.); D.Litt. et Phil (h.c.)*
*Raadslid 1932–1934; 1944–1969*
*Vise-kanselier 1952–1955*
*Voorsitter van die Raad 1955–1969*



neerkom op „'n verbreking . . . van die lank aanvaarde en eerbiedige ooreenkoms tussen die Universiteit van Suid-Afrika en die residensiële universiteite". As dié ooreenkoms nie meer geld nie, staan dit die Universiteit van Suid-Africa moontlik vry om ook die residensiële universiteite se terrein te betree. Die minister herhaal egter sy beswaar teen die oprigting van 'n tweede residensiële universiteit in Pretoria; die Universiteit van Suid-Afrika moet hom bepaal by sy bestaande funksie.

Die omvang van hierdie funksie was egter ook in twyfel. Die minister het wel erken dat die gedagte om ander universiteite toe te laat om korrespondensiewerk te onderneem, nie gegrond is op 'n voorafbepaalde regeringsbeleid nie, maar dat hy nie kan waarborg dat studente van alle rasse sal voortgaan om die dienste van die Universiteit van Suid-Afrika te gebruik nie. Uit die minister se antwoord op verdere vertoë het geblyk dat die regering vas staan op die beleid van afsonderlike ontwikkeling in universitêre opleiding, selfs deur middel van die geskrewe woord, en dat die Universiteit van Suid-Afrika mettertyd sy nie-blanke studente sal verloor.

Dit is duidelik dat die kwessie van 'n universiteit vir Afrikaners aan die Witwatersrand gedurig in die agterkop aanwesig was by hierdie beraadslagings oor die toekoms van die Universiteit van Suid-Afrika. Die minister van onderwys was bepaald ten gunste van so 'n ontwikkeling, waardeur die moontlikheid van 'n verhuising na die Witwatersrand weer eens ter sprake gekom het. Op 'n buitengewone vergadering op 27 en 28 November 1963 besluit die raad om 'n komitee aan te stel om die toekoms van die Universiteit van Suid-Afrika te bespreek, om die bouplanne in hersiening te neem en om vas te stel watter hulp gegee kan word aan die moontlike nuwe Randse universiteit. Daarby vra die raad goedkeuring om 'n ontwikkelingsfonds tot op R500 000 in te samel.

In die komitee, wat as die Toekomskomitee bekend geword het, is raad en senaat albei goed verteenwoordig. Die komitee wou graag van die Randse universiteitskomitee verneem wat hy van die Universiteit van Suid-Afrika verlang. In hierdie verband was

die teenwoordigheid van die raadslid dr. P. J. Meyer in die Toekomskomitee baie waardevol, want hy was ook voorsitter van die Randse komitee. Daar is besprekings gevoer met verteenwoordigers van die Randse komitee waarby prof. Pauw weer verduidelik het dat, wat ook al die rol mag wees wat die Universiteit van Suid-Afrika gaan speel in die oprigting van die nuwe universiteit, niks gedoen moet word om die belangrike pionierswerk vir eksterne studente aan te tas nie. Die universiteit is buitendien tweetalig, en hy is van plan om dit so te hou, sowel in die bestaande afdeling as in die voorgestelde residensiële afdeling, as dit dan 'n tak van die Universiteit van Suid-Afrika moet word. Die Randse komitee aanvaar die rektor se standpunt met dien verstande dat, as die universiteit 'n doseerafdeling vir Afrikaners aan die Rand sou instel, die bestuur daarvan moet geskied volgens die wense van die komitee. Dit sou noodwendig 'n skeiding tussen die voorgestelde interne en die bestaande eksterne afdeling van die Universiteit van Suid-Afrika meebring. Met dié siening in gedagte stel die Toekomskomitee 'n verslag op wat op 11 April 1964 deur die raad goedgekeur word. 'n Interne afdeling in Johannesburg, met 'n eksterne afdeling wat in Pretoria bly, word aanbeveel.

Die voorstel het sekere onbetwyfelbare voordele gehad, soos die Toekomskomitee besef het. Die pionierswerk in verband met korrespondensie-onderrig was van waarde as prikkel tot nuwe benaderings in die werk van ander universiteite. Baie van die onderrigmetodes wat sedert 1946 ontwikkel is, kon met voordele aangepas word by die behoeftes van interne studente. In nog 'n opsig kon die Universiteit van Suid-Afrika 'n groot bydrae lewer in die bestuur van 'n konvensionele universiteit wat hom tot Afrikaanssprekende studente rig. Sy lang tweetalige tradisie kon die uitsluitende gebruik van een taal in die nuwe afdeling temper en tegelyk help om 'n beter begrip tussen die twee taalgroepe te bewerkstellig.

Daar was egter ernstige nadele aan die instelling van so 'n nuwe diens. Die vrees sou altyd bestaan dat die eksterne afdeling later niks anders as 'n aanhangsel van die universiteit word nie.

FRANÇOIS JEAN DE VILLIERS is op 25 April 1898 in die Paarl gebore. In 1917 lê hy die matrikulasie-eksamen af waarna hy B.A. aan die Universiteit van Kaapstad behaal. Hy vertrek na Amerika waar hy die grade M.Sc. (California), Ph.D. (Cornell) verwerf. In 1925 ken die Universiteit van Suid-Afrika 'n D.Sc.-graad aan hom toe.

Sy arbeidsveld daarna is veelsydig. Hy was twintig jaar lank nywerheidsadviseur van die Departement van Handel en Nywerheid, president van die Geassosieerde Wetenskaplike en Tegniese Verenigings van S.A. en lid van die direksie van die Nywerheidontwikkelingskorporasie; voorsitter van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns (waarvan hy ook erelid is), die Suid-Afrikaanse Biologiese Vereniging, die Suid-Afrikaanse Chemiese Instituut en van verskeie regeringskommissies waaronder die Plattelandse Nywerheidskommissie, die Kommissie insake Tegniese en Beroepsonderwys, die Pyplynkommissie, die Verdedigingshulpbronneraad, Brandstofnavorsingsinstituut, Elektrisiteitsbeheerraad, en lid van die Desimalisasiekommissie. Dit was onder sy leiding dat die Buro vir Standaarde tot stand gekom het en onder sy voorsitterskap uitgebou is tot een van die belangrikste dienseenhede in ons nywerheidswese. Hy het verder 'n belangrike rol gespeel in die totstandkoming van die Afrika-instituut waarvan hy nog voorsitter is. As lid van die Nasionale Adviesraad vir Opvoeding buite Skoolverband het hy 'n belangrike bydrae gelewer asook by die stigting en ontwikkeling van die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad en talle ander liggame. Hy is tans voorsitter van die Nasionale Filmraad en van verskeie maatskappye.

Hy was 10 jaar lid van die raad van die Universiteit van Pretoria en was mede-verantwoordelik vir die totstandkoming van die Instituut vir Bestuur en Administrasie. Hy het ook 'n belangrike rol gespeel in verband met die instelling van die ingenieursfakulteit aan dié universiteit.

Die Frans du Toit-toekenning vir sy besondere bydrae tot die ekonomiese ontwikkeling van die land en die Havengaprys vir sy bydrae op natuurwetenskaplike gebied is deur die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns aan hom toegeken. Hy het ook die Cornell-navorsingsbeurs van Amerika ontvang.

Dr. de Villiers is raadslid van 1954 tot 1957 en kanselier sedert 1957.

*Dr. François Jean de Villiers, B.A., M.Sc.,*
*Ph.D., D.Sc., F.R.I.C.*
*Raadslid 1954–1957*
*Kanselier sedert April 1957*



Buitendien sou die administratiewe probleme verbonde aan 'n dubbelkampus-universiteit geweldig wees. Prof. Van der Walt, die vorige prinsipaal, het dit duidelik in 'n verslag aan die Toekomskomitee gestel dat hy ten gunste is van die uiteindelike eenwording van die twee afdelings in Johannesburg. Die eerste minister, dr. Verwoerd, het ook so gemeen en op 16 April aan die hand gedoen dat die minister van onderwys die rektor pols oor die moontlikheid van 'n totale oorplasing na Johannesburg. Vroeg in Mei nadat prof. Pauw die universiteit se voorstelle met die minister in Kaapstad bespreek het, skryf die minister aan die rektor 'n brief waarin hy die nadele van 'n verdeelde universiteit beklemtoon.

Die dosenteraad sowel as die universiteitsenaat het die raad se standpunt gesteun dat die bestaande funksie en die tweetalige aard van die Universiteit van Suid-Afrika teen elke prys behou word, wat ook al besluit word omtrent die oorplasing na Johannesburg. Op 6 Mei besluit die dagbestuur van die raad dat 'n beplanningskomitee onder voorsitterskap van prof. Boshoff benoem word om nader op die saak in te gaan. Dit het in hoofsaak uit lede van die Toekomskomitee bestaan, maar het die registrateur en bykomende lede van die dosenteraad, asook buitelede van die senaat se uitvoerende komitee ingesluit.

Die nuwe komitee begin sy sitting op 14 Mei 1964 en gaan in die volgende weke grondig in op die kwessie van die universiteitsetel. Hy bly gedurig in voeling met die Randse universiteitskomitee en skakel ook met die stadsraad van Johannesburg oor 'n geskikte terrein in die stad. Die probleem van die universiteit se nie-blanke eksterne studente was 'n belangrike faktor in die komitee se beslissings. Eindelik is besluit dat dit die beste sou wees om 'n kantoor vir hulle in Pretoria te behou totdat die amptelike beleid uitgevoer word om hulle uiteindelik almal, interne sowel as buitemuurse of eksterne studente by die verskillende universiteitskolleges in te skakel. Origens beveel die komitee in sy eindverslag van September 1964 aan dat die hele universiteit na Johannesburg oortrek, maar sonder om sy korresponden-

siefunksie en sy tweetalige aard prys te gee. Die enigste meningsverskil was oor die terreinkeuse.

Die beplanningskomitee ondersoek die betreklike verdienstes van twee terreine. Die eerste, Emmarentia, in die westelike gedeelte van Johannesburg, is as die geskikste vir 'n suiwer stadsuniversiteit beskou. Die tweede terrein, by Bruma, naby Bedfordview aan die oorkant van die stad, bied weer besliste voordele as kampus van 'n universiteit wat hom sou rig tot die hele Witwatersrand en aangrensende blanke gebiede. Die Randse universiteitskomitee was nietemin sterk ten gunste van Emmarentia. Die raad stel toe 'n terreinkomitee aan om nader op die saak in te gaan.

Die komitee het sy ondersoek op sekere algemene beginsels aangelê. In die eerste plek is aangeneem dat die universiteit 'n konvensionele inrigting hoofsaaklik ten dienste van die Afrikaners van die Witwatersrand, Vanderbijlpark en Vereeniging sou wees. Ten tweede moes geen terrein gekies word wat geen uitbreiding toelaat nie. Ten derde moes die kampus maklik bereikbaar wees as setel van geleerdheid en as kultuursentrum. Ten laaste moes die woningbehoeftes van die bestaande doserende en administratiewe personeel besondere aandag geniet.

Na 'n grondige bestudering van die twee terreine, waarin prof. J. H. Moolman en sy departement Aardrykskunde 'n belangrike rol gespeel het, het die terreinkomitee die keuse van Bruma sterk aanbeveel. Die direkteur van die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne het daarmee saamgestem. Die stadsraad van Johannesburg was ook ten gunste daarvan en was gewillig om die universiteit te help om die nodige grond daar te kry. Die Randse universiteitskomitee het egter voet by stuk gehou en Emmarentia bly verkies.

Teen die einde van 1964 het die Universiteit van Suid-Afrika die regering begin druk om tot 'n besluit oor die trek na Johannesburg te kom, maar die minister van onderwys wou nie roer voor die terreinkwessie finaal opgelos is nie. Oor hierdie onopgeloste saak stel die departement van onderwys 'n komitee aan wat Emmarentia verwerp, hoewel 'n minderheidsverslag dit aanbe-

BAREND FREDERIK JANSE VAN RENSBURG is op 15 Desember 1910 op 'n plaas in die distrik Brandfort, Oranje-Vrystaat, gebore. Tot Standerd V is hy op 'n plaasskool, dan van 1923 tot 1924 in die dorpskool. Hy lê matrikulasie op Boshof af in 1928. Hy werk 'n tyd lank in 'n bank, sluit dan by die staatsdiens aan en word in die Natalse Provinsiale Administrasie geplaas. In 1933 is hy vir 'n kort tydjie werksaam in die departement Binnelandse Sake voordat hy oorgeplaas word na Unie-onderwys. In 1935 sluit hy by die universiteit aan as rekenpligtige assistent. In 1933 behaal hy B.Com., B.A. in 1937, Hons.-B.Com. met onderskeiding en M.Com. in 1952.

Hy word sekretaris van die afdeling Eksterne Studie met die stigting daarvan in 1946, en van 1 Oktober 1953 af is mnr. Van Rensburg waarnemende registrateur tot 1 Januarie 1955, toe hy registrateur word. Benewens registrateur is hy onder andere ook sekretaris van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad. In die beginjare van die eksternestudie-afdeling het hy ook deeltyds gehelp met doseerwerk.

Hy is tans die amptenaar met die langste diens aan die universiteit, en het uiteraard belangrike bydraes gelewer in verband met die administrasie en veral met die uitbou van die studie-afdeling met korrespondensie as onderrigmedium.

*Barend Frederik Janse van Rensburg, B.A., M.Com.*
*Waarnemende registrateur: 1.10.53–31.12.54*
*Registrateur sedert 1 Januarie 1955*



veel. Die minister nader ook prof. A. C. Cilliers, voorsitter van die universiteitsadvieskomitee, om op die geldelike aspek van die oortrek van die Universiteit van Suid-Afrika na Johannesburg in te gaan. Hier het nog 'n beswaar teen die verandering van setel aan die lig gekom. In sy verslag sê prof. Cilliers dat die projek selfs meer sal kos as die oprigting van 'n onafhanklike universiteit van Port Elizabeth op die fondamente van die Rhodes-universiteit se tak aldaar.

Teen dié tyd het die aandrang van Afrikaners in die politieke en die handelswêreld aan die Rand al sterker geword om 'n Afrikaanstalige universiteit in Johannesburg te vestig. Die blad *Dagbreek en Sondagnuus* verklaar onomwonde dat die algemene ontevredenheid aan die Rand oor die hele saak voortspruit uit die Universiteit van Suid-Afrika se aandrang op tweetaligheid in die Johannesburgse tak. Die terreinkeuse was dus nie die enigste struikelblok nie. Die Afrikaanse Sakekamer begeer ook die oprigting van 'n eentalige Johannesburgse universiteit vir Afrikaners, met 'n florerende buitemuurse afdeling. Die kamer is egter bereid om 'n tweetalige afdeling vir eksterne studente, maar nie vir nie-blankes nie, te aanvaar.

Die gety het sterk ten gunste van 'n aparte universiteit begin loop toe prof. Pauw weer op 19 Maart 1965 aan die minister skryf en 'n spoedige oplossing vra om die wolk van onsekerheid wat oor die Universiteit van Suid-Afrika hang, te verdryf. Hy beklemtoon weer die universiteit se vaste besluit om sy tweetalige aard in alle departemente te handhaaf, al sou Afrikaners seer seker die meerderheid in die voorgestelde afdeling wees.

Die toenemende aandrang op 'n Witwatersrandse universiteit met Afrikaans as enigste voertaal het groot gewig in die skaal gewerp toe die kabinet weer eens die universiteitskwessie bespreek het. Eindelik op 28 April 1965 maak die minister die wens van die kabinet bekend. As die universiteit na Johannesburg verhuis, sal hy verplig wees om net Afrikaans in sy interne onderrig te gebruik. Net in die eksterne afdeling, uiteindelik beperk tot blanke studente, sal die gebruik van albei landstale toegelaat word.

Dié besluit was in stryd met die universiteit se verklaarde be-

leid op 26 Junie. Op aanbeveling van die senaat en die dosenteraad spreek die raad sy spyt uit dat hy nie langer kans sien om 'n afdeling in Johannesburg te vestig nie. Maar as die volgende stap sou wees om 'n onafhanklike universiteit daar te vestig, sal die Universiteit van Suid-Afrika alles in sy vermoë doen om te help.

Dit is toe wat gebeur het. Op 4 Augustus verneem die rektor dat die kabinet besluit het om 'n tweede universiteit in Johannesburg te open met Afrikaans as voertaal in die onderrig. In sy brief bedank die minister die Universiteit van Suid-Afrika vir sy aangebode hulp en voeg „duidelik en ondubbelsinnig" by dat „u toekomstige taak net korresponderend en vir so lank as wat nodig eksaminerend sal bly".

Dit was die einde van 'n uitgerekte tyd van spanning – „one of the tensest epochs in the annals of the University", soos die rektor dit later beskryf het. As die verhuising plaasgevind het, sou dit na prof. Pauw se mening die grootste gebeurtenis in die geskiedenis van die hoër onderwys in Suid-Afrika gewees het. Aan die ander kant kon die stroom ten gunste van eentalige onderrig tog later onkeerbaar geblyk het, waardeur die tradisie wat die Universiteit van Suid-Afrika in twintig jaar opgebou het, kon verdwyn na gelang die korrespondensie-afdeling meer en meer na die tweede plek in die werk van die universiteit verskuif. Die meeste dosente en studente het die einde van die onsekerheid met vreugde begroet, want die voorgestelde verhuising was nie algemeen gewild nie. Een oud-student van die Universiteit van Suid-Afrika het namens baie gepraat toe hy die eerste minister in Maart 1965 versoek het om die hele gedagte aan 'n oorplasing na Johannesburg te veto, want dit sou na sy mening 'n onnodige tragedie wees, aangesien die universiteit in Pretoria 'n uitmuntende diens aan die hele gemeenskap lewer.

Die Randse Afrikaanse Universiteit het toe tot stand gekom, en die Universiteit van Suid-Afrika het in ruime mate gehelp. Prof. G. van N. Viljoen van die departement Klassieke Tale, wat 'n aansienlike rol in die lang debat oor die voorgestelde trek gespeel het, het die eerste rektor geword. Van sy kollegas in Pretoria wat

hom in vaste of tydelike hoedanigheid gevolg het, het baie van die ideale wat die ouer universiteit tot sukses gevoer het, met hulle saamgeneem. Die Universiteit van Suid-Afrika kon einde ten laaste 'n nuwe tydvak van uitbreiding op sy eie terrein betree.

# 14 *Die oop pad vorentoe*

Eindelik kon planne vir die toekoms beraam word sonder vrees vir 'n veto van bo af. Die universiteit bly in Pretoria, en sy posisie as erkende nasionale instelling is verseker. Hy kan inderdaad selfs as internasionale universiteit beskou word, en wel in groter mate as ooit tevore, aangesien sy studentekorps, hoewel soos altyd oorwegend Suid-Afrikaans, uit baie ver lande kom. Een belemmering was daar egter: die gebrek aan voldoende gebouruimte.

Die voorstelle in verband met 'n nuwe gebou is gedurende die onsekerheid van die vorige maande agterweë gehou, maar nadat die trek na Johannesburg van die baan gevee is, het die saak weer die dringendste probleem vir die onmiddellike toekoms geword. Die geboue in Skinner- en Prinsloostraat was nie meer groot genoeg vir die hele doserende en administratiewe personeel nie, en daar moes elders bygehuur word. Die ou Landbankgebou in Paul Krugerstraat is oorgeneem, hoofsaaklik vir die produksie-afdeling, en kantore is ook ingerig in die Presidentsentrum in Pretoriusstraat en later in die Ada Bisschoptehuis aan die biblioteekgebou in Skinnerstraat.

Huisvesting vir die departement Musikologie is in die gebou langs De Doorns gevind. Vroeg in die jare sewentig het die Universiteit van Suid-Afrika ook die Bourke-Trustgebou in Andriesstraat beset. Hierdie verspreiding van die personeel was lastig en ondoeltreffend. Buitendien het die jaarlikse huurgeld teen 1968 al oor die R72 000 beloop.

Daar was ook konferensie- en seminaarkamers nodig. Nie alleen het daar baie meer departementele en interdissiplinêre seminare



*De Doorns*

Nieteenstaande die aanbou van 'n vleuel aan die biblioteekgebou het akkommodasie in 1961 weer die dringende aandag van die universiteit geverg en is daar besluit om ook 'n vleuel aan die administrasiegebou te bou, maar voordat die bouery 'n aanvang geneem het, het die gedagte van 'n gekonsolideerde kampus êrens in die Fonteinedal ter sprake gekom. Die bouplanne is gestaak en akkommodasie is gehuur. Hierdie huur van kantore het 'n geweldige omvang aangeneem, want behalwe die ou Landbankgebou in Paul Krugerstraat is groot gedeeltes van die kantoorkompleks in die middestad gehuur vir studiedepartemente. Afgesien hiervan is die DE DOORNS-losieshuis in ruil geneem vir eiendom van die universiteit aan die noordekant van Skinnerstraat waarlangs die stadsraad 'n deurweg beplan het. Nog later is CLOGHEREEN, ook bekend as Bourkehuis, in St. Patricksweg aangekoop en albei die geboue is onmiddellik ten volle beset.

De Doorns se waarde word vandag bereken op sowat R90 000 en Bourkehuis op R350 000.

*Cloghereen*



plaasgevind nie, maar die dosente het ook al hoe meer 'n belangrike rol gespeel in die stigting en ontwikkeling van nasionale verenigings op verskeie gebiede, wat hulle vergaderings dikwels in Pretoria gehou het. Daar was beperkte ruimte vir studiegroepe en seminare van dosente, en vir sulke groot byeenkomste soos by die jaarlikse vakansieskool, wat teen 1971 reeds deur meer as 3 000 studente bygewoon is, moes onderdak buite die universiteit gevind word. Die Pretoriase Onderwyskollege en Bantoe- en Indiërhoërskole het die lesingkamers vir hierdie wintervakansiekursusse beskikbaar gestel. In 1973, die eeufeesjaar, het die Universiteit van Suid-Afrika uit Pretoria getrek en party van sy studente op ander plekke in die vakansieskool ontmoet, nie net in Pretoria nie maar ook in Kaapstad en Durban.

In dieselfde jaar is die gradeplegtighede ook in Kaapstad en Durban vir Kleurling- en Indiërstudente gehou, hoewel dit maar die verdere toepassing wasv an 'n beleid waartoe reeds besluit was. Grade en diplomas is jaarliks by die verbonde kolleges toegeken solank die universiteit akademies verantwoordelik was vir hulle. Tot in die laat jare sestig is die gradeplegtigheid vir blanke studente egter altyd in Pretoria se stadsaal gehou. Die ruimtenood het so hoog gestyg dat daar ongelukkig beperkings geplaas moes word op die getal besoekende vriende en familielede. In 1969 is die plegtigheid in die stadskouburg van Johannesburg gehou, met geslotebaantelevisie sodat almal die verrigtinge kon volg. Teen 1971 was dit nodig om twee plegtighede vir blanke studente te hou. Een is dié jaar in Pretoria en die ander een in die stadsaal van Germiston gehou. In 1972 is die gradeplegtigheid vir blankes weer in Pretoria by twee geleenthede in die stadsaal gehou.

Vir die Indiër- en Kleurlinggemeenskap is een plegtigheid by Laudium in Pretoria gehou. Bantoestudente het hulle grade by Ga-Rankuwa ontvang.

Teen dié tyd was die nuwe gebou op Muckleneukrant bokant die Fonteinedal byna voltooi. Dit het 'n pragtige uitsig oor die stad heen tot aan Magaliesberg in die verte. Dit is 'n grootse onderneming wat na verwagting sewe en 'n half miljoen rand

sou kos, maar dié skatting het weens die stygende koste te laag geblyk. In November 1965 is 'n fondsinsameling op tou gesit met drie en 'n half miljoen rand op die oog. Die Stigting Universiteit van Suid-Afrika is in die lewe geroep, bestaande uit universiteitsverteenwoordigers en vooraanstaande manne uit die handel en die nywerheid. Een van hulle, Jan S. Marais van Trust Bank, word voorsitter van die raad van kuratore. Die veldtog begin in Pretoria, waar die voorsitter, Reuben Rutowitz, 'n groot rol speel. Die beweging sprei vinnig uit na Kaapstad en Johannesburg. Tussen 1966 en 1970 is streeksveldtogte in Oos-Kaapland, Kimberley, die Witwatersrand, die Vaaldriehoek en die Oranje-Vrystaat op tou gesit. Ingevolge Wet 13 van 1964 is lidmaatskap van die raad uitgebrei tot verteenwoordigers van die skenkers en van die stadsraad van Pretoria.

Die rektor en personeellede het wyd en syd gereis om belangstelling op te wek. In 1966 word die klein skakelkantoor onder A. B. Cloete 'n aktiewe departement Ontwikkeling, met 'n inligtingsblad *Unisa-bulletin* om wyer reklame vir die universiteit te maak. Die eerste direkteur van ontwikkeling, L. C. Malan, is spoedig opgevolg deur A. P. Schutte. Tans staan J. E. M. Verwey aan die hoof.

Net soos in Pretoria is die streeksveldtogte baie aangehelp deur die geesdrif van vooraanstaande sakemanne. Theo Rood, wat 'n verteenwoordiger van die skenkers in die raad geword het, was in die Vaaldriehoek bedrywig en later in opvolging van Derek Scorer in Johannesburg. Die voormalige krieketspeler van Gloucestershire en Engeland, Wally Hammond, was voorsitter van Kimberley se komitee. Ander vooraanstaandes in die streeksveldtogte is F. van Kraayenburg in die Oranje-Vrystaat, J. D. Wrigley en J. M. Christopher in Kaapland en Chris Saunders in Natal. Handelsondernemings het mild gereageer, asook nywerheidsake, munisipaliteite en die algemene publiek. Teen die einde van 1969 het daar beloftes vir meer as drie miljoen rand binnegekom, waarvan omtrent R1 500 000 onmiddellik beskikbaar was vir bouwerk.

Die personeel en die studente het aanmerklike bedrae bygedra.

In 1965 word 'n studentevereniging in Johannesburg onder voorsitterskap van C. A. Jurgens gestig. Daar was gou takke oor die hele republiek en Suidwes-Afrika. Dosente besoek Windhoek om die lede aldaar toe te spreek. Die godsdienstige en kulturele leier, dr. William Nicol, wat op die gradeplegtigheid in 1966 die graad Doktor in die Lettere en Wysbegeerte (honoris causa) ontvang het, neem die erepresidentskap van die vereniging aan. Hy word opgevolg deur generaal-majoor sir Francis de Guingand, die eerste ere-vise-president. By die vakansieskool van 1968 word die Studentefonds Samuel Pauw gestig. Daartoe kon oud- en teenswoordige studente van die universiteit bydra. Die kanselier, dr. F. J. de Villiers, self 'n oud-student van die Universiteit van Suid-Afrika en 'n gulhartige ondersteuner van die ontwikkelingsveldtog, het 'n ruim skenking aan die studentefonds gemaak.

Nog 'n waardevolle bydrae tot die universiteit kom van Suidwes-Afrika, waar 'n fonds gestig is ter nagedagtenis van prof. J. P. VerLoren van Themaat, die skitterende juris wat so 'n belangrike rol in die Suidwes-Afrikasaak voor die wêreldhof in Nederland gespeel het. By sy dood in 1966 was prof. VerLoren van Themaat lid van die universiteit se departement Publiekreg. Die beheer oor die fonds is toevertrou aan 'n raad onder voorsitterskap van regter V. G. Hiemstra. Die bedoeling was om 'n sentrum vir die volkereg in die nuwe gebou in te rig. Dit het toe gebeur onder beskerming van die Instituut vir Buitelandse Reg en Regsvergelyking, wat in 1964 aan die universiteit gestig is.

Hoewel die bouprogram gestadig gevorder het, was daar 'n mate van onsekerheid in 'n ander aspek van die universiteit, nl. sy finansies. Die Cilliers-verslag het die universiteit wel op gelyke subsidievoet met die ander universiteite geplaas, maar die verwerping van sy volgende verslag oor die vyf jaar 1969 tot 1973 het 'n tydperk van aanmerklike geldelike onsekerheid ingelui. Dit is nog vererger deur die verwerping van die tussentydse verslag van die kommissie van ondersoek na universiteitsaangeleenthede in 1969. Hierdie kommissie, onder voorsitterskap van regter J. van Wyk de Vries, is in sy beraadslagings bygestaan deur prof. H. S. Steyn van die universiteit se departement Wiskundige

Statistiek. Hy is eers as vakkundige adviseur aan die kommissie toegevoeg en het later volle lid geword.

Dit was nie die enigste geval dat 'n lid van die universiteit se personeel buite opgetree het nie. Prof. M. L. Benade van die departement Handelsreg is as lid van die kommissie van ondersoek na die maatskappyreg aangestel en prof. F. E. Rädel van die departement Bedryfsekonomie in die kommissie wat die visserybedryf ondersoek het. Twee jaar later het lede van verskeie departemente in die staatskommissie van ondersoek na die fiskale en monetêre beleid gedien. Hulle was onder ander prof. D. C. Krogh van die departement Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis, sy kollega uit Nederland, D. W. Goedhuys, en A. F. van Niekerk van die departement Handelsreg. Hierdie twee kollegas van prof. Krogh is later tot professor by die Universiteit van Suid-Afrika bevorder.

Vroeg in 1970 het 'n groep onder leiding van prof. W. F. J. Steenkamp na Australië vertrek om skeepsbevragting, veral die stelsel van behouering, te bestudeer. Kort na sy aftrede in 1971 ontvang prof. Steenkamp die eredoktorsgraad in handel van die universiteit waar hy enige jare in die departement Ekonomie en die departement Bedryfsekonomie gedoseer het. Dieselfde toekenning is dié jaar gemaak aan prof. S. P. du Toit Viljoen, wat ook enige tyd aan die departement Ekonomie verbonde was. Prof. Marinus Wiechers van die departement Staats- en Volkereg is onder die ander wat hulle op buiteterreine onderskei het. Hy is gekies om in die voetstappe van sy leermeester, prof. VerLoren van Themaat, as lid van Suid-Afrika se span voor die wêreldhof in 1970 op te tree.

Verskeie dosente het erkenning gekry vir uitnemende prestasies in die akademiese sfeer. Onder hulle is prof. W. A. Joubert van die departement Privaatreg en G. van N. Viljoen, toe nog by die universiteit in die departement Klassieke Tale. Hulle het raadstoekennings vir leierskap en die bevordering van hulle vak ontvang by die promosieplegtigheid van 1966. Ander wat om hulle prestasies vereer is, is prof. B. A. T. Schneider, wat in 1965 die silwermedalje van die Goethe-instituut van Duitsland ontvang

het vir sy werk op die gebied van die Duitse taal- en letterkunde, prof. C. J. H. Schutte van die departement Chemie, die wenner van die Raikes-medalje in 1968, en proff. Benade van die fakulteit Regte en H. S. Cilliers van die departement Reningkunde, wat die volgende jaar die Toon van den Heeverprys van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns verower het. Die Akademie se Stalsprys is in 1965 toegeken aan prof. F. W. Blignaut van die departement Sielkunde en in 1972 aan prof. P. Smit van die departement Aadrykskunde. Die wiskundige statistikus, prof. H. S. Steyn, ontvang in 1970 die Havengaprys van die Akademie. In dié jaar word prof. A. S. Roux verkies tot president van die Sielkundige Instituut, prof. D. R. Beeton tot president van die English Academy of Southern Africa en prof. J. H. Moolman tot president van die Suid-Afrikaanse Aardrykskundige Vereniging. Prof. P. J. van der Walt is op besondere wyse vereer deur sy verkiesing as werkende lid van die Amerikaanse kriminologiese vereniging al is hy geen ingesetene van die Verenigde State nie.

Baie dosente het kongresse in die land en in die buiteland bygewoon. Onder hulle was prof. B. S. van As van die departement Naturelle-administrasie, wat die openingsrede gelewer het op die Wilton Park International Conference on Development Aid, gehou in 1970 in Sussex, Engeland. Vyf jaar vroeër was dr. J. F. Heyne die gas van die regsfakulteit van die Universiteit van Tokio, waar hy verskeie lesings oor die Suid-Afrikaanse handelsreg gehou het. Prof. A. M. T. Meyer van die departement Wysbegeerte, wat onlangs 'n vaste betrekking in Nederland aanvaar het, was in 1970 en 1971 besoekende professor aan die Rijksuniversiteit van Utrecht.

Die stigting van die Randse Afrikaanse Universiteit was nie die enigste oorsaak van die wegtrek van dosente na elders in Suid-Afrika nie. Prof. Rund van die departement Wiskunde het 'n leerstoel gaan beklee aan die Universiteit van die Witwatersrand, en prof. M. H. H. Louw van die departement Staatsleer is aangestel in die Jan Smutsleerstoel vir volkerebetrekkinge aan dieselfde universiteit. Nog iemand wat onderskeiding in die buite-

land verwerf het, is Vincent Brümmer van die departement Wysbegeerte, wat professor in die fakulteit Godgeleerdheid aan die Rijksuniversiteit van Utrecht geword het. Prof. Brümmer is die seun van N. J. Brümmer, lank hoogleraar in die wysbegeerte aan die Victoriakollege, later die Universiteit van Stellenbosch, en die kleinseun van prof. J. I. Marais van die teologiese seminarie aldaar. Sy vader en sy grootvader het albei die ou eksaminerende Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop gedien.

Die voortdurende uitbreiding van die Universiteit van Suid-Afrika en die vertrek van senior personeel het tot baie nuwe betrekkings van allerlei aard gelei. 'n Groot getal wat senior lektor of professor geword het, is uit die bestaande korps bevorder. Die Universiteit van Suid-Afrika kon darem ook vermaarde manne in tydelike hoedanigheid van ander universiteite lok. Onder hulle was prof. D. W. Krüger, 'n vooraanstaande geskiedkundige, wat na sy aftrede by die Potchefstroomse Universiteit tot die departement Geskiedenis toegetree het.

Hy het later hoofredakteur van die Suid-Afrikaanse Bibliografiese Woordeboek geword. So ook het prof. J. Chris. Coetzee van Potchefstroom en prof. C. K. Oberholzer van die Universiteit van Pretoria in die fakulteit Opvoedkunde gehelp. Prof. J. van den Berg van die Rijksuniversiteit van Leiden was die gas van die departement Sielkunde. In die eeufeesjaar kom prof. G. Cronjé oor na die departement Kriminologie, asook prof. J. C. de Wet van die fakulteit Regte. Prof. Cronjé het reeds in 1949 as hoof van die departement Sosiologie van die Universiteit van Pretoria kursusse in die kriminologie ingevoer. Hy is 'n besonder veelsydige man en het later die leerstoel in drama in Pretoria beklee. Prof. De Wet het sy hoë prestasies en langdurige ervaring aan die Universiteit van Stellenbosch saamgebring in diens van die fakulteit Regte as buitengewone hoogleraar.

Een aanstelling in die dosentekorps verdien besondere vermelding. Generaal J. P. Gous, wat sy universiteitsopleiding aan die Universiteit van Stellenbosch ontvang het, sluit in 1932 by die Suid-Afrikaanse Polisie aan en klim tot die rang van kommissaris. Kort na sy aftrede kom hy in 1972 oor na die universiteit se

departement Kriminologie onder prof. P. J. van der Walt. Generaal Gous het lank geveg om die professionele status van die polisiemag te verhoog. Die middel daartoe is 'n hoër onderwyspeil vir die polisie. Dit is gepas dat sy aanvaarding van die nuwe betrekking saamgeval het met die instelling van die graad baccalaureus in polisiewetenskap, die enigste van sy soort in Suid-Afrika.

Baie akademici uit ander lande het die Universiteit van Suid-Afrika besoek om lesings te hou of voeling tot stand te bring. Onder hulle is prof. M.R. Bonvalet, hoof van die Universiteit van Madagaskar, prof. Kathleen Atkinson, die klassikus van Queen's University, Belfast, prof. H.M.H.N. Irving van die departement Anorganiese Chemie aan die Universiteit van Leeds, en dr. Charles Malik van die Amerikaanse universiteit in Beirut, voorheen die Libanese minister van buitelandse sake en voorsitter van die algemene vergadering van die Verenigde-Volkeorganisasie.

Verskeie persone het nader ondersoek kom instel na die werk van die universiteit. In April 1969 lê dr. J. H. Barclay, direkteur van volkeopvoeding aan die universiteit van Edinburgh, hier besoek af. In sy reis om die wêreld het hy met talle inrigtings vir hoër onderwys in aanraking gekom. Hy slaan die prestasies van die Universiteit van Suid-Afrika besonder hoog aan en meen dat sy standaard baie gunstig vergelyk met dié van ander universiteite van naam. Die volgende maand besoek dr. Walter Perry, vise-kanselier van die Britse Ope Universiteit, toe in die oprigtingstadium, Pretoria saam met sy registrateur, A. Christodoulou. Sy doel was om die onderrigmetodes van die Universiteit van Suid-Afrika met die oog op die voorgenome plan van sy eie universiteit te bestudeer. Dr. Perry het beken dat hy baie geleer het en besonder geïmponeer was deur ontwikkelings op die gebied van die bedryfsekonomie en deur die voortreflikheid van die biblioteek. In 1972 kon die direkteur van eksterne studie van die Universiteit van Nieu-Engeland in Australië, Howard C. Sheath, ervaring op die gebied van afstandsonderrig met die rektor uitruil. Hy het die universiteit geprys oor die doeltreffende organisasie en die vooruitgang in die gebruik van moderne onderrigtegnieke.

Nog 'n besoeker uit die buiteland het in 1967 drie maande aan die Universiteit van Suid-Afrika deurgebring. Die verslag wat hy later uitgebring het, is van die grootste belang, sowel om die sorgvuldige en objektiewe waardering van die universiteit se werk as om die uitvoerige aanbevelings. Prof. Charles A. Wedemeyer, professor in die opvoedkunde in die William H. Lighty-leerstoel van die uitbreidingsafdeling van die Universiteit van Wisconsin, is deur prof. Pauw en die universiteitsraad genooi met die hoofdoel om die doeltreffendheid van ons metodes, werkwyse en organisasie te bestudeer en om sy oorwoë mening te gee oor die wenslikheid om moderne kommunikasie- en opvoedingsmedia in te voer.

Prof. Wedemeyer het veel te sê gehad wat hoogs komplimenteus vir die universiteit is, veral met betrekking tot die omvang van sy diens en die hoë standaard. Hy prys die leiding van die eerste hoof en sy opvolger, want die universiteit is in sy woorde „the very special creation of two dedicated men". In sy lang verslag wys hy egter op sekere tekortkomings en doen hy middele ter verbetering aan die hand. Hy meen dat die universiteit se onderrigpublikasies nouliks daarop bereken is om die leser aan te trek, al is die inhoud ook hoe goed. Veel kan gedoen word om die voorkoms te verbeter voordat dit ten opsigte van ontwerp, druk en papiergehalte die gelyke kan wees van die glansende universiteitsjaarblad *Unisa*. Prof. Wedemeyer besef egter dat die uitgee van lesmateriaal op so 'n groot skaal hoë produksiekoste meebring en is bewus daarvan dat die Universiteit van Suid-Afrika met 'n subekonomiese begroting werk.

Hy sien ook die probleem van vakansiekursusse in, wat toe tot 'n enkele reeks een maal per jaar op een plek beperk was. Hy maak kommentaar oor die moeilikheid van die biblioteek om studente op afgeleë plekke te bedien.

Hy erken dadelik dat die biblioteekpersoneel gedurig alles in hulle vermoë doen om die probleme te oorkom, maar baie kan nog gedoen word op die hele gebied van die verhouding tussen student en dosent ten einde dié bietjie ekstra raadgewing en hulp te bied wat die eksterne student so dikwels nodig het. Prof. Wede-

meyer meen egter dat die voortgesette groei sal lei tot nuwe benaderings van korrespondensie-onderrig en beveel in dié verband 'n program van studie deur die universiteit aan.

Dit sou die manne wat hulle lewe wy aan beplanning vir die toekoms nie veel gehelp het nie as prof. Wedemeyer net lof uitgedeel het. Baie van die sake wat hy geopper het, het reeds die ernstige aandag van die universiteitsowerheid geniet; almal is diepgaande ondersoek. Veel is sedert sy besoek bereik. Die gebruik van klankbande vir onderrig ter aanvulling van die geskrewe woord is een voorbeeld van die toepassing van moderne tegnieke. In 1968 is 4 000 aan studente uitgestuur en heelwat meer as 100 000 in 1972. Sedert prof. Wedemeyer se besoek is ook 'n buro vir universiteitsnavorsing onder prof. G. H. A. Steyn gestig om studenteprobleme en die indiensopleiding van dosente te ondersoek. Ten spyte van al die kritiek is dit tog bemoedigend om te weet dat 'n onpartydige waarnemer met wye ervaring op die gebied sy beskouings oor die universiteit in 1967 kon afsluit met die stelling dat dit een van die voorste inrigtings vir die onafhanklike student in die wêreld is en dat dit potensieel, indien nie inderdaad nie, die grootste van hulle almal is.

Ondertussen is die werk van die universiteit met onverminderde ywer voortgesit deur 'n personeel wat gestadig tot oor die duisend aangegroei het.

Daar is onvermydelik verliese gely wat meer as net verbygaande droefheid veroorsaak het. In Februarie 1969 verbreek prof. S. P. E. Boshoff 'n lang verbintenis met die universiteitsraad deur sy aftrede. Die universiteit het prof. Boshoff in die openbaar gehuldig toe daar aan hom en aan die vermaarde Vlaamse skrywer, Frank Lateur (Stijn Streuvels), in 1963 die eregraad Doktor in die Lettere en Wysbegeerte toegeken is. Sy plek as voorsitter van die raad is ingeneem deur Abraham Johannes Koen, 'n voormalige direkteur van onderwys in Transvaal, aan wie die universiteit in 1973 die eredoktorsgraad in die opvoedkunde toegeken het. Dit was een van verskeie eregrade waarmee persone van alle rasse in die eeufeesjaar bekroon is.

In 1967 ly die raad 'n swaar verlies deur die dood van prof.

J. P. van S. Bruwer van die Universiteit van Port Elizabeth in 'n vliegramp. Vier jaar later sterf dr. G. S. J. Kuschke van die Nywerheidsontwikkelingskorporasie in Johannesburg kort na sy bedanking uit die raad.

Die dosentekorps verloor ook verskeie uitnemende lede. J. W. Loubser van die departement Rekeningkunde kom in April 1968 om in 'n vliegongeluk by Windhoek. Dr. H. T. Gonin, 'n voormalige sendeling, wat toe dosent in die departement Statistiek was, sterf in Mei 1971. Nog twee sterfgevalle kom later in 1971 voor : dié van prof. B. J. Roux, hoof van die departement Staatsleer en Publieke Administrasie in November, en van dr. J. F. Heyne, senior navorsingsbeampte by die Instituut vir Buitelandse Reg en Regsvergelyking, die volgende maand.

Die onverwagte dood van Alewyn J. Vorster, hoofrekenmeester, in September 1967 was 'n swaar verlies vir die administrasie. Hy was in die diens van die universiteit van Maart 1945 af en in talle hoedanighede innig gemoeid met die ontwikkeling van die doseerafdeling. P. J. Viljoen het sy pligte oorgeneem, en 'n nuwe betrekking, finansiesbeampte, is geskep om die werk van die rekeningeafdeling te koördineer. Dié pos is gevul deur die voormalige direkteur van ontwikkeling, A. P. Schutte.

Die verandering was deel van die voortdurende uitbreiding en reorganisasie van die ingewikkelde administrasie van die universiteit. Die funksies van die departement Inligting is sterk uitgebrei en aan J. J. Brits opgedra. Hy het in 1972 as hoofadviseur oor studenteaangeleenthede afgetree. 'n Bykomende senior pos is toe ingestel en die diens opgedra aan M. B. Ferreira en M. H. Stockhoff. Nuwe tegnieke het nuwe afdelings meegebring. 'n Rekenaarsentrum is onder D. Scheepers ingestel, en programmeerafdelings is gestig. Hierdie belangrike aspek van die universiteit se werksaamhede is tans onder beheer van prof. R. H. Venter. 'n Taalpraktikum in verband met moderne taalaanleermetodes en 'n wetenskaplike taallaboratorium is ingerig en onder die sorg van prof. H. J. J. M. van der Merwe van die departement Afrikaans en Nederlands geplaas.

Eers is S. J. Marais as produksiebestuurder opgevolg deur

ABRAHAM JOHANNES KOEN is op 6 Julie 1903 te Brandfort, Oranje-Vrystaat, gebore. Hy gaan eers op 9-jarige leeftyd in 1912 skool toe en is tot 1918 leerling aan die laerskole op Wolwerand en Hartebeesfontein in die Klerksdorpse distrik, Transvaal. In 1919 is hy na Grey-kollege en lê in 1922 matrikulasie af. Na 'n jaar van boerdery is hy na Potchefstroom, waar hy $O_2$ in 1927, B.A. in 1928 en B.Ed. in 1942 behaal. Hy aanvaar hoofskap van die tweemanskool Valleispan, Sannieshof, en is later tot 1950 in dieselfde hoedanigheid aan die Laerskool Brakfontein verbonde.

Daarna is hy op Paardeplaas, toe aan die Intermediêre Skool Lagersdrift, later hoof van die Hoërskool Hartebeesfontein, waar hy self skool gegaan het, en nog later hoof van die Helpmekaar Hoër Seunskool.

Vir die grootste gedeelte van 1955 is hy lid van 'n driemanonderwys-sending wat 'n studie van gedifferensieerde middelbare onderwys in die buiteland maak.

In 1956 is hy aan die administrasie van Suidwes-Afrika geleen om as voorsitter van 'n onderwyskommissie te dien wat die onderwys in die gebied ondersoek en beplan.

Tussen 1957 en 1958 is hy adjunk-direkteur van onderwys in Suidwes-Afrika. In 1958 is hy in dieselfde hoedanigheid in Transvaal totdat hy in 1963 direkteur van onderwys word.

Hy het wye belangstelling; hy dien in 'n aantal direksies, in enkele as voorsitter; ook is hy voorsitter van die Adviesraad van Natuurbewaring, voorsitter van die Raad van die Nasionale Dieretuin, lid van die Raad vir Onderwys, Wetenskap en Tegnologie.

Hy is sedert Junie 1963 lid van die universiteitsraad en voorsitter van Februarie 1969 af. In 1973 ken die Universiteit van Suid-Afrika hom 'n ere-D.Ed. toe.

*Dr. Abraham Johannes Koen, B.A., B.Ed., D.Ed. (h.c.)*
*Raadslid van 29 Junie 1963 af*
*Voorsitter van die Raad sedert 8 Februarie 1969*



A. P. Schutte voordat die huidige hoof van die afdeling, J. J. Verheem, aangestel is. Die afdeling het nie alleen tred gehou met die toenemende vraag na studiemateriaal nie, maar het ook die druk van ander universiteitspublikasies onderneem. Teen 1971 het die afdeling meer as 30 miljoen bladsye lesings en 10 miljoen bladsye studiebriewe elke jaar gelewer. M. G. van Niekerk se versendingsafdeling was belas met die reusetaak om hierdie lesings en studiebriewe oor die hele wêreld uit te stuur.

Die Universiteit van Suid-Afrika het sy administratiewe verantwoordelikheid vir die eksamens van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad en vir die musiekeksamens behou. Die registrateur, B. F. J. van Rensburg, was sekretaris en W. H. le Roux ondersekretaris van hierdie gemeenskaplike afdeling. 'n Staande komitee van die raad, met buiteverteenwoordigers, het die musiekeksamens beheer en nog 'n komitee, bygestaan deur assessorlede het die spraakopleiding behartig. In 1967 tree prof. Roode as direkteur van musiek af. Hy word opgevolg deur H. J. Joubert, een van ons land se begaafdste musici. Hennie Joubert is bekend en hoog geag as begeleier en onderwyser en as bespeler van die orrel en die klavier. Hy was reeds lank een van die musiekeksaminatore van die universiteit. Die werk van die universiteit op die gebied van algemene musiekeksamens – heeltemal afgesonder van die akademiese onderrig in die departement Musikologie onder die nuwe hoof, prof. Bernard van der Linde – is van besondere waarde vir musiekonderwysers, vir wie daar jaarliks kursusse ingerig word.

Deur al die jare van prof. Pauw se bewind het die studentetal toegeneem. Teen 1968 was dit oor die 20 000, en vier jaar later het byna 30 000 mans en vroue hulle vir kursusse ingeskryf. In dieselfde tyd was daar 'n gestadige toename in die getal nagraadse studente. Teen 1971 het meer as 15% van die ingeskrewe studente gevorderde kursusse geloop. Die Universiteit van Suid-Afrika het in toenemende mate 'n universiteit vir seniors geword, soos die rektor dit uitgedruk het. In dieselfde jaar het sowat 3 000 studente wat vir algemene grade ingeskryf was, reeds elders 'n graad verwerf.

Die stygende neiging in die studentetal duur nog steeds voort. In die eeufeesjaar was die getal sowat 32 000.

Pogings om brandpunte van die universiteit se onderrig ook op plekke buite Pretoria te vestig, het voor 1973 maar sporadies voorgekom. By geleentheid is lesings en seminare in ander dorpe en stede gehou, maar die belangrikste is dat sekere administratiewe bande gesmee is. In 1966 is 'n takbiblioteek in Windhoek geopen, en die volgende jaar het die universiteit 'n streekskantoor in Kaapstad, sy historiese tuiste, ingerig. A. T. Laubscher is hier aan die hoof gestel. By sy terugkeer na Pretoria as komiteeklerk, het Charl Cillié by hom oorgeneem. Daar is ook 'n biblioteek in die Kaapse kantoor vir die gerief van die plaaslike studente ingerig, met telexverbinding met die hoofbiblioteek in Pretoria.

'n Aantal belangrike ontwikkelings het in die laaste jare van prof. Pauw se rektorskap plaasgevind. Een van die grootste suksesverhale het hom ontplooi na die stigting van die Skool vir Bedryfsleiding. Die inisiatief daartoe het van die private sektor gekom. In 1963 voer die Universiteit van Suid-Afrika samesprekings met sekere nasionale handels- en nywerheidsorganisasies. In hierdie onderhandelings neem die kanselier, dr. De Villiers, die rektor en prof. Rädel 'n leidende aandeel. Prof. Rädel se kollega, Georg Marais, word op 'n uitgebreide toer na Europa en die Verenigde State gestuur om die moontlikheid van doeltreffende leierskapsprogram onder die vleuels van die universiteit te ondersoek. As uitvloeisel van sy gunstige verslag word in 1964 besluit om 'n opleidingskursus binne die departement Bedryfsekonomie in te stel.

Aan die begin van 1969 word die Skool vir Bedryfsleiding 'n outonome liggaam binne die fakulteit Handel en Administrasie, met prof. Marais as direkteur. Die skool het sy eie raad, waarin die universiteit en die handelswêreld verteenwoordig is.


Prof. Marais is van die begin af bygestaan deur 'n sorgvuldig gekeurde personeel, en spesiale onderrigmetodes is vir dié besondere dissipline ontwerp. Die Skool vir Bedryfsleiding werk innig saam met soortgelyke inrigtings in die buiteland. Referente van oorsee is uitgenooi, en seminare is tot in Swaziland gehou.

Meesters- en doktorsgrade is in 1970 ingestel, en daar is begin met 'n gevorderde program vir uitvoerende leiers.

Onder die nuwe departemente wat meer onlangs gestig is, is die departement Kommunikasiekunde onder prof. F.W. Blignaut, voorheen van die departement Sielkunde. Die nuwe departement het tot stand gekom nadat die regering in 1968 die verslag van 'n ondersoekkomitee onder voorsitterskap van die kanselier, dr. De Villiers, aangeneem het. Prof. Blignaut was lid van dié ondersoekkomitee. Sy onverwagte dood aan die einde van 1972 was 'n swaar verlies vir die departement wat hy met soveel ywer tot stand gebring het.

In die vorige jaar is die fakulteit Sosiale Wetenskap, waarvan prof. Blignaut toe dekaan was, onder die fakulteit Lettere en Wysbegeerte tuisgebring, waardeur die aparte bestaan van meer as 'n kwarteeu beëindig is. 'n Algemene rasionalisasie van die fakulteitstelsel het hiertoe gelei. Die ses fakulteite, Lettere en Wysbegeerte, Natuurwetenskappe, Regte, Opvoedkunde, Godgeleerdheid, en Handel en Administrasie is behou maar met subfakulteite waar nodig. Departementsake is eers op subfakulteitsvlak oorweeg voordat die volle fakulteit daaraan aandag gegee het. Ander nuwe departemente was Rekenaarwetenskap onder prof. R. H. Venter, Bedryfsielkunde onder prof. I. van W. Raubenheimer, en Linguistiek, nou verbonde aan Afrikaans en Nederlands, onder die leiding van prof. H. J. J. M. van der Merwe en F. A. Ponelis.

Die skepping van nuwe departemente en die uitbreiding van die werk in ander het tot die invoering van nog grade en diplomas gelei. Daar is bv. grade in die biblioteekwetenskap, operasionele navorsing, die regte en die rekeningswetenskap ingestel, asook in bedryfsleiding en staatsleer. Nuwe sertifikate en diplomas is toegeken in die biblioteekwetenskap, die kriminologie, maatskaplike werk en die opvoedkunde. Gedurig is nuwe terreine betree. In die fakulteit Opvoedkunde is 'n diploma in kleuteronderwys ingestel en 'n kursus in spesiale onderwys aangebied. Spesiale onderwys is onderneem deur V. H. Vaughan van die departement Ortopedagogiek. Sy werk onder liggaamlik gestremdes het



Doserende Personeel 1947
Eerste Voltydse Doserende Personeel –
Eksterne Studie-afdeling 1947

*Eerste ry sittende (l. na r.): E. Davis, M.A.; J. Alb. Coetzee, M.A., D.Phil.; P.J. Coertze, M.A., D.Phil.; A.J.H. van der Walt, D.Phil. (direkteur); B.F.J. van Rensburg, B.Com., B.A. (sekretaris); H.J.J.M. van der Merwe, M.A., D.Litt.; D. de Villiers, B.A. (Hons.).*

*Tweede ry (l. na r.): C.B. Smit, M.A.; L.J. le Roux, B.Com., M.Sc.; K.D. Venter, M.A.; D.H. Cilliers, M.A., M.Ed.; C.F.J. Muller, M.A., D.Phil.; J.H. van der Merwe, M.Sc.; A.S. Roux, M.A.; H. Hofmeyr, C.A.(S.A.), A.C.W.A.; J.A. van der Walt, M.A.; E.F. Potgieter, B.A.*

*Agter: F.M.P. Oosterhof, M.A.*




*Foto hierbo:*

AKADEMIESE PERSONEEL is eers van 1946 af aangestel. In daardie jaar was die getal slegs 16, en is maar 'n beperkte aantal dissiplines gedoseer.

Die getalle is geleidelik uitgebrei; professore is aangestel en feitlik alle vakke met uitsondering van die vakke van die mediese-, die landbou-, die ingenieurs- en die veeartsenyfakulteit en enkele vakke van die fakulteit natuurwetenskap word tans gedoseer.

Aan die begin van 1972 is die akademiese personeel 506, van wie 101 professore is.






*Foto hieronder:*

Net ADMINISTRATIEWE PERSONEEL was tot 1946 voltyds aan die universiteit verbonde. Geen doseerwerk is gedoen nie, en al die werk soos registrasie van studente, die reël en afhandeling van eksamens van die eksterne studente – tussen 1918 en 1950/1 ook van studente van die universiteitskolleges – is deur die administratiewe personeel gedoen.

In 1873 was daar net die registrateur en 'n bode. Gedurende eksamentyd is van enkele tydelike persone se hulp gebruik gemaak.

In 1900 het die personeel bestaan uit 6 persone.

In 1946 was die afdeling van die registrateur 29 sterk en die Afdeling Eksterne Studie 13 lede.

Aan die begin van 1972 tel die administratiewe personeel 584.



reeds internasionale erkenning geniet. Nog 'n verering het hom te beurt geval toe die Universiteit van Suid-Afrika in 1973 na sy aftrede aan hom die graad Doktor in die Opvoedkunde *(honoris causa)* toeken.

Departemente het gegroei en gebloei. Alle projekte wat aan die gang gesit is, het net die een doel gehad: om die gehalte van die onderrig in die belang van hulle studente te verhoog. Juis hierdeur, en deur die inspanning van toegewyde dosente is die grootste invloed uitgeoefen en het die universiteit waardering ingeoes, nie net in Suid-Afrika nie maar ook in die buiteland. Die departement Semitiese Tale onder prof. J. J. Glück, 'n gebore Hongaar, het bv. deur sy uitnemende kursus in moderne Hebreeus selfs studente uit Israel self getrek.

Departementele en interdissiplinêre seminare is al hoe meer gereeld in die universiteit gehou, en verskeie nuwe departementele tydskrifte het die lig gesien.

*Unisa English Studies* verskyn in 1963 onder 'n effens ander benaming en word in 1964 gevolg deur *Dynamica,* die blad van die departement Bedryfsekonomie. Die volgende jaar gee die departement Skone Kunste die proefnommer van *De Arte* uit, 'n blad op hoë akademiese en estetiese peil. Dit verskyn gereeld sedert 1967 en is baie verskuldig aan die geesdrif van prof. Walter Battiss, hoof van dié departement van 1964 af tot aan sy aftrede in 1972. Hy ontvang die eredoktorsgraad in lettere en wysbegeerte van die universiteit in 1973 as erkenning van sy uitnemende bydrae tot die Suid-Afrikaanse kuns. Oor die laat jare sestig volg ander blaaie: *Limi* van die departement Bantoetale, *Mercurius* van die departement Ekonomie, *Kleio* van die departement Geskiedenis en *Ars Nova* van die departement Musikologie. Die eerste nommer van *Theologia Evangelica,* wat deur die fakulteit Godgeleerdheid uitgegee word, verskyn in April 1968. Daarby het lede van die fakulteit Regte die redaksieraad uitgemaak van die *Tydskrif vir regsvergelyking en volkereg in Suider-Afrika.* Die buro vir marknavorsing het ook onlangs begin met die publikasie *Marknavorsing.* Ander publikasies, nie bepaald in departementsverband nie, is deur dosente op tou gesit. Prof.

H. J. J. M. van der Merwe het 'n groot rol gespeel in die totstandkoming van die taalkundige blad, *Taalfasette,* en proff. Glück en Eybers het die jaarblad *Semitistiek* gestig. Hierdie en die universiteit se eie publikasies het 'n leserskring ver buite die universiteit self verwerf.

Sekere departemente het ook werk van internasionale belang op hulle gebied aangepak. In 1966 gee die departement Geskiedenis 'n waardevolle gids vir historiese navorsing uit: *Select Bibliography of South African History* onder redaksie van proff. C. F. J. Muller, F. A. van Jaarsveld en Theo van Wijk. Die redaksie het ruim geput uit die kennis van spesialiste op verskeie vakgebiede binne sowel as buite die land. Voor verskyning is al planne beraam om die publikasie deur middel van supplemente by te hou. Ander projekte is dié van prof. Beeton en mej. Helen Dorner van die departement Engels in verband met die *Index of English Usage in Southern Africa* en die gesamentlike projek van die departement Romaanse Tale en van Afrikaans en Nederlands om 'n Portugees-Afrikaanse woordeboek saam te stel.

Die biblioteek het aangehou groei. In iets meer as tien jaar na sy oorplasing na die gebou op die hoek van Skinner- en Vanderwaltstraat was daar al sowat 'n kwart miljoen dele op die rakke. Die personeel, onder H. Zastrau en sy opvolger S. J. Malan, het 'n aantal spesiale versamelings opgebou, o.a. 'n diskoteek, 'n verskeidenheid materiaal in mikrovorm en 'n uitgebreide reeks staatspublikasies uit baie dele van die wêreld. Soos in die verlede is die boekebesit nie alleen deur die jaarlikse aankoop nie maar ook deur skenkings aangevul. Daaronder is 'n versameling Duitse Africana geskenk deur dr. A. O. Hesse, die gemoedelike dosent in die departement Duits, wat in 1972 afgetree het, asook boeke geskenk deur prof. S. P. E. Boshoff en die regering van Spanje en van die Argentynse Republiek. Daarby het die bekende Pretoriase uitgewer en liefhebber van boeke, J. L. van Schaik, sy waardevolle biblioteek in 1965 aan die universiteit bemaak. Regsboeke is apart ondergebring by die fakulteit Regte en die Instituut vir Buitelandse Reg en Regsvergelyking. Hierdie versameling is ook verryk deur milde skenkings, o.a. van die



Die tiende RAAD van die Universiteit van Suid-Afrika (1970–1974) bestaan in 1971 uit tien lede deur die staatspresident aangestel, vier verteenwoordigers van die universiteitsenaat, twee hoofde van ander Suid-Afrikaanse universiteite genomineer deur die komitee van universiteitshoofde, twee verteenwoordigers van die konvokasie en twee van die donateurs, twee lede deur die stadsraad van Pretoria genomineer en die rektor van die universiteit.

Sedertdien is die wet weer eens verander sodat die twee verteenwoordigers aangewys deur ander universiteite verval het.

Universiteitsraad 1971

*Voor (l. na r.): Ds. G.J. Davidtz; dr. J. Hurter; dr. J.S. Marais; prof. H.J.J. Bingle; mnrr. A.J. Koen (voors.); prof. S. Pauw; regter V.G. Hiemstra; mnr. I.T. Meyer; prof. C.M. van der M. Brink.*

*Agter (l. na r.): Prof. W.A. Joubert; mnr. L.F. Rive; genl. H.B. Klopper; dr. J.P. Kearney; prof. O.P. Horwood; mnr. Theo Roodt; prof. T. van Wijk; prof. J.H. van der Merwe; mnr. J.H. van Dyk; prof. H.J.J.M. van der Merwe; dr. E.F. Potgieter.*

*Inlas: Dr. G.R. Bozzoli; mnr. H. Goldberg; dr. A.D. Wassenaar.*

Portugese regsgenootskap en die Franse en die Japanse regering.

Die biblioteek en die departement Biblioteekwetenskap is naderhand volkome geskei. Prof. S. J. Malan, wat hoof van die biblioteek sowel as van die departement was, het die biblioteek oorgegee aan J. Willemse en verantwoordelikheid vir die departement behou. In Julie 1973 het die universiteit 'n eredoktorsgraad in biblioteekwetenskap toegeken aan prof. Herman Jan de Vleeschauwer, wat baie gedoen het om die departement tot stand te bring.

Die afsluiting van die debat oor die Johannesburgse universiteit is gevolg deur jare van intense bedrywighede, wat 'n swaar las op die rektor se skouers geplaas het. Hy moes nie alleen oor die daaglikse bestuur van die reuse-inrigting toesig hou nie, maar ook baie tyd en kragte wy om die universiteit gedurig onder die aandag van die publiek te hou onderwyl die nuwe gebou op Muckleneukrant begin vorm aanneem het. Prof. Pauw se taak is enigermate verlig toe daar besluit is om van 1969 af 'n lid van die dosentekorps telkens vir 'n jaar as assistent van die rektor aan te wys. Prof. S. J. Malan het in dié hoedanigheid die eerste jaar opgetree, opgevolg deur prof. Marinus Wiechers van die fakulteit Regte en prof. J. C. G. Janse van Vuuren van die fakulteit Opvoedkunde.

In 1967 het die „nuwe" Universiteit van Suid-Afrika – die doserende universiteit vir duisende wyd verspreide studente oor die hele wêreld – mondig geword. Hy het reeds groot lof en die erkenning van sy status van die komitee van universiteitshoofde verkry, want in 1966 word prof. Pauw as voorsitter van die liggaam verkies, 'n amp wat hy twee jaar lank beklee het. In dié tyd word die registrateur ook die sekretaris van die komitee. Die tyd het aangebreek om die ou stelsel van voogdyskap oor die universiteit te beëindig, want hy het nie meer die hulp en leiding van buitestaande vakmanne in die vergaderings van sy raad en senaat nodig gehad nie.

Die universiteit ontvang 'n nuwe bedeling by Wet 53 van 1967. Die hoofde van ander universiteite of hulle verteenwoordigers het nie meer sitting in die raad nie. In die plek daarvan

stel die komitee van universiteitshoofde twee uit eie geledere aan in 'n nuut saamgestelde bestuursliggaam. Binne 'n paar jaar het selfs hierdie mate van beheer weggeval. Vir sover dit die senaat betref, het dit die Universiteit van Suid-Afrika vrygestaan om self buitestaande adviseurs in te roep as dit nodig is om professore en departementshoofde te help. Nog 'n skakel met die verlede is met hierdie wetgewing verbreek. Die universiteit het in alle opsigte 'n doserende universiteit geword, sodat die woord „studie-afdeling" sinneloos geword het en dus in die wet weggeval het.

In 1971 besluit prof. Pauw om as rektor af te tree. In Februarie die volgende jaar stel die raad prof. Theo van Wijk van die departement Geskiedenis en voormalige dekaan van die fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan as opvolger. Prof. Pauw tree aan die einde van Maart 1972 uit, en die derde rektor van die Universiteit van Suid-Afrika aanvaar diens op 1 April.

'n Paar maande later stel die raad twee vise-rektore in vaste hoedanigheid aan. As sodanig aanvaar prof. F. E. Rädel van die departement Bedryfsekonomie en prof. H. S. Steyn van die departement Wiskundige Statistiek op 1 Augustus diens.

Teen dié tyd het die universiteit sy indrukwekkende nuwe gebou op Muckleneukrant betrek. Die eerste departemente het al die vorige Junie hulle ou kantore in die middestad ontruim. Die gebou is deur die argitekte Brian Sandrock en T. Neethling ontwerp en bevat baie kantore, 'n pragtige gehoorsaal, konferensie- en seminaarsale en 'n ten volle gerekenariseerde biblioteek. Daarby bied 'n daksterrewag unieke geleentheid vir die beoefening van die sterrekunde aan 'n universiteit in Suid-Afrika. Die treffendste kenmerk van die gebou is die lang uitsteeksel uit die kruin van die heuwel, gedra deur 'n reusestaalbalk op 'n massiewe suil. Toe die gebou sover was, is op 28 November 1968 'n spesiale plegtigheid gehou waarby die eerste minister, sy edele B. J. Vorster, die suil onthul het.

Nog 'n welkom toevoeging tot die kompleks is die volgende jaar verkry deur die aankoop van die aangrensende eiendom, Cloghereen, van die Bourke Trust. Hierdie pragtige huis aan die heuwelhang, met sy koel vertrekke en breë veranda en sy



THEO VAN WIJK is op 12 November 1916 te Kuilsrivier, Kaapprovinsie, as seun van ds. A.J. van Wijk en kleinseun van ds. Charles Murray gebore. Hy kry sy opleiding aan die Hoërskool Franschhoek en gaan daarna na die Rhodes-universiteitskollege, waar hy B.A. in 1937 met onderskeiding in geskiedenis en Duits behaal. Hy verwerf die universiteitsonderwysdiploma in die eerste klas in 1941 en M.A. met lof in Geskiedenis in 1945.

In 1939 word hy die eerste permanente argivaris in Windhoek, Suidwes-Afrika. Van 1942 beklee hy 'n aantal onderwysbetrekkings, en tussen 1945 en 1947 is hy lektor aan die Rhodes-universiteitskollege. In 1948 aanvaar hy 'n soortgelyke pos aan ons universiteit; word senior lektor in 1954 en professor in 1961. Gedurende 1969 neem hy waar as rektor.

Hy het veral Europese geskiedenis gedoseer en het lang tye navorsing in Londen, Parys en Den Haag gedoen. Tans is hy besig met 'n ondersoek na die plek van die Kaap in die Europese politiek tussen 1780 en 1806.

Professor van Wijk het raadslid geword op 1 April 1969 en rektor op 1 April 1972.

*Prof. Theo van Wijk, M.A.*
*Dekaan fakulteit Lettere en Wysbegeerte 1966–1970*
*Raadslid van 1 April 1969 af*
*Rektor sedert 1 April 1972*

uitsig oor groen grasperke, is omring deur 'n tuin met die mooiste inheemse bome en struike in Transvaal. Dit was die huis van die voormalike maatskappydirekteur, Myles Esmond Bourke, en sy vrou, Marguerite. Dit is nou ingerig as 'n waardige rektorswoning.

Die universiteit se nuwe gebou is op 14 April 1973 amptelik deur die staatspresident, sy edele J. J. Fouché, geopen. 'n Uitgebreide program van konserte, uitstallings en kongresse is ook gereël om die eeufees te vier. In 'n tyd toe die universiteit teruggedink het aan sy beskeie begin in die koloniale tydperk, was dit besonder gepas dat hy 'n eredoktorsgraad in administrasie toegeken het aan 'n afstammeling van sy eerste vise-kanselier, sir Langham Dale. Die ontvanger, Langham Dale Murray, het egter ook 'n persoonlike aanspraak op die eer gehad, want hy het die universiteit baie jare toegewyd gedien en dit met wysheid as registrateur gelei toe die afdeling eksterne studie uit die federale smeltkroes voortgekom het.

Een honderd jaar gelede is die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop as eksaminerende raad met die opskik van 'n universiteit gestig. Hy het, tot aan die einde van sy dae geen eie tuiste gehad nie. Hy het geen taal behalwe Engels gepraat nie; hy het baie vrae gevra, maar geeneen beantwoord nie. Net een maal in die jaar het hy uit sy skemerbestaan voor 'n bewonderende publiek opgetree om met alle plegstatigheid grade en diplmoas toe te ken aan dié wat bestand was teen die inkwisiteurs wat gehuur was om vas te stel hoeveel kennis die studente elders opgedoen het. Sy raad het bestaan uit regeringsbenoemdes en die verteenwoordigers van sy gegradueerdes; sy vise-kanselier was 'n deeltydse beampte; en sy administrasie was lank in die hande van een man, die registrateur.

Vyftig jaar gelede was die ou universiteit se voortsetting in Pretoria die kern van 'n groep kolleges waarin sy intellektuele lewe saamgetrek was. Die gehuurde kamers waarin hy sy werk gedoen het, het hom nog steeds baie sterk na 'n eksamenfabriek laat lyk, hoewel sy administratiewe funksies uitgebrei het. Die vise-kanselier het nog nie sy volle aandag aan die sake van die

Byna honderd jaar na sy totstandkoming het die UNIVERSITEIT SE EIE GEBOU op 'n eie groot kampus verrys.

Sowat 34 jaar het die Universiteit van de Kaap de Goede Hoop huisvesting in Kaapstad gehuur. In 1907 is 'n eie gebou betrek, maar 'n dekade later het die universiteit na Pretoria verhuis en moes daar weer in gehuurde kantore ingetrek word. Eers in 1953 is 'n eie gebou weer bekom, maar dit was gou te klein, en huisvesting moes bygehuur word.

In Junie/Julie 1972 is die nuwe gebou op 'n groot kampus op Muckleneukrant betrek – 'n sierlike en doeltreffende gebou wat in die omgewing van 10 miljoen rand kos.

Die eerste raadsvergadering in die nuwe gebou is op 17 Junie gehou en die eerste senaatsvergadering op 1 September 1972.

*Universiteitsgebou, Muckleneukrant, Pretoria (op keersy)*





universiteit gewy nie, maar die registrateur het darem 'n klein klerklike personeel gehad om hom te help. Die raad was ook 'n breër verteenwoordigende liggaam met 'n akademiese senaat en 'n fakulteitsorganisasie. Engels was nie meer die enigste taal nie, want die universiteit het eindelik tot die besef gekom dat Hollands en Afrikaans gelyke aanspraak het.

Vir die meeste studente was die universiteit 'n blote abstraksie. Hulle het gevoel dat hulle trou verskuldig is aan die een of ander kollege, geleidelik op pad na onafhanklikheid. Net die verspreide eksterne studente was direk verbonde aan die universiteit, maar hy het hulle niks geleer nie en hulle beskou as indringers op die gebied van die hoër onderwys.

Vandag, nog vyftig jaar later, oorsien die Universiteit van Suid-Afrika uit sy hoë stoel op Muckleneukrant 'n geweldige studentemassa in alle dele van die Republiek en ook ver buite die landsgrense. Hy is nie meer 'n eksamenmasjien nie en het 'n vennootskap van leermeesters geword, almal toegewy aan die ideaal om die kennisgrense deur studie en navorsing op talle terreine verder te skuif. Binne iets meer as 'n kwarteeu is die universiteit omgevorm van die onbeduidende kern van 'n ontbindende federasie van samestellende kolleges tot 'n inrigting met 'n unieke funksie en 'n vaste plek in die gemeenskap wat hy dien. Hy het eindelik 'n ware universiteit geword.

Twee manne van visie het die Universiteit van Suid-Afrika groot gemaak. Andries Jacobus Hendrik van der Walt het die moontlikhede gesien en sy talle teenstanders met kenmerkende deeglikheid en vasberadenheid beskaam deur eksterne universitêre studie 'n werklikheid vir duisende te maak. Met die gewillige bystand van 'n handvol toegewyde geleerdes het hy die fondamente van 'n doserende universiteit in die afdeling Eksterne Studie gelê. Samuel Pauw het voortgebou. Hy het vir die universiteit meer as net meewarige aanvaarding verower, maar inderdaad volkome erkenning. Hy het geveg om die aard van die universiteit as tweetalige inrigting vir studente van alle rasse te behou. Deur sy dryfkrag en vasberadenheid het hy die inrigting 'n nasionale universiteit van die eerste rang gemaak.

In die nuwe tuiste wat deur sy onverdrote arbeid verrys het, sal die Universiteit van Suid-Afrika onder die leiding van sy opvolger, prof. Theo van Wijk, met vertroue die taak van die komende jare tegemoetgaan en daardeur die geloof van die stigters, wat nooit voor moeilikhede op hulle pad vorentoe geswig het nie, regverdig.

# Bladwyser


Aardrykskunde, Departement 228, 234, 238, 290, 313, 321, 343, 356
Aardrykskundige Vereniging, Suid-Afrikaanse 356
Aberdeen, Skotland 103
*Acta Classica* 320
Ada Bisschoptehuis 349
Adamskollege, Natal 262
Adamson, J.C. 2
Adamson, J.E. 99, 111, 147, 150, 154, 158, 160–162
Adamsonkomitee 163
Administrasie; *Sien* Handel en Administrasie
Administrasiegebou, Pretoria 320, 324
Administrateur 326
Administratiewe personeel 369
Afrika-instituut van Suid-Afrika 321
Afrikatale 319
*Afrikaans en Nederlands* 150, 228, 234, 313, 361, 366, 371
Afrikaans/Portugese Woordeboek 371
Afrikaanse Sakekamer 346
Afrikaanse taal 51, 79, 82, 134, 135, 140, 151, 162, 181, 184, 185, 210, 228, 255, 263, 272, 327, 330–348, 382
Afrikaanse Universiteitsbeweging, Witwatersrand 330–348, 374
Afrikanerbond 87
Afrikaners en tradisie 37, 42, 80, 83, 87, 89, 120, 128, 129
Albany-museum 57
Alexander, Kreine 211
Algemene Universiteit van Suid-Afrika, idee 112
Alice 172
Allpass, B.M. 270
Amerikaanse Antropologiese Universiteit 74
Amerikaanse Kriminologiese Vereniging 356
Amerikaanse Universiteit, Beirut 358
Amsterdam, Gemeentelike Universiteit van 120, 327
Anderson, C. 63
Andriesstraat, Pretoria 349
Anglikaanse Kerk 2, 9, 18, 19, 36, 50, 57, 74, 79, 106, 222
Anglo-Boereoorlog 42, 86, 94, 117, 228
Antropologie 229, 235, 319
Antropologiese Museum 319
Apteekwese 296
Arcadia, Pretoria 324
Argentynse Republiek 371
Arndt, E.H.G. 206
Arndt, W.F.C. 155
*Ars Nova* 370
Arthur William Patrick Albert, Graaf van Connaught en Strathearn 75, 117, 121, 126, 127, 154, 180
Assessorlede 107, 159
Associated Board of the Royal School of Music 43, 159, 162, 265, 268
Astronomie 2, 75, 319, 375
Atheneum, Kaapstad 2
Atkinson, Kathleen 358
Atteridgeville, Pretoria 262, 326
Australië 69, 355, 358

Australië, Nasionale Universiteit
van 288

Badnall, H. 36, 38, 39, 42, 82
Ballinger, Margaret L. 287
Baltimore 131
Bantoeadministrasie; *Sien* Naturelleadministrasie
Bantoes, Onderrig vir 15, 18, 54, 55, 189, 207, 215, 243, 255, 262, 263, 284, 300, 301, 326, 327, 352
Bantoetale, Departement van 229, 289, 324, 370
Barclay, Dorothy 51
Barclay, J.H. 358
Barker, W.F. 159, 226, 279, 281, 282, 284, 292, 296
Barclay, H. 27, 69
Barnard, S.P. 181
Barter, C. 79
Barter-kommissie 79
Barth, K. 318
Basoetoland; *Sien* Lesotho
Bataafse Republiek 1
Battiss, W.W. 370
Baumgarten, H.W. 163, 185
Beattie, J.C. 62, 104, 105, 107, 110, 134, 135, 141
Beck, J.H. Meiring 43
Beckett, C.F. 277
Bedfordview 343
Bedryfsekonomie, Departement 234, 319, 355, 358, 365, 370, 375
Bedryfsleiding 366
Bedryfsielkunde 366
Beeton, D.R. 313, 356, 371
Behouering 355
Beirut 358
Beit, A. 98, 100, 101, 112, 133, 135, 137
Beit-skenking 98, 100, 133, 137
Beit, O.J. 69, 101, 121, 131, 132, 134
Belfast, Noord-Ierland 31, 130
België 234, 292, 315, 360
Bell, S.S. 36
Benade, M.L. 314, 355, 356
Benoni 301
Beplanningskomitee 342, 343
Berea, Durban 222
Berlyn 290
Bermuda 93
Berry, W. Bisset 110
Besselaar, G. 180, 198
Betaling volgens resultate 15
Bethlehem, Oranje-Vrystaat 227
Betsjoeanaland; *Sien* Botswana
Beurse 8, 14, 24, 51, 80, 81, 82, 84, 90, 91, 96, 117, 120, 140, 177, 198, 255
Bews, J.W. 150, 158, 159, 189, 206
Beyers, C.F. 120
Biblioteek 2, 238, 249, 272, 276, 291, 306, 321, 358, 359, 365, 371, 374, 375
Biblioteekgebou, Pretoria 320–324, 349, 371
Biblioteekwetenskap 291, 320, 326, 366, 374
Bibliotekaris 236
Biologie 319
Birmingham, Universiteit van 95
Bisschop, A.D.R. 181, 184
Blignaut, F.W. 314, 356, 366
Bliss, Anna E. 55, 150
Bloemfontein 19, 79, 82, 83, 85–87, 91, 92, 99, 100, 103, 111, 113, 120, 136, 150, 151, 155, 158, 159, 180, 184, 188, 198, 210, 214, 230, 259, 280, 281, 290, 315, 316
Bodkin, A.A. 57
Boezaart, T.P.S. 155
Boksburg 235, 242, 326, 330, 331
Bombaai, Universiteit van 8
Bond, W.P. 151
Bonn, Universiteit van 314
Bonvalet, M.P. 358
Boshoff, S.P.E. 120, 150, 198, 219, 248, 262, 282, 303, 307, 325, 334, 336, 337, 342, 360
Bosman, H.S. 111, 133
Botha, C. Graham 180
Botha, L. 75, 99, 113, 132
Botha, M.C. 151, 180, 204, 205
Botswana 172, 203
Botswana, Lesotho, Swaziland, Universiteit van 203
Bourke-huis; *Sien* Cloghereen
Bourke, Marguerite 378
Bourke, Miles E. 378
Bourke Trust 375
Bourke-Trustgebou, Pretoria 349
Boyd, L.L. 219
Brady, J.H. 56, 63
Braid, W.E.W. 22

Brakpan 235
Brand, J.H. 18, 82
Brebner, J. 19, 31, 82, 85
Bremer, K. 193
Brill, J. 79, 82, 91, 99, 103, 110
Brinckner, P.H. 75
Brink, C.P. 159
Brink, W.D. 222
British Education in Lourenco Marques 214
Brits, J.J. 236, 293, 361
Britse besetting van die Kaap 1, 82
Britse Vereniging ter Bevordering van die Wetenskap 75, 95, 176
Brittanje; *Sien* Engeland
Broederbond 155
Brooke, R. 106
Brookes, E.H. 159, 168, 176, 192, 193, 199, 207, 218, 222, 262, 288
Brookes-kommissie 192, 193, 222, 277
Brooks, T. Warwick 22
Broom, R. 75
Bruma, 343
Brümmer, N.J. 357
Brümmer, V. 357
Bruwer, J.P. van S. 361
Bryan, H. 150, 168, 186, 187
Buchanan, E.J. 24, 69, 72, 73, 98, 110, 146, 163, 177
Buchman, F. 188
Builepes 92
Buitelandse Sake, Minister van 230
Buitemuurs 199, 297, 335, 346
Burchell, F.B. 159
Bureaustraat, Kaapstad 68
Buro vir maatskaplike en opvoedkundige navorsing 307
Buro vir marknavorsing 319, 370
Buro vir Rasse-aangeleenthede, Suid-Afrikaanse 306
Buro vir universiteitsnavorsing 360
Burgersdorp 19, 22, 92
Burgerspark, Pretoria 235
Bush, S.F. 296
Butler, G. 255
Buxton, Sydney Charles, burggraaf 75

Cachet, J. Lion 92, 111
Cambridge 88, 92, 93, 195
Cambridge, Universiteit van 3, 14, 88, 93, 95, 173, 176, 315
Cameron, J. 18, 20, 21, 26, 36, 37, 63, 75, 84
Campbell, R. 103, 255
Campbell, S.G. 103
Canberra 288
*Cape Argus* 26, 55, 56, 69, 83, 135, 210
*Cape Times* 69, 74, 131, 135
*Cape University Gazette* 54
Cardiff 129, 134
Carnarvon, graaf; *Sien* Herbert, Henry Howard Molyneux
Carnegie-korporasie 154, 188, 321
Carnegie Corporation Visitors' Grants Committee 154, 188
Central Junior High School, Pretoria 228
Chalmers, J.A. 51
Chalmers-prys 51
Chamberlain, J. 95
Changuion, A.N.E. 14
Changuion, Akademie van 14
Chemie 101, 103, 234, 318, 319, 324, 356, 358
Chemiese Instituut, Suid-Afrikaanse 325
Childe, G.F. 14, 18, 22, 37
Christian Brothers' College, Kimberley 159
Christiana 222
Christodoulou, A. 358
Christopher, J.M. 353
Churchill, W.S. 228
Cillié, C. 324, 365
Cillié, G.G. 141
Cilliers, A.C. 333, 346
Cilliers, D.H. 231, 291, 292, 315, 316
Cilliers, H.S. 356
Cilliers, J.A. 290
Cilliers-verslag 333, 334, 354
Clark, H. 158
Clark, R.D. 85
Cloete, A.B. 353
Cloghereen 351, 375
*Codicillus* 320
Coertze, P.J. 229
Coetser, L. 324
Coetzee, J.A. 229
Coetzee, J. Chr. 158, 231, 291, 357
Coetzenburg 135
Cole, A.W. 4
Congregational Church 55

Connought en Strathearn, hertog van; *Sien* Arthur William Patrick Albert
Cork, Ierland 130
Cornell-universiteit 102
Cornwall en York, hertog van; *Sien* George V, Koning
Cornwall en York, hertogin; *Sien* Mary, Koningin
Cornwall-en-Yorkprys 51
Corstorphine, G.S. 137, 158, 168
Cory, G.E. 57, 96, 154, 250
Cosser, W. 297, 318
Crause, H.L. 290
Crawford, L. 62, 104, 106
Croll, A. 51
Croll-gedenkbeurs 51
Cronjé, G. 357
Currey, R.F. 159
Currie, D. 51, 66, 67, 69

Dagbestuur 251, 277, 292, 342
*Dagbreek en Sondagnuus* 346
Dale, L. 6, 7, 8, 9, 22, 26, 36, 37, 54, 56, 57, 62, 83, 87, 88, 378
Dale-kommissie 8, 9, 27, 31
Dalrymple, J.W. 137
Davey, A.M. 312
Daveyton 301
Davie, T.B. 301
Davies, C. Maurice 74
Davis, E. 231, 243, 291, 313
*De Arte* 370
De Beers-diamantmyn-maatskappy 43, 90, 121
De Doorns 324, 349, 350
De Guingand, F.W. 350, 354
Dekker, G. 281
Dekker, H.P. 320
De Klerk, J. 334, 335
Demobilisasie, Direkteur van 177
Dendy, A. 104
Denison, R.B. 103, 150, 180
*Denny's Student Library* 249
Dent, C.P. 227
De Villiers, Anna J.D. 154, 185
De Villiers, D.J. 230, 238, 291, 292
De Villiers, F.J. 325, 354, 365, 366
De Villiers, John Henry, baron 24, 26, 27, 30, 36, 75, 85, 100
De Villiers, M. 133, 141
De Vleeschauwer, H.J. 234, 291, 320, 374
De Vries-kommissie 354, 355
De Vries, J. van Wyk 354
De Wet, C.R. 92
De Wet, J.C. 357
De Wet, N.J. 154, 180, 232, 233, 265
*Diamond Fields Advertiser* 210
Didaktiek en Vergelykende Opvoedkunde 316
Diederichs, N. 155
Dieretuin, Pretoria 176
Dierkunde 104, 131, 319
Dingemans, G.F. 57, 172, 180
Diocesan College and Collegiate School 2, 14, 18, 22, 57, 62, 74, 100, 104, 106, 107, 110
Diskoteek 371
Doidge, Ethel M. 96, 154
Dominikaanse Susters 198
Dominion Party 222
Donald Currie-beurs 51
Donasies 131, 132, 135, 140
Dorner, Helen 371
Dosenteraad 278, 285, 316, 317, 342, 347
Doserende Kolleges 97, 105, 112, 121, 128, 135
Doserende personeel 366–369
Drama 357
Dreyer, A. 176
Dreyer, T.F. 158, 205
Drummond, Minnie E. 57
Dube, J.L. 180
Dublin 8
Duerden, J.E. 131
Duits, Departement 290, 371
Duitse Africana 371
Duitse taal en letterkunde 42, 83, 103, 120, 356
Duitsland 117, 147, 189, 231, 290, 292, 327, 356
Duke-universiteit 318
Duminy, J.P. 228, 248, 272, 282
Duncan, P. 184
Dundee, Natal 258
Du Plessis, C. van H. 281
Du Plessis, D.J. 296
Du Plessis, H.J.R. 151
Du Plessis, J.H.O. 326
Du Preez, D.C.S. 292
Durban 74, 92, 189, 199, 222, 259, 284, 352
Durban High School 85

Durban, Universiteitskollege van 327, 330
Durban-Westville, Universiteit van 330
Durbanse Tegniese Instituut/Kollege 103, 169, 172, 198
Du Toit, A.E. 235
Du Toit, A.L. 180
Du Toit, J.D. (Totius) 180
Du Toit, L.M. 231, 290
Du Toit, P.J. 192, 193
Du Toit, S. 297
*Dynamica* 370

Ebden, H.A. 26
Ebden, J.B. 51
Ebden, J.W. 51
Ebdenbeurs; *Sien* J.B. Ebden
Edgar, J. 121
Edinburgh 88
Edinburgh, Universiteit 68, 316, 358
Edward Mansions, Pretoria 306
Eenkollege-universiteite 110, 111
Eerste Ministers 75, 90, 99, 155, 184, 313, 326, 347, 375
Eerste Wêreldoorlog 117, 120, 135, 147, 155, 176, 199
Egeland, L. 155
Eiselen, W.W.M. 301
Ekonomie, Departement 206, 228, 264, 290, 313
Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis 234, 355, 370
Eksamens 3, 5, 14–18, 22, 24, 27–31, 37–55, 62–79, 82, 83, 87, 90–93, 97, 104, 117, 120, 140, 146, 159, 173–177, 188, 193–202, 203, 211–215, 222, 223, 227, 236, 239, 243, 250–254, 259, 265–270, 278, 280, 286, 287, 296, 297, 298, 300, 302, 310, 312, 318, 327, 378
Eksamenrade 3, 5, 8, 9, 75, 81, 113
Eksamensentrums 211, 268, 293
Eksaminatore 9, 14, 22, 24, 27, 30, 54, 74, 92, 93, 172, 173, 251, 268, 270
Eksaminerende universiteite 3, 8, 23, 26–146
*Eksterne Student, Die* 242
Eksterne studente 55, 140, 194, 195, 199, 202–210, 218, 219, 243, 249, 250, 251, 259, 269, 277, 282, 284, 289, 330, 333, 334, 339, 342, 346, 359, 382
Eksterne studenteverenigings 211
Eksterne Studie, Afdeling 218, 222–236, 242, 244, 248–293, 298–300, 306, 307, 378, 382
Eksterne studie, direkteur, Universiteit van Nieu-Engeland 358
Eksterne Studie, Direkteur, Universiteit van Suid-Afrika 215–219, 223–229, 235, 238, 239, 243, 248, 250, 254, 258–264, 269, 270, 272–279, 281, 282, 285, 287, 289, 292, 303
Elliot, W.E. 179
Elliott, C.B. 5, 14, 24, 36
Emmerentia, Johannesburg 343
Empangeni 327
Empiriese Opvoeding 315
Endt, P.M. 320
Engeland 3, 8, 9, 14, 15, 23, 27, 37, 54, 63, 83, 85, 86, 91–93, 96, 97, 105, 117, 129, 133–135, 291, 317, 353, 358
Engelenburghuis, Pretoria 326
Engels, Departement 62, 63, 231, 234, 235, 238, 243, 250, 311, 313
Engelse taal en tradisies 5, 8, 14, 15, 18, 23, 37, 42, 79, 82–89, 92, 94, 101, 103, 107, 110–113, 116, 134, 181, 184, 185, 202, 210, 228, 272, 290, 314, 331, 335, 371, 378, 382
*English Academy of Southern Africa* 356
Erasmus, L.J. 269
Erasmus, O.C. 315
Eregrade 75–78, 146, 176, 177, 180, 259, 307, 326, 355, 360, 370, 374, 378
Ermelo 132
Espin, J. 57
Europa 2, 24, 117, 129, 234, 316, 365
*Express* 86
Eybers, E. 215, 371
Eybers-kommissie 215, 219
Eybers, G. von W. 207, 214
Eybers, I.H. 318

Fagan, H.A. 207
Fakulteitsrade 285
Fakulteitsisteem 132, 158, 189
Faning, E. 92
Faure, A. 2, 36
Faure, P.E. 36
Federale Konferensie van Onderwys 100
Federale universiteite 98, 102, 111, 130, 134, 136, 137, 140, 141, 146, 154, 163, 168, 169, 173, 177, 180, 189, 192, 193, 195, 199, 202, 206, 207, 210, 214, 222, 227, 279, 288, 289, 330
Federasie en affiliasie 79, 80, 85, 88, 105, 130, 169
Ferguson, Abbie P. 55
Ferreira, M.B. 361
Filosofie van die Opvoedkunde 315
Finansies 24, 27, 31, 32, 33, 42, 68, 81, 84, 87, 89, 90, 98, 102, 112, 121, 131, 132, 133, 141, 162, 163, 188, 192, 203, 211, 219, 223, 248–250, 271–273, 276, 286, 291, 298–300, 306, 310, 319, 320, 325, 332, 333, 335, 338, 349, 352, 353, 354
Finansies, Departement van 273
Finansies, Minister van 273
Findlay, J. 159
Fisika, Departement 62, 103, 319
Fiskale en monetêre beleid, Kommissie van ondersoek 355
Flint, W. 150
Foggin, L.M. 150
Fonteinedal, Pretoria 333, 352
Fort Hare 55, 155, 172, 227, 259
Fore Hare, Universiteitskollege van 155, 193, 259, 298, 301, 327, 330
Fouche, J.J. 378
Fourie, I.S. 155
Foxcroft, Elisaveta W. 317
Francken, A. 103, 154, 180
Frankenwald 98, 101, 121
Frankryk 230, 249, 374
Frans 42, 54, 103, 230, 238, 316, 317
Freiburg, Universiteit van 314
Fremantle, H.E.S. 62, 104, 134, 136, 137, 168
Frere, H. Bartle E. 48, 49, 51, 79
Fuller, E.B. 96
Fuller, T.E. 26, 31, 88
Galway 130
Gane, P.C. 151
Ga-Rankuwa 352
Gazel, A. 249
Geblok 3
Gefedereerde Kamers van Nywerheid 313
Geïnterneerdes 120, 189, 231
Gemeenskaplike Komitee vir Beroepseksamens 154, 284
Gemeenskaplike Matrikulasieraad 140, 265, 284, 306, 364
Gemeenskaplike Komitees van die Raad en Senaat 280
Geneeskunde 23, 30, 43, 68, 96, 97, 158, 327
Gent, Universiteit van 234
George Grey Memorial Scholarship 51
George V, Koning 51, 75, 114, 115, 117
Georgelaan 324
Gerdes, Lily C. 234
Gereformeerde Kerk; *Sien* Nederduits Gereformeerde
Germiston 98
Geskiedenis, Departement 51, 63, 229, 234, 235, 238, 250, 259, 311, 313, 314, 357, 370, 371, 375
Geskiedenis van die onderwys 315
Geskiedkundige studies 75, 103, 121, 146, 235
Gestetner 239
Gewetensklousule 140
Gezina, Pretoria 222
Gilchrist-beurs 23
Gill-kollege 19, 31, 57, 69
Gill, D. 75
Gill, J. 19
Gladstone, Herbert John, burggraaf 75, 121, 129, 130
Gladstone, W.E. 130
Glasgow, Universiteit van 14–15, 134
Gloucestershire 353
Glück, J.J. 370, 371
Godgeleerdheid; *Sien* Teologie
Goedhuys, D.W. 355
Goethe-instituut 355
Goewerneurs, Koloniale 5, 9, 22, 27, 31, 37, 69, 98

Goewerneurs-generaal, Suid-Afrikaanse 51, 54, 75, 85, 121, 150, 151, 154, 180, 222, 276, 277, 281, 284, 299, 326
Gonin, H.T. 361
Good Hope Hall, Kaapstad 69
Gordon, G. 63
Gordon, Margaret R. 147
Goudstadse Onderwyskollege 333
Gould, Jane P. 324
Gous, J.P. 357, 358
Graaff-Reinet 31
Graaff-Reinetse Kollege 19, 22, 55, 56, 62
Gradeplegtigheid; *Sien* Promosieplegtighede
Graham, T.L. 105, 180
Grahamstad 19, 57, 62, 90, 103, 131, 133, 193, 234, 263, 327
Grand Hotel, Pretoria 98
Grand Theatre, Pretoria 176, 177
Grant, C.C. 147, 163–165, 188
Green, G.A.L. 135
Gregorowski, R. 51
Grey, G. 5, 9, 18, 19, 51
Grey-instituut 19, 56
Grey (Universiteit) Kollege 79, 82, 84. 87, 99, 103, 104, 168, 184, 185, 189
Griekse studies 15, 68
Griepepidemie 176
Griffiths, E.H. 130, 134
Groenpunt, Kaapstad 93
Groote Schuur 87–89, 128, 129, 132, 133, 134, 137
Groot Trek 230
Guibeault, R. 302
Gunn, H. 99, 100, 110
Guthrie, F. 19, 31, 62

H.B. Webb-beurs 90
Haffter, P. 317
Hahn, P.D. 36, 55, 101, 104
Hales, J.W. 79
Halifax-universiteit 105
Hammond, W. 353
Handel en Publieke Administrasie, Fakulteit 158, 159, 180, 207, 218, 219, 229, 231, 239, 264, 281, 365, 366
Handel en Publieke Administrasie, Kursusse, grade en eksamens 169, 172, 199, 271
Handelsondernemings 198, 210, 211, 214, 215, 227, 278, 293, 298, 299, 353
Handelsreg 314, 324, 355
Harradine, H.M. 147
Harvey, C.J.D. 313
Havenga-prys 356
Hawkins, Eliza B. 193
Hawksley, Bourchier F. 131, 135
Headlam, A.C. 100
Hebreeuse studies 297, 370
Hector, J.M. 158
Heiberg, A.P.J. 242
Heidelberg, Duitsland 315
Heidelberg, Transvaal 303
Heidelbergse Onderwyskollege 262, 303, 315
Helderberg-kollege 199, 262
Hele-Shaw, H.S. 97
Helpmekaar 198
Herbert, Henry Howard Molyneux, graaf van Carnarvon 44, 45, 79
Heriot-Watt College 88
Herschel, J.F.W. 2
Hertzog, A. 155
Hertzog, J.B.M. 99, 111, 132, 134, 203
Hesse, A.O. 371
Hewson, H.W.H. 236
Heyne, J.F. 356, 361
Hiddingh-Currie-beurs 51, 163
Hiddingh, W. 51, 64, 65, 68
Hiemstra, V.G. 354
Hindoemusiek 74
Historiese Vereniging, Suid-Afrikaanse 320
Hoëkommissarisse 75, 98, 134, 151
Hoër Onderwys, konferensie, Parys 188
Hoëronderwyswetgewing 56
Hoër Onderwys, Wysigingswet 219–222
Hoernlé, R.F.A. 117
Hofmeyr, G.M. 113, 141
Hofmeyr, H.J. 110, 111, 231
Hofmeyr, J.(F.)H. 51, 163, 168, 207, 219, 251, 268, 276
Hofmeyr, J.H. (Onze Jan) 89
Hofmeyr, N.J. 19
Hofmeyr, S.J. 198, 207, 210
Holland; *Sien* Nederland
Holloway, J.E. 159, 173, 199, 273, 301

Holloway-kommissie 273, 291, 298, 299, 300, 325
Holm, E. 290
Home Scholarships, Natal 81
Hongarye 370
Hoofstaatsdienseksamen 15
Hoofde van Departement 141, 158, 250, 254, 262, 284, 289
Hoogenhout, N.M. 111, 150, 154, 156, 157, 177
Hope, W. 4
*Horison* 219
Hosten, W.J. 315
Howard Memorial College 189
Hugenotesaal, Kaapstad 69
Hugenote(sending)-kollege 18, 55, 104, 106, 141, 150, 154, 168, 180, 192, 193, 263
Hugenote (Universiteit)-kollege 106, 136, 185, 188, 189, 262, 263, 279, 282
Hugo, F.D. 150, 154, 208–210
Huishoudskool 169
Hyslop, J. 111

Ierland 8, 31, 105, 130
Ierland, Koninklike Universiteit 130
Ierland, Nasionale Universiteit 130
Imperiale Onderwyskonferensie 129
Imperialisme, Britse 85, 89, 90, 91, 116, 120
*Index of English Usage in Southern Africa* 371
Indië 8, 105
Indiërs, Onderwys vir 189, 199, 210, 243, 255, 263, 284, 300, 327, 352
Industriële ontwikkeling 9, 15, 95–97, 325
Ingenieurswese 97, 103, 169, 172, 296
Ingenieurswese, Fakulteit 97, 158
Inligting, Departement van 361
Inlywingswette 140
Innes, J. Rose (Dr.) 1, 4, 8, 9, 14, 69
Innes, J. Rose (Sir) 69, 98
Inspekteurs van Onderwys 82
*Institute of Race Relations, South African* 188, 306
Instituut vir Buitelandse Reg en Regsvergelyking 354, 361, 371
Interkoloniale Onderwyskonferensie 110, 111
Intermediêre B.A. 91, 101, 132, 140
Interne studente 206, 207, 330, 339
Irving, H.M.H.N. 358
Israel 231, 370
Italiaans 317

J.B. Ebden-prys 51
Jaarblad 260, 261, 269, 286
Jaarboek, Universiteit 42, 249, 269, 293, 297
Jabavu, J. Tengo 55
Jagger, J.W. 134
Jameson, L.J. 91, 132, 134, 135
Jameson-strooptog 85, 90, 91
Jamison, Sophia B.E. 24
Jamison-toekennings 51
Jan Smuts-leerstoel 356
Jansen, E.G. 85
Japan 230, 374
Jebb, R.C. 95
Jenkins, W.O. 100, 110
Jervis, F.R. 4
Joel, S.B. 69
Johannesburg 91, 92, 95, 97, 98, 100–102, 106, 110, 112, 116, 130, 131, 133, 136, 137, 158, 168, 169, 211, 235, 277, 314, 330, 333, 334, 339, 342, 343, 346, 347, 349, 353, 361
Johannesburgse Onderwysraad 133
Johannesburgse stadsraad 342, 343
Johns Hopkins-universiteit 131
Johnson, B. Lamar 320
Johnson, W.S. 103
Jones, S. Twentyman 30
Jonker, A.H. 287
Jordaan, G.J. 263
Joubert, H.J. 364
Joubert, J.A. 74
Joubert, W.A. 315, 355
Judge, E.C. 2, 14, 36
Jurgens, C.A. 353
Juritz, C.F. 96

Kaap die Goeie Hoop/Kaapprovinsie 1, 2, 4, 5, 9, 19–22, 24, 26, 27, 31, 57, 68, 69, 79, 80, 82, 83, 87–93, 95, 100, 105, 110, 121, 131, 136, 155, 162, 181, 189, 210, 228, 258, 262, 263, 300, 326, 353

Kaap die Goeie Hoop, Bank 99
Kaap die Goeie Hoop, Universiteit van die 26–30, 36, 37, 43, 50–54, 56, 57, 68, 74, 75–88, 91, 93–100, 105–107, 111–117, 128, 130, 132, 133, 134, 136–140, 146, 150–154, 158, 163, 177, 185, 195, 218, 278, 357, 378
Kaapse Argief 163
Kaapse kolleges 26, 43
Kaapstad 1, 2, 8, 15, 18, 22, 26, 27, 79, 85, 86, 90, 92, 100, 102, 104, 110, 117, 120, 130, 136, 146, 147, 185, 199, 229, 248, 272, 352, 353, 365
Kaapstad, Universiteit van 97, 136, 146, 147, 231, 285, 290, 301, 312
Kabinetsbesluite 334, 346, 347
Kachelhoffer, G.C. 236, 320, 324
Kaïro 211
Kalifornië, Universiteit van 320
Kalkutta, Universiteit van 8
Kampsbaai 121
Kanada 8, 24, 89, 151, 302
Kanseliers, Universiteit se 31, 37, 42, 51, 75, 76, 117, 154, 155, 180, 265, 306, 320, 325, 365, 366
Kasselsvlei 327
Katolieke Kerk; *Sien* Rooms-Katolieke Kerk
Kelvin, baron; *Sien* Thomson, William, baron Kelvin
Kemptonpark 229
Kenia 214
Kerk, invloed op onderwys 198, 199
Kerkplein, Pretoria 176, 248, 249
Kerr, A. 55, 155, 172, 180, 227
Kerrygebou, Pretoria 248
Kestell, J.D. 99, 178–180
Kewley, C. 93
Keyter, J. de W. 158, 230
Kidd, A. Stanley 57, 150
Kilnerton 255, 262, 300
Kimberley 42, 87, 92, 93, 95, 96, 120, 159, 263, 331, 353
King William's Town 198
King's College, Londen 100
Kingsley, C. 3
Kirby, P.R. 162, 297
Klankbande vir onderrig 360
Klapperkop, Pretoria 333
Klassieke studies 9, 15, 19, 37, 68
Klassieke tale 3, 62, 84, 101, 103, 104, 230, 238, 289, 313, 320, 347, 355, 358
*Kleio* 370
Kleurlinge, Onderwys vir 243, 255, 263, 284, 300, 327
Kleurlingadviesraad 262
Kleuteropvoeding, Diploma vir 366
Kleynhans, W.A. 229
Klimatologie en weerkunde 327
Koen, A.J. 360, 362, 363
Kolbe, F.C. 23, 51, 74, 100, 110, 176
*Kolege ya Bana ba Afrika* 202, 262, 301, 306
Kollege, Affiliasie en federasie 100, 110, 128–132, 134, 136, 140, 172, 262
Kollegedepartemente 56
Kolleges, Ontwikkeling tot 1918 3, 56, 62, 128, 129, 130
Kolleges, Samestellende 137, 141, 147, 163, 168, 176, 185, 188, 192, 193, 203, 214, 215, 226, 250, 254, 259, 262–265, 270, 277, 279, 281, 284, 288, 330, 331, 352, 382
Kolleges, Verbinding van 104, 106, 128, 352
Koloniale mediese komitee, Kaap 26
Komitee vir akademiese aangeleenthede 320
Komitee van Universiteitshoofde 279, 282, 284, 288, 296, 300, 303, 374, 375
Komitee vir volwasse onderwys 214
Kommissie van ondersoek na beroeps- en tegniese onderwys 325
Kommissie van ondersoek na die maatskappyreg 355
Kommissie van ondersoek na die visserybedryf 355
Kommunikasiekunde, Departement 366
Konferensieskole 159
Kongresse van die universiteite van die Britse Ryk 116, 117, 188
Koninginbeurse 9
Koningin-Victoriabeurs 120
Koningin-Victoriastraat, Kaapstad 68, 163, 248
*Koninklijke Nederlandse Akademie van Wetenschappen* 327

Koninklike Kollege, Skema 81
Konvokasie 9, 27, 30, 31, 36, 37, 62, 63, 74, 93, 106, 110, 111, 117, 140, 150, 151, 154, 155
Koperstreek 214
Korrespondensiekolleges 195, 199, 202–214, 219, 228, 230, 235, 238, 239, 250–254, 268–271, 276, 286, 287, 289, 298, 311
Korrespondensiekolleges, Vereniging van 269, 270, 277, 278
Korrespondensiekonferensie 293
Kotzé, J.G. 75, 86
Kotzé, J.J. 90
Kreft, H.H.G. 229, 240, 241
Kriminologie 316, 357, 358, 366
Krogh, D.C. 312, 355
Krüger, D.W. 357
Krugersdorp 98
Krugersdorp High School 231
Krygsgevangenes 120
Kunsgeskiedenis 317; *Sien ook* Skone Kunste
Kunsskool, Natal 189
Kuratore, Raad van 353
Kuschke, G.S.J. 361
Kya Rosa, Pretoria 101

Labram, G.F. 92
Labuschagne, Cilna J. 234
Landbankgebou, Pretoria 349
Landbou 96, 158
Landbou, Departement van 96, 154
Landboukollege 101, 102
Landmeting 14, 30, 57, 265
Language, F.J. 235
Lateur, F. (Stijn Streuvels) 360
Laubscher, A.T. 236, 365
Laudium, Pretoria 352
Laurence-kommissie 133, 134, 135
Laurence, P.M. 133
Lawn, J.G. 43
League of Empire 100
Le Cordeur, B.A. 311
Leeds, Universiteit van 130, 358
Leiden, Rijksuniversiteit 313, 357
Le May, G.H.L. 102
Le Roux, L.J. 234
Le Roux, T.H. 326
Le Roux, W.H. 236, 364
Lesotho 203, 251, 302, 327
Lestrade, G.P. 285, 291
Lettere, Fakulteit 14, 63, 69, 74, 75, 85, 96, 141, 158, 172, 177, 180, 218, 227, 230, 231, 242, 254, 281, 296, 297, 307
Lettere, Kursusse, grade en eksamens 8, 22, 23, 30, 42, 68, 96, 101, 120, 181, 270, 271
Lettere en Wysbegeerte 42, 55, 84, 180, 259, 264, 327, 354, 360, 366, 370, 375
Lewis, Agnes E. 55, 62
Lewis, C.E. 62, 104
Libanon 358
*Limi* 370
Linguistiek 366
Liverpool, Universiteit van 97, 105
Liverpool, Universiteitskollege van 130, 131
Lloyd, Lucy C. 75
Lodge, C.S. 306
Logeman, W.H. 159
Lombard, J.A. 318
Londen 23, 24, 26, 31, 43, 50, 81, 100, 104, 116, 129, 134, 151, 231, 244, 265, 296, 314
Londen, Universiteit van 3, 8, 14, 15, 24, 50, 79, 93, 94, 100, 135, 159, 202, 211, 315, 327
Looney, M.S.A. 74
Lord, A.R. 206
Los Angeles 320
Loubscher, J.W. 361
Lourenço Marques 214
Louw, J.A. 289
Louw, M.H.H. 356
Louw, M.J. 290
Lovedale, Sendinginstituut 18, 55
Loveday, T. 104, 117
Loyal Orange Institution 198
Luttig, H.G. 198, 273, 278
Lyceum-kollege, Johannesburg 270
Lyle, J. Vacy 82

Maatskaplike Werk 290, 316, 366
Maatskappyreg 355
Macdonald, A. 63
Macdonald, W. 102
Macfadyen, W.A. 85, 110, 199
Mackenzie, A.H. 63, 116
McKinnell, J. 210
McManus, F.C. 159
Macmillan and Bowes 92
McMillan, Mary 258

MacOwan, P. 19, 31, 36, 62, 75
Madagaskar, Universiteit van 358
Madras, Universiteit van 8
Magaliesberg 352
Maggs, C.W. 147
Malan, D.F. 128, 132, 135, 185, 206
Malan, F.S. 104, 113, 116, 121, 128–132, 135, 146, 151, 210, 212, 213
Malan, L.C. 353
Malan, Marjorie A. 154
Malan, S.J. 371, 374
Malan, W. de Vos 150
Malawi 231
Malherbe, D.F. 150, 184, 259
Malherbe, D.F. du Toit 101, 111
Malherbe, E.G. 151, 188, 287, 288, 301
Malik, C. 358
Manchester, Victoria University van 105, 130
Manitoba, Universiteit van 105
Mansvelt, N. 63, 83, 85
Marais, G. 313, 365
Marais, J.H. 135
Marais, J.I. 24, 37, 42, 87, 99, 128, 176, 357
Marais, J.S. 353
Marais, S.J. 324, 361
Marchand, B.P.J. 74, 132
Maritz, G.J. 265–267, 306, 325
Maritzburg-kollege 85, 102, 103
Marknavorsing 370
Martin, J. 57, 107
Marwick, J.S. 222
Mary, Koningin 51
Matrikulasie 15, 23, 30, 42, 43, 50, 54, 55, 62, 63, 68, 83, 87, 93, 97, 112, 113, 130, 154, 214, 311
Matthews, A. 57
Matthews, Z.K. 172
Mauritius 23
Mayfair, Johannesburg 273
Maynard, J.M. 51
Maynard-beurs 51
Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika 320
Mediese Fakulteit; *Sien* Geneeskunde
Meiring, J.G. 301
Melbourne, Universiteit van 69
*Mercurius* 370
Merensky-biblioteek 291
Merriman, J.X. 24, 50, 84, 88, 89, 100, 104, 113
Metafisika 2
Metodiek en Administrasie 315, 316
Metodistekerk 255
Meyer, A.M.T. 314, 356
Meyer, P.J. 339
Michaelhouse 159
Michaelis, M. 69
Michell, L.L. 121
Middelburg, Transvaal 181
Middelkerke, België 315
Miles-Cadman, C.F. 222
Milner, Alfred, Lord 51, 98
Milner, Kunsbeurs vir vroue 51
Milnerpark, Johannesburg 137
Minnesota, Universiteit van 102
Minos, P.J. Oliver 74
Mirrielees, Margaret, Lady 69
Mosambiek 214
Moderne Tale 57, 63, 101, 120, 198
Molteno, Elizabeth M. 69
Molteno, J.C. 26
Mondelinge eksamens 2, 18, 210
Montagu, J. 3
Moolman, J.H. 313, 321, 343, 356
Moore, P.A. 287
Moorrees, A. 37, 42, 128, 132, 177
Morrison, J.T. 63, 104, 107
*Mousaion* 320
Muckleneukrant, Pretoria 352, 374, 375, 379–382
Mudie, C.J. 111
Muir, T. 52–54, 57, 83, 90, 100, 110, 121
Muller, C.F.J., Prof. 51, 229, 235, 291, 311, 371
Muller, C.F.J. Prof. ds. 42, 132 135
Muller, H. 230
Muller, T.B. 51, 113, 229
München, Universiteit van 318
Murray, A. 18, 19, 75
Murray, C. 30
Murray, J. 19, 26
Murray, L.D. 162, 188, 195, 200, 201, 215, 218, 219, 223, 226, 236, 248, 268, 270, 271, 280, 281, 287, 288, 292, 293, 378
Murray, W.G.R. 133, 134, 141
Musiek, Direkteur van 364

Musiek, Eksamens en kursusse 91–92, 117, 140, 159, 162, 189, 265, 268, 284, 297, 299, 317, 364
Musiekgrade, Universiteit van Kaapstad 43, 74
Musiekonderwysers, Suid-Afrikaanse Vereniging van 268
Musiek, Raad vir die bevordering van 306
Musikologie 317, 349, 364, 370
Myburg, A.C. 313
Myningenieurswese 43, 96, 97, 214
Mynskole 43, 92, 95, 96, 128, 131, 133, 137, 140, 158, 159, 168
Mynwese 92, 101, 102, 104, 176

Nagraadse studie 128–131, 235, 263, 288, 311, 321, 364
Nasionale Adviesraad vir Opvoeding buite Skoolverband 325
Nasionale Padveiligheidsorganisasie 306
Nasionale Party 132, 135, 255, 276
Nasionale raad vir buitemuurse studie, voorgestelde 326
Nasionale Raad vir Kreupelsorg 316
Nasionale Raad vir Maatskaplike Navorsing 314, 319
Nasionale Studentebiblioteek 249
Natal 1, 22, 23, 79–81, 84, 91, 97, 102, 110, 150–159, 180, 189, 206, 210, 258, 262, 296, 327
Natalse Indiërkongres 301
Natalse tegniese kollege 103, 172, 189
Natalse Universiteitskollege 103, 136, 158, 168, 172, 173, 189, 192, 198, 199, 223
Natal, Universiteit van 85, 103, 193, 198, 280, 287, 296, 297, 301, 313, 314, 316
*Natal Witness* 84
Natalse Onderwysraad 84
Nathan, M.M. 159
Naturelle-administrasie, Departement van 229, 290, 301, 313, 324, 356
Natuurwetenskap 63, 75, 96, 158, 159, 176, 296, 318, 319, 366
Natuurwetenskap, Kursusse, grade en eksamens 3, 8, 9, 19, 42, 57, 95, 96, 101, 105, 211, 296
Naude, C.P.T. 313
Navigasie 14, 28
Neal, J.H. 158
Nederduitse Gereformeerde Kerk 2, 19, 22, 36, 51, 69, 74, 82, 91, 92, 132, 133, 169, 193
Nederduitse Gereformeerde Kerk, Seminarie 19, 22, 141, 169
Nederland 2, 68, 84, 86, 230, 290, 314, 326, 354, 355, 356
Nederlands 5, 8, 42, 54, 82, 83, 86–88, 101, 103, 107, 111–113, 116, 135, 181, 184, 382
Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging 84
Nederlandse Verenigde Oos-Indiese Kompanjie 1
Neethling, J.H. 88
Neethling, T. 375
Nel, D.E. 290
Nel, P. 132
Nelspruit 238
New Education Fellowship 188
Nicol, W. 354
Nie-blankes, Onderwys vir 15, 18, 54, 55, 158, 172, 180, 199, 202, 203, 243, 255, 258, 259, 262, 265, 284, 300–302
Nienaber, G.S. 315
Nienaber, P.M. 315
Nieu-Engeland, Universiteit van 358
Nieu-Seeland 24, 54, 101, 105, 222, 288
Nieu-Seeland, Universiteit van 37, 105
Nieu-Suid-Wallis 23
Njassaland 231, 292; *Sien ook* Malawi
Nobelprys 319
Noble, J. 84
Noble, R. 18, 36, 84
Noord-Rhodesië; *Sien* Zambië
Noorde, Universiteitskollege van die 229, 290, 301, 327, 330
Noordkaaplandse tegniese kollege 263
Notcutt, H.C. 63, 107
Nova Scotia 105
Nuusbrief 242
Nywerheidsontwikkeling, Organiserende direkteur 325
Nywerheidsontwikkelingskorporasie 361

Oberholzer, C.K. 357
Oblate van die Onbevlekte Ontvangenis 302
Observatorium 2, 375
Ogilvie, G. 14–18, 22, 26, 36, 57, 75, 84
Ogg, A. 159
O'Hara, J.W. 137
Ohlange-instituut 180
Oktrooi van die Koningin 24, 25, 37, 40, 41, 81, 136
Okkers, P.J. 273
Oldham, O. 159, 180
Onderrigpublikasies 359
Onderstepoort 102, 180, 255
*Onderwijzersunie* 111
Onderwys: Departemente, ministers en kantore
  Kaap 1, 30, 96, 110, 113, 150, 226
  Natal 84, 110, 150, 226
  Oranje-Vrystaat 31, 99, 110, 150, 226
  Suid-Afrikaanse Republiek en Transvaal 98, 99, 101, 110, 140, 150, 151, 226, 312, 360
  Suidwes-Afrika 150, 226
  Suid-Rhodesië 150, 226
  Unie en Republiek van Suid-Afrika 63, 113, 116, 120, 128, 130, 134, 135, 163, 169, 184, 206–211, 219, 226, 249, 258, 262, 272–276, 281, 282, 296–298, 302, 303, 307–311, 326, 330, 332, 334–338, 342–346
Onderwys, Direkteur van 150, 151
Onderwys, Laer en middelbare 1, 2, 24, 112, 140, 231, 262, 263
Onderwysersopleidingskolleges 169, 198, 242, 330, 331
Onderwysraad (voorgestelde) 9, 26, 137
Onderwyswet van 1865 15, 168, 169, 172
*Ons Land* 90, 104, 111, 132, 146
Ontwikkeling, Departement van 353, 361
Onze Jan; *Sien* Hofmeyr, J.H.
Oos-Londen 258
Oostelike Provinsie 353
Oostende 315
Oosterhof, F.M.P. 229, 230
Ope Universiteit, Britse 358
Openbare biblioteek 249
Openbare dienskomitee 208
Operasionele navorsing 370
Op't Hof, J.J.P. 296
Opvoedkunde, Fakulteit 158, 215, 231, 259, 290, 292, 315, 316, 357, 359, 360, 366, 370, 374
Opvoedkunde, Fakulteit, Departement van 231, 290, 311, 315, 316
Opvoedkunde, Kursusse, grade en eksamens 366
Oranjerivier 1, 99
Oranjerivierkolonie 97, 98, 99, 107, 110
Oranje-Vrystaat 1, 18, 19, 31, 79, 82–85, 91–92, 102, 103, 133, 150, 155, 290, 331, 353
Oranje-Vrystaat, Universiteitskollege van die 19, 155, 158, 181, 185, 192, 198, 214, 226, 230, 280, 281
Oranje-Vrystaat, Universiteit van 193, 215, 236, 280, 285, 290, 303, 311, 313–317
Orban, W. 150
Oriel-kollege, Oxford 88
Orkney-eilande 150
Orr, J. 158
Ortopedagogiek, Departement van 315, 366
Ossewa-Brandwag 155
Ottawa, Universiteit van 302
Oudheidkunde 319
Ouditkunde, Departement van 231
*Oxford Dictionary* 250
Oxford-groep 188
Oxford, Universiteit van 3, 88, 173, 176, 230, 231, 313, 317, 327
Oxley, O.J.P. 296

Paarl 198, 262
Paarl-onderwyskollege; *Sien* Hugenote
Palmer, Mabel 199, 206, 259
Palmer, William Waldegrove, graaf van Selborne 75, 98
Park, T. Maitland 135
Parlement, Britse 141, 176, 302
Parlement, Volksraad 222, 227, 229, 273, 287
Parlement, Unie en Republiek 121, 133–135, 192, 222, 264
Parys 188, 230

Paterson, A.C. 101, 199
Paul Krugerstraat, Pretoria 349
Pauw, S. 307–311, 314, 317, 320, 324, 332, 334, 335, 338, 339, 342, 346, 347, 353, 359, 364, 365, 374, 375, 382
Pellissier, S.H. 150, 154, 163, 196, 197
Perold, G.W. 319
Perry, J. 133
Perry, W. 358
Pershouding 54
Petrie, A. 103
Phillips, L. 132, 135
Pienaar, D.J. 132
Pienaar, P. de V. 313
Pietermaritzburg 85, 92, 102, 103, 113, 172, 189
Pinetown 222
Pittman, W. 51, 159
Pius XII, Universiteitskollege van 302, 327
Plantkunde 57, 75, 96, 103, 150
Plaza-teater, Pretoria 177
Plein, Johannesburg 98
Polisiewetenskap, Graad, baccalaureus in 358, 366
Ponelis, F.A. 366
Poplar Lodge, Kaapstad 163
Port Elizabeth 19, 51, 56, 62, 258, 331
Port Elizabeth, Universiteit van 231, 290, 312, 346, 361
Porter-toekenning 14, 51, 57
Porter, W. 10, 11, 14, 26, 27, 31, 79
Portugees 316, 317
Portugese regsgenootskap 371–374
Posstemming 158
Postma, F. 151, 154, 158, 159, 169, 181, 216, 217, 259, 282
Postma, M. 69
Postma, P. 69
Potchefstroom 91, 111, 141, 151, 155, 158, 159, 169, 180, 181, 184, 189, 206, 215, 259, 263, 297
Potchefstroom, Universiteit(kollege) vir Christelike Hoër Onderwys 22, 169, 189, 192, 193, 198, 230, 231, 281, 290, 292, 296, 311, 312, 315, 357
Potgieter, E.F. 229
Potts, G. 103
Preller, G.S. 111, 184
Premier; *Sien* Eerste Minister
Presbiteriaanse Kerk 51
Presidentsentrum, Pretoria 349
Pretoria 74, 83, 91, 101, 102, 111, 113, 129, 131, 133, 136, 147, 150, 173–177, 181–184, 188, 199, 202, 230, 235, 238, 239, 249, 258–262, 276, 279, 302, 303, 316, 321, 326, 333, 335, 338, 339, 349–353, 365, 378
Pretoria-gimnasium 83, 86
*Pretoria News* 177
Pretoriase Onderwyskollege 101, 228, 352
Pretoria-Philadelphiasaal 321
Pretoria, Stadsraad van 188, 306, 321, 333, 353
Pretoriusstraat, Pretoria 243, 248, 349
Pretoriase Tegniese Kollege 228, 254, 262
Pretoria, Universiteit van 168, 177, 184, 185, 203, 228–230, 234, 280, 288, 289, 291, 297, 301, 313–319, 326, 335, 347, 357
Prins van Wallis; *Sien* George V, Koning
Prins-van-Wallis-stoel 121
Prinsipaal 296, 307, 310, 321, 342; *Sien ook* Rektor
Prinsloostraat, Pretoria 324, 349
Privaatreg 314, 315, 355
Private skole 1, 14, 159
Private studente 56, 129, 140, 193, 195, 198, 199, 203, 207, 211
Produksie en versending 236, 238, 239, 242, 321, 324, 349, 361, 364
Proesstraat, Pretoria 237–239, 243
Professoraat, Instelling in Suid-Afrika 2
Programmeerafdelings 361
Promosieplegtighede 69–71, 89, 97, 116, 129, 146, 147, 168, 174–177, 182, 183, 259, 262, 300, 302, 307, 326, 352, 354, 355
Prospektus 2
Protestantse grootlosie 198
Pryse 8, 51; *Sien ook* Toekennings
Publikasiekomitee 317, 321
Publikasies 320, 364, 370, 371
Publieke Administrasie; *Sien* Handel en Publieke Administrasie

Publiekreg 314, 315, 354
Purves, J. 101

Quass, F.H.J. 236
Queen's University, Ierland 8, 358

Raad, Kollege 22, 107, 111–113
Raad, Komitees van 107, 110, 113, 117, 136, 159, 162, 163, 192, 227, 248
Raad van eksaminatore van kandidate vir goewermentsdiens 3–5
Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne 313, 343
Raad van Openbare Eksaminatore in Lettere en Wetenskap 9, 14, 15, 18, 19, 22–26, 31, 36
Raadsaal, Pretoria 176
Raadstoekennings 320, 355
Rade, Universiteit 27–37, 42, 50, 54, 62–69, 74–79, 84, 85, 87, 94, 96, 98–103, 106, 110, 121, 128, 134, 137, 142, 143, 147–158, 172–177, 192, 207, 218, 219, 226, 229, 248, 252, 253, 276, 281, 282, 286, 288, 291, 296–299, 301, 306, 325, 335, 338, 347, 361, 372–374, 378, 382
Rädel, F.E. 231, 291, 313, 319, 320, 355, 365, 375
Raikes, H.R. 288
Raikes-medalje 356
Randse Afrikaanse Universiteit 236, 314, 316, 335, 347, 356
Randse Afrikaanse Universiteitskomitee 338, 339, 343
Rapid Results College 198, 215, 219, 270
Rasseaangeleenthede, Suid-Afrikaanse Buro vir; *Sien* Buro
Rasseverhoudings 55, 180, 192, 193, 199
Raubenheimer, I. van W. 366
Rautenbach, P.S. 343
Rebellie 1914 120, 135
Registrateurs 27, 37, 63, 91, 92, 113, 131, 134, 147, 151, 154, 162, 163, 181, 184, 188, 195, 218, 223, 236, 245, 248, 250, 254, 265, 268, 269, 270, 277, 279, 281, 282, 287, 288, 293, 303, 374, 378
Regte, Fakulteit 75, 146, 158, 159, 176, 180, 218, 230, 238, 250, 292, 313, 315, 320, 356, 357, 366, 370, 371, 378, 382
Regte, Fakulteit, Departement van 314, 315
Regte, Kursusse, grade en eksamens 8, 14, 19, 30, 43, 68, 82, 104, 199, 265
Reinink, H.T. 86, 101, 154, 158
Reitz, F.W. 83
Rekenaarsentrum 361
Rekenaarwetenskap 366
Rekeningafdeling 231, 236, 361
Rekeningkunde, Departement van 231, 239, 290, 326, 356, 361
Rektors 79, 86, 151, 159, 172, 184, 227, 229, 287, 301, 302, 310, 347; *Sien ook* Prinsipaal
Rektors, Universiteit van Suid-Afrika 317, 320, 321, 334, 342, 353, 364, 365, 374
Rektor, Woning vir 324, 378
Reunert, T. 98
Rhodes, C.J. 87–90, 128
Rhodes-skenkings 112
Rhodes-trust 90
Rhodes-universiteitskollege 57, 90, 96, 104, 106, 131, 133, 150, 151, 155, 158, 159, 168, 172, 180, 189, 192, 193, 206, 226, 227, 234, 279, 292, 302, 318
Rhodes-universiteit 193, 292, 296, 297, 327, 346
Rhodesië 110, 133, 150, 162, 251, 263, 284, 290, 292
Rhodesië en Njassaland, Universiteitskollege van 292
Ritchie, W. 62, 88, 104, 107–111, 177
Roberts, A.A. 151, 163, 207, 220, 221, 273
Roberts, A.W. 75
Robertson, W. 4
Robertson, W.V. 273
Robinson, J. 64
Robinson, J.T. 320
Roma, Lesotho 203, 302, 327
Romaanse Tale 316, 317, 371
Romeins-Hollandse Reg 314, 315
Rood, T. 353
Roode, D.J. 317
Rooms-Katolieke Kerk 51, 150, 159, 198, 199, 203, 235, 302, 327

Ross, J.C. 158
Roux, A.S. 228, 239, 258, 259, 291, 314, 356
Roux, B.J. 361
Royal College of Science, Londen 133
Royal School of Music; *Sien* Associated Board
Rund, H. 314, 356
Rusland 317
Russell, R. 84
Russell, W.A. 107
Russies, Departement 317
Rutowitz, R. 353
Ruzicka, L. 319

St. Andrew's kollege, Grahamstad 19, 57
St. Andrews skool, Bloemfontein 79
St. Andrews, Universiteit van 50
St. Helena 93
St. Leger, F.Y. 74
Salisbury, Rhodesië 258, 293
Sampson, H.F. 292
Sampson V. 30
Samuel Pauw, Studentefonds 354
Sandrock, B. 321, 375
Saunders, C. 353
Scheepers, D. 361
Scheepers, T. 181
Schneider, B.A.T. 290, 355
Scholtz, H. van der Merwe 151, 159, 185, 226
Schonland (Schönland), B.F.J. 51
Schonland (Schönland), S. 57
School Elementary- en School Higher-eksamens 50
Schoonees, P.C. 151, 176
Schreiner, W.P. 51, 100, 110, 128
Schumann, T.E.W. 327
Schutte, A.P. 353, 361, 364
Schutte, C.J.H. 356
Scorer, D. 353
Searle, M.W. 110, 120, 144–146
Security Building, Pretoria 248
Seepunt, Kaapstad 90
Seevaartkunde 30
Selborne, Lord; *Sien* Palmer, William Waldegrove
*Select Bibliography of South African History* 371
Seminare 169, 320, 349, 352, 365, 370
Semitiese studies 297, 318, 370
Semistitiek 371
Senaat, Kollege 24, 54, 63, 104, 106, 107, 111, 141, 184, 185, 214
Senaat, Komitees van 106, 206, 215, 227, 272, 324, 342
Senaat, Universiteit van Suid-Afrika 101, 150, 154, 158, 173, 180, 189, 202, 207, 211, 214, 222, 226, 227, 251, 277–282, 284–286, 289–292, 306, 338, 342, 347, 374, 375, 382
Senaat, Voorsitters van 170, 171, 190, 191, 274, 275, 279, 281, 282, 284
Senaat, Universiteitskomitee, Suid-Afrikaanse Kollege 104, 105
Senekal 120
Seniorsertifikaateksamen 50, 112
Sentraalstraat, Pretoria 243
Serfontein, J.J. 330
Sertifikaat van bekwaamheid in elementêre vakke 50
Sewendedagadventiste 199, 262
Seymour, L.I. 92
Sheard, R. 74
Sheath, H.C. 358
Sielkunde 104, 228, 234, 238, 239, 258, 290, 311, 314, 356, 366
Sielkundige Instituut 356
Sihlali, S.P. 55
Simonsbaai 102
Simonstad 14
Sinclair, F.D. 234
Sistematiese Teologie 297
Siviele ingenieurswese 8, 14, 30
Skakelkantoor 320, 353
Skawran, Karin M. 317, 318
Skawran, P.R. 288
Skeepvaartstudies 14, 15
Skinnerstraat, Pretoria 101, 248, 303–305, 320, 324, 349, 371
Skone Kunste 169, 172, 296, 317, 370
Skool vir Bedryfsleiding 365
Skoolkompetisie 15
Skotland 1, 2, 4, 15, 19, 50, 54, 62, 63, 101, 234
Slater, J. 23, 79
Smit, C.B. 36, 228
Smit, P. 321, 356

Smith, C.A. 12–14, 24, 36, 42, 75, 98, 99, 110
Smith, C.T. 28, 29, 57, 89
Smith, J.J. 113
Smuts, J.C. 51, 75, 99–101, 121, 184, 203
Snell, Florence M. 154
Solomon, R. 98, 134
Solomon, Stephanie 236
Somerset-Oos 19, 31, 62
Somersethuis, Pretoria 147–149, 173, 181, 228, 236, 238, 243, 248
Sormany, L.J. 150
Sosiale Wetenskappe 158, 292, 366
Sosiologie 230, 234, 238, 290, 292, 316, 357
*South African Teachers' Association* 26, 82, 111
*South African Universities Lectureship Committee* 188
Sotho 42
Sovenga 327
Spaans 317
Spanje 371
Spesiale onderwys, Kursus vir 366
*Spes in Arduis* 9
Spraakopleiding 299, 364
Staatsbiblioteek, Pretoria 211, 249
Staatsdienseksamens 3, 14, 30
*Staatskoerant* 140
Staatskommissie van ondersoek na die fiskale en monetêre beleid 355
Staatsleer 229, 356, 361
Staats Model School 228
Staatspresidente 176, 326, 378
Staatspublikasies, Biblioteek se 371
Staatsteun 31, 56, 69, 89, 131, 162, 163, 189, 215, 219, 271–273, 278, 286, 298, 299, 332, 333, 335
Staatsteun, Inrigtings met 1, 219, 242
Staats- en Volkereg 355
Stadsaal, Germiston 352
Stadsaal, Pretoria 300, 352
Stadskouburg, Johannesburg 352
Stalsprys 356
*Star* 116
Statutekommissie 141
Steenkamp, W.F.J. 355
Steenkamp, W.P. 120
Stellenbosch 26, 37, 56, 62, 63, 74, 69, 87–89, 99, 102, 104, 130, 135, 136, 146
Stellenbosch-kollege 106, 107, 117, 128, 132, 133
Stellenbosch, Universiteit van 19, 146, 192, 193, 229–231, 289, 290, 301, 313, 315, 320, 357
Stellenbosse nie-kerklike gimnasium of openbare skool 19, 22, 62
Stellenbosse teologiese seminarie 19, 50, 51, 357
Stent, V.P. 177
Steuart, J. 4
Steven, S.J.H. 285, 303
Steyn, Anna F. 234
Steyn, G.H.A. 360
Steyn, H.S. 316, 355, 356, 375
Steyn, J.L. 234
Steyn, M.T. 132
Stibbe, E.P. 158
Stigting Universiteit van Suid-Afrika 353
Stijn Streuvels; *Sien* Lateur, F.
Stockhoff, M.H. 361
Stone, E.J. 26
Stoneman, Bertha 154
Storey, Pamela R. 223, 236
Strand, Londen 249
Strauss, S.A. 315
*Student* 242, 259, 269, 293, 306
Studentenommers 287
Studenteverenigings 354
*Studia* 320
Studiegroepe 258, 259, 352
Studiekomitees 254, 285, 292, 297, 319
Suid-Afrika, Universiteit van 54, 63, 81, 97, 99, 101, 103, 136, 137, 140, 141, 146, 147–383
Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 314, 321, 325, 326, 356
*Suid-Afrikaanse Bibliografiese Woordeboek* 357
Suid-Afrikaanse Eksaminerende Raad van Universiteite 278
Suid-Afrikaanse Kollege 2, 8, 9, 14, 18, 22–24, 36, 37, 56, 62, 74, 88, 96, 101, 104–107, 110, 117, 121, 128–130, 135–137, 146
Suid-Afrikaanse Naturellekollege 54, 141, 169, 172, 180, 181, 192, 193, 199, 203, 210, 227, 250, 330
Suid-Afrikaanse (Openbare) Biblioteek 69

Suid-Afrikaanse Party 135
Suid-Afrikaanse Polisie 357
Suid-Afrikaanse Republiek; *Sien* Transvaal
Suid-Afrikaanse Skool vir Mynwese en Tegnologie 102, 137
Suid-Afrikaanse Vereniging van Musiekonderwysers 268
Suidwes-Afrika 159, 227, 234, 284, 290, 314, 354
Suidwes-Afrikasaak 354
Sullivan, J.R. 222, 248
*Sunday Times* 235
Superintendent-generaal van onderwys 1, 4, 9, 22, 26, 36, 37, 54, 56, 69, 82–84, 88, 90, 100, 121, 150, 154, 300–301
Sussex, Engeland 356
Sutton, W.G. 289
Swanepoel, H.L. 229, 230
Swanepoel, S.J. 222
Swart, C.R. 176, 326
Swart, M.J. 312
Swaziland 159, 203, 315, 365
Swellendam 4
Switserland 290, 317
Sydney, Universiteit van 23

Taal en Lettere 42
*Taalbond* 82, 111
Taalburo 324
*Taalfasette* 371
Taallaboratorium 361
Tafelberg, Kaapstad 87
Tagore, Rajah S.M. 74
Taljaard, P.A. 176, 236, 268, 293–295
Taylor, F. 43
*Taymouth Castle* 54
Teater, Suid-Afrikaanse 234
Tegniese en tegnologiese opleiding 95–97
Tegniese institute 172, 173, 263, 296
Tegniese Kolleges, Vereniging van 170
Tel Aviv 231
Teologie, Fakulteit 50, 180, 297, 303, 318, 357, 366, 370
Teologie, Fakulteit, Departemente van 318
Teologie, Sistematiese 297
Terreinkomitee 343
Terry, W.D. 303
Theal, G.M. 75, 250
Theiler, A. 75, 158, 180, 250
*Theologia Evangelica* 370
Thom, H.B. 230
Thomas, J. Smeath 158
Thomson-kommissie 131
Thomson, William, Sir 60, 61, 63, 91–93, 120, 131, 134, 135, 141, 147, 151, 163, 181, 184
Thomson, William, baron Kelvin 105, 106
*Ticket*-verkiesings 36, 150
Tindall, B.A. 154
Toekennings 24, 57, 140; *Sien ook* Pryse
Toekomskomitee 338, 339, 342, 343
Tokio, Universiteit van 356
Toon van den Heever-prys 356
Toronto, Universiteit van 8, 89, 105, 314
Totius; *Sien* Du Toit, J.D.
*Tot nut van 't Algemeen* Vereniging 2
Transafrika-korrespondensiekollege 198, 215, 219, 270, 273, 278
Transvaal 82–86, 91, 97–99, 102, 103, 111, 112, 133, 147, 150, 155, 181, 198, 222, 228, 229, 264, 293, 327
*Transvaal Agricultural Journal* 102
Transvaalse Museum 320
Transvaalse Onderwysersvereniging 198
Transvaalse Provinsiale Raad 293
Transvaalse Tegniese Instituut 95, 96, 97, 106
Transvaalse Universiteitskollege, Johannesburg en Pretoria 97, 98, 99, 100–101, 102
Transvaalse Universiteitskollege, Pretoria 101, 102, 104, 110, 128–129, 136, 158, 159, 168, 173, 176, 181, 184, 188, 199, 206
*Transvaler, Die* 210
Transvaliagebou, Pretoria 243, 282, 283
Tredgold, C.H. 110
Tromp, R.D. 234
Trust Bank 353
Tucker, W.E. 99

Tweede Afrikaanse Taalbeweging 113
Tweede Wêreldoorlog 155, 162, 163, 189, 195, 202, 211, 227, 235, 290, 298, 302
Tweetaligheid 111, 112, 121, 131, 132, 134, 181, 184, 185, 228, 324, 339, 342, 343, 346, 382
*Tydskrif vir regsvergelyking en volkereg in Suider-Afrika* 370

Uitbreidingswet van 1875; *Sien* University Extension Act
Uitlanders 98
Uitstallings 51, 117
Uniegebou, Pretoria 255
Unie van Suid-Afrika 74, 75, 81, 94, 96, 99, 102, 103, 112, 113, 117, 120, 130, 133, 151
Union College 57, 202, 270, 271
Union College, Oostelike Provinsie 57
Union-redery 31
Unioniste 135
*Unisa* 242, 321, 359
*Unisa Bulletin* 353
*Unisa English Studies* 370
*United Empire* 116
Unitêre burgerlike universiteit, Engeland 129, 131
Unitêre universiteit 134
Universiteitsadvieskomitee 300, 346
Universiteitsburo 117, 188
Universiteitsgebou, Kaapstad 124, 125
Universiteitsgebou, Pretoria 147
Universiteitskoerant, Kaap die Goeie Hoop 54
Universiteitskollege, Cardiff 129, 134
Universiteitskollege, Cork 130
Universiteitskollege, Galway 130
Universiteitskollege, Johannesburg 110, 158, 168, 169
Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat; *Sien* Oranje-Vrystaat
Universiteitskolleges 57, 146, 172
University Correspondence College, Cambridge 195
Universiteitskorrespondensie-kursusse 198, 207, 210
Universiteit van Suid-Afrika vir Eksterne Studie 278, 287
Universiteitstoelatingseksamen 140
Universiteitswetgewing 138, 139, *et passim*
University Extension Act 1875 79, 81, 82
University Incorporation Amendment Act 24
Utrecht, Rijksuniversiteit 320, 356, 357
Uys, C.J. 214

Vaaldriehoek 353
Vaalrivier 1, 81, 98, 120
*Vaderland, Die* 210
Vakansieskool 206, 254–258, 262, 269, 300, 306, 326, 352, 354, 359
Valkhoff, J.W. 317
Valkhoff, M. 317
Van Angelbeek, R.A. 54
Van As, B.S. 290
Van Broekhuizen, H.F. 291
Van den Berg, J.H. 357
Van den Bergh, G.N. 312
Van den Bogaerde, F. 290
Vanderbijlpark 343
Van der Horst, J.G. 128, 132, 173
Van der Horst-kommissie 173, 202
Van der Linde, B. 364
Van der Merwe, H.J.J.M. 228, 234, 291, 361, 366, 371
Van der Merwe, H.P. 132
Van der Merwe, J.H. 230
Van der Merwe, L.G. 236, 293
Van der Merwe, N.J., Prof. 314
Van der Merwe, N.J., Ds. 50
Van der Walt, A.J.H.J. 218, 219, 223–225, 226, 231, 239–242, 243, 251, 254, 259, 263, 272, 276, 278, 280, 282, 284–292, 297, 300, 302, 307, 321, 327, 342, 359, 382
Van der Walt, B.J. 290
Van der Walt, H.S. 273, 303
Van der Walt, J.A. 229, 230, 238, 239, 292
Van der Walt, P.J. 316, 356, 358
Van der Walt-verslag 218, 219
Vanderwaltstraat 228, 320, 371
Van Dyk, T.A. 289
Van Eeden, D.H. 324
Van Heerden, D.F.I. 290
Van Jaarsveld, F.A. 313, 371

Van Kraayenburg, F. 353
Van Niekerk, A.F. 355
Van Niekerk, M.G. 236, 364
Van Niekerk, Stephanie; *Sien* Solomon, S.
Van Oordt, J.W.G. 54, 68
Van Rensburg, B.F.J. 236, 293, 344, 345, 364
Van Rhijn, A.J.R. 151, 154, 227, 246, 247, 272, 278, 281, 287
Van Riebeeck-vereniging 250
Van Rooy, J.C. 155
Van Rooyen, I.J.J. 316
Van Schaik, J.L. 371
Van Schaik-versameling 371
Van Selms, A. 297
Van Vuuren, J.C.G. Janse 374
Van Wijk, Cilna J.; *Sien* Labuschagne, Cilna
Van Wijk, T. 234, 259, 371, 375–377, 383
Van Zyl, A.H. 317
Van Zyl, J.E.S. 193
"Varsity"-dans 176
Vaughan, V.H. 366, 370
Veeartsenydienste, Direkteur van 192
Veeartsenykunde 75
Veeartsenykunde, Fakulteit 102, 158, 180
Venter, E.H. 290
Venter, I.S.J. 316
Venter, K.D. 228
Venter, R.H. 361, 366
Vereeniging 343
Verenigde Party 155, 276, 287
Verenigde State van Amerika 55, 92, 102, 154, 172, 235, 293, 301, 316, 318, 321, 356
Verenigde-Volkeorganisasie 358
Verheem, J.J. 364
VerLoren van Themaat, J.P. 354, 355
Vermeulenstraat, Pretoria 147, 248
Verpligte inskrywing 298, 299, 310, 332
Verpligte werkopdragte 259, 298, 311, 332
Verwey, J.E.M. 353
Verwoerd, H.F. 342
Victoria, Australië 69
Victoria, Koningin 37, 51
Victoria-kollege 19, 63, 87, 104, 106, 107–110, 113, 116, 128–132, 135–151, 357
Viljoen, G. van M. 230, 289, 347, 355
Viljoen, J.H. 298, 326
Viljoen, P.J. 361
Viljoen, S.P. du T. 355
Viljoen, W.J. 63, 79, 110, 141, 147, 150, 152–154
Vipan, G.W. 57
Visagiestraat, Pretoria 324
Vise-kanseliers 27, 36, 42, 54, 57, 62, 63, 69, 82, 84, 89, 98, 110, 120, 130, 146, 147, 154, 155, 162, 168, 177, 180, 207, 210, 227, 242, 262, 272, 278, 279, 281, 284, 287, 303, 307, 378
Vise-kanseliers, Komitee van 110, 279, 300
Visse, J.H. 303
Volkebond 188
Volkekunde 311, 313, 319, 324
Volkereg, Sentrum vir die 354
*Volksblad, Die* 151, 210
Volkskorrespondensie Kollege 198, 270, 271
*Volkstem* 111, 181, 184
Von Weber, O. 289
Voorligtingsafdeling 324
Voortrekkermonument, Pretoria 255
Voortrekkermonumentfonds 154
Vorderingstoetse 269
Vorster, A.J. 236, 258, 293, 306, 324, 361
Vorster, B.J. 326, 371
Vroue, Onderwys vir 15, 18, 50, 54, 55, 62, 106
Vroue in universiteitsowerhede 55, 154
Vrye Christelike Universiteitskollege-stigting 302–303
Vrystaatse Kollege 19

Waaksaamheidskomitee 91, 128, 132
Walker, T. 58, 59, 63, 107
Wallis, Prins van 117
Wallis, Universiteit van 105, 129, 130
Wapen 117–119, 136
Ward, F. 235

Warner, Phyllis 234
Watermeyer, E.B. 8, 9
Waterson, Jane E. 55
Watts, Gladys E. 91
Webb, A.B. 79
Webb, H.B. 89
Wedemeyer, C.A. 359, 360
Wedemeyer-rapport 359, 360
Wedywering tussen kolleges 3, 8, 22, 106, 269, 276
Wellington, Kaap 18, 54, 173, 184, 189, 263
Wellington, Nieu-Seeland 54
Wendt, T. 162
Wêreldhof 354, 355
Wernher, J.C. 69, 101, 121, 132, 135
Wernher-Beit-skenking 121, 131, 132, 135, 137
Wessels, J.W. 51, 98, 111, 128, 177
Wes-Kaapland, Universiteit (Kollege) van 327, 330
Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad 313, 316, 318, 325
White, F.G. 14
White, G. 14
Whitton, J.R. 50, 176
Wiechers, M. 355, 374
Wilcocks, R.W. 301
Willem Hiddingh-beurs 51
Willemse, J. 374
William H. Lighty-leerstoel 359
Williams, Gardner F. 43
Wilton Park International Conference on Development Aid 356
Windhoek 234, 354, 361, 365
Windle, B.C.A. 130
Wisconsin, Universiteit van 313, 359
Wisely, Maria 69
Wiskunde 3, 14, 15, 18, 42, 62, 63, 230, 314, 316, 319, 356
Wiskunde en Toegepaste Wiskunde 103, 231, 236, 290, 314
Wiskundige Statistiek 316, 355, 356, 361, 375
Wiskundige Vereniging, Suid-Afrikaanse 320
*Witness* 84
Witwatersrand 43, 83, 95, 131, 258, 259, 330–348, 353
Witwatersrand, Universiteit van die 151, 168, 231, 280, 281, 288, 289, 297, 313, 314, 356
Witwatersrandse skoolraad 110
Witwatersrandse Tegniese Kollege 276
Witwatersrandse Universiteitskomitee 137
Wodehouse, P.E. 22
Woerdeman, M.W. 327
Woolston, J.H. 103
Worcester, Kaap 74
Wrigley, J.D. 353
Wynberg, Kaap 36, 210
Wysbegeerte 62, 63, 104, 206, 234, 314, 316, 317, 356, 357
Wysigingswet van 1896 43, 75, 84, 85, 96, 99, 290
Wysigingswette 141, 222, 284, 306

Xhosa-taal 42, 116

Yale-universiteit 315
Yorkshire, Engeland 19, 103
Young, D. 198
Yster- en Staalkorporasie 319

Zambië 214
Zastrau, H.O.K. 236, 249, 291, 371
Ziervogel, D. 289, 291, 319
Zoeloeland, Universiteit (Kollege) van 327, 330
Zomba; *Sien* Zumba
Zonnebloem-kollege 18
Zorn, P.W. 198
*Zuid-Afrikaan* 86, 88, 90
*Zuid-Afrikaans(ch)e Onderwijzers Unie* 82
Zulu 116
Zumba 102
Zürich 315, 317, 319